# Primêr 7

Nuwe Testament
Ouderdomme 8 tot 11

# Primêr 7

## Nuwe Testament
## Ouderdomme 8 tot 11

Gepubliseer deur
Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae
Salt Lake City, Utah

© 1994, 1997 deur Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae
Alle regte voorbehou
Gedruk in die Vereenigde State van Amerika

Engelse goedkeuring: 6/97
Vertaling goedkeuring: 6/97
Vertaling van *Primary 7*
Afrikaans
34604 501

# Inhoud


| Les Nommer en Titel | | Bladsy |
|---|---|---|
| Hulp Vir Die Onderwyser | | v |
| 1 | Word Vertroud met die Nuwe Testament | 1 |
| 2 | Jesus Christus Het Vrywillig Ingestem Om Ons Verlosser Te Wees | 5 |
| 3 | Johannes Die Doper Het Die Weg Vir Jesus Christus Voorberei | 9 |
| 4 | Jesus Christus Is Hemelse Vader se Seun | 12 |
| 5 | Jesus Christus se Kindstyd | 15 |
| 6 | Jesus Christus se Doop | 18 |
| 7 | Jesus Christus Was Deur Satan In Die Versoeking Gelei | 21 |
| 8 | Jesus Christus Reinig Die Tempel | 25 |
| 9 | Jesus Christus Roep Sy Apostels | 29 |
| 10 | Die Bergbediening | 33 |
| 11 | Jesus Christus Onderrig Aangaande Gebed | 37 |
| 12 | Die Huis Wat Op Die Rots Gebou Is | 41 |
| 13 | Jesus Christus Genees Die Siekes | 44 |
| 14 | Jesus Christus en die Sabbat Dag | 47 |
| 15 | Jesus Christus Gebruik Sy Priesterskaps Krag Om Ander Te Seën | 50 |
| 16 | Jesus Christus Verrig Wonderwerke | 54 |
| 17 | Die Gelykenis van die Saaier en die Koring en die Onkruid | 57 |
| 18 | Jesus Christus Genees die Man Wat Blind Gebore Is | 60 |
| 19 | Die Verlore Skaap, die Verlore Muntstuk en die Verlore Seun | 63 |
| 20 | Gelykenis van die Goeie Samaritaan | 66 |
| 21 | Jesus Christus Genees die Tien Melaatses | 69 |
| 22 | Die Ondankbare Dienskneg | 72 |
| 23 | Die Goeie Herder | 75 |
| 24 | Die Weduwee se Penning | 78 |
| 25 | Gelykenis van die Tien Maagde | 83 |
| 26 | Gelykenis van die Tien Talente | 87 |
| 27 | Gelykenis van die Skape en die Bokke | 91 |
| 28 | Jesus Christus Wek Lasarus Uit die Dood Op | 94 |
| 29 | Jesus Christus se Triomfantlikke Intog en die Laaste Avendmaal | 98 |
| 30 | Jesus Christus In Getsémané | 102 |

| | | |
|---|---|---|
| 31 | Jesus Christus se Verraad, Arrestasie en Verhoor | 107 |
| 32 | Jesus Christus se Kruisiging en Begrafnis | 111 |
| 33 | Jesus Christus se Opstanding | 116 |
| 34 | Voed My Skape | 120 |
| 35 | Jesus Christus se Sending | 124 |
| 36 | Die Pinksterfees | 128 |
| 37 | Die Apostel Petrus | 132 |
| 38 | Bárnabas, Ananías en Saffíra | 136 |
| 39 | Stéfanus, die Martelaar | 140 |
| 40 | Petrus en Cornelius | 144 |
| 41 | Jakobus Onderrig Ons Om Ons Tonge te Beheer | 148 |
| 42 | Saulus Se Bekering | 152 |
| 43 | Paulus Getuig van Jesus Christus | 156 |
| 44 | Paulus die Sendeling | 159 |
| 45 | Paulus se Reis na Rome | 163 |
| 46 | Jesus Christus Sal Weer Kom | 168 |
| 47 | Die Priesterskap Kan Ons Lewens Seën (Priesterskap Voorbereidings Les) | 173 |

# Hulp Vir Die Onderwyser

Jesus het ons onderrig in die belangrikheid daarvan om die gebooie na te kom en aan ander te leer toe hy gesê het, "Elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele." (Matthéüs 5:19) Aan jou is 'n heilige pand toevertrou om kinders te onderrig oor hoe hulle hul doops verbonde na kan kom en hoe om van diens te wees. Jy kan 'n belangrike invloed hê op elke dogter terwyl sy voorberei om 'n jong dame te word, en elke seun terwyl hy voorberei om 'n jong man te word en die priesterskap te ontvang.

In 1831, kort nadat die Kerk georganiseer was, het die Verlosser ons geonderrig dat onderwysers "die beginsels van my evangelie leer wat in die Bybel en in die Boek van Mormon is" (L. & V. 42:12), Vandag het onderwysers die verantwoordelikheid om die heilige waarhede wat in al die standaard werke van die Kerk bevat word, wat kinders help om geloof in Hemelse Vader en Sy Seun Jesus Christus te kweek, aan hulle te leer, insluitende die Leer en Verbonde en Die Baie Kosbare Pêrel.

**Kursusse van Studie**

Alle kinders wat ouderdomme agt tot elf op 1 Januarie is, moet uit een van die Primêr 4, 5, 6 of 7 handboeke onderrig word. Slegs een handboek word vir all die kinders in hierdie ouderdomsgroep gebruik. Elke kursus van studie is op 'n spesifieke Heilige Skrif gebasseer: Primêr 4 op die Boek van Mormon, Primêr 5 op die Leer en Verbonde, Primêr 6 op die Ou Testament, en Primêr 7 op die Nuwe Testament. Die kinders sal oor 'n vier jaar tydperk elk van die standaard werke studeer het.

Afhangende van die plaaslike behoefde en die aantal kinders ouderdomme agt tot elf, kan die kinders of in hul onderskeie ouderdoms groepe, of as 'n geheel onderrig word, of die seuns en dogters kan afsonderlik onderrig word. Ongeag van hoe jou klas georganiseer is, moet jy seker maak dat elke kind individueele aandag geniet.

Kinders begin om Jong Vroue en om Aaronitiese Priesterskap by te woon, wanneer hulle twaalf jaar oud word. Nieteenstaande moet hulle nog steeds hul Primêre klas gedurende Sondagskool tyd bywoon tot en met die eerste week in Januarie, waarna hulle gewone Sondagskool moet bywoon.

Priesterskap Voorbereidings Les

'n Spesiale les, "Die Priesterskap Kan Ons Lewens Seën", is ook by hierdie handboek ingesluit. Onderwysers wat elf jariges onderrig, moet hierdie les gebruik om seuns te help wat voorberei om diakens te word en jong meisies wat bevorder word na Jong Vroue. Voordat die eerste kind in jou klas twaalf word, moet hierdie les geggee word. Terwyl jy hierdie les voorberei, moet jy bid om die Here se leiding te ontvang terwyl jy voorberei en terwyl jy die les gee sodat die kinders sal verstaan wat die priesterskap is, hoe dit hul lewens kan seën, en hoe hulle hul pligte kan nakom om sodoende die priesterskap te eer.

Paasfees en Kersfees Lesse

Hierdie handleiding bevat nie spesifieke Paasfees en Kersfees lesse nie. Omdat hierdie handleiding op die lewe en sending van Jesus Christus konsentreer, mag jy dalk voel dat jy nie additionele Paasfees en Kersfees lesse benodig nie. Indien jy wel 'n spesiale les wil gee, kan jy een voorberei deur aanhalings uit Die Boek

van Mormon en die Nuwe Testament te gebruik, sowel as ander hulpmiddels soos die Evangeliese Kuns Prente Ransel en gepaste uitgawes van die Kerk tydskrifte. Beplan lesse wat die kinders sal help om Jesus Christus se sending beter te verstaan en nader aan Hom te voel.

---

## Onderwys Gee Met Hierdie Handboek

Hierdie studie kursus fokus op die leerstellinge van die Nuwe Testament, met spesiale aandag aan die lewe en bediening van Jesus Christus. Die kinders moet die sending en versoening van Jesus Christus beter begryp soos wat jy hierdie leerstellinge bespreek en aan hulle leer, en ook groter geloof en ‘n sterker getuienis van Hom ontwikkel. Hulle moet leer hoe om Jesus Christus se leerstellinge in hulle eie lewens toe te pas en ‘n groter begeerte te hê om Sy gebooie te onderhou.

Moedig die kinders aan om die Nuwe Testament by die huis te lees. Deur van Jesus se liefde te leer en deur Sy leerstellinge beter te verstaan, sal die kinders Jesus meer lief hê en sal hulle meer soos Hy wil wees. Die belangrike waarhede wat die kinders uit Jesus se lewe en leerstellinge leer, sal help om hulle voor te berei om hulle verbonde na te kom en lewenslange diens in die Kerk te lewer. Hierdie waarhede sal hulle ook krag gee om die hedendaagse versoekinge te weerstaan.

### Hoe om Jouself Voor te Berei om Onderrig te Gee

Om jou heilige roeping om kinders te onderrig na te kom, moet jy beide geestelik en verstandelik voorbereid wees. Deel van hierdie voorbereiding is om seker te maak dat jy self die beginsels verstaan en ‘n getuienis daarvan het voordat jy dit aan ander leer. Die Verlosser, die beste leermeester van almal, het ons geleer hoe om voor te berei om Sy evangelie aan ander te leer:

- Versoek die Gees nederig in gebed. Die Here het gesê, “Wees jy ootmoedig; en die Here jou God sal jou aan die hand lei, en jou ‘n antwoord gee op jou gebede” (L. & V. 112:10). Wanneer ons nederig is, het ons die reg om te weet hoe die Here wil hê dat ons Sy kinders met onderrig.
- Studeer die heilige skrif en die woorde van die lewende profete. Daar is groot mag deur die woorde van die Here te leer en te bepeins. Hy het ons gebied,: “Streef eers daarna om My woord te verkry, dan sal jou tong los gemaak word; dan, as jy dit begeer, sal jy My Gees en My woord hê, ja, die krag van God ter oortuiging van mense” (L. & V. 11:21).

  ‘n Hedendaagse profeet, President Ezra Taft Benson, het ons behoefte om die Here se woorde te leer herbeklemtoon: “Ek spoor julle aan om julself te verbind tot ‘n hernude studie van die heilige skrif. Verdiep julself daaglik in hulle sodat julle die mag van die Gees met julle sal hê in jul verskeie roepings (*Ensign,* Mei 1986, bl. 82).
- Onderhou jou verbonde. Jou vermoeë om deur die Gees gelei te word is afhanklik van jou getroue om die verbonde te onderhou wat jy met Hemelse Vader gesluit het. Jy sal ook ‘n goeie voorbeeld stel soos wat jy “die verbonde . . . nakom om hulle te onderhou (L. & V. 42:13). Wanner die kinders beide jou liefde vir die Verlosser en jou toegewiedheid om die evangelie te lewe sien, sal hulle geinspireer word om Hom te volg.
- Soek geleenthede om die kinders te help om die Verlosser se liefde te voel. Vertel hulle gereeld hoeveel jy hulle lief het, en erken hulle waarde en potentiaal. Jou liefde vir die kinders sal hulle help om Hemelse Vader en Jesus Christus se liefde vir hulle te verstaan. Dit sal hulle ook help om ander lief te hê.

Voorbereiding Van Jou Lesse

Die handboek sal jou help om lesse wat op die heilige skrif fokus voor te berei. Die lesse gebruik verwysings en berigte uit die Nuwe Testament om kinders te help om die evangeliese beginsels te verstaan. Die lesse dui nie presies aan hoe die skriflesing aan die kinders geleer moet word nie. Terwyl jy voorberei om met behulp van die Gees klas te gee, sal jy die die kinders help om die stories in die heilige skrif beter te verstaan, die beginsels wat hulle bevat, en hoe die kinders hierdie beginsels in hulle eie lewens kan toepas. Die kinders sal meer gestimuleer wees om te luister en te leer, wanneer jou lesse goed voorberei word, en interessant is.

Die volgende stappe sal jou help om beter voorbereid te wees om die kinders in jou klas effektief te leer:

1. Studeer die doel van die lesse en die skriflessings wat onder die "Voorbereiding" gedeelte gelys is biddend 'n week of twee voordat die les gegee moet word. Lees die doel van die lesse en die skriflessings weer en neem in aanmerking hoe hulle van toepassing kan wees op die kinders in jou klas. Vra jouself: "Wat will Hemelse Vader hê dat elke kind moet leer en doen as gevolg van hierdie les? Hoe kan hierdie les die kinders help om geloof in Jesus Christus te kweek, hulle getuienis te versterk, en hulle in staat stel om die onheilige versoekinge te weerstaan wat hulle in die gesig staar? Skryf die idees neer wat in jou gedagtes inkom.

   Die boek *Evangeliese Beginsels* (31110) was spesiaal voorberei om as 'n studie gids aangaande basiese evangeliese beginsels en leerstellinge te dien. Spesifieke hoofstukke uit *Evangeliese Beginsels* is gelys onder die "Voorbereiding"gedeelte van sommige lesse. Hierdie hoofstukke kan jou help voorberei om die hoof beginsel of leerstelling in die les aan ander te leer. 'n Eksemplaar behoort by jou plaaslike wyk bibliteek beskikbaar te wees of kan by jou naaste distribusie sentrum aangekoop word.

2. Besluit vooraf of jy die voorgestelde aandag-trekende aktiviteit aan die begin van die les gaan gebruik, of gaan jy jou eie een uitdink. Maak seker dat dit toepaslik en geskik is om die skriflesing berig te dresseer.

3. Die lesse spesifiseer nie hoe jy die skriflesing berig aan jou klas moet leer nie, daarom moet jy die Gees najaag om jou te help besluit hoe jy dit gaan oordra. Gebruik elke week 'n verskydenheid van onderrig metodes (sien "Onderrig uit die Skrifture" op die volgend bladsy). Beplan hoe jy so veel moontlik van jou leerlinge kan betrek by die leer aktiwiteite, en onderrig hulle in so 'n wyse dat die kinders die stories uit die Skrif in hulle eie woorde kan oorvertel.

4. Kies vrae uit die "Bespreking en Toepassing Vrae" wat die kinders sal help om die heilige skrif die beste te verstaan en toe te pas in hulle lewens. Jy kan hierdie vrae ter enige tyd tydens jou les gebruik. Jy hoef nie almal te gebruik nie.

5. Lees die "Verreikings Aktiwiteite" en beplan om dié te gebruik wat die kinders in jou klas die meeste sal help om die heilige skrif en die doel van jou les te verstaan. Elke klas is anders en die aktiwiteite wat goed werk vir een groep, mag dalk nie vir 'n ander groep werk nie.

6. Beplan om relevante persoonlike ervaring met die kinders te deel wat die doel van jou les onderskraag. Laat die Gees jou lei terwyl jy persoonlike ervaringe met die kinders deel, en soos wat hulle hul eie persoonlike ervaringe

met jou en die res van die klas deel. Party persoonlike en familie ervaringe is baie heilig of baie persoonlik en moet nie in die openbaar bespreek word nie.

**Onderrig uit die Skrifture**

Jy moet altyd die Gees najaag terwyl jy jou lesse voorberei en aan ander leer (sien Alma 17:2 en 4; L. & V. 42:12 en; 50:7 en 22). Die Gees sal jou help om jou lesse interesant en betekenisvol te maak vir die kinders.

Party van die kinders in jou klas mag dalk nie bekend wees met die skrifture nie. Wees sensitief teenoor lede van jou klas wat dalk hulp nodig het om te leer hoe om die skrifture op te soek terwyl julle saam lees. Jy mag dalk 'n bietjie tyd wil neem in die begin van die jaar, veral as jy vir jonger kinders klas gee, om hulle te leer hoe om die skriflesings op te soek.

Probeer om die materiaal op verskeie maniere aan te bied om die kinders se aandag te hou. Die volgende voorstellings kan jou help om die skrifture op verskeie maniere aan ander te leer.

1. Vertel die stories in jou eie woorde. Probeer om die kinders te help om die gebeure en mense daarin te visualiseer. Help die kinders om te verstaan dat die mense in die verhale regtig gelewe het, en dat die gebeure werklik plaasgevind het.
2. Laat die kinders óf die hele berig, óf net 'n gedeelte van die berig, direk uit die heilige skrif lees. Neem in ag dat van die kinders nie so goed kan lees nie, en dat leesvaardigheid nie aan ouderdom gekoppel is nie. As al die kinders kan lees, kan jy dat hulle vir 'n paar minute die skriflesing in stilte lees. Jy kan dan na die tyd bespreek wat hulle gelees het. Gebruik die besprekings tyd nadat die kinders gelees het om seker te maak dat hulle moeilike woorde en sinne verstaan.
3. Gebruik die toepaslike kunswerke waarin die skriflesing uitgebeeld word, om die kinders te help om die gebeure te visualiseer. Meeste van die lesse bevat voorgestelde kunswerke in die "Materiaal Benodig" seksie. Die kunswerke is genommer en is ingesluit saam met die handboek. Sommige van die prente is ook in die Evangeliese Kuns Prent Ransel en sal in die Kerk Biblioteek beskikbaar wees (kerk biblioteek nommers word in die "Materiaal Benodig" seksie gelys). Meeste van die kunswerke het kort opsommings aan die agterkant. Jy kan ook ander toepaslike kunswerke gebruik.
4. Laat die kinders die skriftuurlike verhale dramatiseer. (Maak seker dat die dramatisering nie van die heiligheid van die skriftuurlike verhale wegneem nie.) Jy kan ook voorbeelde saam bring, soos 'n japon, 'n serp, en so voorts, en laat die kinders dit gebruik om die volle skriflesing, of gedeeltes daarvan te dramatiseer. Vra hulle hoe hulle sou voel as hulle die persoon was wat hulle uitbeeld. Die Verlosser mag nie uitgebeeld word nie, behalwe in 'n dramatiseering van Sy geboorte. Hemelse Vader en die Heilige Gees mag nooit voorgestel word nie.
5. Teken stokmannetjies op die swart bord, of gebruik uitgeknipte prente, terwyl jy die verhale uit die skrifture oorvertel, of aan hulle voorlees.
6. Neem die leiding in 'n lesers teater waar van die kinders die plekke van mense in die verhaal uit die skrifture volstaan. Laat die kinders die dialoog direk uit die heilige skrif lees waar dit toepaslik is.
7. Nooi 'n ouer, wyk of tak lid, of 'n lid van jou klas uit om die skriftuurlike verhaal oor te vertel. Gee die persoon so 'n week of twee voorbereidings tyd, en onthou om hom of haar 'n tyd limiet te gee vir die presentasie.

8. Gee vir die kinders ‘n klein toets, soos ‘n waar of vals, of kort antwoord toetsie, voordat jy die verhaal uit die geskrifte aan hulle leer. Verduidelik dat jy wil uitvind hoe veel hulle omtrent die berig weet. Gee hulle dan weer die selfde toets na die les sodat hulle kan sien hoeveel hulle geleer het.
9. Maak ‘n lys van die belangrike woorde of name van mense in die skriftuurlike berig op die swart bord. Laat die kinders luister en sien of hulle die woorde of name kan hoor terwyl jy die berig aan hulle oordra. Help die kinders om hulle woordeskat uit te brei sodat hulle die skrifture beter sal verstaan en dit meer sal geniet om hulle by die huis te lees.
10. Skryf vrae aangaande die skriftuurlike berig op die swart bord voordat die les begin. Stop om die antwoorde te bespreek wanneer die kinders die antwoorde in die berig herken.
11. Vertel die verhaal en vra die kinders om hulle gunsteling gedeeltes vrywillig te herhaal. Jy kan dalk een lid van die klas vra om die berig te begin, en ander vra om verder te vertel.
12. Speel ‘n klankbaan van sekere verse uit die geskrifte.
13. Speel ‘n spel waar hulle name en gebeure met mekaar op paar. Berei vier tot agt pare kaartjies of papier voor van 12mm x 15mm groot. In die volgende voorbeeld sal jy die eerste helfte van die geluksaligheid op die een kaartjie skryf, en die ander helfte, of die seëning, op die ander kaartjie van die stel skryf. Skommel die kaarte of papiere deurmekar en plaas hul gesig ondertoe op ‘n tafel of die vloer neer. Laat die kinders een een vorentoe kom en twee kaarte op ‘n tyd omdraai. Lees hardop wat op elke kaartjie geskryf staan. As die kaartjies by mekaar pas (in hierdie geval moet hulle ‘n geluksaligheid voltooi), word hulle gesig na bo gelos. As die kaartjies nie bymekaar pas nie, word die kaartjies weer met gesig na onder omgedraai en die volgende kind kry ‘n beurt om te probeer. Hou aan speel totdat al die kaartjies met hul korrekte maats opgepaar is.

    Hier volg agt stelle wat gebruik kan word vir ‘n speletjie aangaande die Geluksaligheid.

    Stel 1: Salig is die wat arm van gees is, — want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
    Stel 2: Salig is die wat treur, — want hulle sal vertroos word.
    Stel 3: Salig is die sagmoediges, — want hulle sal die aarde beërwe.
    Stel 4: Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, — want hulle sal versadig word.
    Stel 5: Salig is die barmhartiges, — want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
    Stel 6: Salig is die wat rein van hart is, — want hulle sal God sien.
    Stel 7: Salig is die vredemakers, — want hulle sal kinders van God genoem word.
    Stel 8: Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, — want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

14. Speel ‘n speletjie waarin jy vrae vra. Plaas ‘n aantal vrae in ‘n bottel of boks, en laat die lede van die klas beurte maak om vorentoe te kom om een van die vrae uit te haal en dit te beantwoord.

**Lei Klas Besprekings**

Deur deel te neem aan klas besprekings en ander leersame aktiwiteite sal kinders help om die evangeliese beginsels te leer. Die volgende riglyne sal jou help om betekenisvolle vrae te vrae en sodoende klas besprekings te stimuleer:

1. Vra vrae en gee skrif verwysings sodat lede van die klas die antwoorde in die skrifture kan opspoor.
2. Vra vrae wat nie deur ‘n “ja” of “nee” beantwoord kan word nie, en wat bepeinsing en bespreking benodig. Vrae wat met *hoekom, hoe, wie, wat, wanneer,* en *waar* begin, is gewoonlik meer effektief.
3. Betrek kinders wat nie gewoonlik deel neem nie, deur hulle by name te noem en hulle vrae te vra wat jy seker is hulle sal kan antwoord. Gee hulle genoeg tyd om te antwoord. Help hulle as dit nodig is, maar eers nadat jy hulle genoeg tyd gegee het om daaroor te dink en te antwoord.
4. Moedig kinders aan om hulle gevoelens te deel oor wat hulle uit die skrifture leer Maak positiewe opmerkings rakende hulle bydrae.
5. Wanneer kinders vrae beantwoord, moet jy hulle opreg komplimenteer. Help hulle om te besef dat hulle denke en gevoelens belangrik is. Wees sensitief teenoor kinders wat nie betrokke wil raak nie.

**Help Kinders Om die Skrifture Toe te Pas**

Help die kinders om dit wat hulle geleer het in hul lewens toe te pas. Jakobus het ons uitgedaag: “En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.” (Jakobus 1:22). Die volgende idees mag jou dalk kan help om hierdie taak te verrig:

1. Getuig persoonlik van die waarhede wat jy aan die klas leer soos wat jy deur die Gees gelei word. Jou lesse sal kragtiger wees as jy met opregtheid en oortuiging klas gee.
2. Moedig die kinders aan om die skrifture self by die huis te lees en saam met hulle families. Moedig die kinders aan om hulle uie kopie van die skrifture saam klas toe te bring. Jy moet ekstra skrifture klas toe neem indien die kinders nie hulle eie kopies van die skrifture het nie, of hulle vergeet hull s’n by die huis. Indien jy ‘n wyk of tak biblioteek het, kan jy kopies van die skrifture daar verkry.
3. Vra die kinders om dit wat hulle geleer het mee te deel. Vra hulle hoe hulle die evangeliese beginsels wat hulle geleer het in hulle eie lewens kan toepas.
4. Maak asof jy ‘n verslaggewer is, en hou onderhoude met die kinders asof hulle die karakters in die skrifture is. Vra hulle omtrent die besonderhede van die skriftuurlike berig en hoe hulle voel oor wat plaas gevind het.
5. Verdeel die klas in twee of meer klein groepies. Nadat jy die berig uit die skrifture met hulle meëgedeel het, laat elke groep die belangrike beginsels uit die berig neerskryf. Laat die groepe dan beurte maak om te bespreek hoe die beginsels toepaslik is in hulle lewens.
6. Doen ‘n skrifture soektog: Moedig klaslede aan om sekere verse in die skrifture te merk wat hulle betekenisvol in hul lewens kan toepas. Hulle kan by voorbeeld Matthéüs 7:12, Lukas 11:9, Johannes 3:16, en Handelinge 2:38 merk. Gee vir hulle leidrade, soos ‘n gebeurtenis, ‘n situasie, of ‘n probleem; daag klaslede dan uit om ‘n skriflesing op te spoor wat toepaslik is. Laat die kinders wat die skriflesing eerste vind die ander help om dit op te spoor. Laat hulle dan verduidelik hoekom hulle voel dat die skriftuur die leidraad pas.

7. Deel spesifieke voorbeelde mee waar jy die kinders gesien het terwyl hulle die beginsel onder bespreking gehoorsaam het. By voorbeeld, as jy besig is om die beginsel van goedhartigheid aan hulle te leer, kan jy hulle vertel hoe jy hulle gesien het terwyl hulle goedhartig teenoor ander opgetree het.
8. Volg op aan opdragte. Wanneer jy ook al ‘n opdrag, of uitdaging gegee het, maak seker dat jy dan die volgende Sondag, aan die begin van die klas, vir die kinders vra om hulle ondervindinge met die klas te deel.

Help Kinders om Skrifture te Memoriseer

Om skrifture te memoriseer, is ‘n effektiewe manier om evangeliese waarhede aan ander te leer. Meeste kinders geniet memorisasie as jy kreatiewe maniere toepas. Die volgende wenke is genotvolle maniere om kinders met memorisasie te help:

1. Skryf die eerste letter van die woord wat gememoriseer moet word op die swart bord of op ‘n plakkaat. By voorbeeld, jy kan die volgende plakkaat maak vir die woorde van die eerste artikel van geloof:

   O g a G d E V e a S S J C e a d H G

   Wys na die letters terwyl jy elk van die ooreenstemmende woorde herhaal. Herhaal dit ‘n paar keer en laat die kinders toe om dit dan tot die beste van hulle vermoë te herhaal. Kort voor lank sal hulle nie meer die plakkaat nodig hê nie.
2. Deel die skriftuur in kort sinne op. Herhaal elke sin hardop beginnende aan die einde sodat die kinders met die deel begin wat hul die minste ken. By voorbeeld, in Matthéüs 5:16 kan die kinders “ en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik” ‘n paar keer herhaal. Dan kan hulle die volgende deel byvoeg, “dat hulle julle goeie werke kan sien.” Dan kan hulle die hele versie herhaal.
3. As die kinders goed kan lees, kan jy ‘n geskrewe weergawe van die vers voorberei vir elke kind. Knip elke afskrif op in kort sinne of woordgroepe. Nadat die kinders die vers ‘n paar keer herhaal het, gee vir hulle die stukkies papier met die kort sinne of woordgroepe op nadat jy dit geskommel het, en laat hulle dan as individië of as ‘n groep die strokies in die regte volgorde uit een sit.
4. Herhaal die vers ‘n paar keer en stop dan in die middel en vra een van die kinders om die volgende woord of sin te voltooi. Laat een van die ander kinders dan nog woorde of dele byvoeg. Herhaal dit todat elke kind ten minste een probeerslag gekry het.
5. Gebruik musiek om kinders met memorisasie te help. By voorbeeld, jy kan die kinders die Geloofsartikels leer uit die *Kinder Sangbundel* (bl. 122–32).
6. Verdeel die kinders in twee groepe op. Laat elke groep beurte maak om die sinne of woorde in volgorde te herhaal. Jy kan dat een groep die eerste woord sê, die tweede groep die tweede woord, en so voorts deur die hele vers.
7. Kies ‘n vers uit die skrifture wat jy wil hê die kinders moet memoriseer. Skryf die vers op die swart bord of op ‘n plakkaat. Herhaal die vers ‘n paar keer terwyl jy stelselmatig meer en meer van die woorde toeplak, of uitveë totdat die kinders die hele vers gememoriseer het.

**Wyse Gebruik van Ekstra Tyd**

Wanneer jy dalk jou voorbereide les klaar gegee het, en die klas tyd is nog nie om nie, kan jy miskien 'n aktiwiteit improviseer om die res van die tyd op te neem. Die volgende voorstellings kan jou help om die tyd effektief te gebruik.

1. Laat van die kinders hul gunsteling verhale uit die skrifture oorvertel.
2. Lei 'n skriftuur soektog deur die kinders leidrade te gee omtrent belangrikke verse wat hulle alreeds gemerk het. Laat hulle in pare of in klein groepies saamwerk om die korrekte verse op te spoor.
3. Help die kinders om 'n versie of geloofsartikel uit die les te memoriseer.
4. Laat die kinders hul idees met mekaar deel oor hoe hulle die beginsels uit die les by die huis, in die skool, en met hulle vriende kan gebruik.
5. Deel die klas in groepe en laat die verskillende groepe mekaar vrae vra aangaande die les.
6. Laat elke kind 'n prentjie teken wat verband hou met die les, of fotostateer 'n aanhaling uit die les wat hulle huis toe kan neem en teen hulle kamer muur kan hang om hulle te herriner wat die doel van die les was.
7. Nooi die kinders uit om verse te merk vir toekomstige studie in die Heilige Skrif. Jy kan die kinders vra om verse te merk wat voorgestel word in die les, of jy kan hulle verse gee om te merk wat jy dink wat hulle sal help om te onthou wat die doel van die les was.
8. Help die kinders om die boeke van die Heilige Skrif in volgorde te onthou. Jy kan liedjies vind in die *Kinder Sangbundel* (bl. 114, 116, en 119) wat hulle sal help om dit te leer.
9. Hersien beginsels of verslagte uit die Heilige Skrif van vorige lesse.

---

**Musiek in die Klaskamer**

Musiek kan gebruik word om die leer van die evangelie te vereik of te versterk. Kinders onthou dikwels beter en leer vinniger wanneer musiek gebruik word.

Jy hoef nie 'n musikant te wees om gepaste musiek te gebruik om kinders te help om die Gees te voel of om die evangelie te leer nie. CD's of 'n musikale groep kan deel uitmaak van die musiek gedurende of aan die begin van 'n les. Jy kan ook 'n liedjie sing of die woorde van die liedjie aan hulle voorlees om die kinders tot die les te betrek. As die *Kinder Sangbundel* audiokassette (slegs musiek, 52505; woorde en musiek, 52428) of CD's (slegs musiek, 50505; woorde en musiek, 50428) beskikbaar is, kan jy hulle gebruik om te help om die liedjies te leer of om as begeleiding te dien vir sangstukke in die klas.

---

**Deel Tyd**

Somtyds sal die klaslede gevra word om eenvoudige evangeliese aanbiedinge gedurende Primêre Deel Tyd aan te bied. Hierdie aanbiedinge kan uit een van jou lesse geneem word, sal 'n bietjie voorbereiding verg, en sal help om die evangeliese begunsels wat hulle in die klas leer, te versterk. Jy kan die volgende voorstellings gebruik vir deel tyd:

1. Hou 'n rolspel oor een van die stories uit die Heilige Skrif.
2. Resiteer verse saam wat uit die Heilige Skrif geleer is.
3. Resiteer of sing 'n geloofsartikel en verduidelik die betekenis daarvan.
4. Doen 'n hedendaagse toepassing van die evangeliese beginsel deur rol-spel.

**Geloofsartikels**

Jy moet dat die Geloofsartikels deel uit maak van jou lesse en elk van die kinders aanspoor om die Geloofsartikels te momoriseer voordat hulle op beweeg uit Pirmêr uit. Gebruik elke geleentheid om die kinders te help om die Geloofsartikels te memoriseer en te verstaan.

**Hoe om Kinders Agt tot Elf jaar te Begryp**

Om kinders te help om te leer en om self vertroue op te bou, moet jy hulle behoeftes en karaktertrekke ken en geskikte aktiwiteite en lesse voorberei. Vir meer informasie omtrent kinders in hierdie ouderdoms groep, raadpleeg *Teaching—No Greater Call* (33043), bladsye 37–38.

Karaktertrekke

Fisies

Ondergaan periodes van vinnige en stadige groei
Mag lomp wees
Geniet dit om in groepe te speel

Verstandelik

Is eiwerig om te leer
Dink aan vergange ondervindings
Begin om logiese besluite te neem
Wil weet hoekom
Is krities
Aanbid helde
Word meer verantwoordelik
Hou van geheue werk

Sosiaal

Begin om weg te beweeg van ‘n gevoel van afkeer teenoor die teenoorgestelde geslag en koester ‘n begeerte vir meer interaksie tussen seuns en meisies
Geniet beide groep en alleen tyd
Beleef ‘n groter begeerte vir onafhanklikheid
Ontwikkel ‘n groter sin vir humor
Ontwikkel belangstelling in andere

Emotioneel

Hou nie van kritiek nie
Mag onmanierlik optree as daar probleme is met ander in sy of haar ouderdomsgroep
Word meer betroubaar en vertroubaar
Is bewus van reverdigheid
Begin twyfel oor sy of haar eienswaardigheid
Word minder domineerend en minder vasberade om sy of haar eie wil te hê

Geestelik

Geniet dit om te leer en om evangeliese beginsels te beoefen
Word deur die geteienis van ander beïnvloed
Groei in gereedheid om evangeliese beginsels te verstaan
Het ‘n sterk sin vir reg en verkeerd

## Spesiale Ruglyne vir die Insluiting van Gestremde Mense

Die Verlosser het vir ons die voorbeeld gestel oor hoe ons moet voel en medelye hê teenoor gestremdes. Toe Hy ná Sy opstanding die Nefiete besoek het, het Hy gesê:

"Het julle eniges onder julle wat siek is? Bring hulle hierheen. Het julle eniges wat lam is, of blind, of mank, of vermink, of melaats, of wat verdor is, of wat doof is, of wat op enige manier gekwel is? Bring hulle hierheen en Ek sal hulle genees, want Ek het medelye met julle" (3 Nefi 17:7).

As 'n Primêre onderwyser is jy in 'n uitstekende posisie om medelyde te toon. Alhoewel jy heel moontlik nie opgely is om professionele bystand te lewer nie, kan jy gestremde kinders verstaan en vertroetel. Besorgdheid, begrip, en 'n begeerte om elke lid van die klas by aktiwiteite te betrek, waar hulle kan leer, word benodig.

Gestremde kinders kan deur die Gees aangeraak word wat hul vlak van begrip ook al mag wees. Alhoewel sommige van die kinders nie die hele Primêre tyd kan bywoon nie, moet hulle 'n geleentheid gegun word om die deel by te woon wat hul kan sodat hulle 'n geleentheid kan hê om die Gees te voel. Dit mag dalk nodig wees dat 'n eggenoot, wat sensitief is teenoor die behoefde van 'n kind, by die kind bly indien die kind dalk so 'n kort alleentyd sou benodig.

Sommige van die klaslede mag dalk 'n leer gebrek, intelektuele gestremdheid, spraak of taal probleme, gesigs of gehoor verlies, gedrags en sosiale probleme, verstandelik vertraagdheid, fisies gestremdheid, of kroniese gesondheids probleme getuister wees. Sommiges mag dalk die taal en kultuur toonsetting vreemd en moeilik vind. Ongeag van hul persoonlike omstandighede, deel elke kind dieselfde behoefde om lief gehê en om aanvaar te word, om die evangelie te leer, die Gees te voel, om suksesvol deel te neem, en om ander te dien.

Die volgende ruglyne kan jou help om kinders met gebrekke te onderrig:

- Kyk verby die gebrek en leer die kind ken. Wees jouself, vriendelik en warm.
- Leer aangaande die kind se spesifieke sterkpunte en uitdagings.
- Probeer jou bes om elke lid van die klas te leer, en herhinner klaslede om elke lid van die klas te respekteer. Om iemand met 'n gebrek te help, kan 'n Christelike leersame ondervinding vir die hele klas wees.
- Praat met die ouers, familielede, en wanneer dit gepas is, met die kind, om die beste manier te kry om die kind te onderrig.
- Voordat jy enige kind met 'n gebrek vra om te bid, te lees of andersins deel te neem in die klas, moet jy eers uitvind hoe die kind voel omtrent deelname in die klas. Beklemtoon elke kind se bekwaamheid en talente en kyk vir geleenthede waar elkeen gemaklik en suksesvol kan deelneem.
- Pas die les materiaal en fisiese omgewing aan om die behoeftes van kinders met gebrekke na te kom.

Addisionele materiaal vir kinders met gebrekke is beskikbaar vanaf die Kerk se Distribusie sentrums (sien "Materiaal vir Diegene met Gebrekke" in die *Salt Lake Distribusie Sentrum Katalogus*).

**Hoe om te Handel met die Probleme van Mishandeling**

As ‘n onderwyser mag dit dalk onder jou aandag kom dat sekere kinders in jou klas aan fisiese of emosionele mishandeling lei. As jy bekommerd word oor ‘n kind in jou klas, konsolteer met jou Biskop. Soos wat jy lesse voorberei en aan jou klas oordra, vra vir Die Here se leiding. Help elke kind in jou klas om te voel dat hulle ‘n kosbare kind van Ons Hemelse Vader is en dat Hemelse Vader en Jesus Christus lief is vir elkeen van ons en wil hê dat ons gelukkig en veilig moet voel.

# Word Vertroud met die Nuwe Testament

Les
1

**Doel**

Help die kinders om bekend te word met die Nuwe Testament en moedig hulle aan om die Heilige Skrif te studeer.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer 2 Timoteüs 3:1–7, 13–17 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe om die kinders die hoof oogmerk van die les te leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig Uit Die Skrifture,” bl. viii.)
2. Addisionele leeswerk: *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 10.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Berei die volgende agt woordstroke voor: Heilige Skrifte, Standaard Werke, Bybel, Ou Testament, Nuwe Testament, Boek van Mormon, Leer en Verbonde, Baie Kosbare Pêrel. (Jy kan die swartbord of woordstroke gebruik)
5. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. ‘n Stel van die Standaard Werke.

Let wel: Daar is dalk kinders in jou klas wat nie goed kan lees nie. Soek vir maniere om hulle te help om deel te neem wat hulle nie ongemaklik laat voel nie. Al die kinders moet elke week ‘n positiewe ervaring met die Geskrifte hê. Jou entoesiasme aangaande die Skrifture sal hulle help om ‘n begeerte te hê om dit vir hulself te leer en studeer.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Gee die kinders verskillende leidrade en laat hulle hul hande opsteek as hulle voel hulle ken die woord wat by die laidraad pas.

Daar is vier van hulle.

(Naam van een van die kinders of iemand wat hulle ken wat al vier die Heilige Skrifte het) het hulle.

Hulle word die Standaard Werke genoem.

Ons kry God se woord hierin.

Hulle is almal boeke.

Sodra die kinders raai dit is die *Heilige Skrifte,* verduidelik dat die les vir hulle aangaande die Heilige Skrifte sal leer en vir hulle die belangrikheid van die skrifte in hul lewe sal wys.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en skriflesings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik vrae wat jy voel sal die kinders die meeste help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hulle lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat is die Heilige Skrifte? Hoe verskil die Heilige Skrifte van ander boeke? (2 Timoteüs 3:16.)
- Hoekom moet ons die Heilige Skrifte studeer? Wanneer moet ons begin om die Heilige Skrifte te studeer? (2 Timoteüs 3:14–15.) Waarom is dit belangrik om die Heilige Skrifte te begin studeer as ons nog jonk is?

Wys vir die kinders jou stel Heilige Skrifte, en vertoon die woordstrook "Standaard Werke" Verduidelik dat ons die Heilige Skrifte die Stadaard Werke noem omdat hulle die offisiele Skrifte is wat ons in ons kerk gebruik.

Nooi die kinders om enige iets wat hulle aangaande die Heilige Skrifte weet met die res van die klas te deel. Waneer jy van elke boek praat, vertoon die bypassende woordstreek, of skryf die woord op die swartbord. (Sien *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 10.)

- In watter een van die Stadaard Werke kan ons omtrent Jesus Christus lees? Lees of nooi een van die kinders om die volgende verse te lees: Moses 8:24 (tot en met *Heilige Gees*), Leer en Verbonde 20:29, 2 Nefi 25:26, en Psalm 83:18 (veduidelik dat *Jehova* ʼn ander naam is vir Jesus Christus). Help die kinders om te verstaan dat al vier boeke in die Standaard Werke van Jesus Christus getuig.
- Laat die kinders hul Bybels oopmaak by die inhoudsopgawe (lys van die boeke in die Ou en Nuwe Testamente) In watter twee hoof dele word die Bybel verdeel? Wat noem ons die lys onder elke deel? Veduidelik dat die kleiner boekies in die Ou en Nuwe Testamente deur verskillende Profete of Kerk Leiers geskryf is. (As daar ʼn lys van afkortings is, verduidelik hulle aan die kinders.) Waar kry ons die storie van Jesus se aardse lewe and werk? (Die Nuwe Testament.) Wys die kinders die Nuwe Testament se lys, en verduidelik aan hulle dat die lesse hierdie jaar uit die Nuwe Testament gaan kom.
- Wie was Mattéüs, Markus, Lukas, en Johannes? Waaroor het hulle geskryf? (Help die kinders om te verstaan dat die drie mans elkeen oor Jesus se lewe geskryf het, hulle het dikwels oor die selfde gebeure geskryf, en getuig dat Hy die Verlosser is.) Nooi die kinders uit om hul gunstelling stories en leringe van Jesus se lewe mee te deel.
- Laat die kinders Handelinge, hoofstuk 1 oopmaak. Verduidelik dat Handelinge handel oor die evangelie wat die Apostels na Jesus se dood en opstanding aan ander geleer het. Wat dink julle het die Apostels in Jesus se tyd gedoen? Wat doen die Apostels deesdae?
- Laat die kinders weer na die inhoudsopgawe kyk. Veduidelik dat die meeste ander boeke in die Nuwe Testament briewe aan die kerklede is wat deur die Apostels of ander Kerk Leiers geskryf is. Waarom dink julle het hulle die briewe geskryf? Verduidelik dat die briewe die vroeë Kerklede gehelp het om die evangelie te verstaan en het hulle aangeraai om gelowig te wees. Wat het ons vandag in die Kerk wat soortgelyk is aan hierdie briewe? (Artikels in die Kerk tydskrifte geskryf deur Algemene Gesaghebbendes, Sateliet Uitsendings, en algemene en ring konfirensies.)

Verduidelik dat elke boek in die Nuwe Testament in hoofstukke en in versies opgedeel is om dit maklik te maak om sinsnedes in die Skrifture te vind.

- Skryf Matthéüs 28:2–9 op die bord. In watter een van die Standaard Werke sal ons hierdie skriflesing vind? Watter nommer sê vir ons wat die

hoofstuk is? Watter een sê vir ons wat die vers is? Lees hierdie verse saam met die kinders. Waaroor handel hierdie skriflesing? Hoekom is dit belangrik dat hierdie gebeurtenis in die Skrifture behoue gebly het?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Help die kinders om die Boeke van die Nuwe Testament in volgorde te leer. Jy wil dalk die liedjie "Die Boeke in die Nuwe Testament" (*Kinder Sangbundel,* bl. 116). Hersien die boeke oor die volgende paar weke.
2. Bespreek die agtste geloofsartiekel met die kinders, en help hulle om dit te memoriseer (sien "Help Kinders om Skrifture te Memoriseer," bl. x). Herinner die kinders daaraan dat die Bybel vertaal is van baie ou dokumente af wat op hulle beurt afskrifte van afskrifte was wat per hand oorgeskryf was en dat baie foute ingekruip het tydens die vertaling en oorskrywery. Alhoewel meeste van die Bybel akuraat is, het die profeet Nefi geskryf dat "duidelike en kosbare dinge" (1 Nefi 13:28) uit die boeke verwyder is. Die Profeet Joseph Smith het die Bybel onder Godelike inspirasie hersien en het dele bygevoeg wat voorheen uitgeneem of verander was. Verduidelik dat hierdie dele ons help om baie meer omtrent die evangelie te verstaan.
3. Indien jy 'n Engelse Bybel het wat deur Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae gepubliseer is, wys die kinders die Joseph Smith Vertaling (JSV) skrifverwysing vir Matthéüs 6:13 (voetnota *a*). Help die kinders om die langer JSV verwysing agter in die Bybel te vind.

   Indien jy 'n Afrikaanse Bybel het kan jy na die JSV verwysing aan die einde van die trippel kombinasie verwys. Vergelyk die twee verse en verduidelik hoe die Joseph Smith vertaling ons help om die vers te verstaan.
4. As die kinders die Engelse Kerk-uitgawe van die Bybel het, verduidelik kortliks die volgende dele van diè Bybel: footnotes, Topical Guide, Bible Dictionary (insluitende die Harmony of the Gospels), Gazetteer, en Maps.
5. Lees en bespreek Lukas 24:27. Help die kinders om te verstaan dat Jesus gereeld vanuit die skrifture gelees en studeer het. Watter skrifture sou Jesus gebruik het vir Sy studies? (Die Ou Testament.)
6. Haal die woordstrokies uit, skommel hulle en plaas hulle op 'n tafel of die vloer. Vra die kinders vrae soortgelyk aan die volgende:
   - Watter twee woordstrokies het dieselfde betekenis? ("Skrifture" en "Standaard Werke.")
   - Watter twee woordstrokies benoem boeke wat deel is van 'n derde boek? ("Nuwe Testament" en "Ou Testament," wat deel uit maak van die Bybel.)
   - Watter boeke word in die standaard werke ingesluit? (Die Bybel, Die Boek van Mormon, Leer en Verbonde, en Die Baie Kosbare Pêrel.)

   Wanneer 'n kind een van die vrae beantwoord, laat hy of sy vorentoe kom en die gepaste woordstrokie ophou.
7. Sing of lees die woorde tot "Soos Ek die Heilige Geskrifte Soek" (*Gesang,* no. 277) of "Soek, Bepeins en Bid" (*Kinder Sangbundel,* bl. 109).

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Getuig van die waarheid van die skrifture en hul belangrikheid in ons lewens. Deel ‘n gebeurtenis in jou lewe met die kinders meë toe skriflesing jou gehelp het. Moedig die kinders aan om elke dag uit die skrifture te lees. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders 2 Timotheüs 3:14–17 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.<br><br>Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer. |

# Jesus Christus Het Vrywillig Ingestem Om Ons Verlosser Te Wees

Les
2

**Doel**

Help die kinders om 'n groter liefde vir Jesus Christus te koester deur hulle te leer dat Jesus Christus tydens die vooraardse lewe vrywillig ingestem het om ons Verlosser te wees

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 15:13, Hebreërs 12:9, Openbaringe 12:7–9, Leer en Verbonde 93:21, en Moses 4:1–4 biddend. Sien ook hoofstukke 2 en 3 van die *Evangeliese Beginsels.* Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Reël dat van die kinders in jou klas die volgende sangstuk sing "Ek Het In Die Hemel Gewoon" (*Kinder Sangbundel,* bl. 4) of berei voor om die woorde te sing of saam met die klas voor te lees gedurende die les.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament en Baie Kosbare Pêrel vir elke kind.
   b. Prent 7-1, Jesus die Christus (Evangeliekuns Skildery Ransel 240: en 'n prentjie van 'n pasgebore baba, verkieslik van jouself of 'n lid van die klas.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Vertoon die prentjie van die pasgebore baba en vra die klas om te raai wie dit mag wees.

- Hoekom was dit nie die begin van hierdie kind se lewe nie?

Getuig aan die kinders dat voordat ons op hierdie aarde gebore was, het ons as geestes kinders van Hemelse Vader gelewe. Verduidelik dat ons geestes liggame net soos ons aardse liggame lyk, met arms, bene, oë, en so voorts, maar dat dit geen vlees en bloed bevat nie. Verduidelik ook dat die lewe as geestes kinders bekend staan as die vooraardse lewe. Gedurende die vooraardse lewe het ons hemelse ouers aan ons die evangelie en die plan van die lewe geleer.

Jy wil dalk die volgende aanhaling van Brigham Young met die klas deel: "Julle is wel bekend met God, ons Hemelse Vader. . . . Daar is nie 'n siel onder julle wat nie in Sy huis geleef het, en saam met hom gewandel het nie. . . . Daar is nie 'n person teenwoordig wat nie 'n seun of dogter van daardie Wese is nie" (*Redevoeringe van Brigham Young,* bl. 50).

Skriftuurlike Verslag

Vra vrae soos die volgendes, en gee die kinders geleentheid om hul gevoelens te bespreek:

- Wie is lief vir jou?
- Hoe kan jy weet as iemand vir jou lief is?
- Wie het jy lief?

Vertel 'n storie aangaande 'n persoon wat 'n ander só lief gehad het dat hy of sy iets baie belangrik vir daardie geliefde gedoen het, soos 'n moeder wat deur die nag by haar siek kind gewaak het, of 'n ouer broer of suster wat 'n jonger broer of suster met 'n skool projek gehelp het.

Verduidelik dat hierdie les handel omtrent wat Jesus in die vooraardse lewe gedoen het om Sy liefde vir elkeen van ons te bewys.

Vertoon die prent van Jesus Christus en vertel die storie oor hoe Jesus vrywillig ingestem het om ons Verlosser te wees. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Help die kinders om die volgende idees te verstaan:

1. In die vooraardse lewe was ons geestes kinders en het ons saam met ons hemelse ouers gelewe (Hebreërs 12:9).
2. Jesus was die Eersgeborene geestes kind van ons Hemelse Vader (L&V 93:21) en is die ouer broer van ons geeste.
3. Lucifer, wat Satan geword het, was ook een van Hemelse Vader se geestes kinders.
4. Hemelse Vader het 'n vergadering byeen geroep vir al Sy geestes kinders. By die vergadering het Hy Sy plan aan ons verduidelik oor hoe ons soos Hy kan word. Hy het gesê dat Hy wil hê dat ons aarde toe moes gaan sodat ons 'n fisiese liggaam kan kry. Hy het verduidelik dat ons getoets sou word op die aarde om te sien of ons die gebooie sal onderhou.
5. Tydens die vergadering het Hemelse Vader ook verduidelik dat ons almal op aarde sou sondig en sou sterf. Hemelse Vader het iemand nodig gehad om die Verlosser te wees, om vir ons sondes te lei, en vir ons te sterf sodat ons deel kan hê aan die opstanding.
6. Lucifer wou hê dat Hemelse Vader Sy plan moes verander. Lucifer het gesê dat hy ons almal sou verlos deur ons vrye keuse weg te neem, wat dit onmoontlik sou maak vir ons om te sondig of om regverdig te wees. Lucifer wou ook al die eer hê (Moses 4:1).
7. Omdat Hy ons lief gehad het (Johannes 15:13), het Jesus vrywillig ingestem om ons Verlosser te wees. Hy wou Hemelse Vader se plan gevolg het en ook al die eer aan Hemsle Vader gee (Moses 4:2).
8. Hemelse Vader het Jesus gekies om ons Verlosser te wees. Lucifer was kwaad en het gerebeleer teen Hemelse Vader (Openbaringe 12:7–9; Moses 4:3–4).
9. Hemelse Vader se geestes kinders moes besluit om Jesus of Lucifer te volg.
10. Een derde van Hemelse Vader se geestes kinders het besluit om Lucifer te volg, en hulle is almal uit die hemel gewerp. Lucifer het Satan geword, en die geeste wat hom gevolg het het bose geeste geword, wat probeer om ons te kry om verkeerde dinge te doen. Hierdie geeste wat Satan gevolg het, het nie fisiese liggame ontvang nie.

11. Al die geestes kinders wat Hemelse Vader se plan gekies het, en gekies het om Jesus te volg in die vooraardse lewe was al of sal nog op hierdie aarde gebore word met fisiese liggame bestaande uit vlees en bloed.
12. Al die kinders in hierdie klas het gekies om Hemelse Vader se plan te volg en is op hierdie aarde gebore met liggame van vlees en bloed.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoe dink julle was dit om saam met Hemlse Vader te leef?
- Hoe maak dit julle voel om te weet dat Hemelse Vader die Vader van julle geeste is?
- Wat beteken dit dat Jesus die ouer broer is van ons geeste?
- Hoe wou Lucifer Hemelse Vader verander het?
- Hoe maak dit jou voel om te weet dat Jesus vrywillig ingestem het om vir julle te sterwe?
- Hoe weet julle dat julle gekies het om Jesus te volg in die vooraardse lewe? Hoekom is julle bly dat julle daardie keuse gemaak het?
- Wat vertel die feit dat julle gekies het om Jesus te volg in die vooraardse lewe julle omtrent julself?
- Hoekom is dit belangrik dat ons nog steeds besluit om Jesus te volg nou dat ons in hierdie aardse lewe gebore is?

Verwys na die Bybel en verduidelik dat die Nuwe Testament in die Bybel ons vertel van die dinge wat Jesus Christus en Sy Apostels gedoen het terwyl hulle op aarde gelwe het. Verduidelik dat hierdie jaar se lesse gebasseer is op die lewe en leerstelinge van Jesus en Sy Apostels. Moedig die kinders aan om elke Sondag hul Bybels klas toe te bring.

Laat sommige van die kinders die lied “Ek het in die Hemel Gewoon” sing (*Kinder Sangbundel,* bl. 4), of sing of lees die woorde saam met die klas.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. As hersiening, skryf die volgende woorde op die swart bord:

   *Een derde*
   *Eersgeborene*
   *Ouer broer*
   *Vader van ons geeste*
   *Vergadering in die Hemel*
   *Lucifer*

   Verdeel die klas in kleiner groepe op. Vra elke kind om een of meer van hierdie konsepte te bespreek en om voor te berei om die klas te vertel wat hulle daarvan kan onthou. Vra elke groep na ‘n rukkie om hulle bevindinge aan die klas te raporteer.

2. Laat die kinders hulle Bybels oopmaak by die lys van boeke te vinde in die Nuwe Testament. Hersien les 1 deur hulle sommige van die volgende vrae te vra: Hoe is die boeke Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes eenders? Hoe verskil hulle? Waaroor handel die boek Handelinge? Hoekom word daar na die meeste van die oorblywende boeke as sendbriewe verwys? Help die kinders om beter vertroud te word met die boeke van die Nuwe Testament deur skrif verwysings op die bord te skryf en hulle kans te gee om die verwysings op te soek in hul eie afskrifte van die Bybel.
3. Help die kinders om Johannes 15:13 te memoriseer.
4. Help die kinders om die boeke van die Nuwe Testament te memoriseer (sien "Die Boeke van die NuweTestament," *Kinder Sangbundel,* bl. 116).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat al die kinders in die klas geestes kinders is van Hemels Vader en dat Jesus so lief was vir hulle in die vooraardse lewe dat vrywillig ingestem het om ons Verlosser te wees. Ons het Hemelse Vader so lief gehad dat ons gekies het om Sy plan te volg. Beklemtoon hoe belangrik dit is dat die kinders aanhou om Hemelse Vader se plan hier op aarde te volg. Getuig dat deur Jesus te volg en Sy gebooie te onderhou die eenigste manier is om waarlik gelukkig te wees.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Moses 4:1–4 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Johannes Die Doper Het Die Weg Vir Jesus Christus Voorberei

Les
3

**Doel**

Om die kinders te help om te verstaan dat hulle vooruit verordineer is om belangrike rolle te verrig in Hemelse Vader se werk op aarde.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Lukas 1:5–25, 57–80; Matthéüs 3:1–6; en Leer en Verbonde 84:27–28 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. ‘n Papier met die woorde *Ek is ‘n uitgesogte gees* daarop gedruk vir elke kind.
   c. Prent 7-2, Johannes Preek in die Wildernis (Evangeliekuns Skildery Ransel 207; 62132).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Voor die klas vra een van die kinders om die strokies papier wat jy voorberei het aan die ander kinders uit te deel direk na die openings gebed.

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Laat die kind die papiere uitdeel aan die lede van die klas. Verduidelik dat voor die klas begin het, het jy die kind wat die papiere uitgedeel het gekies om hierdie diens te verrig. Vooruit verordinasie is soos dit. (Skryf *Vooruit Verordineering* op die swart bord.) Hemelse Vader het ons in die vooraardse lewe vooruit verordineer toe Hy ons gekies het om ‘n spesiale werk vir Hom op aarde te verrig. Om vooruit verordineer te word beteken nie dat ons die werk moet doen nie; ons het nog steeds ons vrye keuse, maar die geleentheid is ons s’n as ons sou verkies om dit te doen. Verduidelik dat die kinders tydens hierdie les aangaande Johannes die Doper gaan leer, wat vooruit verordineer, of verkies was om ‘n belangrike missie op aarde te vervul. Laat die kinders die woorde op hul papiere hardop lees. Verduidelik dat die skrif lesings wat hulle gaan bestudeer gaan verduidelik dat Johannes die Doper ‘n uitgesogte gees was, verkies in die vooraardse lewe om die weg vir Jesus Christus voor te berei.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die storie van Johannes die Doper se geboorte, kindstyd, en missie soos gevind in die skriftuurlike aanwysing geleis in die “Voorbereiding” afdeling. Vertoon die prent van Johannes Preek in die Wildernis op ‘n geskikte tyd. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Help die kinders om te verstaan dat Johannes die Doper vooruit verordineer was om die mense voor te berei om na Jesus Christus te luister.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat weet ons aangaande die ouers van Johannes die Doper? (Lukas 1:5–7.)
- Hoekom was Sagaria met stomheid bestraf sodat hy nie kon praat nie? (Lukas 1:18–20.)
- Hoekom het Sagaria en Elisabet hul seun Johannes genoem? (Lukas 1:13.)
- Wat weet ons aangaande Johannes se kindstyd? (Lukas 1:80; L&V 84:27–28.)
- Wat was Johannes die Doper vooruit verordineer om te doen? (Lukas 1:15–17, 76–77.)
- Hoe het Johannes die Doper sy vooruit verordineerde missie vervul om die weg vir Jesus Christus voor te berei? (Matthéüs 3:1–6.)

Verduidelik dat net soos wat Johannes die Doper ‘n uitgesogte gees was wat gekies was om te help om Hemelse Vader se koninkryk op te bou deur die weg voor te berei vir Jesus Christus, is ons ook almal uitgesogte geeste wat gekies was om te help om Hemelse Vader se koninkryk op te bou deur ander mense te help om meer omtrent Jesus Christus te leer.

Lees hierdie aanhaling deur President Ezra Taft Benson: “Julle is uitgesogte geeste, baie van julle is gereserveer en teruggehou vir byna 6,000 jaar, om in hierdie spesifieke tydperk na die aarde te kom, in hierdie tyd wanneer die versoeking, verantwoordelikhede, en geleenthede die aller grootste is” (in Konferensie Raport, Okt. 1977, bl. 43; of *Ensign,* Nov. 1977, bl. 30).

- Hoe laat dit julle voel om te weet dat Hemelse Vader jul elkeen persoonlik ken en gekies het om in hierdie tyd aarde toe te kom?
- Wat is van die goed waarvoor ons moontlik vooruit verordineer was om Hemelse Vader se Koninkryk op te bou? (Dien sendings, wees goeie voorbeelde deur die gebooie te onderhou, ontvang die priesterskap, kweek regverdige families, vervul Kerk roepinge.)
- Hoe kan julle uitvind wat dit is wat Hemelse Vader wil hê julle moet doen hier op die aarde? (Bid aangaande besluite, luister na die Gees.) Verduidelik dat Hemelse Vader ons ook die geleentheid gun om patriargale seëninge te ontvang vanaf ‘n ring patriarg wanneer ons oud genoeg is. Patriargale seëninge dui somtyds aan watter roeping ons moontlik kan ontvang of wat Hemelse Vader wil hê ons met ons lewens moet doen. Hoe kan julle julself voorberei om te doen wat Hemelse Vader wil hê julle moet doen?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Berei ‘n papier voor vir elke lid van die klas met die volgende stellings daarop (sonder die antwoorde), of skryf die stellings op die swart bord:

Johannes die Doper:

a. Het in die _________________ gelewe.
b. Was _________________ maande ouer as Jesus.
c. Het klere gedra wat gemaak was van ___________ en ____________.
d. Het _________________ en _________________ geëet.
e. Het die weg voorberei vir _________________.

Antwoorde: a. wildernis; b. Ses; c. Kameel hare, leer; d. Sprinkane, wilde heuning; e. Jesus Christus.

Laat die kinders Lukas 1:26–27, 35–36, 76 en Matthéüs 3:1, 4 lees om die opening in te vul. (As die kinders nie weet wat sprinkane is nie, verduidelik dat dit groot, vlieënde insekte is.) Help die kinders besef dat al het Johannes die Doper ‘n eenvoudige, nederige lewe in die wildernis gelei, het hy steeds gelowig sy sending om die weg vir Jesus Christus voor te berei vervul.

2. Laat die kinders die volgende skriflesings voltooi om ander te ontdek wat vooruit verordineer was vir hulle aardse sendings:

   Jeremia 1:5—Jeremia
   1 Nefi 11:18—Maria, die moeder van Jesus (visioen aan Nefi gegee)
   Ether 3:14—Jesus Christus
   Leer en Verbonde 138:53, 55—Joseph Smith en andere
   Abraham 3:23—Abraham

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat net soos Johannes die Doper vooruit verordineer was om die weg vir Jesus Christus voor te berei en ‘n getuie vir Hom te wees, so was elkeen van ons vooruit verordineer vir ons sending hier op aarde. Betuig jou gevoelens aangaande die belangrikheid daarvan om die evangelie te lewe en om waardig te wees om alles te doen wat Hemelse Vader ons vooruit verordineer het om te doen.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Lukas 1:5–23, 57–80 en Matthéüs 3:1–6 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les

4

# Jesus Christus Is Hemelse Vader se Seun

**Doel**

Om die kinders te help verstaan dat Jesus Christus die Eeniggebore Seun van God in die vlees is.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 1:18–25 and Luke 1:26–38, 2:1–20 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Johannes 3:16–17, Alma 22:14, Leer en Verbonde 19:16–19, en *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 11.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Prente 7-1, Jesus die Christus (Evangeliekuns Skildery Ransel 240; 62572); 7-3, Die Geboorte van Jesus (Evangeliekuns Skildery Ransel 200; 62116); 7-4, Die Aankondiging van Christus se Geboorte Aan die Skaapwagters (Evangeliekuns Skildery Ransel 202; 62117); en 7-5, Familie met ‘n Baba (62307).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Vertoon prent 7-5, Familie met ‘n Baba. Vra die kinders die volgende vrae:

- Hoe dink julle voel hierdie ouers om hierdie baba te hê?
- Waar het hierdie baba se gees gelewe voordat dit gebore was?
- Wie was sy aardse moeder? Wie is sy aardse vader? Wie is die Vader van sy gees?

Verduidelik dat net soos hierdie baba, het elkeen van ons ‘n aardse vader en moeder en Hemelse Vader is die Vader van ons geeste.

Vertoon die prent van Jesus die Christus.

- Wie is Jesus se moeder? Wie is Jesus se Vader?

Help die kinders om te verstaan dat Jesus anders is as ons omdat Hemelse Vader die Vader van Jesus se aardse liggaam is. Vertel hulle dat hierdie les hulle meer gaan leer aangaande Jesus se geboorte.

Skriftuurlike Berig

Vertel die storie van Maria en Josef en die geboorte van Jesus vanuit die skriflesings wat gelys is onder die “Voorbereiding”afdeling, en gebruik die prente waar dit geskik is om dit te doen. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Help die kinders om te verstaan dat Hemelse Vader die Vader van beide Jesus Christus se geestes liggaam en Sy aardse liggaam is.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het Hemelse Vader se engele vir Maria en Josef vertel aangaande Jesus voordat Hy gebore was? (Matthéüs 1:19–23; Lukas 1:30–33, 35.) Hoekom?
- Hoekom dink julle het die engele aan die skaapwagters verskyn? (Lukas 2:9–14.) (Om aan die skaapwagters te getuig dat Hemelse Vader se Eeniggebore Seun in Betlehem gebore is.)
- Wat dink julle het die skaapwagters aan die mense vertel? Lukas 2:8–20
- Hoekom word daar na Jesus verwys as die Eeniggebore van die Vader? (Jesus is die enigste persoon wat op aarde gebore is wie se Vader Hemelse Vader is.) Verduidelik omdat Josef Maria se man was, was hy gekies om te help om Jesus te leer en groot te maak.
- Hoe verskil Jesus se verhouding met Hemelse Vader van ons verhouding met Hemelse Vader?
- Hoekom was dit belangrik dat Jesus se moeder sterflik moes wees? Help die kinders om te verstaan dat as gevolg van Maria se sterflikheid was Jesus ook sterflik en kon dus vir ons sterwe. Help die kinders ook om te verstaan dat omdat Hemelse Vader die Vader is van Jesus se fisiese liggaam, hoef Jesus nie te gesterwe het nie (sien Johannes 5:26; 10:17–18). Hy het gekies om vir ons sondes te sterwe en die dood te oorwin (sien Alma 22:14; L&V 19:16–19).

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Vra die seuns om hulself te verbeel hoe dit sou wees om Josef te wees. Vra die meisies om hulself te verbeel hoe dit sou wees om Maria te wees. Laat hulle jou vertel wat in hulle gedagtes sou aangaan toe die engel hulle kom besoek het. Vra hulle om te dink hoe hulle sou voel toe hulle vertel word dat hulle die ouers van die Verlosser gaan wees.
2. Laat elkeen van die kinders een van die volgende verse opsoek, waar dit na Jesus verwys as die Eenniggebore: Johannes 1:14; 3:16–18; 1 Johannes 4:9; Jakob 4:5, 11; Alma 5:48; 12:33–34; Leer en Verbonde 29:42, 46; 93:11; en Moses 1:6. (As jy meer as nege kinders in die klas het, kan jy meer as een tot ‘n skriflesing toewys.) Aan die einde van hierdie aktiwiteit moet die kinders verstaan dat die titel *Eenniggebore Seun* aandui dat Jesus die enigste person is wat op hierdie aarde gebore is wat die fisiese seun van Hemelse Vader is.
3. Vra die kinders om jou iets te vertel wat hulle weet omtrent Jesus wat belangrik is vir hulle.
4. Hersien die eerste geloofsartikel met die kinders.
5. Laat die kinders die woorde lees of die lied sing “Hy Het Sy Seun Gestuur” (*Kinder Sangbundel,* bl. 34).

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Getuig van Jesus Christus, lê klem daar op dat Hy Hemelse Vader se Eennig-gebore Seun is, of die enigste persoon wat op hierdie aarde gebore is wie se fisiese Vader Hemelse Vader is. Getuig dat Jesus ons Verlosser is. Moedig die kinders aan om te leer en te bid om 'n getuie te ontvang dat Jesus Christus ons Verlosser is. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Lukas 1:26–38 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.<br><br>Vra 'n klaslid om die sluitings gebed te lewer. |

# Jesus Christus se Kindstyd

Les
5

**Doel**

Om die kinders te help leer omtrent Jesus se kindstyd en om te verstaan dat God getuies daargestel het om te getuig dat Jesus Christus Sy Seun is.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Lukas 2:21–52, Matthéüs 2, die Joseph Smith Vertaling van Matthéüs 3:24–26, en Leer en Verbonde 93:11–14 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. ‘n Interessante voorwerp, soos ‘n familie aandenking, wat klein genoeg is om in die klaskamer weg te steek.
   c. Prent 7-6, Die Seun Jesus in die Tempel (Evangeliekuns Skildery Ransel 205; 62500).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Soos wat die kinders in die klas inkom, wys vir twee of drie die voorwerp wat jy gebring het; steek dit dan weg voordat die res van die klas opdaag. Vra een van die kinders wat die voorwerp gesien het om te verduidelik hoe die voorwerp lyk sonder om te sê wat dit is. Vra die klas om te sê of hulle weet wat die voorwerp is. Vra die ander kinders wat die voorwerp gesien het om dit te beskryf. Help die kinders om te verstaan dat hulle meer seker kan wees van iets as hulle dit van meer as net een persoon hoor. Wys die voorwerp vir die klas.

Verduidelik dat die kinders wat die voorwerp gesien het as getuies gedien het want hulle het omtrent die voorwerp geweet en het beskryf hoe dit lyk. “n Getuie is iemand wat persoonlike kennis dra aangaande iets en hierdie kennis dan met ander meëdeel. ‘n Getuie kan ook iets wees wat bewys lewer van iets; byvoorbeeld, Die Boek van Mormon getuig dat Jesus die Christus is. Verduidelik dat toe Jesus ‘n kind was, het Hemelse Vader baie getuies voorsien om te getuig dat Jesus Sy Seun was.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die berig van Jesus se kindstyd soos gevind in die skriflesing soos gelys in die “Voorbereiding” afdeling. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind. Jy kan verreikings aktiwiteit 1 as hersiening van die vorige les gebruik voordat jy hierdie les onderrig.

- Hoekom het Maria en Josef die baba Jesus na die temple geneem? (Lukas 2:21–24.)
- Hoe het Símeon geweet dat Jesus die Seun van God was? (Lukas 2:25–30.)
- Hoe het Anna getuig dat Jesus die Seun van God is? Hoe dink julle het sy geweet wie Hy was? (Lukas 2:36–38.)
- Hoe het die wyse manne geweet dat Jesus die Seun van God is? Hoekom het hulle aan Hom geskenke gebring? (Matthéüs 2:2, 11.)
- Hoe kan julle getuies wees van Jesus Christus?
- Hoekom het Hemelse Vader Josef vertel om sy familie Egipte toe te neem? (Matthéüs 2:13–14.) Wat het Herodus gedoen om te probeer keer dat Jesus Koning word? (Matthéüs 2:16.) Hoe het Josef geweet dat dit veilig was om terug te keer uit Egipte uit? (Matthéüs 2:19–20.) Waar het die familie gaan woon? (Matthéüs 2:21–23.)
- Wat dink julle het Jesus as jong seun gedoen om ondervinding en kennis op te doen? (JSV, Matthéüs 3:24–26; Lukas 2:40, 52; L&V 93:11–14.) Watter dinge is belangrik om te leer terwyl julle groot word? Watter doelle het julle al gestel vir julself?
- Vertoon die prent Die Seun Jesus in die Tempel. Hoekom was die mans in die tempel beindruk met Jesus? (Lukas 2:46–47. (Neem kennis dat in die Joseph Smith vertaling van hierdie skriflesing staan geskryf, “En hulle het na hom geluister, en aan hom vrae gevra.”) Wat vertel dit vir julle oor hoeveel Jesus al in Sy kindstyd geleer het? Wat kan julle doen om meer te leer omtrent die evangelie? Hoe was Jesus Sy Vader gehoorsaam en het Hy Hom geëer in die tempel?
- Wat het Jesus gedoen om Maria en Josef te gehoorsaam en te eer? Lukas 2:40, 51–52 Verduidelik dat Josef en Maria Jesus in Sy kindstyd onderrig het net soos wat ons ouers ons onderrig gedurende ons kindstyd. Hoe kan julle jul ouers eer?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Om die kinders te help om die getuies te onthou, kan jy dat hulle die volgende skriflesings opsoek: Lukas 1:30–32 (Gabriël), Lukas 1:41–43 (Elisabet), Johannes 1:29–34 (Johannes die Doper), en Lukas 2:8–17 (die engele en die skaapwagters).
2. Bespreek doelwitte wat die kinders kan stel om hulle te help om meer oor die evangelie te leer, soos om die skrifture daagliks te lees, te bid, om deel te neem aan Familie Tuis Aand, en so voorts. Vra die kinders om twee doelwitte op papier neer te skryf wat hulle hierdie jaar sal help om meer van die evangelie te leer. Moedig hulle aan om die papier op ‘n plek te hou waar hulle dit gereeld kan sien.
3. Maak ‘n afskrif van die kaart aan die einde van die les vir elke kind in die klas. Laat die kinders die plekke vind waar Jesus gewoon het en dit te etiketeer: Jerusalem, Betlehem, Egipte, en Nasaret. (Kaart #13 en #14 in die Kerk uitgawe van die King James Version of the Bible kan jou met hierdie aktiwiteit help.)

4. Help die kinders om die eerste geloofsartikel te memoriseer.
5. Skryf skriflesings op die swartbord wat verwys na tye toe Hemelse Vader getuig het dat Jesus Sy Seun is (Matthéüs 3:16–17; 17:5; 3 Nefi 11:6–8; Joseph Smith—Geskiedenis 1:17). Laat die kinders die skriflesings naslaan en bespreek wat in elke geval plaasgevind het.
6. Help die kinders om Lukas 2:52 te memoriseer.
7. Sing of lees die woorde tot "Jesus Was Eens 'n Klein Kindjie" (*Kinder Sangbundel,* bl. 55) of "Dit Is My Geliefde Seun" (*Kinder Sangbundel,* bl. 76).

---

**Slot**

Getuienis


Deel jou gevoelens aangaande Jesus Christus met die kinders en vertel hulle hoekom dit belangrik is vir jou om te weet dat Hy die Seun van God is. Help hulle om te verstaan dat as hulle Jesus se voorbeeld volg kan hulle meer soos Hy word.

Verreikings aktiwiteit twee kan as 'n lewenstoepassing van die les gebruik word.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die Kinders Lukas 2:40–52 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.




Plekke waar Jesus Christus gewoon het

Lesson
6

# Jesus Christus se Doop

**Doel**

Om die kinders te help om hulle doopsverbond te onderhou.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 3:13–17; Johannes 3:5; 2 Nefi 31:4–10, 17–21; Mosia 18:8–17; en Leer en Verbonde 33:15 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Johannes 1:29–34, Leer en Verbonde 20:37, en *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 20.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Boek van Mormon.
   c. Vierde Geloofsartikel plakkaat (65004).
   d. Prent 7-7, Johannes die Doper Doop Jesus (Evangeliekuns Skildery Ransel 208; 62133).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Laat twee kinders na vore kom, hande vashou bo hulle kop om 'n brug te vorm waaronder die ander kinders kan deurloop. Verduidelik dat hierdie kinders 'n baie belangrike poort voorstel. Vertel die kinders dat hierdie poort die ingang is tot die eng en nou weg wat lei tot die ewige lewe. Laat 'n kind 2 Nefi 31:17 lees. Verduidelik dat een van die eerste stappe na die ewige lewe is om deur hierdie poort te gaan (om gedoop te word). Laat die kinders deur die poort stap.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prent van Johannes die Doper wat Jesus doop. Onderrig die berig soos gevind in die skriflesings gelys in die "Voorbereidings" afdeling. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.)

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wie het vir Jesus gedoop? (Matthéüs 3:13.)
- Hoekem het Johannes die Doper gehuiwer om Jesus te doop? (Matthéüs 3:14.)
- Hoekom wou Jesus gedoop word? (Matthéüs 3:15; 2 Nefi 31:7, 9.)
- Hoekom moet ons gedoop word? (Johannes 3:5) Wat beteken *onderdompeling*? Hoekom moet ons totaal onder die water gaan wanneer ons gedoop word? (3 Nefi 11:26–28.)

- Wat het direk na Jesus se doop gebeur? (Matthéüs 3:16–17.)
- Hoe ontvang ons die gawe van die Heilige Gees? (L&V 33:17–18.)
- Hoe het julle gevoel toe julle gedoop was? Hoe het julle gevoel toe julle bevestig was en die gawe van die Heilige Gees gegee was?
- Wat het julle belowe toe julle gedoop was? Wat belowe Hemelse Vader ons? (Mosia 18:8–13; L&V 20:37.)

Verduidelik dat hierdie beloftes tussen ons en Hemelse Vader bekend staan as die doopsverbond. Wanneer ons gedoop word, belowe ons om:

Lede van Jesus se Kerk te word.
Andere te help.
Staan as getuies van God te alle tye en in alle dinge, en op alle plekke.
Om Hemelse Vader te dien en Sy gebooie te onderhou.

As ons ons deel van die verbond nakom, belowe Hemelse Vader om:

Ons sondes te vergewe.
Ons baie seëninge te gee.
Daaglikse leiding te gee deur die Heilige Gees.
Ewige lewe te gee. (Sien *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 20.)

- Wanneer ons deur die poort van die doop ingaan, wat gaan ons in? (2 Nefi 31:17–18.) Wat moet ons doen nadat ons gedoop is om die ewige lewe te beërwe en verewig saam met hemelse Vader te lewe? (2 Nefi 31:18–20.)

Geloofsartikel

Vertoon die Vierde Geloofsartikel plakkaat. Help die kinders om dit te memoriseer.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Skryf die volgende vrae aangaande die doop en hul skriflesing verwysings op die swart bord of op papier: Hoekom word ons gedoop? (L&V 49:13; 2 Nefi 31:18.) Hoe word ons gedoop? (L&V 20:72–74.) Deur wie word ons gedoop? (L&V 20:71–73) Wanneer word ons gedoop? (L&V 68:27.) Laat die kinders die skriflesing verwysings opsoek en dit bespreek.
2. Skryf elk van die volgende sinsnedes op ‘n apparte stukkie papier:

   Vir die vergifnis van ons sondes
   Om lede van die Kerk te word
   Sodat ons die gawe van die Heilige gees kan ontvang
   Om gehoorsaam te wees
   Om op die eng en nou weg te kom

   Laat die kinders weer deur die poort stap soos aan die begin van die les. Handig een van die papiere aan elke kind soos wat hulle deurstap. Verduidelik dat hierdie redes is waarom ons gedoop moet word. Bespreek maniere met die kinders hoe ons ons doopsverbond kan nakom.
3. Terwyl die prent van ‘n kind wat gedoop word (62018) en die prent van Johannes die Doper wat Jesus doop ophou, vertel die kinders van jou eie doop of laat een van die kinders oor sy of haar doop vertel.

4. Help die kinders om 2 Nefi 31:20 te memoriseer.
5. Reël vir ‘n groep kinders om “Doop” (*Kinder Sangbundel,* bl. 100) te sing, of sing of lees die woorde saam met die klas.

---

**Slot**

Getuienis

Getuig van die belangrikheid van die doop en dat die doop die poort of ingang is tot die eng en nou weg wat lei tot die ewige lewe. Van die kinders mag dalk ook hul getuienis oor hulle doop wil lewer.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 3:13–17 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Jesus Christus Was Deur Satan In Die Versoeking Gelei

Les
7

**Doel**

Om elke kind te leer hoe om Satan se versoekinge te weerstaan.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 4:1–11, Markus 1:12–13, en Lukas 4:1–13 biddend. (Neem kennis van die voetnotas wat na die Joseph Smith Vertaling verwys.) Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: 1 Korinthiërs 10:13; 2 Nefi 2:18; 2 Nefi 28:19–22; 3 Nefi 18:18; en Leer en Verbonde 10:5, 27; 11:12.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. ‘n Papier en potlood vir elke kind.
   c. Die volgende drie woordstrokies:
      Besluit
      Bid
      Luister na die Heilige Gees
   d. Prent 7-8, Die Toppunt van die Tempel.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Gee ‘n stuk papier aan elke kind. Vra die kinders om drie goed neer te skryf waaroor hulle dink dat kinders van hulle ouderdom versoek mag word om verkeerde dinge te doen. Laat die kinders jou vertel wat hulle neergeskryf het. Jy wil dalk hulle antwoorde op die swart bord neerskryf en dan die probleme wat hulle vandag in die gesig staar bespreek. Vertel hulle dat hierdie les hulle sal help om te leer hoe om sulke versoekinge te weerstaan.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die storie van Jesus wat versoek word soos wat dit vertel word in die skriftuurlike verwysings gelys in die “Voorbereiding” afdeling. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Neem kennis: Die Joseph Smith Vertaling (JSV) verleen duidelikheid aan die berig wat in die King James Vertaling van die Bybel te vinde is. Help die kinders om te verstaan dat die JSV dit duidelik maak dat Jesus “deur die Gees die wildernis ingelei is om met God te wees” en nie om deur Satan versoek te word nie. Verduidelik dat Jesus nie gewilliglik in ‘n situasie sou instap waar Hy versoek kon word nie, en wil ook nie hê dat ons dieselfde doen nie. Verduidelik ook dat die JSV bevestig dat Jesus deur die Gees na die toppunt van die tempel en na ‘n hoë berg geneem is, en nie deur Satan soos wat dit in die Bybel geskryf staan nie.

**Bespreking en Toepassings Vrae**

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoekom het Jesus in die wildernis ingegaan? (Matthéüs 4:1, voetnota *b.*)
- In die Joseph Smith Vertaling van Matthéüs 4:2 staan dit geskryf dat terwyl Jesus in die wildernis was, Hy “gemeenskap (ook nagmaal) met God gehad het.” Wat dink jy beteken dit om gemeenskap met God te hê? Hoe kan jy gemeenskap met God hê?
- Hoe dink jy het die veertig dae van vas en gemeenskap met God gehelp om vir Jesus Christus voor te berei om die versoekinge te weerstaan?
- Hoe het Satan eerste vir Jesus versoek? (Matthéüs 4:3.) Hoekom dink jy dat dit dalk moeilik sou wees vir Hom om dit te weerstaan? (Matthéüs 4:2.) Hoe het Jesus Satan geantwoord? Wat het Jesus hiermeë bedoel? (Matthéüs 4:4.)
- Watter ander maniere het Satan gebruik om Jesus te versoek? (Matthéüs 4:5–6, 8–9.) Hoe het Jesus teenoor hierdie versoekinge gereageer? (Matthéüs 4:7, 10.) Dink julle dat dit die enigste keer was wat Christus in versoeking gebring was? (Lukas 4:13. “Vir ‘n seisoen” sal aandui dat hierdie nie die enigste tyd was nie.)
- Hoe het dit Jesus gehelp om die versoekinge te weerstaan deur die skrifture te studeer? (Matthéüs 4:4, 6–7, 10.)
- Wat probeer Satan om met elkeen van ons te doen? (2 Nefi 2:18; 2 Nefi 28:20–22; L&V 10:27.)
- Hoe kan Hemelse Vader ons help om versoekinge te weerstaan? Wat kan julle nou doen om te verseker dat julle toekomstige versoekinge kan vermy?
- Watter groot belofte het die Here ons gegee aangaande ons versoekinge? (1 Korinthiërs 10:13.) Lees hierdie skriflesing saam.

Bespreek drie dinge wat ons kan doen om ons te help om versoeking te vermy en teen te staan. Vertoon die woordstrokies terwyl jy hulle bespreek.

1. *Besluit* om versoeking te weerstaan voordat jy dit in die gesig staar.

   Lees en bespreek die volgende aanhaalsel deur President Spencer W. Kimball:

   “Die regte besluit is die maklikste om te maak as ons hulle wel vooraf maak. . . .

   “Terwyl ek jonk was, het ek klaar besluit . . . dat ek nooit tee, koffie, tabak, of alkohol sou proe nie. . . .

   “Die tyd om te besluit om . . . eerlik te wees is lank voordat die kassier jou te veel kleingeld gee. Die tyd om te besluit om nie [onwettige] dwelms te gebruik nie is lank voordat ‘n vriend jou koggel omdat jy te bang of [regverdig] is. Die tyd om te besluit om niks anders as ‘n geleentheid om saam met [Hemelse] Vader te lewe te aanvaar nie, is nou.” (“Besluite: Hoekom Is Dit Belangrik Om Sommiges Nou Te Maak,” *New Era,* Apr. 1971, bl. 3).

2. *Bid* sodat jy versoeking kan vermy (Markus 14:38) en as jy versoek word, dat jy die krag en die geloof sal hê om dit te weerstaan. Verduidelik dat daag-

likse gebed, die strewe om enige soort versoeking te vermy, en die nastrewing van waardevolle diens en aktiwiteite ons sal help.

3. *Luister na die Heilige Gees.* Verduidelik dat nadat ons gedoop is, word die gawe van die Heilige Gees aan ons gegee, wat ons kan help om versoeking teen te staan (sien L&V 11:12).

Vra die kinders om oor ervaringe te praat waar hulle in versoeking gekom het? Laat hulle met die ander deel wat hulle gedoen het om die versoeking te vermy of teen te staan.

Verwys na die versoekinge wat op die swart bord geskryf was gedurende die aktiwiteit aan die begin van die les. Bespreek 'n aantal van hulle afsonderlik, en laat die kinders oorweeg hoe jong mense elkeen van hulle kan vermy en weerstaan. Vra die kinders om privaat 'n versoeking te kies wat hulle voorbereid wil wees om te weerstaan en beplan hoe hulle die versoeking kan vermy of weerstaan.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Speel die "Wat as" spelletjie. Skryf "Wat as" vrae op stukkies papier wat versoekinge beskryf wat jou klaslede in die gesig mag staar, soos van die voorbeeld vrae hier onder. Laat 'n kind een van die vrae uit 'n boks of 'n fles haal, die vraag hardop lees, en daarop regeer. Laat daardie kind dan die volgende kind kies om die volgende "Wat as" vraag uit die boks te haal. Beklemtoon dat om vooraf te besluit is 'n belangrike hulpmiddel om versoeking te weerstaan.

   Wat as jy iets vind wat aan iemand anders behoort?
   Wat as jy jou pa belowe het dat jy hom sal help, en 'n vriend kom daar aan en vra of jy saam met hom of haar wil speel?
   Wat as jou vriende jou uit-koggel omdat jy nie die sigarette saam met hulle wil rook wat hulle gevind het nie (of alkohol drink, of dwelms gebruik)?
   Wat as jy weet jy gaan in die moeilikheid beland as jy die waarheid vertel?

2. Laat die kinders gebarespel of rolspel oor hoe hulle versoekinge sal weerstaan.

3. Berei 'n paar "Versoekings Kaarte" voor. Skryf versoekinge wat die kinders dalk mag ervaar op 10cm by 15cm kaartjies of stukkies papier, soos byvoorbeeld lieg, steel, gebruik van krag woorde, en so aan. Op ander kaartjies, "Help Kaarte," skryf *Geloof in Jesus Christus, Ouers, Onderwysers, Goeie vriende, Gebed, Fas, Kerk leiers, Heilige Skrif, die Heilige Gees, Vermy versoekings,* en 'n paar ander dinge wat mense kan help om versoeking te vermy.

   Plaas die Versoekings kaarte gesig na onder neer in 'n hoop op die tafel en die Help kaarte gesig na onder neer op die tafel in 'n tweede hoop. Laat 'n kind beide 'n Versoekings kaart en 'n Help kaart optel en die klas vertel wat op elk geskryf staan. Laat die klas bespreek hoe wat op die Help kaart geskryf staan dit makliker kan maak om dit wat op die Versoekings kaart te weerstaan of vermy. Laat elke kind 'n beurt kry om 'stel kaarte op te tel.

4. Deel die volgende aanhaling van President Joseph Fielding Smith met die klas: "Gewoontes word baie maklik gevorm. Dit is net so maklik om goeie

gewoontes aan te leer as slegte gewoontes" (*New Era,* Julie 1972, bl. 23). Jy wil dalk die kinders help om hierdie aanhaling te memoriseer.

5. Laat die kinders 'n paar besluite opnoem wat hulle al geneem het om hulle te help om in die toekoms versoeking te vermy.
6. Help die kinders om Matthéüs 4:4 te memoriseer.
7. Laat die kinders sing of net die woorde lees van een of meer as een van die volgende liedjies: "Neurie Jou Gunsteling Gesang" (*Kinder Sangbundel,* bl. 152); "Die Stil Klein Stem" (*Kinder Sangbundel,* bl. 106); "Luister, Luister" (*Kinder Sangbundel,* bl. 107); "Hou die Gebooie" (*Kinder Sangbundel,* bl. 146).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat ons die krag besit om versoekinge wat na ons kant toe kom te weerstaan. Betuig jou liefde vir Jesus en Sy voorbeeld toe Hy Satan se versoekinge weerstaan het.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 4:1–11 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Jesus Christus Reinig Die Tempel

Les 8

**Doel**

Om elke kind te help om ‘n groter liefde en respek vir Hemelse Vader en Jesus Christus en vir heilige plekke te hê.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 2:13–16, Matthéüs 21:12–14, Lukas 19:45–48, en Exodus 20:7 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Markus 11:15–17.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Die volgende woordstrokies:
      Ons kan liefde en respek vir Hemelse Vader toon deur:
         Ons eerbiedigheid in Primêr en nagmaal diens.
         Ons taalgebruik gedurende gebed.
         Ons kleredrag.
         Hoe ons onsself gedra.
         Ons taalgebruik.
   c. Prent 7-9, Jesus Reinig Die Tempel (Evangeliekuns Skildery Ransel 224; 62163).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit


Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Trek ‘n horisontale lyn dwarsoor die swart bord. Skryf *EERBIED* bo die lyn en *ONEERBIED* onder die lyn. Vra die kinders om te verbeel dat ‘n vriend na hulle huis toe kom. Vertel hulle dat jy ‘n “eerbied lyn” op die swart bord gaan trek. Noem ‘n paar dinge wat die vriend doen (sien onder), en vra die klas om te besluit of die vriend eerbiedig of oneerbiedig teenoor jou en jou huis optreë. Trek ‘n streep, wat die horisontale streep op die swart bord kruis, terwyl jy op beweeg vir eerbied betoning en af beweeg vir oneerbiedige optrede. Gebruik omstandighede soos die volgende:

Die vriend:

Wag stil buite totdat hy ingenooi word.
Loop in die huis in met modder voete.
Bedank jou vir die uitnodiging om na jou huis toe te kom.
Skreeu en gil luid in jou huis.
Groet jou ouers eerbiedig.
Eis iets om te eet.
Gebruik jou besitings met sorg.
Ignoreer jou ouers wanneer hulle met hom of haar praat.
Nooi jou uit om by sy of haar huis te kom kuier.

Jou “eerbied lyn” mag ietwat soos volg lyk:




Laat die kinders die volgende vrae vir hulself beantwoord:

- Waanneer julle ‘n vriend se huis besoek, hoe lyk julle “eerbied lyn”?
- Hoe lyk julle “eerbied lyn”, wanneer julle Primêr toe kom?
- Hou lyk julle “eerbied lyn”wanneer julle in jul eie huise is?

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die verslagte van Jesus wat die tempel in Jerusalem reinig. Die verslag van die eerste temple reiniging is in Johannnes 2:13–16. Die tweede verslag, amper drie jaar later en net ‘n paar dae voor Sy kruisiging, is in Matthéüs 21:12–14 en Lukas 19:45–48. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Soos wat jy hierdie berigte vertel, vra die kinders om te dink oor hoe Jesus oor Hemelse Vader en die tempel voel. Help die kinders om te verstaan dat hierdie tempel ‘n heilige plek was, net soos wat on tempels vandag is, en Jesus wil hê dat ons hierdie heilige plekke eerbiedig.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het Jesus gevind dat van die mense in die tempel besig was om te doen? (Johannes 3:14.)
- Hoekom het Jesus die verkoopsmanne en geld wisselaars uit die tempel uitgedryf? Wat het Jesus aan hulle gesê? (Johannes 2:16; Matthéüs 21:13; Lukas 19:45–46.)
- Wat het Jesus in die tempel gemaak nadat Hy hulle uit die tempel uitgedryf het? (Matthéüs 21:14; Lukas 19:47.)
- Hoekom dink julle dat dit belangrik is dat ons eerbiedig is in die heilige plekke soos huise, kerk geboue, en tempels? Aan wie toon ons eerbied?

Bespreek hoe belangrik dit is om eerbiedig te wees in plake wat aan die Here opgedra is. Help die kinders om te verstaan dat eerbied uiterste eerbetoon en liefde is.

- Aan wie het Jesus eerbetoon toe Hy die geld wisselaars uit die tempel uitgedryf het? Johannes 15:16 Hoekom het Hy dit gedoen?
- Hoe kan ons aan Hemelse Vader en Jesus Christus eerbetoon terwyl ons by die kerk is? by die huis? by die skool? terwyl ons speel?

Vertoon die woordstrokies een vir een. Bespreek maniere waarop ons liefde en eerbetoon aan Hemelse Vader en Jesus kan wys. Sluit die volgende idees in:

As ons eerbiedig is tydens die nagmaal, toon ons liefde en eer vir Jesus en die verbonde wat ons met Hemelse Vader sluit.

As ons na die praatjies tydens die nagmaal diens luister en eerbiedig is in Primêr, leer ons meer aangaande Hemelse Vader en Jesus en wat Hulle wil hê ons moet doen.

Wanneer ons eerbiedig bid, toon ons eerbied vir Hemelse Vader.

Wanneer ons beskeie aantrek, toon ons dat ons ons liggame eerbiedig as heilige skeppinge van ons Hemelse Vader.

As ons optree soos wat Hemelse Vader en Jesus wil hê ons moet optree, toon ons aan Hulle dat ons in Hulle glo en dat dit belangrik is vir ons om dit te doen wat Hulle van ons gevra het.

Wanneer ons die Here se Naam eerbiedig gebruik en dit nie misbruik nie, toon ons aan andere dat ons Hom eerbiedig en lief het.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Laat die kinders Exodus 20:7 lees en memoriseer. Vertel en bespreek die volgende gebeurtenis soos oorvertel deur President Spencer W. Kimball, en help die kinders om te besluit om hierdie belangrike gebod na te kom.

   “Een dag in die hospitaal is ek deur ‘n verpleegster gehelp, wat gestruikel het terwyl hy my uit die operasie saal gestoot het, en daar het toe kru taal (gevloekery) oor sy kwaai lippe geval met ‘n kombinasie van die Verlosser se Name. Al was ek net halfpad by my bewissyn, het ek terug geduins en gesmeek: ‘Asseblief! Asseblief! Dit is my Here wat jy só slegmaak.’ Daar was ‘n doodse stilte, en toe het ‘n stil stem gefluister: ‘Ek is jammer.’ Hy het vir ‘n oomblik vergeet dat die Here al Sy mense sterk vermaan het ‘Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat Sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.’ (Exodus 20:7)” (“President Kimball Praat Uit Teen Kru Taal,” *Ensign,* Feb. 1981, bl. 3).

2. Kry ‘n aantal prente van tempels en ander kerk geboue. Skryf die name van die tempels en ander kerk geboue op stukkies papier en vra die kinders om die name en die prente met mekaar te verbind. Laat hulle die name en prente ‘n tweede keer verbind terwyl jy aan hulle verduidelik hoe hierdie geboue Hemelse Vader help om Sy werk hier op aarde voorentoe laat beweeg.

3. Beskryf die gevoelens wat jy ervaar het terwyl jy die tempel besoek het, of vra ‘n lid van die wyk om sy of haar gevoelens oor die tempel met die klas te deel. Help die kinders om te verstaan hoe heilig die tempel is, en dat die wat daarheen gaan, na aan die Here kan voel. Bespreek wat die kinders in hul lewens kan doen om waardig te wees om die tempel binne te gaan.

4. Gee ‘n potlood en ‘stukkie papier aan elk van die kinders. Laat hulle spesifieke maniere neerskryf hoe hulle hierdie week hul liefde, eer, en respek aan Hemelse Vader en Jesus Christus kan toon. Vra hulle om hierdie lys iewers te hou waar hulle dit gereeld kan sien.

5. Trek nog ‘n “eerbied lyn” op die swart bord terwyl die kinders voorbeelde gee van aksies wat eerbiedigheid en oneerbied in die kerk geboue toon.

| | |
|---|---|
| Uitdaging | Verwys weereens na die “eerbied lyn” en vertel die kinders dat hulle ‘n “eerbied lyn”vir hulle verhouding met Hemelse Vader en Jesus Christus moet hê. Daag die kinders uit om hulle lyn hoog te hou deur liefde en eerbied vir Hemelse Vader en Jesus te toon in alles wat hulle doen. |

| | |
|---|---|
| **Slot** | |
| Getuienis | Betuig jou eerbiedige gevoelens teenoor Hemelse Vader en Jesus Christus en jou begeerte om liefde, eer, en respek vir hulle te toon deur die manier waarop jy lewe. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Matthéüs 21:12–14 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les. |
| | Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer. |

# Jesus Christus Roep Sy Apostels

Les 9

**Doel**

Om al die kinders te help om ‘n groter liefde en eerbied te toon vir die Apostels wat Jesus Christus roep om as Sy spesiale getuies te dien.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 4:18–22, Lukas 5:1–11, 6:12–16, Matthéüs 16:13–19, Markus 3:13–19, 16:15, Handelinge 10:39–43, 3 Nefi 12:1–2, en Leer en Verbonde 107:23 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Matthéüs 10:2–4, Markus 1:16–20, en Johannes 1:35–51.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. ‘n Aantal eksemplare van die Leer en Verbonde.
   c. Sesde Geloofsartikel plakkaat (65006).
   d. Prente 7-10, Jesus en Die Vissermanne (Evangeliekuns Skildery Ransel 209; 62496), en 7-11, Christus Bevestig die Apostels (Evangeliekuns Skildery Ransel 211; 62557), as ook prente van die heidige Apostels (64329–64378. As die prente nie in jou wyk biblioteek is nie, sien die nuutste konferensie uitgawe van die Kerk Tydskrifte).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Skryf die volgende skriflesings op die swart bord:

*1 Korinthiërs 12:28*
*Efésiërs 2:20*
*Leer en Verbonde 107:23*

Laat die kinders die skrif verwysings opsoek om die belangrike woord in elk te vind. Jy wil dalk dat die kinders saamwerk in groepies van twee of drie. As hulle hulp nodig het, vertel hulle dat die woord begin met ‘n *A* (Apostel).

Laat ‘n kind Leer en Verbonde 107:23 vir die klas lees om uit te vind hoekom ‘n Apostel vir die Here belangrik is.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die klas in die storie van Jesus wat Sy dissipels roep, terwyl jy die prente op geskikte tye vertoon, (Matthéüs 4:18–22; Lukas 5:1–11) en later die Twaalf Apostels (Markus 3:13–19; Lukas 6:12–16). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)

Maak seker dat die kinders verstaan dat Jesus baie volgelinge gehad het wat dissipels genoem was, terwyl jy hierdie berigte aan hulle leer. Toe Hy eers vir

Petrus, Andréas, Jakobus en Johannes geroep het, Het Hy hulle as Sy dissipels geroep. Van die groter groep dissipels het Hy later twaalf mans gekies om Sy Apostels te wees (sien Lukas 6:13). Hy het hulle in dieselfde manier bevestig soos wat Apostels vandag bevestig word, deur die oplegging van hande, en het aan hulle dieselfde magtiging gegee as wat Apostels vandag ontvang (sien Markus 3:13–15).

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het Petrus, Andréas, Jakobus, en Johannes gedoen vir 'n lewe? (Matthéüs 4:18–22.) Wat beteken dit om "vissers van mense" te wees? (Matthéüs 4:19.) Hoe is hedendaagse Apostels "vissers van mense"? (L&V 18:27–29.)
- Hoe het Petrus, Andréas, Jakobus, en Johannes gereageer toe Jesus hulle vertel het om hom te volg? (Matthéüs 4:19–22.) Verduidelik dat *dadelik* onmiddelik beteken. Hoe het hulle reaksie getoon dat hulle geglo het dat Jesus die Christus was? (Neem kennis dat die Joseph Smith Vertaling van Matthéüs 4:18 uitdruklik sê dat Jesus hulle gesê het wie Hy was voordat Hy hulle gevra het om Hom te volg.) Hoekom is dit vir ons belangrik om te weet dat Jesus Christus die Seun van God is?
- Wat het Jesus vir Simon gesê om met sy nette te doen? (Lukas 5:4.) (Verduidelik dat Simon, Simon Petrus en Petrus almal dieselfde persoon is.) Hoekom het Petrus Jesus se versoek bevraagteken? (Lukas 5:5.) Wat het gebeur? (Lukas 5:6–7.) Hoekom het hierdie gebeurtenis die dissipels gehelp om groter geloof in Jesus te hê? (Lukas 5:8–10.) Wat het Petrus, Jakobus, en Johannes gedoen om te bewys dat hulle geloof in Jesus gehad het? (Lukas 5:11.) Hoe kan ons wys dat ons Jesus Christus volg?
- Hoe lank het Jesus Christus gebid voordat Hy Sy Apostels geroep het? (Lukas 6:12.) Hoekom dink julle het Jesus gebid voordat Hy hierdie belangrike besluit geneem het? Wie roep vandag Apostels? (Hemelse Vader gelas die Eerste Presidensie deur inspirasie.)
- Die skrifture praat van dissipels en Apostels. Wat is die verskil tussen 'n disiepel en 'n Apostel? (Lukas 6:13.)

Verduidelik dat 'n disiepel 'n volgeling van Jesus Christus is. 'n Apostel is een van 'n gekose groep mans wat bevestig is as 'n spesiale getuie van Jesus Christus aan die hele wêreld. Hy getuig dat Jesus die Seun van God is en dat Hy uit die dood verreis het. Hy maak seker dat die evangelie oral in die wêreld verkondig word. (See Markus 16:15 and L&V 107:23.)

- Is jy 'n disiepel of 'n Apostel?
- Wat beteken dit om 'n spesiale getuie van Jesus Christus te wees? (Handelinge 4:33; 10:39–43; L&V 107:23.) Hoe het Petrus getuig dat Jesus die Christus was? (Matthéüs 16:13–17.) Wat het Jesus vir Petrus belowe as gevolg van Petrus se getuienis? (Matthéüs 16:18–19.) Help die kinders om te verstaan dat die "sleutels van die Koninkryk" die magtiging is wat die Apostels besit om Hemelse Vader en Jesus Christus se werk hier op aarde te doen. Die berig van hoe Petrus, Jakobus, en Johannes hierdie beloofde sleutels op die Berg van Verheerliking ontvang het, sal later in les 15 bespreek word.

- Hoe getuig Apostels vandag dat Jesus die Christus is?

Vertel die volgende berig van Ouderling David B. Haight, 'n Apostel van die Here:

"Die aand van my gesondheids krisis het ek geweet dat iets baie ernstig met my gebeur het. . . . Ek het met Hemelse Vader gepleit, dat as dit Sy wil was, Hy my lewe nog 'n bietjie langer sou spaar om my 'n bietjie meer tyd te gee om Sy werk te verrig.

"Terwyl ek besig was om te bid, het ek bewussyn verloor. Die sirene van die ambulans was die laaste ding wat ek onthou voordat ek bewussyn verloor het; 'n bewusteloosheid wat vir die volgende paar dae geduur het.

"Die verskriklike pyn en die warboel van mense het opgehou. Ek was nou in 'n kalm, vreedsame toneelskikking; alles was rustig en stil. . . .

Ek het geen stemme gehoor nie, maar was bewus dat ek in 'n heilige teenwoordigheid en atmosfeer was. Gedurende die ure en dae wat gevolg het, was daar keer op keer die ewigdurendheid van die sending en verhewe posisie van die Seun van Mens op my denke gestempel. Ek getuig aan julle dat Hy Jesus Christus is, die Seun van God, Heiland van almal, Verlosser van die hele mensdom, die Skenker van oneindige liefde, genade, en vergifnes, die Lig en die Lewe van die wêreld. Ek het hierdie waarheid van te vore geweet—en ek het nooit getwyfel of gewonder nie. Maar nou het ek, as gevolg van die indrukke van die Gees op my hart en siel, hierdie waarhede in 'n mees ongewone manier geweet.

"Ek het Sy ministerie in 'n panoramiese visie gesien: Sy doop, Sy leringe, Sy gesondmaking van die siek en lam mense, die skyn verhoor, Sy kruisiging, Sy opstanding en hemelvaart. Hierop het tonele uit Sy aardse ministerie in indrukwekkende besonderheid in my denke gevolg, wat skriftuurlike ooggetuies beaam. Ek was onderrig, en die oë van my verstand was oopgemaak deur die Heilige Gees van God sodat ek meenigde dinge kon aanskou" (in Konferensie Raport, Oct. 1989, bl. 73; of *Ensign,* Nov. 1989, bl. 59–60).

- Wie is vandag die Apostels op die aarde?

Identifiseer die name van die lede van die Eerste Presidensie en die Kworum van die Twaalf Apostels. Vertel iets wat jy omtrent een van die heidige apostels weet, miskien een wat onlangs in julle area was of binne kort in julle area gaan wees.

- Hoe word ons lewens geseën wanneer ons na die raad van die Apostels luister. (3 Nefi 12:1–2.)

Geloofsartikel

Help die kinders om die sesde geloofsartikelte memoriseer.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Bring afsonderlike fotos van die Eerste Presidensie en Twaalf Apostels klas toe. Skryf hul name op afsonderlike stukkies papier en laat die kinders dan die name en prente met mekaar verbind en hulle in orde van senioriteit rangskik. As afsonderlike fotos nie beskikbaar is nie, laat die kinders dan die name in senioriteit rangskik. Laat elke kind 'n beurt kry.
2. Maak 'n lys van die name van die Twaalf Apostels wat Jesus geroep het. (Lukas 6:12–16.)

3. Gebruik afskrifte van onlangse konferensie raporte of konferensie uitgawes van die Kerk tydskrifte, en laat die kinders soek vir toesprake wat deur die Apostels gelewer is. Vra hulle om die plekke te identifiseer in die toesprake waar die Apostels hulle spesiale getuies aangaande Jesus Christus gelewer het (dit is gewoonlik na aan die einde van hul toesprake).

---

**Slot**

Getuienis

Deel jou dankbaarheid vir Apostels met die kinders, en vertel hulle hoe jou lewe al geseën is deur hulle raad te volg. Getuig dat Jesus Apostels roep, deur lewende profete, om as getuies te staan vir Sy Naam en om die evangelie deur die hele wêreld te verkondig.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 4:18–22 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Die Bergbediening

Les
10

**Doel**

Om die kinders te help om te strewe om meer soos Jesus te word deur sy leringe te volg wat in die Bergbediening gegee word.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 5:1–6:4 en 7:12 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Lukas 6:17–36 en 3 Nefi 12.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. ‘n Stukkie pappier met situasies wat die kinders dalk moet ondervind (sien die Aandag aktiwiteit).
   c. Prent 7-12, Die Bergbediening (Evangeliekuns Skildery Ransel 212; 62166).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Laat elke kind een vir een na vore kom, en ‘n strokie papier neem waarop jy vir hulle ‘n moeilike situasie geskryf het, waarin hulle hulself eendag dalk mag bevind. Gebruik byvoorbeeld van die volgende situasies:

Jou broer of suster kritiseer jou.
Iemand by die skool is lelik met jou.
Ander kinders koggel jou uit omdat jy nie wil probeer rook nie.
Ander kinders koggel jou uit omdat jy nie vuil taal gebruik nie.

Laat elke kind sê hoe hy of sy in daardie situasie sal regeer. Laat die res van die klas hulle idees byvoeg. Verduidelik dat hulle nou van Jesus se leringe uit die Bergbediening gaan bespreek wat hulle sal help om te weet hoe om te reageer in die bogenoemde situasies. Hierdie leerstellings help ons om meer soos Jesus te word want hulle leer ons hoe Hy wil hê ons moet lewe.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prent van die Bergbediening. Terwyl jy die skriftuurlike verwysings gebryk wat gelys is onder die “Voorbereiding” afdeling, onderrig die kinders oor Jesus se Bergbediening. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Beklemtoon die volgende punte:

Die Geluksaligheid
Liefde teenoor jou vyande
Om volmaak te word
Die Goue Reël (Doen aan andere wat jy aan jouself gedoen wil hê.)

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Verduidelik dat die leerstellings in Matthéüs 5:3–11 word gereeld die Geluksaligheid genoem. (Maak seker om te noem dat toe Jesus die Geluksaligheid aan die Nefiete geleer het, het Hy "wie na My toe kom" bygevoeg. Vergelyk Matthéüs 5:3 met 3 Nefi 12:3.) Hoe kan die Geluksaligheid ons help om meer soos Jesus te word?
- Wat beteken dit om te "honger en dors na die geregtigheid"? (Matthéüs 5:6.) Hoe kan ons dit doen? Watter seëninge sal ons ontvang wanneer ons dit doen?
- Wat is 'n rein hart? (Matthéüs 5:8.) Wat word belowe aan die wat rein van hart is? Hoe kan ons rein harte ontwikkel?
- Hoekom is dit belangrik om 'n vredemaker te wees? (Matthéüs 5:9.) Hoe kan ons vredemakers word?
- Wat beteken dit om die "sout van die aarde" te wees? (Matthéüs 5:13.) Hoe kan ons soos sout wees? (Kyk na die verreikings aktiwiteit 2.) Wat beteken dit om'n "lig aan die wêreld" te wees? (Matthéüs 5:14–16.) Hoe kan ons 'n lig vir andere wees?
- Wat moet ons doen as daar 'n probleem tussen ons en iemand anders is? (Matthéüs 5:23–24.) Hoe moet ons ons vyande, of diegene wat nie van ons hou nie, behandel? (Matthéüs 5:43–47.)
- Hoe kan ons volmaak word? (Matthéüs 5:48.)

Bespreek die verklaring van Ouderling Joseph Fielding Smith omtrent volmaakdheid: "[Volmaakdheid] sal nie ewe skielik gebeur nie, maar eerder lyn op lyn, bevel op bevel, voorbeeld op voorbeeld, en tot dan nie so lank as wat ons in hierdie aardse lewe leef nie. . . . Maar hier lê ons die fondasies . . . om ons vir volmaakdheid voor te berei. Dit is ons plig om vandag beter te wees as wat ons gister was, en môre beter te wees as vandag" (*Doctrines of Salvation,* 2:18).

- Hoe moet ons diens lewer? (Matthéüs 6:1–4.) Watter tipe diens kan ons in die geheim lewer?
- Matthéüs 7:12 word baie keer die Goue Reël genoem. Wat het Jesus ons gevra om te doen? Hoe kan ons dit doen?

Help die kinders om te verstaan dat as hulle probeer om die leerstellings te leef wat Jesus in Sy Bergbediening aan die mense geleer het, sal hulle op die pad wees na volmaakdheid. Beklemtoon dat volmaakdheid 'n proses is wat geleidelik plaasvind en nie in hierdie lewe vervul sal word nie. Wat ons nou moet doen is om te probeer om elke dag meer soos Jesus te wees.

Laat die kinders die situasies hersien wat hulle in die Aandag Aktiwiteit teë gekom het. Laat hulle jou vertel wat hulle geleer het oor hoe Jesus wil hê ons moet reageer in sommige situasies. Vra die kinders om te dink oor wat sou gebeur as ons almal Jesus se leerstellings van die Bergbediening sou lewe.

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Druk die eerste helfte van ‘n geluksaligheid, soos by voorbeeld “Salig is die wat arm van gees is en na My toe kom,” en op ‘n ander kaartjie die tweede deel van die geluksaligheid, soos byvoorbeeld “want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.” Skommel die kaartjies op en plaas hulle gesig onder toe in rye op die tafel of die vloer neer. Laat die klas lede een een op kom en twee kaarte gesig na bo draai om te probeer om ‘n geluksaligheid te voltooi. (Die kinders kan hulle skrifture gebruik om hulle te help.) As die twee kaartjies ‘n geluksaligheid voltooi, word hulle gesig na bo gelos. As die kaartjies nie ‘n geluksaligheid voltooi nie, word hulle weer gesig na onder gedraai. As almal nie die eerste keer ‘n kans kry om te speel nie, skommel die kaartjies weer op, draai hulle gesig na onder in rye en laat die kinders weer speel.

2. Behalwe op ‘n vas Sondag, berei ‘n klein hoeveelheid kos voor wat gewoonlik met sout voorberei word, soos spring mielies, rys, pasta, en so voorts. Moenie sout gebruik nie en vra die kinders om die kos te proe. (Maak seker deur die ouers te vra of die kinders nie aan kos-allergieë lei nie) Voeg ‘n klein bietjie sout by en vra die kinders om weer te proe. Beklemtoon dat ‘n klein bietjie sout ‘n groot verskil kan maak. ‘n Klein groepie regverdiges kan ook ‘n groot verskil maak. Laat die kinders bespreek hoe hulle ‘n verskil kan maak deur regverdig te lewe. Read Matthéüs 5:13.

3. Beeld situasies van konflik uit, soos twee kinders wat dieselfde sitplek wil hê, of kinders wat lelik met mekaar praat, en so voorts. Rolspeel hierdie situasies en laat een kind as die vredemaker dien. Laat die kinders dink oor situasies waar hulle dalk aanstoot mag neem, soos wanneer iemand iets leliks omtrent hulle sê, of iemand vat iets wat hulle s’n is, ‘n vriend is kwaad vir hulle, iemand wat hulle kritiseer omdat hulle ‘n lid is van die Kerk, en so voorts. Vra hulle om te dink hoe Matthéüs 5:44 voorskryf dat hulle moet reageer.

4. Laat een van die kinders ‘n diens wat hulle gelewer het, of kan lewer, vir die res van die klas deur gebare spel uitbeeld. Laat die kinders probeer raai wat dit is wat sy of hy doen. Bespreek die belangrikheid daarvan om diens te lewer aan ander mense. Vra die kinders om te praat oor hoe hulle voel wanneer hulle ander mense help, en vra hulle om te dink oor al die positiewe resultate wat kan voortspruit deur ander mense te help.

5. Help die kinders om Matthéüs 5:16 te memoriseer, of die eerste gedeelte van Matthéüs 7:12.

6. Berei ‘n afskrif van die Geliksaligheid vir elke kind voor, of help hulle om dit in hulle eie skrifture te merk.

7. Berei strokies papeir voor of skryf die skrifteirlike verwysings op die swart bord:

   Matthéüs 5:3 en 3 Nefi 12:3
   Matthéüs 5:6 en 3 Nefi 12:6
   Matthéüs 5:10 en 3 Nefi 12:10
   Matthéüs 5:48 en 3 Nefi 12:48

Laat die kinders albei skriflesings deurlees en bespreek hoe hulle van mekaar verskil. Help die kinders dat Jesus dieselfde leerstellings aan die Jode en die Nefiete geleer het, maar dat dit meer verstaanbaar (duideliker) is in die Boek van Mormon.

8. Sing of lees die woorde tot "Ek Poog om Soos Jesus te Wees" (*Kinder Sangbundel,* bl. 78).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat as ons Jesus se leerstellinge in die Bergbediening lewe, ons op pad sal wees na volmaakdheid.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 5:3–11 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Jesus Christus Onderrig Aangaande Gebed

Les

11

**Doel**

Om elke kind te help om 'n begeerte te hê om persoonlik daagliks te bid.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Mattéüs 6:5–13 (kyk na die Joseph Smith Vertaling in voetnota *a* van vers 13), 7:7–11, en Alma 34:19–27 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Matthéüs 4:2, veral voetnota *c;* 14:23; 26:36–46; Lukas 9:28–29; 11:2–4, 9–13; Johannes 17; 3 Nefi 14:7–12; 17:14–21; 18:16.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders in jou klas die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Boek van Mormon.
   c. Inkleurkruit om skrifture te merk.
   d. Prent 7-2, Bergbediening (Evangeliekuns Skildery Ransel 212, 62166), en 7-13, 'n Elfjarige Kniel in Gebed (62218).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Skryf op apparte stukkies pappier 'n aantal situasies, soortgeleik aan die wat hier onder gelys word, wat die kinders moontlik kan ondervind (of jy kan die situasies mondeliks voorlê). Vra die kinders om een vir een vorentoe te kom en elk 'n strokie papier te neem. Laat hulle praat oor hoe hulle voel oor die situasie en wat hulle sou doen.

Jy het van jou fiets af geval en jou been gebreuk. Daar is niemand om jou nie, en jy weet nie of jy huistoe kan loop nie.

Jy het koors en 'n maag aandoening (SPD). Jou ouers het alles in hulle mag gedoen om jou better te laat voel, maar jy is steeds baie siek.

Jy het 'n taak wat jy môre by die skool moet inhandig. Jy het hard gewerk daaraan, maar dit is nie so goed soos wat jy dit wou gehad het nie, en jy weet nie hoe om dit reg te maak nie.

Jy het buite gespeel en toe jy inkom, was daar niemand by die huis nie. Jy is bang want jy weet nie waar jou familie heen gegaan het nie.

Jou oupa en ouma het jou geld gegee vir jou verjaarsdag, en nou is dit nie waar jy gedink het dat jy dit gesit het nie.

Jy sit buite in die donker en besef hoe pragtig die stêrre lyk.

Jy is besig om jou familie te help om 'n tuin te groei, en jy besef hoe groot die plante word en dat die groente en vrugte ryp word.

Verduidelik dat jy Hemelse Vader kan nader in gebed om jou met enige probleem te help wat jou pla, om jou gevoelens met Hom te deel, of net om jou dankbaarheid uit te spreek. Hemelse Vader sal altyd na ons opregte gebede luister.

**Skriftuurlike Berig**

Onderrig die kinders dat Jesus Sy dissipels gewys het hoe om te bid tydens die Bergbediening (sien Matthéüs 6:9–13). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Jy mag dalk dat die kinders beurte maak om die verse te lees. Jy kan hulle ook dalk tyd gee om sommige of al die verse in hulle eie afskrifte van die skrifture te merk. Bespreek die konsepte in elke vers en verduidelik enige moeilike woorde aan die kinders. Vertoon die prente op geskikte tye.

**Bespreking en Toepassings Vrae**

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het: “En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie”? (Matthéüs 6:5.) Hoe kan ons opreg bid sodat ons nie soos die geveinsdes is nie? (‘n Geveinsde is iemand wat sleg is en maak asof hy goed is, of goed is en maak asof hy sleg is.)
- Hoe het Jesus gesê ons moet anders wees as die geveinsdes wanneer ons ons persoonlike gebede opsê? (Matthéüs 6:6.)
- Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het, “Gebruik nie ‘n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie” (Matthéüs 6:7.) (*Heidene* beteken hier daardie mense wat baie gode aanbid of nie Christene is nie. ‘n *Ydele herhaling* is wanneer ons dieselfde woorde en sinne herhaaldelik gebruik sonder om daaraan te dink of onopregtelik.) Hoe kan ons “ydele herhalings” vermy wanneer ons bid?
- Wat bedoel Jesus wanneer Hy ons vertel om te vra, soek, en klop? (Matthéüs 7:7–11.) Wat is Hemelse Vader se belofte aan almal wat vra, soek, en klop? (Matthéüs 7:7–8.) Hoe het gebed aan Hemelse Vader jou gehelp?
- Antwoord Hemelse Vader altyd ons gebede? Help die kinders om te verstaan dat alhoewel ons nie onmiddelik ‘n antwoord op ons gebede kry nie of nie die antwoord kry wat ons verwag nie, beantwoord Hemelse Vader elke opregte gebed. Partykeer is die antwoord “nee” of “nog nie.”
- Hoekom mag Hemelse Vader se antwoord op ‘n gebed dalk “nee” of “nog nie” wees? Gee ‘n antwoord uit jou eie ondervinding, indien moontlik. Help die kinders om te verstaan dat omdat Hemelse Vader alles weet, weet Hy wat die beste vir ons is.
- Waar en hoe gereeld moet ons persoonlike gebede lewer? (Alma 34:19–27.) Waaroor moet ons bid? Wat het Hemelse Vader vir ons gegee waaroor ons dankbaar moet wees?
- Hoekom dink julle wil Hemelse Vader hê dat ons aan Hom bid?
- Hoekom is dit belangrik om elke oggend en aand persoonlike gebed te hê? (Alma 37:37.)
- Hoe voel julle as julle ‘n nederige en opregte gebed lewer? Hoe kan ons nader aan Hemelse Vader beweeg deur gebed? Hoe kan ons altyd ‘n gebed in ons hart hê? Hoekom moet ons probeer om dit te doen?

## Verreikings Aktiwiteite

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Verdeel die klas in klein groepe in en laat elke groep een van die volgende skriftuurlike verwysings opsoek. Laat die groep dan vir die res van die klas aangaande die skriftuur vertel. Bespreek in elke instansie hoekom Jesus gebid het en besluit hoe Sy voorbeeld ons met ons gebede kan help.

   Joseph Smith Vertaling, Matthéüs 4:2
   Matthéüs 14:23
   Lukas 9:28–29
   Johannes 17
   Matthéüs 26:36–42
   3 Nefi 17:14–21, 3 Nefi 18:16

2. Vertel die kinders van ‘n tyd toe jou gebede beantwoord is, of vra hulle om van hul spesiale ondervindinge aangaande gebed met die klas te deel. Jy mag dalk ook die volgende storie wil vertel.

   “ ‘n Merkwaardige jong sending leier . . . het ‘n inspirerende storie vertel van ‘n ondervinding toe hy hopeloos verlore was in Petropolis (Brasil), nie die plaaslike taal kon praat nie, en nie die addres vir die kapel of sendelinge gehad het nie. Na ‘n vurige gebed waarin hy met die Here gepleid het vir hulp om sy sending te vervul, het hy twee keer ‘n stem gehoor wat hom vermaan het om die man op die hoek te volg. Gehoorsaam het hy die man gevolg soos wat hy vermaan was om te doen en was reguit na die kapel toe gelei sonder enige verdere probleme” (L. Brent Goates, *Harold B. Lee, Prophet and Seer,* bl. 282).

3. Vertel die kinders dat woorde soos *U,* ‘n spesiale woord is wat ons gebruik wanneer ons na God verwys in ons gebede. Hierdie woord toon ons respek en liefde vir Hom. Laat die kinders Matthéüs 6:9–13 lees en laat die ander kinders hul hande oplig elke keer as hulle hierdie gebeds-woord hoor. Doen dieselfde ding met die lied, “Ek Dank U, Liewe Vader,” (*Kinder Sangbundel,* bl. 7).

4. Berei ‘n plakkaat van die volgende verklaring deur Oderling Boyd K. Packer voor of skryf dit op die swart bord, maar los ‘n paar spasies vir party van die woorde. Skryf die woorde wat uitgelaat is op woordstrokies of in ‘n kolom op die swart bord. Laat die kinders probeer om die oop spasies in te vul deur die woorde op die woordstrokies te gebruik.

   “Sommige ____(b)____ sal kom deur die lees van die ____(d)____, sommige deur te hoor van ____(c)____. En, partykeer, wanneer dit belangrik is, sal sommiges deur baie direkte en ____(e)____ ____________. Die indrukke sal ____(a)____ en onmiskenbaar wees” (in Konferensie Raport, Okt. 1979, p. 30; of *Ensign,* Nov. 1979, bl. 20).

   a. Helder
   b. Antwoorde
   c. Sprekers
   d. Skrifture
   e. Magtige inspirasie

5. Help die kinders om een van die volgende skrif verwysings aangaande gebed te memoriseer: Matthéüs 7:7, Jakobus 1:5, 3 Nefi 18:20, of die eerste helfte van Leer en Verbonde 19:38.
6. Nooi die kinders uit om die woorde tot “Het Jy Gedink Om te Bid?” te lees (*Gesange,* no. 140) of “ ‘n Kind se Gebed” (*Kinder Sangbundel,* bl. 12).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat Hemelse Vader ons persoonlike gebede verhoor en antwoord. Getuig van die belangrikheid daarvan om elke oggend en elke aand gebede te sê, en daag die kinders uit om dit gedurende die komende week te doen.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 6:5–8 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Die Huis Wat Op Die Rots Gebou Is

Les 12

**Doel**

Om elke kind se begeerte die gebooie te onderhou te versterk sodat Jesus Christus en Sy evangelie 'n onfeilbare fondasie vir sy of haar lewe kan wees.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 7:24–27, Lukas 6:47–49, en Leer en Verbonde 11:24 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Helaman 5:12 en 3 Nefi 14:24–27.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Reël dat 'n groep kinders "Die Wyse Man en die Dwase Man" sing (*Kinder Sangbundel,* bl. 281) of berei jouself voor om die woorde saam met die klas te sing of te lees.
5. Maak 'n plakkaat van Leer en Verbonde 11:24 of beplan om dit op die swart bord te skryf.
6. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Paar 10mm by 15mm kaartjies en 'n bietjie sand of sout (optioneel).
   c. Prent 7-12, Bergbediening (Evangeliekuns Skildery Ransel 212; 62166).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Vra die kinders of hulle gedurende hierdie laaste week onthou het om elke oggend en elke aand te bid. Vra hulle om jou te vertel hoe hulle gevoel het toe hulle dit gedoen het.

Aandag Aktiwiteit

As jy al 'n skrikkerige ondervinding in 'n storm gehad het, beskryf die ondervinding. Verduidelik dat jy bekommerd was en wat jy gedoen het om so veilig as moontlik te wees. Vra die kinders of hulle al ooit bang was in 'n storm, en nooi die uit wat wil om die res van die klas te vertel hoe hulle gevoel het.

Alternatiewe Aandag Aktiwiteit

Plak twee stelle 10mm by 15mm kaartjies saam om identiese strukture te vorm, soos 'n miniatuur huisie. (Hierdie hoef nie ingewikkelde strukture te wees nie. Vier kaartjies wat aanmekaar vas geplak is om 'n boks te vorm sal vir hierdie aktiwiteit werk.) Laat een van die kinders een van die strukture op die tafel sit en die ander een op 'n hoop sand of sout op die tafel plaas. Skud dan die tafel sodat die kaartjies op die sand of sout val of beweeg. Vertel hulle dat die huis op die sand of sout altyd sal beweeg want sand of sout beweeg so maklik.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die berig van Jesus wat Sy dissipels vertel het om eerder hulle huise op 'n rots te bou as op die sand, uit Matthéüs 7:24–27 en Lukas 6:47–49. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer,

sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Verduidelik dat om die evangelie van Jesus Christus te lewe ons kan help om versoeking en teenstand of probleme in ons lewens te weerstaan.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Waar het die verstandige man sy huis gebou? (Matthéüs 7:24; Lukas 6:47–48.) Hoekom dink julle dat hy verstandig was?
- Waar het die dwase man sy huis gebou? (Matthéüs 7:26; Lukas 6:49.) Hoekom dink julle was hy dwaas? Hoekom dink julle mag ‘n persoon dalk sy huis op ‘n sanderige fondasie bou? Waar sal dit makliker wees om die fondasie te grou—in sand of in harde grond?
- Wat beteken “na hierdie woorde van Jesus luister en dit doen” ?
- Hoekom dink julle het Jesus die man wat sy huis op die rotse gebou het vergelyk met iemand wat Sy leerstellings hoor en hulle gehoorsaam?
- Hoekom dink julle het Jesus die man wat sy huis op die sand gebou het vergelyk met iemand wat Sy leerstellings hoor, maar hulle nie gehoorsaam nie?

Laat ‘n groep kinders “Die Wyse Man en die Dwase Man” sing (*Kinder Sangbundel,* bl. 281) of sing of lees die woorde saam met die klas.

Lees wat Jesus Christus in Leer en Verbonde 11:24 gesê het, in ‘n openbaring wat deur Joseph Smith aan sy broer Hyrum gegee is. Vertoon die plakkaat met die vers wat daarop geskryf is of skryf dit op die swart bord.

- Hoekom moet ons ons huise, of in ander woorde, ons lewens, op die rots wat Jesus Christus en Sy evangelie is, bou? (Helaman 5:12.)

Help die kinders om te verstaan dat Jesus en Sy leerstellings ons enigste onfeilbare fondasie is. As ons ons lewens op enige iets anders bou, is dit asof ons ons huis op die sand bou.

- Waarop bou party mense hulle lewens wat ons met sand kan vergelyk?

Bespreek goed soos geld, faam, popularitiet, sport, fisiese prag, en so aan. Verduidelik dat om hierdie doelle in die lewe te hê is alles sanderigge fondasies.

- Is dit belangrik in ons lewens om geld te maak, sport te speel en oefeninge te doen, om vriende te hê en mooi dinge vir hulle te doen? Hoekom?

Verduidelik dat ons geld nodig het om kos te koop, kleure, en so voorts. Vriende en werk is ook belangrik in ons lewens. Maar as hierdie dinge belangriker word as om die Verlosser te volg en Sy evangelie te lewe, mag ons dalk net die seëninge van ewige lewe verloor.

- Hoekom het Hemelse Vader ons aarde toe gestuur?
- Wat is ‘n paar van die spesifieke maniere waarop ons ons lewe op Jesus Christus en Sy leerstellings kan bou?

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Gee elkeen van die kinders 'n papier met die woorde *Jesus Christus is my onfeilbare fondasie want* ________ aan die bokant geskryf. Vra die kinders om so veel dinge as wat hulle aan kan dink op die papier te skryf om die sin te voltooi. Vra hulle dan om hulle antwoorde met jou te deel. As hulle nie aan die volgende punte gedink het nie, maak seker dat jy hulle noem:

   Hy het my lief.
   Hy het my geleer om reg te lewe.
   Hy het 'n voorbeeld vir my gestel.
   Hy het Sy lewe vir my opgeoffer.
   Hy het vir my sondes gely.
   As gevolg van Hom sal ek deel hê aan die opstanding.
   Hy het dit vir my moontlik gemaak om terug te keer na Hemelse Vader toe.

2. Laat elke kind dié sin voltooi "Ek sal my lewe op die Verlosser bou deur ________." Antwoorde kan wees deelneem in familie tuis aand, by die huis help, betaal tiendes, bid, aan die Woord van Wysheid gehoorsaam wees, die waarheid vertel, vriendelik teenoor ander wees, skriflesing te doen, beskeie te wees, en so aan. Gee elke kind 'n kans, en gee voorstelle waar benodig. Jy kan aanhou so lank as wat hulle aan gebooie kan dink om op te noem. Maak 'n punt daarvan dat die enigste manier waarop ons die ewige lewe kan beërwe is om gehoorsaam te wees aan die wette van die evangelie. Jy kan dalk op apparte stukkies papier 'n nota maak van wat elke kind gesê het en dit dan aan 'n klippie vasheg wat elk van die kinders saam met hulle huistoe kan neem.

3. Laat die kinders die volgende skrif verwysing opsoek om uit te vind wat Jesus gesê het omtrent gehoorsaamheid. Herinner hulle dat ons ons lewens op onfeilbare fondasies bou deur Jesus se gebooie te onderhou.

   Matthéüs 7:21 (neem kennis van voetnota *e*)
   Lukas 11:28
   Johannes 15:16

4. Hersien die derde geloofsartikel met die kinders.

5. Help hulle om Leer en Verbonde 11:24 van die plakkaat of die swartbord af te memoriseer.

**Slot**

Getuienis

Betuig jou liefde vir Jesus Christus en getuig dat elke gebod wat Hy aan ons gegee het ons sal help om gelukkig te wees en dat ongehoorsaamheid tot ongeluk in ons lewens lei. Jy wil dalk 'n gebeurtenis in jou lewe met die kinders deel toe gehoorsaamheid jou lewe geseën het.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 7:24–27 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
13

# Jesus Christus Genees Die Siekes

**Doel**

Om elke kind te help om ‘n begeerte te hê om liefde en medelye aan ander te toon nes Jesus getoon het toe Hy die siekes gesond gemaak het.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 8:5–10, 13; 25:34–40; Markus 1:40–45; Lukas 4:38–40; 7:11–17; en Johannes 4:46–54; 13:34–35 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig: ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vertel die volgende storie aangaande Heber J. Grant, wat later die sewende President van die Kerk geword het.

Heber het sy dun jas styf om hom gedraai en gebibber van die koue. Dit sal binnekort sy verjaarsdag wees, en al wat hy wou hê is ‘n warm jas. Maar hulle was te arm om ‘n jas te bekostig. Party maal het hulle vroeg bed toe gegaan want daar was nie genoeg brandstof om die huis warm te hou nie, en partymaal was hy honger omdat daar nie genoeg kos was nie. Om geld te verdien, het Heber se ma tot laatnag gewerk, om klere vir ander mense te maak.

Op Heber se verjaarsdag het sy ma vir hom ‘n pragtige jas gegee wat sy uit oorskiet materiaal gemaak het. Heber kon nie wag om buite toe te gaan om te voel hoe warm die jas is nie.

‘n Paar weke later het Heber ‘n seun gesien huil wat dieselfde statuur as hy gehad het. Hy het net ‘n klein truitjie gedra, en Heber het geweet hoe koud hy moes wees. Die seun het verlangend na Heber se jas gekyk. Heber het gestop, en amper sonder om te dink, die jas uitgetrek en dit aan die seun gegee.

Daardie middag het Heber se ma gesien dat hy weer sy ou jas aanhet. “Wat het jy met jou nuwe jas gedoen?”, het sy hom gevra. Heber het gewonder hoe hy haar gaan vertel. Toe sê hy, “Ek het ‘n seun gesien wat did meer nodig gehad het as ekke, en toe gee ek dit vir hom.”

“Kon jy hom nie jou ou een gegee het nie? het sy gevra.

Heber het opgekyk na sy ma toe, hopende dat sy sou verstaan, en toe sien hy haar oë vol trane word. Hy het sy arms om haar lyf gegooi terwyl sy haar eie vraag beantwoord het. “Jy kon alte mits nie, Heber,” het sy gesê. “Jy kon alte mits nie.” (Aangepas vanaf “The Coat,” oorvertel deur Lucile C. Reading, *Children’s Friend,* Nov. 1966, bl. 5.)

Vra die kinders om te dink hoe Heber gevoel het toe hy die seun sien huil het omdat hy so koud was. Verduidelik dat Heber liefde en medelye vir die seun gehad het. Jesus wil hê dat ons ander moet liefhê sooswat President Grant hulle lief gehad het. Verduidelik dat die les ons wys hoe Jesus 'n voorbeeld van liefde en medelye gestel het toe Hy die mense gesond gemaak het.

Alternatiewe Aandag Aktiwiteit

Skryf elke woord van Johannnes 13:34 op apparte stukkies papier. Skommel die papiere op en vra die kinders om dit in die regte volgorde uit te lê. Laat hulle hul skrifture gebruik as hulle hulp nodig het.

Skriftuurlike Berigte

Onderrig die kinders in die volgende berigte omtrent Jesus se wonderbaarlike genesings. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Help die kinders om te verstaan dat Jesus groot liefde en medelye vir die siek mense gehad het.

1. Genesing van die hoofman se bediende (Matthéüs 8:5–10, 13). Verduidelik dat die hoofman 'n Romeinse weermag offisier was in beheer van een honderd soldate. Hy het van Jesus gehoor en het geloof in hom gehad.
2. Genesing van 'n melaatse (Markus 1:40–45). Verduidelik dat melaatses aan 'n verskriklike vel siekte lei. Omdat dit beweer was dat melaatsheid aansteeklik was, was die wat aan melaatsheid gelei het nie in die stede toegelaat nie, en het diegene wat nie melaats was nie, die melaatses vermy.
3. Die genesing van Petrus se skoonmoeder en menigde ander mense (Lukas 4:38–40).
4. Die weduwee se seun uit die dode gewek (Lukas 7:11–17).
5. Genesing van die koninklike amptenaar se seun (Johannes 4:46–54).

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoekom dink julle het Jesus hierdie wonderwerke verrig? (Markus 1:41; Lukas 7:13; Johannes 9:1–3.)
- Hoe het hierdie genesings die lewens van die betrokke mense geseën? (Lukas 7:2, 12; Johannes 4:52–53.)
- Watter eienskappe moet ons in ons lewens ontwikkel as ons die Verlosser se voorbeeld in hierdie berigte wil volg? Johannes 13: 34–35. Jy wil dalk die kinders kans gee om hierdie verse te onderstreep.) Hoe kan ons liefde, medelye, en besorgdheid wys teenoor mense wat in nood verkeer? Nooi die kinders om situasies met die ander te deel oor hoe hulle gevoel het toe iemand hulle gehelp het in hulle tyd van nood.
- Het Jesus al die mense geken wat Hy gehelp het? (Matthéüs 8:5–8.) Wat vertel dit ons oor wie ons moet help as ons iemand in nood sien?
- Wat het Jesus gevra dat die man moet doen, nadat Hy die melaatse man genees het? (Markus 1:43–44.) Wat wys dit ons oor hoe ons ander moet help?
- Hoe bring dit ons nader aan Hemelse Vader en Jesus as ons ander mense in nood help? (Matthéüs 25:45.) Hoe voel julle as julle iemand help? Nooi die klas om ondervindinge met die res van die klas te deel van toe hulle iemand gehelp het, of toe iemand hulle gehelp het.

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Laat 'n kind 1 Johannes 3:18 lees. Verduidelik dat hierdie vers ons leer dat ons nie net vir mense moet sê dat ons hulle lief het nie, maar ons moet ons liefde deur ons aksies toon. Dit is wat ons vir ander doen wat ons liefde vir hulle wys. Laat die kinders toneel speel oor maniere hoe hulle liefde aan hulle families en vriende kan wys.
2. Laat 'n kind hierdie aanhaling van President Spencer W. Kimball lees: "God neem notiesie van ons, en Hy waak oor ons. Maar dit is gewoonlik deur ander mense wat Hy ons behoeftes nakom." ("Klein Dade Van Diens," *Ensign,* Des. 1974, bl. 5). Vra elke kind om van 'n tyd te vertel toe Hemelse Vader hulle behoeftes deur 'n ander persoon nagekom het. Jy kan ook vir die kinders van iemand vertel wat jy ken, wat iemand anders gehelp het. Beklemtoon dat daardie persoon liefde, medelye en besorgdheid vir ander mense ontwikkel het, en daardie liefde wys deur dade van diens.
3. Laat die kinders die volgende skriflesings lees wat handel oor dienslewering aan ander mense: Matthéüs 25:34–40 en Mosia 2:17–18, 4:14–15. Maak 'n lys saam met hulle van die dinge wat hierdie verse ons vertel wat ons vir ander mense moet doen. Laat die kinders 'n dienslewerings daad kies wat hulle hierdie komende week kan verrig.
4. Verdeel die klas in klein groepies op en gee aan elke groep een of meer van die volgende situasies. Jy kan ook jou eie situasies opmaak. Laat die kinders deur rolspel toon hoe hulle liefde en medelye kan wys en hierdie mense dien.

   'n Nuwe kind kom Primêr toe en ken niemand anders nie.
   'n Kind in jou Primêre klas word siek.
   Jou vriend is nie 'n lid van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae nie.
   Iemand in jou wyk of tak is eensaam.
   Jou ouers is besig en vra jou hulp om na jou kleiner broer of suster te kyk.
   Iemand sê lelike dinge omtrent een van jou vriende.

**Slot**

Getuienis

Bevestig jou dankbaarheid vir die lewe en voorbeeld van die Verlosser. Getuig dat ons Jesus se leerstellings volg wanneer ons medelye en liefde aan die mense om ons betoon. Stel voor dat die kinders gedurende die komende week meer liefde betoon teenoor, en klein dade van diens vir hulle familie en ander mense verrig.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Markus 1:40–45 en Lukas 7:11–17 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Jesus Christus en die Sabbat Dag

Les 14

**Doel**

Om elke kind te help om dinge op die Sabbat dag te wil doen wat Hemelse Vader en Jesus Christus sal eer en tot hul herinnering sal bring.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 5:2–16, Matthéüs 12:1–13, Lukas 13:11–17, 14:1–6, Joseph Smith Vertaling, Markus 2:26–27, Genesis 2:1–3, Exodus 20:8–11, en Leer en Verbonde 59:9–14 biddend. Studeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag aan die kinders gaan leer (sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Markus 2:23–28, 3:1–6, en Lukas 6:1–11.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig: ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Nooi die kinders wat wil, uit om met die res van die klas meë te deel hoe hulle gedurende die afgelope week liefde vertoon en diens aan ander gelewer het. Laat hulle ‘n bietjie oor hulle ervaringe praat.

Aandag Aktiwiteit

Vra die kinders om hulle hande op te steek sodra hulle dink hulle die antwoord tot die volgende raaisel het.

> Dit word telkemale in die skrifture daarna verwys.
> Hemelse Vader en Jesus sê dat dit baie belangrik is.
> Dit is heilig.
> Mense wat dit heilig hou toon dat hulle Hemelse vader en Jesus liefhet.
> Dit is een van sewe.
> Dit is anders as die ander ses.
> Ons aanbid Hemelse vader daar op en rus van ons arbeid.
> Dit is ‘n dag van die week.

Antwoord: Die Sabbat.

Skriftuurlike Verwysings

Onderrig die kinders in die storie van Jesus wat op die Sabbat Genesings doen soos wat dit vertel word in die skriftuurlike verwysings gelys in die “Voorbereiding” afdeling. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)

Terwyl jy hierdie berigte vertel, help die kinders om te verstaan dat die Jode in Jesus se dae nie die Sabbat nagekom het soos wat hulle in die gebooie gebied was nie. Hulle het streng reëls daargestel wat hulle nie gehelp het om Hemelse Vader te aanbid nie. Byvoorbeeld, as ‘n knoop met die een hand los gemaak kon word, is dit wettig om dit te doen, maar as jy twee hande nodig het om dit te doen, was dit onwettig. ‘Om ‘n vuur te maak of te blus op die Sabbat was [onwettig]. Dit was verbode om . . . ‘n gebreekte been te spalk, of om ‘n ontwrigte been

terug in sy potjie te sit. . . . As ‘n person onder puin begrawe was op die Sabbat, mag jy hom uitgrawe mits hy lewend was, maar as hy dood was, moes jy hom net so los tot dat die Sabbat verby was” (James E. Talmage, *Jesus the Christ,* bl. 215–16).

Jesus het die Jode geleer dat hierdie wette verkeerd was. Hy het deur Sy voorbeeld getoon dat die Sabbat ‘n dag moet wees wanneer ons Hemels Vader moet eer deur goeie en waardevolle dade te verrig, soos om ander mense te help.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat is ons gebied om op die sabbat te doen? (Exodus 20:8–11.) Hoekom is ons gebied om dit te doen? (Genesis 2:1–3.)
- Wat het Jesus op die Sabbat gedoen om die gebreklike man gesond te maak? (Johannes 5:6, 8); die man met die verdorde hand? (Matthéüs 12:13); die vrou met ‘n gees van krankheid? (Lukas 13:13); die man wat die water gehad het? (Lukas 14:4. Verduidelik dat om die water te hê is ‘n siekte wat die hele liggaam laat opswel.) Is sulke aktiwiteite vandag aanvaarbaar op die Sabbat? Hoekom?
- Hoekom het die dissipels koring op die Sabbat gepluk? (Matthéüs 12:1.) Watter dinge is dit noodsaaklik om elke dag te doen, tot op die Sabbat?
- Hoe het Jesus die sabbat herdenk? Hoe het die Joode die Sabbat herdenk? (Help die kinders om te verstaan dat Jesus die Sabbat gebruik het om mense te help en het sodoende Hemelse Vader geëer.)
- Vir watter twee redes was die Joodse owerstes kwaad vir Jesus? (Johannes 5:18.)
- Wie het van die begin van die wêreld al die wette aangaande die Sabbat dag gemaak? (Matthéüs 12:8; Genesis 2:1–3. Herinner die kinders dat Jesus die aarde onder Hemelse Vader se leiding geskape het.) Hoe dink julle het Jesus gevoel toe Hy gesien het hoe die Jode die wette wat Hy ingestel het, verander het?
- Hoe dink julle het die man by die poel van Betésda, die vrou met die gees van krankheid, die man met die verdorde hand en die man met die water gevoel toe hulle genees was? (Lukas 13:13.) Hoe het Jesus Sy Vader vereer deur hierdie dinge op die Sabbat te verrig?
- Wat dink julle het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat dit dan geoorloof is om op die Sabbat goed te doen? (Matthéüs 12:12.) Hoe weet julle wat goed is om op die Sabbat te doen? (Exodus 20:8–11; L&V 59:9–14.)
- Watter dinge moet ons nie op die Sabbat doen nie? Bespreek dié stelling van die Eerste Presidensie: “Ons moet nie inkopies op die Sabbat doen nie, en nie deelneem aan sport aktiwiteite nie” (*Ensign,* Jan. 1993, bl. 80).

Bespreek dié aanhaling van President Spencer W. Kimball: “Die manier waarop ons die Sabbat onderhou is ‘n indikasie van ons metrum van ons liefde vir ons Hemelse Vader” (*Die Leerstellinge van Spencer W. Kimball,* bl. 218). Laat die kinders gepaslike maniere bespreek hoe hulle hul liefde vir Hemelse Vader kan

toon op die Sabbat, soos om kerk toe te gaan, skrifture te lees, in hulle joernale te skryf, om siekes en familie te besoek, om goeie musiek te geniet, aanbidding, andere te dien, en om aan rustige familie-georienteerde aktiwiteite deel te neem. As ‘n aktiwiteit genoem word wat bevraagteken kan word, vra die kinders om te besluit of dit ‘n goeie manier sou wees om Hemelse Vader en Jesus Christus te eer, en of dit dalk beter sou wees om dit op ‘n ander dag te doen.

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Laat die kinders Leer en Verbonde 59:9–23 studeer en ‘n lys maak van die aktiwiteite wat die Here ons gebied het om op die Sabbat te doen, en die seëninge wat Hy ons belowe as ons hierdie gebooie onderhou.
2. Laat die kinders ‘n paar aktiwiteite opnoem wat hulle al gesien het wat die mense op die Sabbat doen. Besluit of hierdie aktiwiteite geskik is vir die sabbat deur die volgende vra te vra:

   Help dit my om Hemelse vader en Jesus Christus te eer?
   Val dit in by die gebooie wat Hemelse vader ons aangaande die Sabbat gegee het?
   Is dit rustig?
   Is dit van diens tot enige iemand?

   Daag die kinders uit om planne te maak om die Sabbat te onderhou.
3. Bespreek die volgende uitspraak deur die Eerste Presidensie: “Ons moedig alle lede van die Kerk aan om hierdie heilige dag ter syde te stel van die alledaagse aktiwiteite en hulself toe te wy deur in’n gees van aanbidding, danksegging, diens, en familie gesentreerde aktiwiteite wat geskik is vir die Sabbat in te treë. Soos wat die Kerk lede hul bes prober om hul Sabbat dag aktiwiteite verenigbaar te maak met die oogmerke en Gees van die Here, sal hul lewens met vrede en vreugde gevul word” (*Ensign,* Jan. 1993, bl. 80).
4. Laat die kinders die woorde *Ek sal die Sabbat dag heilig hou* op ‘n stukkie papier skryf en dit met inkleurkruit of koukies versier.

**Slot**

Getuienis

Getuig van die waarde daarvan om die Sabbat dag te heilig deur goeie en waardevolle dinge daarop te verrig en van die seëninge wat jy al ontvang het deur dit te doen. Moedig die kinders aan om dinge op die Sabbat te doen wat eer bring tot Hemelse Vader en Jesus Christus.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Johannes 5:2–16 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
15

# Jesus Christus Gebruik Sy Priesterskaps Krag Om Ander Te Seën

**Doel**

Om elke kind te help om die krag van die priesterskap beter te verstaan.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Markus 4:35–41, 6:33–44, Lukas 9:37–43, Mattheüs 14:23–33, Handelinge 10:38, en Leer en Verbonde 13, 27:12, 124:123 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Mattheüs 8:23–27; Johannes 6:1–14, 16–21; en *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 13
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Prente 7-15, Stilmaking van die Storm (Evangeliekuns Skildery Ransel 214; 62139); 7-16, Voeding Van Die Vyf Duisend (62143); en 7-17, Jesus Loop Op Die Water.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Skakel die lig in die kamer af, of skakel 'n flitslig aan. Vra wat benodig word om die lig te laat werk. (Elektriese krag) Laat die kinders jou vertel van sommige goed wat ons gebruik wat elektriese krag gebruik om te werk. Watter ander vorme van krag is daar? Vertel die kinders dat hulle vandag omtrent die magtigste vorm van krag gaan leer, magtiger as al die magte van die natuur. Dit is die krag van God. Ons noem dit die priesterskap.

Alternatiewe Aandag Aktiwiteit

Toon 'n magneet en 'n paar stukkies yster aan die kinders. Laat die kinders die magneet gebruik om die stukkies yster bo-oor die tafel te trek. As jy nie 'n magneet het nie, blaas 'n balon op en vryf dit teen jou klere of hare sodat dit aan die muur of aan een van die kinders kan klou. Jy kan ook een van die kinders kry om 'n kam 'n paar keer deur sy of haar hare te trek, en dan die kam gebruik om klein stukkies papier op te tel.

- Wat het gemaak dat die magneet die ysters aantrek, die balon aan die muur of klere vas sit, of die kam die papier aantrek? (Die magneet het 'n sekere krag wat die ysters na dit toe aantrek. Statiese elektrisiteit hou die balon aan die muur of klere vas en laat toe dat die papier aan die kam vaskleef.)
- Watter ander tipes krag kan julle aan dink? (Weerlig, elektrisiteit, wind, en so voorts.)

Verduidelik aan die kinders dat hulle vandag van 'n krag gaan leer wat die magtigste krag ooit is. Dit is die krag van God, die priesterskap.

Skriftuurlike Berigte en Bespreking en Toepassings Vrae

Onderrig die kinders in die berigte van Jesus wat Sy krag gebruik, terwyl jy die prente op geskikte tye gebruik. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.)

1. Stilmaking van die Storm (Markus 4:35–41)
   - Hoe het Jesus se dissipels tydens die storm gevoel? (Markus 4:38.) Hoekom het hulle gedink dat Jesus nie vir hulle omgegee het nie? Hoe weet julle dat Hemelse Vader vir julle omgee?
   - Hoe het Jesus die storm stil gemaak? (Markus 4:39.)
   - Watter krag het Jesus gebruik om die storm stil te maak? (Sy krag—die krag van God.) Wat noem ons die krag en magtiging van God? (L&V 124:123 Die priesterskap.)
   - Wat het Jesus Sy dissipels gevra nadat Hy die storm stil gemaak het? (Markus 4:40.)
   - Hoe het die dissipels omtrent Jesus gevoel nadat Hy die storm stil gemaak het? (Matthéüs 8:27; Markus 4:41.)
2. Voeding van die Vyf Duisend (Markus 6:33–44)
   - Hoekom dink julle het die mense Jesus in die wildernis ingevolg? (Markus 6:33.) Wat het Jesus gedoen voordat Hy die wonderwerk verrig het waarin Hy die vyf duisend gevoed het? (Matthéüs 14:14.) Watter krag het Jesus gebruik om die siek mense gesond te maak? (Die krag van die priesterskap.) Wie is die bron van die krag wat ons lewens seën? (Handelinge 10:38.)
   - Watter krag het Jesus gebruik om genoeg kos aan almal te verskaf? Wat was wonderbaarlik omtrent die hoeveelheid kos wat oor was? (Markus 6:42–44; Johannes 6:12–13.)
3. Jesus Genees ‘n Seun Met ‘n Onrein Gees (Lukas 9:37–43)
   - Wat was fout met die man se seun? (Lukas 9:38–40.) Wat het die man vir Jesus gevra om te doen?
   - Wat kon Jesus vir die seun doen? (Lukas 9:42.) Hoe het die mense wat saam met Jesus was gereageer oor hierdie wonderwerk? (Lukas 9:43.)
   - Na wie anders het die man al gegaan vir hulp? (Lukas 9:40.) Hoekom dink julle kon die dissipels nie die man en sy seun help nie? Hoekom het Jesus Sy dissipels "ongelowiges" genoem? (Lukas 9:41.) Hoekom dink julle is geloof nodig om die krag van die priesterskap te laat werk?
4. Loop op die Water (Matthéüs 14:22–33)
   - Deur watter krag het Jesus op die water geloop na die boot waarin Sy dissipels was? Wat het Sy dissipels eers gedink toe hulle Hom gesien het? (Matthéüs 14:26.) Wat het Jesus aan hulle gesê? (Matthéüs 14:27.)

Opsomming Bespreking en Toepassings Vrae

Verduidelik dat Jesus hierdie vier wonderwerke deur Sy krag vermag het. Hy het ook talle ander wonderwerke vermag deur die krag van die priesterskap te gebruik. Jesus het Sy krag met draers van die priesterskap in ons dae gedeel.

Petrus, Jakobus, and Johannes het die sleutels van die priesterskap op die Berg van Verheerliking ontvang (Matthéüs 17:1–9). Hierdie priesterskap sleutels is aan Petrus, Jakobus, en Johannes gegee sodat hulle die krag van die priesterskap

mag hê nadat Jesus opgevaar het. Petrus sou die President van die Kerk wees nadat Jesus herrys is, en hy het die sleutels nodig gehad om voort te gaan met die werk van die Kerk.

- Watter priesterskap sleutels het Moses en Elia aan Petrus, Jakobus en Johannes gegee? (Moses het die priesterskap sleutels van die versameling van Israel aan hulle gegee; Elia het die sleutels van die verseëlings krag aan hulle gegee [sien L&V 110:12–16].)
- Hoe gebruik ons die versamelings sleutels vandag? (Geloofsartikels 1:10. Sending werk.) Hoe kan julle nou deelneem aan sendingwerk, en hoe kan julle voorberei om voltydse sendings te voltooi?
- Waar gebruik ons vandag die sleutels van verseëling? (In die tempel) Hoe kan julle julself voorberei om tempel toe te gaan?

Verduidelik dat die seëninge van die Kerk en die priesterskap weggeneem was van die mense op aarde, na die dood van Jesus en die Apostels. Dit was nodig om die priesterskap na die aarde toe te restoureer. Jesus het Sy Kerk en die priesterskap deur Joseph Smith gerestoureer sodat almal van ons vandag die seëninge van die priesterskap in ons lewens kan geniet.

- Hoekom is dit belangrik dat die Kerk vandag die priesterskap moet hê Wat is die twee verdelings in die priesterskap? Hoe was die Aäronitiese Priesterskap gerestoureer? L&V 13 Hoe was die Melgisedekse Priesterskap gerestoureer? (L&V 27:12.)

Help die kinders om te verstaan dat waardige seuns dieselfde priesterskap ontvang wanneer hulle twaalf jaar oud is, as wat Johannes die Doper aan Joseph Smith en Oliver Cowdery gerestoureer het. Verduidelik dat wanneer seuns die Aäronitiese Priesterskap ontvang, word hulle krag gegee om in die Naam van God op te treë om die lede van hulle wyk of tak te seën. (Sien verreikings aktiwiteit 5.)

- Watter seëninge ontvang ons deur die krag van die priesterskap? (Benaming en seëning van babas, doop, bevestiging, die nagmaal, tempel verseëlings, en so voorts.) Wat is sommige persoonlike seëninge wat ons deur die priesterskap ontvang? (Seëninge wanneer ons siek is, Vader se seëninge, huis besoekers.)
- Hoe het die priesterskap julle lewens geseën?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Skryf op gevoude stukkies papier *Doop en Bevestiging, Seëning van die Siekes, 'n Vader se Seëning, Tempel Troue,* en *Die Nagmaal.* Plaas die strokies in 'n boks of koevert geëtiketeer "Priesterskap Ordinansies en Seëninge." Vra 'n kind om een strokie te neem en aan die klas voor te lees. Bespreek die rol van die priesterskap in die rol van die ordinansie of die seëning. Herhaal dit met die ander strokies. Vra die kinders om hulle ondervindinge aangaande hierdie seëninge en ordinansies met die klas te deel.
2. Hersien die vyfde geloofsartikel, en help die kinders om dit te memoriseer.
3. Sing of lees die woorde tot Gesang, no. 105 ("Master, the Tempest Is Raging").

4. Vertoon die videokasset “A Boy and the Power of God,” segment 3 van die *Primêr Video Kolleksie* (53179).

5. Verduidelik dat wanneer ‘n seun twaalf jaar oud word in die Kerk, kan hy, as hy waardig is, die Aäronitiese Priesterskap onvang en verordineer word tot die amp van diaken. Berei die volgende woordstrokies voor:

   Bedien die Nagmaal
   Kollekteer die vas offerandes
   Dien as die Biskop se boodskapper
   Sien om na die Here se besittings

   Vra die kinders om die pligte van ‘n diaken op te noem. Vertoon die geskikte woordstrokie, soos wat die kinders ‘n korrekte antwoord gee. Help hulle om al die pligte te identifiseer deur wenke aan te bied indien nodig.

---

**Slot**

Getuienis

Getuig van die krag van die priesterskap wat Jesus gehad het. Getuig ook daarvan dat waardige mans en seuns in die Kerk dieselfde priesterskap krag vandag het, en dat sekere seëninge net aan ons beskikbaar is deur die priesterskap.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Markus 4:35–41 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
16

# Jesus Christus Verrig Wonderwerke

**Doel**

Om kinders te help om hulle geloof in Jesus Christus te versterk deur te leer dat wonderwerke plaasvind na gelang van Hemelse Vader se wil wanneer ons geloof uitoefen.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Markus 2:1–12, 5:21–43, en 1 Nefi 7:12 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Matthéüs 9:1–8, 18–31; 17:20; Lukas 8:41–56; Et-her 12:6, 12, 16, 18; en *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 18
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Prent 7-18, Jesus Seën Jaïrus se Dogter (Evangeliekuns Skildery Ransel 215; 62231).

**Voorge-stelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vra die kinders of hulle al ooit baie siek was? Laat hulle praat oor hoe dit was en verduidelik wat hulle families gedoen het om hulle te help om beter te word. Laat die kinders wat al priesterskap seëninge ontvang het die ander van hul ondervindinge vertel. Help die kinders om te verstaan dat hulle hul geloof in Jesus Christus wys wanneer hulle bid en wanneer hulle vir priesterskap seëninge vra wanneer hulle siek is of probleme ondergaan.

Verduidelik dat die stories in hierdie les handel oor mense wat deur Jesus genees is as gevolg van hulle uitermatige geloof in Hom.

Skriftuurlike Berigte en Bespreking en Toepassings Vrae

Onderrig die kinders in die storie van Jesus wat die siekes genees soos wat dit vertel word in die skriftuurlike verwysings gelys in die “Voorbereiding”afdeling. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)

1. Jesus Genees Die Verlamde Man (Markus 2:1–12)
   - Wat het Jesus eers vir die verlamde (onbeheerbare skudding van die spiere) man gesê? (Markus 2:5.) Wat was die skrifgeleerdes se reaksie op Jesus se aanmerking? (Markus 2:7.) Wat is Godslaster? (Om ‘n gebrek aan respek vir God te hê, of om valslik te beweer dat jy God is.) Het Jesus Godslasterlik gepraat? Help die kinders om te verstaan dat Jesus sondes kan vergewe omdat Hy die Seun van God is, maar die skrifgeleerdes het nie geglo dat Jesus die Seun van God is nie.

- Wat het Jesus aan die skrifgeleerdes gesê? (Markus 2:8–9.) Wat het Hy aan die verlamde man gesê? (Markus 2:10–11.)
- Wat was die mense se reaksie toe die verlamde man genees was? (Markus 2:12.) Hoekom dink julle was hierdie man genees?

2. Jesus Wek Jaïrus se Dogter uit die Dood (Markus 5:21–24, 35–43)

   Vertoon Prent 7-18, Jesus Seën Jaïrus se Dogter.

   - Wie was Jaïrus? Hoe weet ons dat hy geloof gehad het in Jesus? (Markus 5:22–23.) Hoe het Jesus Jaïrus gehelp om sy geloof sterk te hou? (Markus 5:35–36.)
   - Toe Jesus en Jaïrus by Jaïrus se huis aangekom het, wat was party van die mense besig om te doen? (Markus 5:38. Verduidelik dat dit in daardie dae die gebruik was vir diegene wat rou om verskriklike geraas te maak as ‘n geliefde aan die dood beswyk het.) Wat was die verskil tussen wat diegene wat gerou het besig was om te doen, en wat Jaïrus gedoen het?
   - Hoekom dink julle het Jesus eers die ongelowiges weggestuur voordat Hy die dogtertjie se kamer binne gegaan het om haar gesond te maak. (Markus 5:40.)

3. Jesus Genees die Vrou Met Bloedvloeiing (Markus 5:25–34)

   - Hoe het die vrou wat die soom van Jesus se kledingstuk aangeraak het, gewys dat sy geloof in Jesus gehad het? (Markus 5:27–28.)
   - Hoe het Jesus geweet dat die vrou Sy kledingstuk aangeraak het? (Markus 5:30.) Hoekom sou dit ongewoon gewees het vir Hom om te weet dat iemand Hom aangeraak het? (Markus 5:31.)
   - Hoekom was die vrou genees? (Markus 5:34.) Verduidelik dat daar niks toweragtig was omtrent Jesus se soom nie. Die vrou was genees omdat sy geloof geopenbaar het in Jesus en omdat dit Hemelse Vader se wil was dat sy gesond sou word. Wat is ‘n paar wonderwerke wat in ons lewens gebeur as gevolg van klein of simpel dingetjies?

Opsomming Bespreking en Toepassings Vrae

- Hoekom dink julle het Jesus wonderwerke verrig? (Matthéüs 9:29–30; Markus 1:41; 2:5, 10; 5:36. Om te bewys dat Hy die goddelike Seun van God was, om die geloof, van die wat geloof in Hom gehad het, te versterk, omdat Hy lief was vir en medelye gevoel het teenoor die mense wat in nood verkeer, en as gevolg van die geloof van diegene wat geglo het.)
- Wat is party van die wonderwerke wat ons vandag in ons lewens ervaar?

Help die kinders om te verstaan dat as ons geloof openbaar in Jesus Christus en regverdig lewe, sal ons wonderwerke in ons lewens ervaar na gelang van die wil van God (sien 1 Nephi 7:12).

- Verduidelik dat ‘n persoon partymaal nie genees word van ‘n siekte of voorgif wanneer gebede gelewer word nie. Beteken dit dat ons nie geloof het nie? Hoekom? Hoekom mag dit dalk nie God se wil wees dat ‘n persoon genees word nie? (God mag dalk die persoon se familie se geloof toets, Hy mag dalk wil dat die siek persoon gedult ontwikkel, en so voorts.)

Verwys na die volgende aanhaling van President Spencer W. Kimball: “Die Here genees nie altyd die siekes nie, en red ook nie altyd diegene wat hulself in gevaar sones bevind nie. Hy verlig nie altyd lyding en nood nie, want tot hierdie onbegeerlike kondisies mag net deel uitmaak van ‘n doelgerigte plan.” (*Tragedie of Bestemming,* bl. 5).

- Wat beteken dit om geloof te hê in Jesus Christus? (Om te glo dat Jesus Christus die Seun van God en Verlosser van die wêreld is, om te glo dat Jesus alle krag het, om te vertrou dat Hemelse Vader en Jesus Christus dit sal doen wat die beste is vir ons, ‘n aanvaarding van God se wil, ‘n begeerte om God se gebooie te onderhou.)
- Hoe kan jy groter geloof in Jesus Christus ontwikkel?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Herhaal die vierde geloofsartikel, en vra die kinders om te sê hoekom hulle dink dat “geloof in Jesus Christus” die eerste prinsiep van die evangelie is. Laat hulle die vers uit hul kop opsê, of help hulle om dit te memoriseer.
2. Help die kinders om 1 Nefi 7:12 te memoriseer, beginnende met die woorde “dat die Here in staat is.”
3. Vra die kinders om te sê hoe ons weet dat Jesus Christus vandag lewe. Jy kan woordstrokies maak van hierdie en ander antwoorde waaraan jy dalk mag dink. Jy kan ook sleutel woorde op die swart bord skryf.

   Skrifture wat deur profete geskryf is vertel ons van Jesus.
   Ander mense het van Hom getuig.
   Ons kan Sy liefde aanvoel.
   Joseph Smith het Hom gesien en is deur Hom gelei om Sy Kerk te restoureer.
   As ons biddend is, sal die Heilige Gees aan ons getuig dat Jesus lewe.
4. Sing of lees die woorde tot “Faith” (*Kinder Sangbooek,* bl. 96).
5. Vra die kinders om Matthéüs 17:20 te lees. Verduidelik dat ‘n mostert saad baie klein is, maar word ‘n groot bosagtige boom. As ons geloof so sterk is as die saad se bekwaamheid om tot ‘n boom te groei, kan ons enige iets vermag.

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat as ons geloof in Jesus Christus het, kan ons wonderwerke ervaar net soos die mense in Christus se tyd. Jy mag dalk ‘n wonderwerk uit jou eie lewe deel of een van die kinders nooi om ‘n wonderwerk uit hulle lewe met die klas te deel.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Markus 2:1–12 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Die Gelykenis van die Saaier en die Koring en die Onkruid

Les 17

**Doel**

Om elke kind te help om die geestelike boodskap wat te vinde is in twee van Jesus se gelykenise te verstaan en toe te pas.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 13:1–9, 18–30, 37–43; Markus 4:14–20; Lukas 8:11–15; en Leer en Verbonde 86:1–7 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Markus 4:1–9, Lukas 8:4–8, en Leer en Verbonde 101:65–66
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. ‘n Papier vir elke kind met die “Versteekte Boodskap Sukkelspel” daarop, of ‘n groot sukkelspel wat die hele klas saam kan bou.

Versteekte Boodskap Sukkelspel

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | O | N | S | 7 | 8 | L | E | E | R | U | 9 | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | I | T | D | I | 8 | 9 | E | G | E | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | L | Y | K | E | N | I | S | S | E | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Gee die kinders die papiere wat jy voorberei het of vertoon die groot sukkelspel en vra hulle om die versteekte boodskap te vind wat weggesteek is tussen die nommers.

Verduidelik dat toe Jesus die mense onderrig het, het Hy partykeer gelykenisse gebruik, wat kort stories is wat versteekte geestelike boodskappe bevat.

Skriftuurlike Berigte en Bespreking en Toepassings Vrae

Onderrig die kinders in die gelykenis van die saaier (iemand wat sade plant) en die gelykenis van die koring en die onkruid. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Verduidelik dat toe Jesus die gelykenisse gebruik het, het Hy goed gebruik

waarmeë die mense vertroud was om die geestelike boodskappe aan hulle oor te dra. Soos wat jy die gelykenisse vertel, laat die kinders mooi luister vir die versteekte geestelike boodskappe.

1. Die Gelykenis Van Die Saaier (Matthéüs 13:1–9, 18–23; Markus 4:14–20; Lukas 8:11–15)
   - Waaroor het Jesus in die gelykenis van die saaier gepraat, waarmeë die mense vertroud was? (Matthéüs 13:3–8.)
   - Lees Matthéüs 13:18–23, Markus 4:14–20, en Lukas 8:11–15 saam met die klas. Wat dink julle was die sade? Wat verteenwoordig die voëls wat die sade oppik? Wat is die klipperige grond? Wat is die dorings? Wat is die goeie grond? Wat is die wortels? Wat is die "sorg van die wêreld"?
   - Hoe leer ons die woord van God?
   - Hoe moet ons die woord van God ontvang? Watter tipe "grond" moet ons wees? (Matthéüs 13:23.)
   - Watter versteekte boodskap is daar te vinde in die gelykenis van die saaier?
2. Die Gelykenis Van Die Koring En Die Onkruid (Matthéüs 13:24–30)
   - Waaroor het Jesus in die gelykenis van die koring en die onkruid gepraat, waarmeë die mense bekend was?
   - Wie dink julle is die saaier in die gelykenis? Wat stel die koring voor? Wie kom in die nag om die onkruid te saai? Wat is onkruid? Wat verteenwoordig die oes? Lees Matthéüs 13:37–43 en Leer en Verbonde 86:1–7 saam met die kinders en vra dan weer dieselfde vrae.
   - Watter een wil julle wees, die koring of die onkruid? Hoekom?
   - Wat is die versteekte geestelike boodskap in die gelykenis?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Maak 'n plakkaat soortgelyk aan die een hieronder om die kinders te help om die betekenis van die twee gelykenisse te verstaan, of skryf die informasie op die swart bord terwyl julle die gelykenisse bespreek. Nadat jy al die informasie gelys het, verwys weer daarna as hersiening. Jy kan ook dat die kinders hulle eie afskrifte maak van hierdie plakkate.

Gelykenis van die Saaier

| | |
|---|---|
| Saad | Evangelie van Jesus Christus of die woord van God |
| Grond | Harte van diegene wat die woord aanhoor |
| Langs die pad | Verstaan nie |
| Op klipperige plekke | Hoor maar het geen wortels nie; neem gou aanstoot |
| Tussen dorings | Verwurg deur wêreldse sorge en rykdomme |
| In goeie grond | Hoor en verstaan |
| Voëls | Duiwel |
| Vrugte | Goeie werke |

Gelykenis van die Koring en die Onkruid

| | |
|---|---|
| Saaier | Jesus Christus en Sy Apostels |
| Goeie saad (koring) | Volgelinge van Jesus Christus |
| Veld | Wêreld |
| Vyand | Duiwel |
| Onkruid | Volgelinge van die Duiwel |
| Maaiers | Engele |
| Oes | Jesus se tweede koms |

2. Bring 'n saad (vrugte, groente, rys, koring, boontjie). Bespreek wat dit neem vir 'n saad om te groei en goeie vrugte voort te bring. Vra die kinders wat met die saad sou gebeur as dit langs die pad, op klipperige plekke, en tussen dorings geplant word. Vergelyk dit met God se woord wat in ons harte geplant is. Laat die kinders jou vertel watter tipe hart elke tipe grond voorstel, en wat dit vat vir die evangelie om in ons lewens te groei en goeie vrugte voort te bring.
3. Skryf die woorde *ore, oë,* en *hart* op die swart bord.
    - Wat doen jy met jou ore? oë? hart? Laat die kinders Matthéüs 13:15 lees. Wat het Jesus gesê moet ons met daardie dele van ons liggame doen? Pas hierdie vers toe op die gelykenisse en die evangelie. As ons waarlik die woord van God hoor, die waarheid daarin sien, en doen wat Jesus wil hê ons moet doen, soos wie sal ons in die gelykenisse wees?
4. Laat die kinders die letters in die versteekte woord sukkelspel, of op die groot sukkelspel, natrek, inkleur, of onderstreep sodat die woorde uitstaan. Vra die kinders om elkeen een ding te noem wat hulle in hierdie twee gelykenisse geleer het.
5. Lees 'n paar van die ander gelykenisse wat in Matthéüs 13 gevind word, en help hulle om te besluit wat hulle beteken. Vir hulp om die gelykenisse te verstaan, sien James E. Talmage, *Jesus the Christ,* hoofstuk 19, of "Gelykenisse" in die Bybel Woordeboek in die Kerk uitgawe van die Bybel.

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat Jesus Christus ons Verlosser is, en as ons Sy woorde leer en Sy gebooie onderhou, kan ons net soos Hemelse Vader word en kan ons weer saam met Hom lewe.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 13:1–9 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
18

# Jesus Christus Genees die Man Wat Blind Gebore Is

**Doel**

Om elke kind te help om te verstaan dat ons beproewing en uitdaging kan oorkom deur na Jesus Christus te kom.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 9 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii). Neem Kennis: Terwyl jy hierdie les voorberei en die kinders onderrig, moet jy sensitief wees teenoor enige kinders in jou klas wat enigsins swak sig het.
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Stukkie materiaal om as blinddoek te dien.
   c. Prent 7-14, Genesing van 'n Blinde Man (Evangeliekuns Skildery Ransel 213; 62145).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Plaas 'n blinddoek aan een van die kinders, en vra hom of haar om 'n gedeelte van 'n voorwerp, soos 'n deel van 'n motorkar, op die swart bord te teken. Laat 'n tweede kind vorentoe kom, plaas die blindoek op hom of haar, en laat hy of sy 'n tweede deel van dieselfde voorwerp teken. Gaan aan totdat 'n klomp van die kinders 'n gedeelte van die voorwerp geteken het. Bespreek hoekom dit 'n moeilike taak was met die kinders.

- Hoekom was dit moeilik om die prent te teken sonder om te kon sien.
- Hoe sal julle voel as julle nooit weer kon sien nie?

Vertel die kinders dat jy oor twee tipes blindheid gaan praat. Vra hulle om mooi te luister vir die twee tipes blindheid terwyl jy die skriftuurlike berig onderrig.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prent Genesing van 'n Blinde Man. Onderrig die kinders in die berig in Johannes 9 van Jesus wat die man genees wat blind gebore is. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Terwyl jy die storie vertel, help die kinders om te verstaan dat die Fariseërs (die geestelike leiers van die Jode) bang was dat hulle hul populariteit sou verloor as die mense in Jesus Christus begin glo. Hulle het daarom gereeld probeer om die mense te laat twyfel in Jesus en die dinge wat Hy aan hulle geleer het. Hulle het nie die evangeliese waarhede, wat Jesus aan die mense geleer het, gesien nie en was dus geestelik blind. Verduidelik dat wanneer ons ons eie selfsugtige belange in die pad laat kom daarvan om Jesus te volg, kan ons geestelik blind word.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het die dissipels Jesus gevra aangaande die man wat blind gebore was? (Johannes 9:2.) Hoekom dink party mense somtyds dat siekte en teenspoed na mense se kant toe kom as gevolg van sonde wat iemand gepleeg het. Wat het Jesus gesê is die rede vir die man se blindheid? (Johannes 9:3.)
- In watter wyse was die Fariseërs geestelik blind? (Johannes 9:16) Van wat het hulle Jesus beskuldig? Hoekom dink julle het hulle Jesus nie as die Seun van God herken nie?
- Toe die Fariseërs die man wat blind gebore was die eerste keer gevra het wat gebeur het, hoe het hy na Jesus verwys? (Johannes 9:11.) Wie het hy gesê was Jesus, toe hulle hom die tweede keer gevra het? (Johannes 9:17.)
- Wat was besig om met die man se fisiese sowel as sy geestelike sig te gebeur? Wat het die man omtrent Jesus gesê nadat hulle hom die derde keer gevra het? (Johannes 9:30–33.)
- Wat het met die man gebeur omdat Hy van Jesus getuig het? (Johannes 9:22, 34.) Wat het Jesus gedoen toe Hy gehoor het dat die man uit die sinagoge (‘n Joodse godsdienstige gebou) gegooi is? (Johannes 9:35) Hoe dink jy het die man gevoel toe Jesus hom kom soek het? Wat was die man se finale getuienis van Jesus? (Johannes 9:35–38.) Wat het met sy geestelike sig gebeur?
- Hoekom dink julle laat Hemelse Vader en Jesus Christus toe dat ons beproewing en probleme in ons lewens het? Hoe mag hierdie beproewings en probleme help om ons geestelike blindheid te genees? Hoe mag Hemelse Vader en Jesus Christus ons met ons beproewinge en probleme help? (Sien verreikings aktiwiteit 4.)
- Hoe is julle en julle families al deur beproewinge geseën? Moedig die kinders aan om hierdie vraag te bespreek, maar wees versigtig dat die kinders nie oor persoonlike familie sake, wat privaat gehou moet word, praat nie.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Deel die klas in groepe op. Gee elke groep een van die volgende skrifture om te lees. Laat hulle dit in hulle groepe bespreek en dan aan die res van die klas raporteer hoe die persoon of mense in die spesifieke verse hulle beproewing hanteer het.

   Daniël 3:17–18, 23–25, 28
   1 Nefi 18:16, 20–22
   Mosia 24:13–16
   Alma 14:8–11

2. Help die kinders om te verstaan dat dit belangrik is om bewus te wees van diegene met gebrekke. Jy kan dalk iemand met ‘n gebrek (of ‘n ouer van ‘n kind met ‘n gebrek) vra om saam met die klas maniere te bespreek hoe hulle goedhartig kan optree teenoor mense wat aan gebrekke ly. Beklemtoon dat ons nie grappe maak oor mense met gebrekke nie; ons terg hulle nie. Ons

kan hulle help as hulle hulp nodig het; ons kan hulle nooi om saam met ons te speel; ons kan hulle vriende wees. Ons moet hulle betrek by ons aktiwiteite en hulle daaraan laat deelneem.

3. Sing of lees die woorde tot “I’ll Walk with You” (*Kinder Sangbundel,* bl. 140).
4. Lees en bespreek die volgende verklaring van President Spencer W. Kimball:

   “Moet alle gebede onmiddelik beantwoord word . . . Daar sal min of geen lyding wees nie, geen verdriet, geen teleurstelling, en geen dood, en as daar nie was nie, sou daar ook geen blydskap, sukses, opstanding, of ewige lewe en godheid wees nie” (*Geloof Gaan Die Wonderwerk Vooraf,* bl. 97).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat die Here ons sal seën en help met al ons probleme en beproewinge as ons Sy gebooie gehoorsaam, geloof het in Hom, Jesus Christus, en probeer om meer soos Hy te wees.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Johannes 9:1–38 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Die Verlore Skaap, die Verlore Muntstuk en die Verlore Seun

Les
19

**Doel**

Om elke kind te help om 'n begeerte te hê om almal wat minder aktief is te help om tot volle aktiwiteit in die Kerk van Jesus Christus terug te keer.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Lukas 15, Matthéüs 18:12–14, en Leer en Verbonde 18:10–11 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Prente 7-19, Die Goeie Herder, en 7-20, Die Verlore Seun (62155).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Deel met die kinders 'n ondervinding van jou waar jy, of iemand wat jy ken, 'n waardevolle artikel verloor het, en dit toe later gevind het. Beskryf die waarde van die item aan die kinders, hoe jy gevoel het toe jy dit verloor het, wat jy gedoen het om dit op te spoor, en hoe jy gevoel het toe jy dit weer gevind het. Indien dit geskik is, kan jy die voorwerp saam bring om vir die klas te wys. Vra die kinders om enige geleenthede in hulle lewens te deel waar hulle iets waardevol verloor het en dit toe weer gevind het.

Skriftuurlike Berigte

Onderrig die kinders in die gelykenis van die verlore skaap, die verlore muntstuk, en die verlore seun, terwyl jy die prente op geskikte tye gebruik. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Verduidelik aan die kinders dat hierdie gelykenisse, net soos die gelykenis van die saaier en die koring en die onkruid, ons belangrike evangeliese beginsels leer.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

1. Die Verlore Skaap en die Verlore Muntstuk
   - Hoekom was die herder só bekommerd oor die een skaap uit die honderd, of die vrou oor een muntstuk uit tien muntstukke? Lukas 15:4–8 Verduidelik dat die mense oor die algemeen arm was, en dat een muntstuk of een skaap vir hulle baie waardevol was. In die selfde manier, is al Hemelse Vader se kinders waardevol vir Hom. Hoekom dink julle is elkeen van ons waardevol aan Hemelse vader?

- Hoekom dink julle het die skaap verlore geraak? Hoe dink julle het die muntstuk verlore geraak? Hoe kan ons, of iemand wat ons ken, verlore raak? Help die kinders om te verstaan dat om verlore te wees beteken ook iemand wat nie die gebooie onderhou nie, en iemand wat dinge doen wat hulle onwaardig maak om terug te keer na Hemelse Vader.
- Wat het die herder met die skaap gedoen toe hy dit gevind het? (Lukas 15:5.) Hoe het sy optrede gewys dat hy lief was vir die skaap? Wie stel die herder voor? Wie stel die skape voor?
- Wat het die vrou gedoen om die verlore muntstuk te vind? (Lukas 15:8.) Wat het Jesus gedoen om diegene wat verlore geraak het, en nie die gebooie onderhou nie, te help? (L&V 18 :10–11.) Hoe kan ons diegene help wat verlore mag wees?
- Wat het beide die herder en die vrou gedoen toe hulle die skaap en die muntstuk opgespoor het? (Lukas 15:6, 9.) Hoe sal jy voel as jy iemand help om te bekeer en terug te keer na Jesus Christus toe?
- Hoekom dink julle voel die hemele en engele blydskap wanneer iemand bekeer? (Lukas 15:7, 10.)

2. Die Verlore Seun
    - Wat beten *verlore*? (Om wispelturig en verkwistend te wees.)
    - Wat het die verlore seun met sy erfenis gedoen? (Lukas 15:12–13.) Wat beteken “losbandig te lewe”? Hoekom dink julle besluit sommige mense om so te lewe? Hoe dink julle het die vader gevoel terwyl sy seun weg was? Hoe sou jy voel as een van jou familielede soos die verlore seun optree? (Wees sensitief teenoor kinders wat moontlik familielede het wat nie die gebooie onderhou nie.)
    - Wat het die verlore seun gedoen om kos te kry toe al sy geld op was? (Lukas 15:14–16.)
    - Wat beten “tot homself gekom”? Lukas 15:–17 Hoe dink jy het die seun se lyding en droefheid hom gehelp om te wil bekeer?
    - Hoekom dink julle wou die seun na sy vader terugkeer? (Lukas 15:17–19.) Watter tipe meester was sy Vader? Lukas 15:–17
    - Hoe het die vader gevoel toe sy seun terug gekeer het? (Lukas 15:20.) Wat het hy vir sy seun gedoen? (Lukas 15:22–24.)
    - Hoe het die ouer broer gevoel toe hy uitgevind het dat sy jonger broer terug is by die huis? (Lukas 15:28–30.) Hoekom is dit belangrik om aan te hou om familielede, wat nie die gebooie te onderhou nie, lief te hê?
    - Wat het die vader die ouer broer belowe? (Lukas 15:31.) Watter voorbeeld het die vader gestel oor hoe om diegene wat gesondig het, en bekeer het, te behandel? (Lukas 15:32.) Hoe voel julle wanneer julle iemand sien wat bekeer en van die verkeerde pad na die regte pad draai? Hoe moet ons mense behandel wat nie die gebooie onderhou het nie, maar wat opreg berou het?

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Laat die kinders aan maniere dink om 'n kind wat minder aktief is, te help? (Antwoorde kan wees soos om vriendelik te wees, voorbeeldig te wees, hulle na Kerk aktiwiteite te nooi, om dinge saam met hulle te doen, en so voorts.)
2. Vertel die volgende storie:

   Tien jaar oue Joshua Dennis het saam met sy pa en 'n paar vriende gegaan om 'n verlate ou myn te verken. Hy was baie versigtig in die myn, maar het tog afgesonder geword van die ander seuns af, en het verlore geraak in die donker sonder kos en water. Toe die ander besef het dat hy verlore was, het hulle dadelik na hom begin soek. Na 'n rukkie het honderde mense byeen gekom om te help om Joshua te vind. Duisende ander het gevas en gebid dat hy veilig gehou sou word. Die mense het vir vyf dae lank gesoek, maar kon hom nie opspoor nie. 'n Deskundige wat die myn geken het, het vrywillig ingestem om te help. Hy het die myn so goed geken dat hy Joshua in 'n plek gevind het wat die ander mense nie eens geweet het bestaan nie. Toe hy Joshua gevind het, kon hy nie begin om die vreugde te beskryf wat hy in sy hart gevoel het nie. Al die mense by die myn, en duisende ander mense, het gehuil van verligting en vreugde toe hulle uitgevind het dat Joshua lewendig en veilig was (sien "Om Vriende te Maak: Joshua Dennis—'n Skat van Geloof," *Friend,* Nov. 1990, bl. 20–22).

   Bespreek die verskil tussen om fisies verlore te wees en geestelik verlore te wees. Verduidelik dat ons net so hard moet werk om diegene wat geestelik verlore is te red, as diegene wat fisies verlore is.
3. Speel Wegkruipertjie. Vra 'n kind om aan 'n plek te dink waar hulle verlore kan gaan en laat hy of sy dit op 'n papier skryf of in die onderwyser se oor fluister. Laat die kinders "Ja" en "Nee" vrae vra om te probeer vas stel waar die kind hom of haarself bevind (Is dit in 'n plek met baie mense? Is dit in die berge? Is dit onder iets?). Help die kinders om te verstaan dat dit tyd en moeite neem om iemand wat verlore is, veral iemand wat geestelik verlore is, op te spoor.
4. Help die kinders om Leer en Verbonde 18:10 te memoriseer.

**Slot**

Getuienis

Deel jou geloof aangaande die feit dat Hemelse Vader elke kind lief het en dat elkeen vir Hom belankrik is. Beklemtoon dat Hemelse Vader en Jesus Christus wil hê dat ons diegene wat verlore is moet help om na hulle toe terug te keer.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Lukas 15:11–32 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Nooi 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
20

# Gelykenis van die Goeie Samaritaan

**Doel**

Om elke kind te help om 'n begeerte te hê om alle mense lief te hê.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Lukas 10:25–37 en Matthéüs 22:34–40 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Johannes 14:15, 21; 1 Johannes 4:20–21; en die inskrywings onder die titels "Priesters" and "Leviete" in die Bybel Woordeboek in die Kerk uitgawe van die Bybel.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Prent 7-21, Die Goeie Samaritaan (Evangeliekuns Skildery Ransel 218; 62156), en 7-22, Kaart van die Heilige Land.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Roep 'n kind en vra, "(Naam), wie is jou naaste?" Vra 'n aantal van die kinders dieselfde vraag. Verduidelik dat ons gewoonlik aan ons naaste dink as iemand wat naby ons woon. Hierdie les help ons om te verstaan wat Jesus gesê het wie ons naaste is en hoe ons hulle moet behandel.

Laat 'n kind Matthéüs 22:34–40 lees. Bespreek die belangrikheid daarvan om ander lief te hê.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prente van Die Goeie Samaritaan en van die Heilige Land. Onderrig die kinders in die gelykenis van die Goeie Samaritaan soos gevind in Lukas 10:25–37. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Wys die kinders waar Samaria en Judea op die kaart geleë is, en verduidelik die situasie wat bestaan tussen die Jode en die Samaritane. Die Jode het gevoel dat hulle beter is as die Samaritane. Hulle het die Samaritane so geminag dat wanneer Jode vanaf Jerusalem na Galilea gereis het, het hulle die langer pad deur die Jordaan Vallei verkies eerder as om deur Samaria te reis. Jy wil dalk dat die kinders hierdie skriftuurlike berig dramatiseer.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het Jesus gesê moet ons doen om die ewige lewe te beërwe? (Lukas 10:27–28.) Hoekom dink jy is hierdie gebooie so belangrik? (Matthéüs 22:37–39.)

- Hoe kan ons ons liefde vir Hemelse Vader en Jesus betoon? (Johannes 13:34–35; 14:15, 21.)
- Wie is ons naaste? Dink julle dat Jesus net die mense wat naby ons bly bedoel het?
- Watter vraag het Jesus geantwoord toe Hy die gelykenis van die Goeie Samaritaan vertel het? (Lukas 10:25, 29.)
- Hoekom dink jy het die Joodse Priester en die Leviet nie die gewonde Joodse man gehelp nie? (Lukas 10:31–32.)
- Wat het die Samaritaanse man vir die Joodse man gedoen? (Lukas 10:33–35.)
- Hoekom is dit betekenisvol dat dit 'n Samaritaan was wat die Joodse man gehelp het? Watter karakter eienskap van 'n goeie buurman, het die Samaritaanse man gehad? Hoe help hierdie storie ons om te verstaan wie ons naaste is? Hoe kan ons beter buurmanne word?
- Wie dink julle het die Here die liefste gehad—die priester, die Leviet, of die Samaritaan? Hoekom?
- Hoe kan ons Jesus se leerstellings volg en liefde aan ander mense toon? Hoe moet ons iemand behandel wat ons hulp nodig het? Iemand wat anders as ons is? Iemand wat miskien onvriendelik was teenoor ons?

Vra die kinders om ondervindinge met die klas te deel toe hulle diens gelewer het aan iemand wat in nood verkeer het, of toe hulle of hulle familie hulp ontvang het van iemand anders. Wees versigtig dat die kinders nie stories vertel wat lede van die wyk of tak in verleentheid sal bring nie.

- Hoe voel julle wanneer julle liefde teenoor ander mense toon, deur hulle te help en te dien? Laat dit jou nader aan Hemelse Vader en Jesus Christus voel? Watter groot seëning sal ons beërwe as ons waarlik Hemelse Vader en ons naaste lief het? (Lukas 10:25–28.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Skryf die volgende aktiwiteite op apparte stukkies papier. Skryf dele A en B op die selfde stukkie papier, en gee een aan elke kind. Vra die kinders om hulle te verbeel dat 'n nuwe kind nou pas in die buurt in getrek het. Deel A van die papier vertel hulle iets wat hulle kan doen om 'n goeie buurman te wees, en liefde te toon aan die nuwe kind. Deel B vertel 'n soortgelyke manier hoe ons liefde aan Hemelse Vader kan toon. Vra die kind met nommer 1 om sy of haar aktiwiteit te lees, dan nommer 2, en so aan.

   (1) a. Besoek sy of haar huis.
   b. Besoek Primêr en ander Kerk vergaderings.

   (2) a. Nooi hom of haar na jou huis toe.
   b. Maak jou huis 'n plek waar Hemelse Vader se Gees kan wees.

   (3) a. Leer iets omtrent die kind.
   b. Lees die skrifture.

   (4) a. Praat met hom of haar.
   b. Bid.

(5) a. Doen iets vir die kind.
b. Kom die gebooie na.

(6) a. Doen iets vir sy of haar familie.
b. Dien ander mense.

(7) a. Nooi die kind om deel te neem aan julle aktiwiteite.
b. Bid dat Hemelse vader se Gees saam met julle kan wees.

2. Lees die Tien Gebooie (Exodus 20:8–17). Vergelyk hulle aan die twee gebooie wat Jesus gee in Matthéüs 22. Skryf *Wees Lief vir Hemelse Vader* op die een kant van die swart bord en *Wees Lief vir Ander Mense* op die ander kant. Vra die kinders om jou te sê onder watter kolom elk van die tien gebooie sou val. Lees Johannes 14:15, 21 en help die kinders om te verstaan dat ons ons liefde vir Hemelse Vader toon deur enige gebod te onderhou.
3. Laat die kinders Matthéüs 22:37–39 memoriseer.
4. Sing of lees die woorde tot "Have I Done Any Good?" (*Gesange,* no. 223) of "Love One Another" (*Gesange,* no. 308; of *Kinder Sangbundel,* bl. 136).

---

**Slot**

Getuienis

Betuig jou liefde vir Hemelse Vader en Jesus Christus en jou dankbaarheid vir die evangelie. Moedig die kinders aan om Jesus se voorbeeld om ander mense lief te hê, te volg.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Lukas 10:25–37 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Jesus Christus Genees die Tien Melaatses

Les 21

**Doel**

Om elke kind te aan te moedig om Hemelse Vader te dank vir die menigdom seëninge wat hy of sy ontvang.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Lukas 17:12–19 en Leer en Verbonde 59:7 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Skryf 'n kort nota van danksegging aan elke kind, om gebruik te word gedurende die les, waarin jy jou dankbaarheid uitspreek teenoor die kind vir iets wat die kind gedoen het, of 'n karaktereienskap wat hy of sy tentoonstel.
4. Skryf die volgende woorde op 'n kaartjie vir elke kind *Onthou Om Hemelse Vader Te Dank.*
5. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Een of meer kopieë van die Leer en Verbonde.
   c. Prent 7-23, Die Tien Melaatses (Evangeliekuns Skildery Ransel 221; 62150), prente van die natuur en wild.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Gee die danksеggings-kaartjies wat jy geskryf het aan elke kind. Bespreek hoe ons voel wanneer mense hul dank teenoor ons uitspreek, nadat hulle die notas gelees het. Jy kan dalk 'n geval noem waar iemand 'n spesiale poging aangewend het om jou te bedank en beskryf hoe dit jou laat voel het. Nooi die kinders om soortgelyke gebeure met die klas te deel.

Skriftuurlike Berig

Terwyl jy die prent Die Tien Melaatses vertoon, onderrig die kinders in die storie van Jesus wat die tien melaatses genees soos gevind in Lukas 17:12–19. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Herriner die kinders daaraan dat melaatsheid 'n verskriklike vel siekte is. Mense in daardie tye het gedink dat dit hoogs aansteeklik was. Mense met melaats in Jesus se tyd mag nie in die stede in gegaan het nie, en mag ook nie naby mense gekom het nie.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het die melaatses gedoen toe hulle Jesus gesien het? (Lukas 17:13.) Dink julle hulle het geweet wie Jesus was en dat hulle in Hom geglo het?

- Wat het Jesus die melaatses gevra om te doen sodat hulle genees kon word? (Lukas 17:14.)
- Hoeveel van die melaatses het terug gekeer om Jesus te bedank? (Lukas 17:15–16.) Wat het Jesus aangaande die melaatses gesê? (Lukas 17:17–19.)
- Hoekom dink julle het nege van die melaatses nie terug gekeer om Jesus te bedank nie?
- Hoe sou jy voel as jy tien mense gehelp het en net een draai terug om dankie te sê?
- Watter dinge moet ons Hemelse Vader voor bedank? Lees, of laat 'n kind Leer en Verbonde 59:7 lees. Hoekom is dit belangrik om Hemelse Vader te bedank vir spesifieke seëninge wat ons ontvang?
- Hoe kan ons ons dankbaarheid teenoor Hemelse Vader uitdruk?

Gee een van die kaartjies wat jy voorberei het aan elke kind. Nooi die kind om die kinders te vertel van sommige van die goed wat ons Hemelse Vader voor kan bedank? Jy kan hulle antwoorde op die swart bord opsom.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Help die kinders om Leer en verbonde 59:7 te memoriseer. Laat hulle hierdie vers agter op hulle "Onthou Om Hemelse Vader Te Dank" kaartjies skryf, en moedig hulle aan om hierdie kaartjie iewers te sit waar hulle dit elke dag sal sien.
2. Skryf *Dankbaarheid* op die swart bord. Laat die kinders dinge opnoem waarvoor hulle dankbaar is wat met elke letter van dié woord begin. Help hulle om te besef dat ons op die Here staatmaak vir alles wat ons het en is.
3. Teken 'n diagram op die swart bord soortgelyk aan die een:

**Dankbaarheid**

| ***Sê*** | ***Wys*** |
|---|---|
| Ouers | Onderhou Die Gebooie |
| Vriende | Dien Ander |
| Kos | Bid |
| Klere | |

Laat die kinders spesifieke goed opnoem waarvoor hulle Hemelse Vader kan "dank U" sê. Lys hulle onder *Sê.* Laat hulle dan besluit oor maniere hoe hulle hul dankbaarheid vir hul seëninge kan toon. Lys hulle onder *Wys.* Beklemtoon die belangrikheid om beide dankie te sê en om dankbaarheid te toon.

4. Toon prente van natuur prag en wild. Hersien die skepping en help die kinders om te verstaan hoe dankbaar ons moet wees aan Hemelse Vader en Jesus Christus vir die aarde en alles wat hulle vir ons geskape het.
5. Gee vir elke kind ‘n stukkie papier en ‘n potlood en laat hulle dankie-briefies aan iemand skryf, soos ‘n ouer, ‘n vriend, ‘n buurman, ‘n onderwyser, die biskop, en so voorts. Moedig die kinders aan om die notas af te lewer, of om hulle te help om dit te doen, indien nodig.
6. Lees Mosia 2:19–24 en bespreek wat Koning Benjamin gesê het. Help die kinders om te verstaan dat ons Hemelse Vader nooit kan terug betaal vir alles wat Hy vir ons doen nie; Hy verdien al die dankbaarheid wat ons ooit aan Hom kan toon.

---

**Slot**

Getuienis

Betuig die dankbaarheid wat jy teenoor Hemelse Vader en Jesus Christus voel. Betuig ook jou dankbaarheid aan die kinders vir die voorreg om hulle onderwyser te wees en om hulle te help om die evangelie van Jesus Christus te leer.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Lukas 17:12–19 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
# 22 Die Ondankbare Dienskneg

**Doel**

Om elke kind te help om meer vergewensgesind te wees.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 18:21–35; 6:12, 14–15; en Leer en Verbonde 58:42 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Ephesians 4:32, Leer en Verbonde 64:8–10, en James E. Talmage, *Jesus Die Christus,* bl. 392–97 (indien beskikbaar).
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig: ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vra die kinders om 70 met 7 te vermenigvuldig. (Jy kan die som op die swart bord skryf.)

- Is die antwoord ‘n groot nommer? Hoe lank sal dit jou neem om tot daar te tel?

Vra die kinders om Matthéüs 18:21–22 te lees.

Verduidelik dat hierdie nommer ons ‘n belangrike les aangaande vergifnis leer. Jesus het ons onderrig dat ons altyd gewillig moet wees om ‘n ander persoon te vergewe. (Sien ook verreikings aktiwiteit 4.)

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die berig van die ondankbare dienskneg vanuit Matthéüs 18:21–35. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Hierdie kan ‘n goeie berig wees om te dramatiseer. Jy of een van die kinders kan die verse voorlees terwyl die res van die kinders die rolle van die koning, die ondankbare dienskneg, sy mede dienskneg, en die ander diensknegte vertolk.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat wou die koning eers met die dienskneg wat hom 10,000 talente geskuld het, gedoen het? (Matthéüs 18:25.) Verduidelik dat ‘n talent ‘n groot som geld was. (Sien *Jesus Die Christus,* bl. 396–97, vir meer informasie aangaande talente.)
- Hoekom het die koning van plan verander? (Matthéüs 18:26.) Hoe het hy teenoor die dienskneg gevoel? (Matthéüs 18:27.) Wat dink jy beteken dit om medelyde te voel?

- Wat het die dienskneg gedoen nadat die koning sy skuld vergewe het? (Matthéüs 18:28.) Wat het die dienskneg wat 100 pennies ('n baie klein bedrag) geskuld het, van die dienskneg wat 10,000 talente geskuld het, gevra? (Matthéüs 18:29.) Hoe het die dienskneg gereageer op die versoeke van sy mede dienskneg? (Matthéüs 18:30.) Wat het die koning gedoen toe hy uitgevind het wat gebeur het? (Matthéüs 18:31–34.)
- Hoe is ons partymaal soos die ondankbare dienskneg? soos die koning? Hoe voel jy wanneer jy iemand vergewe? wanneer jy nie iemand vergewe nie?
- Wat kan ons leer uit die groot verskul in die skuld wat die twee diensknegte geskuld het?
- Wat het Jesus die mense probeer leer toe Hy hulle die gelykenis van die onregverdige dienskneg vertel het? Wat vertel Jesus ons om te doen om vergifnis te ontvang? (Matthéüs 18:35.)

Vra die kinders of hulle die sin in Jesus se gebed tydens die Bergbediening kan onthou wat gehandel het oor vergifnis? Laat hulle hul Bybels oopmaak by Matthéüs 6:12 en die vers tesame herhaal. Lees ook verse 14 en 15.

- Vra die kinders om aan 'n tyd te dink toe iemand iets onvriendeliks aan hulle gedoen het. Hoe het die onvriendelikheid hulle laat voel? Wat het hulle gedoen? Wat het Jesus Christus ons geleer om in sulke situasies te doen? Was dit maklik om te vergewe? Hoe kan ons meer vergewensgesind word? Verduidelik dat niemand iemand anders mag seermaak nie, en as iemand die kinders seermaak, moet hulle hul ouers, iemand wat hulle vertrou of die biskop vertel.
- Hoe sal jy voel as jy iets leliks aan 'n vriend of 'n lid van jou familie doen, en die ander persoon wil jou nie vergewe nie, al het jy askies gesê?
- As ons iets verkeerd doen en bekeer en die Here vra om ons te vergewe, wat het Hy ons belowe sal Hy doen? (L&V 58:42.)
- Wat het Jesus gesê toe Petrus Hom gevra het hoe gereeld hy iemand moet vergewe wat teen hom gesondig het? (Matthéüs 18:21–22.) Wat dink julle het Jesus probeer om vir Petrus te leer? (Daar is geen limiet oor hoeveel kere ons ander moet vergewe nie.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Gee elke kind 'n papier en potlood. Laat hulle *a, b, c, d, e, f,* en *g* aan een kant van die papier skryf en die volgende vrae aangaande vergifnis beantwoord. Al die vrae kan ja of nee beantwoord word.

   a. Is jy vergewensgesind wanneer jy sê, "Ek vergewe jou, maar sal nooit vergeet wat jy gedoen het nie"?
   b. Is jy vergewensgesind as jy bly is dat iets ongelukkig met iemand wat lelik was met jou, gebeur?
   c. Is jy vergewensgesind as jou broer of suster jou slaan en jy nie kwaad word nie?
   d. Is jy vergewensgesind as jy iemand wil terugkry omdat hulle iets onvriendeliks aan jou gedoen het?
   e. Is jy vergewensgesind wanneer jy ophou om met iemand te praat wat onvriendelik teenoor jou was?

f. Is jy vergewensgesind wanneer jy opstaan vir iemand wat onvriendelik was teenoor jou?
g. Is jy vergewensgesind wanneer jy lelik praat van iemand wat jy dink wat iets onvriendelik teenoor jou gedoen het?

Bespreek die betekenis en belangrikheid van vergifnis soos wat julle die vrae van hierdie vraespel beantwoord.

2. Laat 'n kind Leer en Verbonde 64:8–10 lees. Verdeel die vers in sinsnedes op en laat elke kind een van die sinne aan die klas verduidelik. Jy kan ook die klas in groepe opdeel en elke groep laat bespreek wat die betekenis is van hierdie vers. Laat hulle hul idees met die klas deel en help hulle om te verstaan dat ons gebied is om almal te vergewe.
3. Moedig die kinders aan om Leer en Verbonde 64:10 of Matthéüs 6:14–15 te memoriseer.
4. Gee die kinders papier en potlode of koukies. Vra hulle om sewe blokkies op hulle papier te teken. Vra hulle dan om nog ses stelle van sewe blokkies te teken. Vertel die kinders dat tien keer die hoeveelheid blokkies op hulle papier is die hoeveelheid kere wat Jesus gesê het hulle iemand moet vergewe. Hy het die mense geleer dat hulle altyd iemand moet vergewe.
5. Sing of lees "Help My, Liewe Vader" (*Kinder Sangbundel,* bl. 99).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig van die belangrikheid daarvan om vergewensgesind te wees soos wat Jesus ons geleer het. Help die kinders om te besef dat hulle waardig is om vergewe te word deur Hemelse Vader, wanneer hulle ander vergewe.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 18:21–35 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Die Goeie Herder

Les 23

**Doel** Om elke kind te leer om Jesus te vertrou want Hy is Die Goeie Herder.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 10:1–18, Markus 10:13–16, en 3 Nefi 11:37–38 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Matthéüs 19:13–15 (neem kennis van Joseph Smith Vertaling in voetnota *b* van Matthéüs 19:13) en Lukas 18:15–17.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Boek van Mormon vir elke kind.
   c. Prent 7-19, Die Goeie Herder, en 7-24, Christus en die Kinders (Evangeliekuns Skildery Ransel 216; 62467).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Verduidelik aan die kinders dat jy hulle gaan leer aangaande sekere verantwoordelikhede wat 'n persoon het. Vertel hulle dat jy die leidrade een vir een sal gee oor wat hierdie persoon doen. Wanneer die kinders dink hulle weet wat hierdie persoon doen, moet hulle vorentoe kom en die antwoord in jou oor fluister. As hulle reg is moet hulle bly staan. As hulle verkeerd is moet hulle weer sit. Gebruik leidrade soos die volgendes:

Ek werk buitensmuurs.
Ek is baie besorgd oor diegene in my sorg.
Ek moet somtyds wilde diere en diewe beveg.
Ek moet baie oplettend wees.
Ek moet die jongelinge verdedig.
Ek moet soek vir diegene wat verlore is.
Die wat ek oppas, ken my stem en volg my.
Ek soek na groen wyvelde en skoon water vir diegene in my sorg.
Die engele het die geboorte van Jesus Christus aan party van die mense wat my werk doen verkondig.
Ek sorg vir skape.

Sodra almal weet dat hierdie persoon 'n herder (skaapwagter) is, laat hulle terug keer na hulle sitplekke. Verduidelik dat hulle tydens hierdie les aangaande Jesus Christus, wat die Goeie Herder is, sal leer.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prent van Die Goeie Herder. Verduidelik dat die herder Jesus se verhouding met Sy volgelinge verteenwoordig omdat goeie herders toegewyd was aan hulle skape. In bybelse tye, wanneer skape in 'n skaapkraal ingejaag (hoë

mure met dorings daarop om te keer dat wolwe kan oorspring) word vir die nag, het elke herder ‘n beurt gekry om wag te staan oor die skape deur voor die opening van die kraal te lê, en sodoende letterlik die deur of hek te word (Johannes 10:7, 9). Indien ‘n wilde dier dit wel sou regkry om oor die muur te spring, sou die herder sy lewe gee om die skape te beskerm. Wanneer die herders in die oggend hulle skape geroep het, het elke skaap sy meester se stem geken. Die skape moes naby hulle herders bly terwyl hy hulle na goeie weivelde lei, sodat hulle veilig kon wees.

Onderrig die kinders in die gelykenis van die Goeie Herder uit Johannes 10:1–6.

(Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoekom volg skape hulle herder? (Johannes 10:4.) Wat dink julle beteken dit “om sy stem te ken”? Wie se stem behoort ons te ken? Hoe kan ons die Verlosser se stem leer ken?
- Wie is vandag se geestelike diewe en rowers? (Johannes 10:1; Joseph Smith vertaling, Johannes 10:8.) (Help die kinders om aan mense of dinge te dink wat hulle dalk weg van hulle herder, wat Jesus Christus is, kan lei.) Hoekom was die skape nie deur “diewe en rowers” verlei nie? (Johannes 10:8.) Hoe kan ons onself van bose invloede beskerm? Wie anders kan ons ook van hierdie bose invloede beskerm? (Die Heilige Gees, die profeet, ouers, goeie vriende, onderwysers, die biskop.)
- Hoe is Jesus die Goeie Herder? (Johannes 10:9–11.) As Jesus die Goeie Herder is, wat is ons? Hoe help dit ons om Jesus te volg deur te weet dat Hy die Goeie Herder is?
- Hoe toon die Goeie Herder Sy liefde vir sy skape? (Johannes 10:11.) Van wie het Jesus Sy krag ontvang om Sy lewe neer te lê en dit weer op te neem? (Johannes 10:17–18. Dit was moontlik vir Hom om te sterwe omdat Sy moeder sterflik was. Hy kon weer Sy lewe opneem omdat Sy Vader, Hemelse Vader, onverganklik is.) Wat beteken dit vir ons dat “die goeie herder sy lewe gee vir sy skape”? (Johannes 10:11.) Hoe maak Jesus se opoffering dit vir ons moontlik om weer saam met Hom en Hemelse Vader te lewe?

Help die kinders om te verstaan dat een van die maniere waarop Jesus Christus die Goeie Herder is, is omdat Hy vrywillig vir ons sondes gelei het en Sy lewe vir ons gegee het. As gevolg daarvan gaan ons almal deel hê in die opstanding en kan ons almal bekeer, gedoop word, en vergewe word van ons sondes.

Verduidelik dat jy nog ‘n storie gaan vertel wat ‘n manier toon hoe die Goeie Herder vir Sy skape sorg. Vertoon die prent Christus en die Kinders.

Onderrig die kinders in die storie van Jesus wat die kinders seën (sien Markus 10:13–16).

- Hoekom het Jesus se dissiepels probeer om die kinders weg te stuur? (Joseph Smith Vertaling, Matthéüs 19:13.) Wat het Jesus gesê toe Sy dissiepels probeer het om die kinders weg te stuur? (Markus 10:14.) Wat het Hy vir die kinders gedoen? (Markus 10:16.) Hoe dink julle sou julle gevoel het as julle

een van daardie kinders was? Hoe maak dit vir ons makliker om Jesus te volg deur te weet dat Hy ons lief het?

- Jesus het gesê dat as ons nie soos "'n kindjie" word nie kan ons nie die Koninkryk van God ingaan nie (Markus 10:15; Mosia 3:19; 3 Nefi 11:37–38). Wat dink julle beteken dit om soos "'n kindjie" te word? Hoe dink julle moet julle wees om die koninkryk van die hemel binne te gaan? Hoekom wil Jesus hê dat ons die koninkryk van die hemel binnegaan?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Gee elke kind 'n stukkie tou ten minste 30cm lank. Vra die kinders om hulle stukkies tou vertikaal voor hulle op die grond of op 'n tafel neer te sit en probeer om die hele tou weg van hulle af te stoot. Vra dan die kinders om hulle stukkies tou na hulle toe te trek. Vergelyk hierdie eksperiment met hoe herders hulle skape ly (Johannes 10:4). Verduidelik dat herders in Jeruslem hulle skape ly deur voor hulle uit te loop. In party ander lande jaag die herders die skape aan. Jesus, as ons Goeie Herder, wys ons die weg, en vra ons om Hom te volg.
2. Lees en bespreek Psalm 23 met die kinders.
3. Verdeel die klas in klein groepe op. Laat die kinders dink aan maniere hoe Jesus in die verlede, en vandag nog, Sy liefde vir ons toon ( party idees kan wees dat Jesus vir Adam se oortreding betaal het, leiding vir ons sondes, om ons die evangelie deur die skrifture te leer, 'n voorbeeld te wees, deur ons te help wanneer ons hulp nodig het, en so voorts). Bespreek hoe dinge soos hierdie ons help om te weet dat Jesus ons lief het.
4. Lees en bespreek die berig van Jesus wat die Nefitiese kinders seën (3 Nefi 17:12–13, 21–24).
5. Hersien enige van, of al drie die eerste geloofsartikels.
6. Help die kinders om Johannes 10:11 te memoriseer.
7. Sing of lees die woorde tot "Ek Voel My Verlosser se Liefde" (*Kinder Sangbundel,* bl. 74).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig daarvan dat Jesus elk een van ons lief het en wil hê dat ons Hom volg. Vertel van 'n ondervinding in jou eie lewe toe jy Jesus se liefde gevoel het, of toe jy Hom gevolg het en geseën was daarvoor.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Johannes 10:1–18 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Nooi 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les

24

# Die Weduwee se Penning

**Doel**

Om elke kind aan te moedig om ‘n eerlike tiende en ander offerandes te betaal.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Markus 12:41–44, 3 Nefi 24:10, en Leer en Verbonde 119:4 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Aanvullende leeswerk: Lukas 21:1–4 en Leer en Verbonde 64:23.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Tien muntstukke (teken tien sirkels op die swart bord om muntstukke voor te stel).
   c. Papier en potlode vir elke kind.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Toon tien muntstukke aan die klas.

- Wie wil graag hierdie muntstukke hê?
- As ek jou al hierdie muntstukke gee, is jy bereid om een aan my terug te gee? Hoekom? Is jy bereid om twee of drie óf miskien almal van hulle aan my terug te gee?

Verduidelik dat Hemelse Vader ons gebied het om ‘n tiende te betaal, wat beteken ons gee aan Hom een tiende terug van wat ons verdien. Hy het ons ook gevra om ander donasies te maak, soos byvoorbeeld vas offerandes en bydrae tot die sending fonds, om te help om die werk hier op die aarde te bevorder.

Herriner die kinders dat alles op die aarde deur Hemelse Vader en Jesus Christus geskape is. Hemelse Vader het ons met ons liggame en denke geseën sodat ons kan werk en dink. Alles wat ons verdien en ontvang hier op die aarde is ‘n gawe van Hom. Hemelse Vader wil hê dat ons ons dankbaarheid, geloof, en gehoorsaamheid toon deur ‘n tiende te betaal en ander offerandes aan die Kerk te skenk.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die storie van die weduwee se penning (Markus 12:41–44). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Verduidelik dat Hemelse Vader en Jesus Christus nog altyd mense gebied het om tiendes te betaal en om ander offerandes te maak om die behoeftes van die Kerk na te kom.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het die ryk mense in die kerk se skatkis ingegooi? (Markus 12:41.) Wat het die weduwee in die skatkis ingegooi? (Markus 12:42. Verduidelik dat ‘n penning ‘n baie klein muntstuk was.) Hoekom was Jesus meer ingenome met die weduwee se offerande as die van die ryk mense? (Markus 12:43–44.)
- Hoeveel gebied Hemelse Vader moet ons as tiende betaal? (L&V 119:4 Verduidelik dat “rente” beteken enige geld wat ons verdien. Deur die papier en potlode te gebruik, wys die kinders hoe om ons tiendes uit te werk.) Wat beteken dit om ‘n eerlike tiende te betaal?
- Hoeveel wil Hemelse Vader hê dat ons in offerandes moet betaal? Hoeveel vra Hy dat ons aan die sending fonds betaal? Help die kinders om te verstaan dat ons besluit hoeveel ons aan die vas offerandes en sending fondse betaal afhangende van hoeveel geld ons het en wat ons behoeftes is, nie soos by tiendes waar dit ‘n vasgestelde bedrag is nie. Hemelse Vader het net gevra dat ons edelmoedig moet wees, want hoe meer ons gee hoe meer wys ons dat ons onself blootgee om Hemelse Vader se werk te verrig.
- In watter ander maniere kan ons help om Hemelse Vader se werk te bevorder? (Exodus 25:1–8; L&V 124:26–27.) Verduidelik dat lede deur die eeue gevra is om by te dra tot die opbou van tempels. Vandag word tempels reg oor die wêreld opgerig, en ons kan groot seëninge ontvang deur by te dra as ons in ‘n distruk woon waar ‘n nuwe tempel gebou word.
- Hoekom vra die Here ons om tiendes te betaal? Watter seëninge ontvang ons as ons ‘n volle tiende betaal? (3 Nefi 24:10.) Wat beteken dit om die vensters van die hemel oop te hê vir ons? Watter tipe seëninge ontvang ons wanneer ons ander offerandes betaal?

Bespreek die volgende verklaring van President Spencer W. Kimball, die twaalfde President van die Kerk:

“Die Here het belowe dat Hy die vensters van die hemel vir ons sal oopmaak as ons gehoorsaam is aan hierdie gebod. Hy kan ons beter selarisse gee, en Hy kan ons leer hoe om beter oordeel te hê om ons geld beter te gebruik. Hy kan ons beter gesondheid gee, Hy kan ons beter vestandhouding gee sodat ons in beter posisies aangestel kan word. Hy kan ons help sodat ons die dinge kan doen wat ons wil doen” (*Die Leerstellinge van Spencer W. Kimball,* bl. 212).

Beklemtoon dat die grootste seëninge wat ons onvang omdat ons tiendes en ander offerandes betaal, geestelik is. Ons geloof word elke keer sterker wanneer ons kies om die wet van die tiende te gehoorsaam en om edelmoedig te wees in die betaling van ons vas offerandes en die sending fonds bydrae.

- Hoe is jy of iemand wat jy ken al geseën deur die betaling van tiendes en ander offerandes? Deel een van jou eie ondervindinge met die kinders meë en nooi die kinders om te vertel van toe hulle geseën is deur hulle offerandes wat hulle betaal het.

- Wanneer moet ons ons tiendes betaal? Ons kan ons tiendes enige tyd van die jaar betaal, maar dit is beter om dit so gou moontlik te betaal nadat ons inkomste ontvang het. Aan wie gee ons ons tiendes en ander offerandes? (Aan die biskop of sy kanseliere. Die biskop stuur die tiende geld na Kerk hoofkwartier, waar Kerk leiers besluit hoe om die geld die beste te spandeer om die Here se werk te bevorder. Vas offerandes en sending fonds bydrae word meestal plaaslik gebruik; oortollige fondse word dan ook aan Kerk hoofkwartier gestuur.)
- Hoe word ons tiende geld gebruik? (Sien verreikings aktiwiteit 2.) Hoe word vas offerandes gebruik? (Vas offerandes ondersteun die welseins program van die Kerk.)
- Wat is tiende skikking (vereffening)? ('n Vergadering wat ons eenmaal per jaar met die biskop het. Ons hersien die verslag van die tiendes en ander offerandes wat deur ons betaal is en sê vir hom of ons 'n volle-tiende betaler is. Ons kan verklaar dat ons volle-tiende betalers is wanneer ons een tiende van al ons inkomste aan die Here oorbetaal het.)
- Hoekom dink julle dat dit belangrik is dat ons vrywilliglik ons tiendes betaal? (Moroni 7:6–8.) As ons net 'n klein inkomste het, moet ons nog steeds tiendes betaal? Hoekom?

Bespreek die volgende verklaring van President Spencer W. Kimball: "Daar is mense wat sê dat hulle nie kan bekostig om tiendes te betaal nie, want hulle inkomste is te klein. . . . Niemand is ooit te arm om 'n tiende te betaal nie" (*Die Leerstellinge van Spencer W. Kimball,* bl. 212).

- Hoekom is dit belangrik om ander offerandes te betaal? Hoe kan ons die weduwee se bydra as 'n voorbeeld gebruik van donasie maak aan die Kerk? Help die kinders om te verstaan dat ons in die toekoms gevra mag word om alles wat ons besit aan die Kerk te gee. Maar nou word ons net gevra om te gee wat ons kan sodat ons nog genoeg oor het om na ons eie behoeftes om te sien.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Deur nagemaakte geld te gebruik (jy kan jou eie maak), laat die kinders voorgee dat hulle 'n familie is en 'n begroting moet optrek vir die hoeveelheid geld wat jy aan hulle gegee het. Laat hulle begroot vir kos, huurgeld, water en ligte, klere, en vermaak. Vertel hulle om dan hul tiende en ander offerandes bo-aan hulle begroting by te voeg. Verduidelik aan die kinders dat ons altyd eerste ons tiende moet betaal want dit is die tiende wat aan die Here behoort.
2. Gaan rondom die klas en vra elke kind om 'n spesifieke manier te noem waarop sy of haar tiende geld gebruik word. Gee voorstelle vanuit die volgende lys indien benodig:

   Om kerke te bou, tempels, kweekskole en instellinge van godsdiens, sending opleiding sentrums, en familie geskiedenis sentrums.

   Betaling van wyk en ring aktiwiteite en onderwys handboeke en voorraad.

Betaling van die kerk gebou se instandhouding en water en ligte.

Betaling van die sendelinge se reis gelde en voorraad.

Die betaling van die Algemene Gesaghebbendes se reis en ander onkostes.

Verskaffing van kompers vir gebruik in tempels en familie geskiedenis sentrums.

Help om die Kerk Tydskrifte te publiseer.

Betaling van Kerk sateliet uitsendings.

Betaling vir die vertaling en publikasie van die skrifture.

3. Gee vir elke kind 'n papier en 'n potlood en laat hulle by die vensters staan, of ander plek waar hulle buiten toe kan kyk. Vra hulle om so veel dinge neer te skryf as wat hulle in 'n paar minute kan sien. Nadat die kinders terug is in hulle sitplekke, vra hulle om die dinge op te noem wat hulle gesien het. Verduidelik dat Hemelse Vader ons alles gegee het wat ons het, en deur tiendes en ander offerandes te betaal is dit een manier waarop ons ons dankbaarheid en liefde aan Hom kan bewys.

4. Vertel die volgende storie deur President Ezra Taft Benson, en bespreek die geloof wat ons benodig om tiendes te betaal en die seëninge wat voortspruit uit die gehoorsaamheid tot hierdie gebod:

   "Een dag toe ek nog 'n tiener was, het ek Vader en Moeder gehoor praat oor hulle finansies in voorbereiding vir tiende skikking die volgende dag. Vader het vyf-en-twintig doller aan die bank [geskuld], wat daardie komende week betaalbaar was. Nadat hy hulle tiendes uitgewerk het, het hulle 'n vêrdere vyf-en-twintig doller geskuld. Hy het ook 'n hooi-kraan [iets wat gebruik word om hooi bo-op die hooimied te lig] wat hy laat bou het. Hy . . . was in die prosses om dit te verkoop, maar was nog nie suksesvol nie.

   "Wat moes hulle doen —die bank [betaal], hulle tiende later betaal, of hulle tiende betaal en hoop dat hulle [die bank] in 'n paar dae se tyd kan [betaal]? Nadat hulle die saak bespreek het, en ek is seker daaroor gebid het voordat hulle gaan slaap het, het Vader besluit om die volgende dag tiende skikking toe te gaan en die vyf-en-twintig doller te betaal wat hom 'n volle-tiende betaler sou maak. Terwyl hy te perd huistoe gery het, het een van sy buurmanne hom gestop en gesê, 'George, ek verstaan dat jy 'n hooi-kraan te koop het. Hoeveel wil jy daarvoor hê?

   "Vader het gesê, 'Vyf-en-twintig doller.' Die buurman het geantwoord, 'Ek het dit nog nie gesien nie, maar omdat ek weet hoe jy bou, is ek seker dat dit vyf-en-twintig doller werd is. Net 'n minuut en ek sal gou in die huis ingaan en 'n tjek uitskryf daarvoor. Ek het dit nodig.' Dit was 'n les wat ek nog nooit vergeet het nie" (*Die Leerstellinge van Ezra Taft Benson,* bl. 471–72).

5. Vertel die volgende storie:

   "Toe ek om en by vyf of ses jaar oud was, het ek by die eetenstafel saam met my groot familie gesit en geluister terwyl hulle tiendes bespreek het. Hulle het my vertel dat tiendes een tiende is van alles wat ons verdien en dat dit aan die Here betaal word deur diegene wat Hom liefhet.

"Na aandete het ek die klein bietjie geld wat ek gespaar het uitgehaal en uitgewerk wat ek die Here in tiende skuld. Ek het toe na die enigste kamer in die huis met 'n slot aan die deur—die badkamer—en daar langs die bad gekniel. Terwyl ek die drie of vier muntstukke in my hande na bowe gehou het, het ek die Here gevra om dit te aanvaar—verseker dat Hy dit sou neem. Ek het vir 'n lang tyd met die Here gepleit, maar die geld het in my hande gebly. Geen klein seun kon meer verstote gevoel het as wat ek gevoel het nie. Die Here het tiendes van my ouers en al my ouer broers ontvang. Hoekom nie van my af nie? Toe ek van my knieë af opgestaan het, het ek so onwaardig gevoel dat ek niemand van die gebeurtenis vertel het nie. Net die Here het daarvan geweet.

"'n Paar dae later het my Primêre onderwyser gesê dat sy 'n gevoel gekry het om oor iets te praat wat nie in die les was nie. Ek het verbaas gesit en luister toe sy ons geleer het hoe om tiendes te betaal. Maar wat ek geleer het was baie meer belangrik as hoe om net tiendes te betaal. Ek het geleer dat die Here my gebed gehoor en beantwoord het, dat Hy my lief het, en dat ek belankrik was vir Hom" (Ariel Ricks, "Muntstukke Vir Die Here," *Ensign,* Des. 1990, bl. 47).

6. Sing of lees die woorde tot "Omdat Ek Soveel Gegee Is" (*Gesange,* no. 219).

---

**Slot**

Getuienis en uitdaging

Getuig van die belangrikheid daarvan om tiendes te betaal. Deel jou gevoelens meë omtrent die voorreg wat ons het om ons tiendes te betaal as 'n manier om ons dankbaarheid aan Hemelse Vader en Jesus Christus te toon. Deel (of vra 'n ander lid om 'n geleentheid te deel) 'n geleentheid wat jy gehad het toe jou geloof in Hemelse Vader en Jesus gegroei het omdat jy tiendes betaal het.

Gee 'n donasie strokie en koevert aan elke kind en daag hulle uit om 'n eerlike tiende te betaal wanneer hulle ookal 'n inkomste ontvang.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Markus 12:41–44 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Gelykenis van die Tien Maagde

Les
25

**Doel**

Om elke kind aan te moedig om geestelik voorbereid te wees vir Jesus Christus se wederkoms.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 25:1–13 (sien die Joseph Smith Vertaling in Matthéüs 25:1, voetnota *a*) en Leer en Verbonde 45:56–57, 63:53–54 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. vii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Die volgende woordstrokies:
      Tien maagde = Kerk lede
      Olie = Geestelike voorbereiding
      Bruidegom = Jesus Christus
      Troue = Wederkoms van Jesus Christus
   c. Prent 7-25, Die Tweede Koms (Evangeliekuns Skildery Ransel 238; 62562)

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vra die kinders om voor te gee dat die klas op ‘n uitstappie gaan.

- Wat het ons nodig om vir die uitstappie voor te berei?
- Wat moet ons saam met ons vat?

Sê, “Ons gaan op ‘n uitstappie en ons sal . . . __________saamvat,” en noem een item. Laat ‘n kind dieselfde sin herhaal, insluitende wat jy gesê het, en nog ‘n item byvoeg. Gaan deur die hele klas, en laat elke kind al die vorige items opnoem en hul eie item byvoeg. Gee elke kind een of meer kanse, afhangende van die grote van jou klas. Help hulle om die items te herhaal indien nodig.

Beklemtoon dat voorbereiding ‘n belangrike deel uitmaak van baie dinge in ons lewens.

- Wat is nog ‘n paar dinge waarvoor ons kan voorberei bo en behalwe ‘n uitstappie?

Bespreek kortliks die voorbereiding wat ons vir skool doen, vir ‘n ete, vir familie tuis aand, en so voorts. Vertel die kinders dat hulle in hierdie les gaan leer hoe hulle geestelik vir ‘n wonderlike gebeurtenis, wat in die toekoms gaan plaasvind, kan voorberei.

Skriftuurlike Berig

Onderrig die kinders in die gelykenis van die tien maagde (Matthéüs 25:1–13). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Vertel die kinders dat Jesus die mense gereeld in gelykenisse onderrig het, terwyl Hy bekende voorwerpe en situasies gebruik het om versteekte geestelike waarhede aan hulle te leer. Hy het gelykenisse gebruik sodat net diegene wat bereid was om die gelykenis te studier die waarheid daarin sal verstaan (sien Matthéüs 13:10–17). Help die kinders om te verstaan dat die gelykenis Jesus se tweede koms, wanneer die Verlosser terug sal keer aarde toe om gedurende die Millenium te regeer, met 'n troue vergelyk.

Verduidelik dat die gelykenis van die tien maagde gebasseer is op eertydse Joodse trou gebruike. Die bruidegom en sy vriende het die bruid van haar huis na die huis van die bruidegom begelei. Langs die pad het vriende van die bruid gewag om by die optog in te val. Wanneer hulle by die bruidegom se huis opgedaag het, het hulle almal ingegaan vir die troue. Hierdie troues het gewoonlik in die aande plaasgevind, daarom het diegene wat vir die bruid en bruidegom gewag het, lampe gedra.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind. Vertoon die woordstrokies en die prente op geskikte tye.

- Wie verteenwoordig die tien maagde? (Matthéüs 25:1.) Wie verteenwoordig die bruidegom? (Jesus Christus.)
- Hoe weet ons dat al tien die maagde in Jesus Christus geglo het? (Matthéüs 25:6–7. Hulle het die bruidegom "tegemoet [ge]gaan" en vir hom gewag. Hoe kan ons wys dat ons in Jesus glo?
- Hoekom is daar na vyf van die maagde verwys as dwaas? (Matthéüs 25:3.) Hoekom is daar na vyf verwys as verstandiges? (Matthéüs 25:4.)
- Wat het gebeur toe die bruidegom opgedaag het? (Matthéüs 25:6–8.) Hoekom dink julle was die vyf dwase maagde so onvoorbereid? Hoe dink julle kan ons voorbereid wees vir wanneer Jesus weer kom?
- Hoekom dink julle het die vyf verstandelike maagde nie hulle olie met die ander gedeel nie? (Matthéüs 25:9.) Hoekom kon hulle nie van hulle olie aan die ander gegee het nie? Verduidelik dat die vorm van die lampe, die buitenste lippe na binne gekrul, het dit amper onmoontlik gemaak om olie van een lamp na 'n ander lamp oortegooi (sien die illustrasie aan die einde van die les). In die gelykenis, verteenwoordig die olie in die verstandige maagde se lampe hulle regverdige lewens en gehoorsaamheid. Ons vul elkeen ons eie lamp, wat ons eie lewe voorstel, met ons gehoorsaamheid en regverdigheid. Hemelse Vader se seëninge aan ons vir ons regverdige dade kan nie aan die ongehoorsames gegee word nie.
- Wat het met die vyf wat onvoorbereid was, gebeur? (Matthéüs 25:10–12.) Wat het met die vyf wat voorbereid was gebeur? Hoekom is dit belangrik dat ons nou vir die Tweede Koms voorberei? Hoe kan ons ons lampe met olie vul?

Lees hierdie aanhaling van Ouderling Bruce R. McConkie: "As indiwidieë, berei ons voor om ons God te ontmoet deur Sy gebooie te onderhou en Sy wette te lewe. . . . Die evangelie in sy ewigdurende glorie, gerestoureer soos wat dit was

in hierdie laaste dae, is hier om 'n mensdom voor te berei vir die tweede koms van Die Seun van Die Mens" (*Die Millenniale Messias,* bl. 572).

Laat die kinders Matthéüs 24:36 en Matthéüs 25:13 lees. Verduidelik dat net soos die tien maagde nie die presiese uur geken het waarin die bruidegom sou opdaag nie, weet ons ook nie presies wanneer Jesus weer gaan kom nie.

- Hoe sal dit wees wanneer Jesus Christus weer kom? (L&V 45:56–57; 63:53–54.) Watter seëninge lê en wag vir diegene wat geestelik voorbereid is? (L&V 38:30.)

Jy kan verreikings aktiwiteit 2 as 'n hersiening en toepassing van hierdie les gebruik.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Bespreek kortliks die volgende informasie om die kinders bekend te maak met die tweede koms van Jesus Christus:

   Toe Jesus Sy Apostels in Jerusalem agtergelaat het, het engele aan hulle gesê dat Hy weer 'n tweede keer gaan kom. (Handelinge 1:9–11.)

   Net Hemelse Vader weet wanneer die Tweede Koms gaan plaasvind. (Matthéüs 24:36.)

   Jesus gaan in krag en glorie kom en op die aarde heers vir 'n duisend jaar. (L&V 29:11.)

   Ons moet onself voorberei vir Jesus se tweede koms. (L&V 33:17–18.)

   Die regverdiges wat gereed is vir Jesus se tweede koms sal saam met Hom wees op daardie groot dag en sal verewig in Hemelse Vader en Jesus se teenwoordigheid wandel. (L&V 76:62–63.)

2. Gee aan elke kind 'n afskrif van die lamp aan die einde van die les, of teken 'n groot lamp op die swart bord. Laat die kinders goed op hulle lampe skryf, of goed opnoem wat jy op swart bord kan skryf, wat hulle geestelike lampe met olie kan vul (sommige idees kan wees om getuienis te lewer, die evangelie te leer, ander te dien, tiendes te betaal, lewe waardig om die kameraadskap van die Heilige Gees te geniet, bid, om Kerk roepinge te vervul, en so voorts). Help hulle om te besef dat hierdie dinge is wat hulle self vir hulself moet kry of doen om olie in hulle lampe te hê, net soos wat die vyf verstandige maagde gehad het.

   Vergelyk wat die kinders op hulle lampe geskryf het met President Spencer W. Kimball se idees: "Die olie van voorbereidheid word druppel vir druppel deur regverdige lewe opgegaar. Bywoning van nagmaal dienste voeg olie by ons lampe, druppel vir druppel oor die jare. Om te vas, familie gebed, huisbesoek, om liggaamlike begeertes te beheer, die evangelie te verkondig, om die skrifture te studeer—, elke daad van toewyding en gehoorsaamheid is 'n druppel wat tot ons stoor toegevoeg word. Dade van vriendelikheid, betaling van offerandes en tiendes, rein gedagtes en dade, trou onder die verbond vir ewigheid—hierdie, dra ook onbeskryflik by tot die olie wat ons in die middernagure kan gebruik om ons uitgeputte lampies te hervul" (*Geloof Gaan Die Wonderwerk Vooraf,* bl. 256).

Bespreek maniere om olie in ons lampe by te voeg wat die kinders nog nie genoem het nie, en laat die kinders hulle lyste byvoeg as jy wil. Help hulle om te verstaan dat hierdie nie dinge is wat hulle kan uitstel totdat die Verlosser opdaag nie.

3. Lees die volgende aanhaling deur President Spencer W. Kimball: “Die tien maagde het aan die koninkryk behoort en het alle reg op die seëninge gehad—behalwe die vyf wat nie moedig was nie en nie gereed was toe die groot dag aangebreuk het nie. Hulle was onvoorbereid deur nie al die gebooie te lewe nie. Hulle was bitterlik teleurgestel omdat hulle by die troue uitgesluit was—net soos hulle moderne eweknieë [lede wat vandag nog nie voorbereid is nie] sal wees” (*Geloof Gaan Die Wonderwerk Vooraf,* bl. 8).
4. Sing of lees die woorde tot “When He Comes Again” (*Kinder Sangbundel,* bl. 82). “Nadat hulle die lied gesing het, vra die kinders om te dink hoe dit sou wees om Jesus te hoor sê, “Jy het My wel gedien. Kom in my arms in om te bly.”

---

**Slot**

Getuienis

Getuig van die belangrikheid daarvan om voor te berei vir die tweede koms van Jesus Christus deur regverdig te lewe. Deel met die kinders hoe belangrik dit vir jou is om waardig te wees om in daardie groot gebeurtenis deel te hê.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 25:1–13 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.



# Gelykenis van die Tien Talente

Les
26

**Doel**

Help die kinders om te begeer om hulle talente te gebruik om hulself en ander mense te bevoordeel.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 25:14–30 en Leer en Verbonde 60:2–3, 82:3 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Strokies papier met ‘n talent op elkeen geskryf, soos "Jy het ‘n talent om ‘n uitstekende violis te wees," "Jy het ‘n talent om vriende te maak," "Jy het ‘n talent om ‘n goeie spreker te wees," "Jy het ‘n talent om ‘n goeie sokker speller te wees," "Jy het ‘n talent om ‘n vredemaker te wees," "Jy het ‘n talent om ‘n goeie leier te wees," "Jy het ‘n talent om ‘n goeie sendeling te wees," "Jy het ‘n talent om ander gelukkig te maak," en so voorts. Voordat die kinders in die klas in kom, vou die strokies papier op en plak hulle vas op plekke in die klas waar die kinders hulle kan vind. Moet nie die talente identifiseer as talente wat aan ‘n sekere kind behoort nie.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Vertel die kinders dat daar spesiale boodskappe vir hulle reg oor die klas weggesteek is. Vra ‘n kind om ‘n boodskap te vind en dit hardop aan die klas voor te lees. Vra dan daardie kind om te sê wat hy of sy kan doen om daardie talent te ontwikkel. Gee elke kind ‘n kans, en moedig die ander kinders aan om ook te dink wat hulle kan doen om die ander telente te ontwikkel. Verduidelik dat hierdie les hulle gaan leer oor die belangrikheid daarvan om talente te ontwikkel.

Skriftuurlike Berig

Hersien die definisie van ‘n gelykenis uit les 25. Onderrig die kinders in die gelykenis van die talente soos gevind in Matthéüs 25:14–30. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) In die gelykenis, verwys die talente na geld stukke. Vir ons beteken talente die gawes of talente wat ons kan ontwikkel waarmeë ons ander kan seën en help.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoekom het die meester verskillende hoeveelhede talente aan elke dienskneg gegee? (Matthéüs 25:15.) Hoe verskil jou talente van jou vriende se

talente? jou familie lede se talente? Hoekom gee Hemelse Vader elkeen van ons verskillende gawes? (L&V 46:12.) Hoe kan ons ons dankbaarheid teenoor Hemelse Vader toon vir die spesifieke gawes wat Hy aan ons geskenk het? (L&V 46:11.)

- Wat het die diensknegte wat elk vyf en twee talente ontvang het, met hulle geld gedoen? (Matthéüs 25:16–17.) Hoe dink julle kon hulle hul geld verdubbel het? Hoe kan harde werk 'n seëning vir ons wees?
- Wat het die dienskneg wat net een talent ontvang het, met sy geld gedoen? (Matthéüs 25:18.) Hoekom dink julle het hy dit gedoen? (Matthéüs 25:24–25.) Hoekom dink julle ontwikkel sommige mense nie hulle talente nie? Wat gebeur met mense se talente as hulle niks met hulle doen nie?
- Wat het die meester aan die dienskneg met vyf talente gesê, toe hy teruggekeer het en gevra het dat die diensknegte aan hom moet terug raporteer. (Matthéüs 25:21.) Wat het hy aan die dienskneg wat twee talente ontvang het gesê? (Matthéüs 25:23.) Hoe word ons geseën deur hard te werk om ons talente te ontwikkel? Hoe was julle al geseën deur die talente of gawes van iemand anders?
- Hoekom het die meester dieselfde beloning aan beide die dienskneg wat twee talente ontvang het en die dienskneg wat vyf talente ontvang het gegee? (Matthéüs 25:21, 23.)
- Wat het die meester aan die dienskneg wat net een talent ontvang het gesê? (Matthéüs 25:26–27.) Hoekom was die meester kwaad vir hierdie dienskneg? Watter straf het hy hom toegelê omdat hy sy talent begrawe het? (Matthéüs 25:28, 30.) Hoekom is hoe ons ons talente en gawes gebruik belangriker as hoeveel talente of gawes ons ontvang het en wat die talente mag wees?
- Hoekom dink julle het die meester die een talent aan die dienskneg met tien talente gegee? Was dit regverdig? Hoekom? Verduidelik dat hoe meer ons ons talente gebruik, hoe meer talente ontwikkel ons. As ons niks doen met ons talente nie, sal ons hulle verloor. (See Matthéüs 25:29; L&V 60:2–3.) Help die kinders om te verstaan dat diegene wat lyk asof hulle minder talente het, sal steeds elke seëning ontvang as hulle hul talente ten volle benut.
- Wat dink julle wou Jesus ons probeer leer deur ons die gelykenis van die talente te vertel? Help die kinders om te verstaan dat die Here ons talente, gawes en geleenthede gegee het (soos by voorbeeld om 'n lid van die Kerk te wees). Hy verwag dat ons al hierdie dinge moet gebruik om ons lewens te verbeter en ander mense te dien. Hy wil ook hê dat ons ons dankbaarheid moet toon deur ons talente te ontwikkel.
- Watter addisionele verwagtinge het die Here vir ons omdat ons lede van Sy Kerk is? (L&V 82:3.)
- Hoe deel mense hul talente meë in die kerk? Hoe help die aanvaarding van kerk verantwoordelikheid en opdragte om ons talente te vermeerder? (Sien verreikings aktiwiteit 5.)
- Wanneer en aan wie gaan ons elkeen 'n verslag moet gee oor wat ons met ons gawes en talente gedoen het wat aan ons gegee is? Wat wil jy graag raporteer? Hoe sal jy voel as die Here aan jou sê, "Mooi so, goeie en getroue dienskneg" (Matthéüs 25:21)?

**Verreikings Aktiwieteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Vra die kinders om so veel moontlike talente op te noem, en skryf hulle in ‘n lys op die bord soos wat hulle genoem word. Moedig die kinders aan om dinge soos om ‘n goeie luisteraar te wees, ander lief te hê, altyd gelukkig te wees, ens. ook te noem.

2. Gee die kinders elk ‘n stukkie papier en vra hulle om ‘n lys te maak van hul eie talente. Vra hulle om nie toe te laat dat die ander kinders in die klas dit sien nie. Vra dan dat die klas elkeen ‘n talent noem vir elke ander kind in die klas. Soos wat die kinders talente opnoem, moedig die kinders aan om al die talente wat genoem word, wat nie alreeds op hulle lys is nie, by te voeg. Vra dan die volgende vrae:

   - As die klas lede ‘n talent genoem het vir jou, wat nie op jou lys is nie, hoe kan jy daardie talent ontwikkel?
   - As die klaslede nie iets opgenoem het wat op jou lys is nie, hoe kan jy daardie talent ontwikkel.

   Daag elke kind uit om een van hulle talente te kies en besluit hoe hy of sy daardie talent verder kan ontwikkel gedurende die komende week.

3. Deel die volgende storie aangaande President Heber J. Grant meë:

   “Toe ek by ‘n sagte bal klub aangesluit het, het die kinders van my ouderdom en bietjie ouer in die eerste nege [die beste spelers] gespeel; die jonger as ek, het in die tweede nege gespeel, en die wat nog jonger as hulle was, het in die derde nege gespeel, en ek het saam met hierdie groep gespeel. Een van die redes hiervoor was dat ek nie die bal van een voetstuk na die ander voetstuk kon gooi nie. Nog ‘n rede was dat ek nie die fisiese krag gehad het om te hardloop of goed te kolf nie. Wanneer ek die bal opgetel het, het die seuns gewoonlik geskreeu: ‘Gooi die bal hier sussie!’

   “My jeugdige metgeselle het soveel sports gehad as gevolg van my optrede, dat ek gesweer het dat ek sagte bal sou speel in die nege wat die Utah Teritoriale kampioenskap sal wen.

   “. . . Ek het ‘n doller gespaar wat ek in ‘n sagtebal belê het. Ek het ure lank spandeer waarin ek die bal teen Biskop Edwin D. Woolley se waanhuis gegooi het. . . . My arm het gereeld so gepyn dat ek nie snags aan die slaap kon raak nie. Maar ek het aangehou oefen en het uiteindelik in die tweede nege vir ons klub gespeel. Na ‘n ruk het ek by ‘n beter klub aangesluit en het uiteindelik vir die nege gespeel wat die teritoriale kampioenskap gewen het” (*Evangeliese Standaarde,* bl. 342–43).

4. Die volgende aanhaling was een van President Heber J. Grant se gunsteling gesegdes. Bespreek die betekenis daarvan met die kinders, en moedig hulle dan aan om dit te memoriseer.

   “Dit wat ons aanhoudend doen word makliker om te doen; nie dat die natuur van die ding self verander nie, maar dat ons vermoeë om dit te doen vermeerder word” (*Evangeliese Standaarde,* bl. 355).

5. Vra die kinders om aan ‘n paar verantwoordelikhede te dink wat mense in die Kerk ontvang. Gee vir hulle strokies papier en potlode en laat hulle ‘n verantwoordelikheid of taak neerskryf (elke kind kan meer as een bydrae maak).

Laat hulle die strokies papier in 'n boks of fles plaas. Vra die kinders dan om beurte te neem om strokies papier uit die boks te trek en te vertel watter talente hulle moet ontwikkel om die taak of verantwoordelikheid te vervul. Maak 'n lys van al die talente wat genoem word op die swart bord en sien hoeveel verskillende talente kan deur die kinders geidentifiseer word.

6. Sing of lees die woorde tot "Ek Is Dankbaar Om Myself Te Wees" (*Kinder Sangbundel* bl. 11).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig van die geluk wat na ons toe kom wanneer ons die talente wat God aan ons geskenk het gebruik om onsself en ander te bevoordeel. Deel meë aan die kinders hoeveel jy die vreugde wil ondervind om terug te keur na Hemelse Vader as een wat sy talente goed gebruik het.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 25:14–30 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Neem kennis: 'n Verreikings aktiwiteit in les 27 vereis dat jy 'n lid van die Verligtings Vereniging presidensie of bisdom uitnooi om met die kinders te kom praat oor hoe die Verligtings Vereniging medelydende diens lewer. As jy hierdie aktiwiteit wil gebruik moet jy vooraf met die spesifieke persoon reël en presies verduidelik wat dit is wat jy wil hê hy of sy moet bespreek.

# Gelykenis van die Skape en die Bokke

Les 27

**Doel**

Om die kinders te leer dat om ander mense te dien ons voorberei vir die tyd wanneer Jesus Christus ons gaan oordeel.

**Voorbereiding**

1. Lees Matthéüs 25:31–46 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: Jakob 2:17–19; Mosia 4:16, 26; en Leer en Verbonde 104:17–18
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Prente 7-26, Die Laaste Oordeel (Washington Tempel muur-skildery), en 7-25, Die Tweede Koms (Evangeliekuns Skildery Ransel 238; 62562).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Nooi die kinders uit om iets met die klas te deel wat hulle hierdie laaste week gedoen het om ‘n talent te ontwikkel of te deel.

Aandag Aktiwiteit

Lees die volgende of soortgelyke situasies aan die kinders voor (gebruik situasies wat binne die kinders se ondervindings ryk val). Vra hulle wat hulle dink hulle moet doen as:

Hulle ‘n jonger kind sien wat dors is maar nie die water kan bereik nie.

Hulle ‘n kind ken wat vir ‘n aantal weke nie by die Kerk was nie.

Hulle iemand ken wat nie genoeg het om te eet nie.

Hulle iemand sien wat nie ‘n warm jas het nie, en dit is baie koud.

Hulle van iemand weet wat al lank by die huis is met ‘n siekte of ongeskiktheid.

- Wat sal Jesus wil hê moet julle doen? Hoekom dink julle moet julle ander mense help in situasies soos die?

Herinner die kinders dat hulle in die laaste twee weke van twee van Jesus se gelykenisse geleer het waarin Jesus die mense aangaande Sy tweede koms geleer het. Hierdie les leer ons die derde gelykenis in Matthéüs 25, en tesame leer al drie hierdie gelykenisse ons hoe om voor te berei vir Jesus se tweede koms en die tyd wanneer ons deur Hom geoordeel gaan word. Een van die beste maniere om voor te berei is om aan ander van diens te wees.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prente Die Laaste Oordeel en Die Tweede Koms op geskikte tye terwyl jy hulle onderrig in gelykenis van die skape en bokke gevind in Matthéüs 25:31–46. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.)

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoe dink julle gaan dit wees wanneer Jesus weer kom?
- Jesus verduidelik dat wanneer Hy weer kom gaan Hy die nasies skei soos wat 'n herder die skape van die bokke skei. (Matthéüs 25:32.) Wie verteenwoordig die skape in dié gelykenis? (Matthéüs 25:33–36.) Wie verteenwoordig die bokke? (Matthéüs 25:33, 41–43.) Hoekom sal Jesus die skape van die bokke skei? Wat is die hoof verskil tussen die skape en die bokke?
- Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat diegene aan Sy regterhand Hom gevoed het, Hom gekleë het, en so aan? (Matthéüs 25:37–40.) Wie is "die geringstes van hierdie broeders van My"?
- Watter tipe diens lewer die regverdiges? (Matthéüs 25:35–37.) Wat word van ons verwag om te doen om as deel van die Here se skape getel te word? Help die kinders om aan maniere te dink om hierdie tipe diens te lewer. Deel voorbeelde met die kinders meë van dienslewering wat jy al teë gekom het, en nooi die kinders om voorbeelde te noem wat hulle al gesien het.
- Wat sal ons beloning wees as ons ander dien? (Matthéüs 25:34, 46.) Wat sal met diegene gebeur wat nie diens aan ander mense lewer nie? (Matthéüs 25:41, 46.)
- Wie moet ons dien? Wie ken julle wat deur ons diens gehelp kan word? (Matthéüs 25:40; sien ook Mosia 4:16.) (Sien verreikings aktiwiteit 1.)
- Hoe het Jesus diens aan ander gelewer? (Hersien 'n paar van die skriftuurlike berigte van Jesus wat die siekes genees, die kinders seën, die 5,000 voed, en so aan. Beklemtoon die liefde wat Jesus aan hierdie mense geopenbaar het terwyl Hy hierdie dinge gedoen het.) Hoe kan Sy voorbeeld van dienslewering aan ander jou help?
- Hoe kan ons ander se lewens seën deur ons diens aan hulle te lewer? Hoe het om diens aan ander te lewer julle lewens geseën? Hoe voel julle as julle diens lewer aan ander mense? Hoe voel julle oor diegene aan wie julle diens lewer?

Jy kan verreikings aktiwiteit 4 gebruik om die kinders aan te moedig om hierdie les in hul lewens toe te pas.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Deel en bespreek die volgende storie met die kinders:

   "Ek het baie herineringe aan my kindsdae. Die verwagting van Sondag aandete was een van hulle. Net wanneer ons as kinders kort voor ons sogenaamde hongersnood vlak gevladder het, en afwagtend by die tafel gaan sit het, met die aroma van geroosterde biefstuk wat die kamer gevul het, het Moeder altyd vir my gesê, Tommy, net voordat ons eet, vat gou hierdie bord kos wat ek voorberei het af in die pad na Oom Bob toe en kom dadelik terug.' Ek . . . het so vinnig moontlik na Bob se huis toe gehardloop en dan angstig gewag totdat sy bejaarde voete hom uiteindelik na die deur toe gebring het. Ek het dan die bord kos aan hom oorhandig. Hy het my dan die skoon bord van die vorige Sondag in reil gegee en wou my altyd 25¢ betaal

vir my dienste. My antwoord was altyd dieselfde: 'Ek kan nie die geld aanvaar nie. My Ma sal my velle aftrek.' Hy het . . . altyd gesê, 'My seun, jy het 'n wonderlike Moeder. Sê vir haar dankie.' . . . Ek onthou ook, dit was asof Sondag aandete altyd 'n bietjie beter geproe het nadat ek terug gekeer het van my opdrag" (Thomas S. Monson, "Die Lang Lyn Van Die Eensames," *Ensign,* Feb. 1992, bl. 4).

2. Reël dat een van die presidensie van die Verligtings Vereniging of 'n lid van die bisdom klas toe kom om te verduidelik hoe die Verligtings Vereniging medelydende diens lewer. Laat die besoeker verduidelik hoe die Kerk hulp lewer aan diegene wat in nood verkeer, insluitende hoe vas offerandes gebruik word.

3. Gee aan elke kind 'n stukkie papier en 'n potlood, en laat hulle 'n lys maak van maniere waarop hulle ander mense van diens kan wees by die huis of in hulle buurt. Daag die kinders uit om ten minste een daad van diens hierdie komende week te verrig.

4. Bespreek die volgende aanhaling:

   "Daar sal 'n wyse en juiste God wat alle mense sal oordeel. . . . Die bose mag dalk vir 'n tyd vloreer, dit mag lyk asof die rebelle voordeel trek uit hulle oortredinge, maar die tyd kom wanneer alle mense geoordeel gaan word, voor die regterstoel van God, 'elkeen volgens sy werke' (Openbaringe 20:13). Niemand sal met enigeiets 'wegkom' nie. Op daardie dag sal niemand die straf vir sy dade ontkom nie, en almal sal die seëninge ontvang wat hulle verdien het. Weereens beam die gelykenis van die skape en bokke dat daar algehele geregtigheid sal wees" (Spencer W. Kimball, *Die Wonderwerk van Vergifnis,* bl. 304–5).

5. Berei twee bokse of houers voor. Etiketeer die een boks "Skape" en die ander boks "Bokke". Plaas die "Skape" boks aan jou regter kant en die "Bokke" boks aan jou linker kant. Skryf goeie en slegte dade op apparte stukkies papier (insluitend 'n paar dade waar die kategorie nie so ooglopend is nie). Laat die kinders elk 'n daad lees en besluit of dit 'n "Skape" daad of 'n "Bokke" daad is, en plaas dit dan in die geskikte boks.

   Gebruik die dade-lys hier onder of ontwikkel een van jou eie:

   Om die waarheid aan jou ouers te vertel.
   Nie te erken as jy iets verkeerd gedoen het nie.
   Om met jou suster of broer te baklei.
   Om "Ek is jammer" te sê wanneer jy iemand se gevoelens seer gemaak het.
   Om net 'n gedeelte van die waarheid te vertel.

6. Help die kinders om Matthéüs 25:40 te memoriseer.

7. Sing of lees die woorde tot "Ek Probeer Om Soos Jesus Te Wees" (*Kinder Sangbundel,* bl. 78).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig daarvan dat Jesus wil hê dat ons diens aan andere moet lewer en dat ons geseën word wanneer ons dit doen. Deel jou gevoelens aangaande die geleenthede wat bestaan vir ons om diens te lewer meë met die klas.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 25:35–40 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
28

# Jesus Christus Wek Lasarus Uit die Dood Op

**Doel**

Om elke kind te help verstaan dat omdat Jesus Christus die Seun van God is, Hy mag het oor die dood.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 11:1–46 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Hersien Lukas 7:11–17; 8:41–42, 49–56.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Nuut gesnyde takkie of 'n nuwe blaar en 'n dooie een (of 'n prentjie van elk van die twee).
   c. Prente 7-27, Die Opwekking van Lasarus deur Jesus (Evangeliekuns Skildery Ransel 222; 62148), en 7-18, Jesus Seën Jaïrus se Dogter (Evangeliekuns Skildery Ransel 215; 62231).

**Voorge-stelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Wys die nuut gesnyde takkie of blaar en die dooie een aan die kinders. Vra die kinders om oor die verskille tussen die twee te praat.

- Is daar enige iets wat ons kan doen om die dooie takkie soos die nuut gesnyde een te laat lyk?
- Wat sal nou met die nuutgesnyde takkiegebeur sienende dat dit van die plant afgesny is?
- Wie het die krag om iets weer uit die dode lewendig terug te bring?

Verduidelik dat Jesus mag het oor die dood? Hy het talle mense wat dood was weer lewendig gemaak.

Skriftuurlike Berig

Hersien kortliks die berigte van Jesus wat die weduweë van Nain se seun uit die dode gereis het (Lukas 7:11–17) en Jaïrus se Dogter (Lukas 8:41–42, 49–56). Onderrig die kinders dan in die storie van Jesus wat Lasarus uit die dode gewek het soos gevind in Johannes 11:1–46. Vertoon die prente op geskikte tye. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Verduidelik dat toe Jesus mense uit die dood gewek het, het Hy wonderwerke verrig wat getuig het dat Hy die Seun van God was en dat Hy mag gehad het oor die dood. Verduidelik aan die kinders as gevolg van die Joodse gebruike in daardie tyd, waar bure en vriende vir 'n paar dae saam met die familie gerou het na iemand se afsterwe, was daar baie mense saam met Maria en Marta nadat Lasarus gesterf het, wat hierdie magtige wonderwerk wat Jesus verrig het, gesien het.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Hoe lank het Jesus gewag voordat Hy na Betánië vertrek het, nadat Hy die boodskap ontvang het dat Lasarus siek was? (Johannes 11:6) Hoe lank het Lasarus se liggaam al in die grafkelder gelê toe Jesus daar opgedaag het? (Johannes 11:17.) Hoekom dink julle het Jesus so lank gewag voordat Hy gegaan het? (Sodat almal verseker kon weet dat Lasarus dood was, en om hom uit die dode te wek sou 'n sterker getuie wees van Jesus se goddelike krag en sending [Johannes 11:4, 15].)
- Wat het Marta en Maria vir Jesus gesê toe Hy daar opdaag? (Johannes 11:21–22, 32.) Wat het Marta gedink toe Jesus haar vertel het dat Lasarus weer sou opstaan? (Johannes 11:23–24.) Wat was Marta se getuienis alreeds voordat sy haar broer uit die dode opgewek gesien het? (Johannes 11:27.)
- Hoekom het Jesus tot Hemelse Vader gebid voordat Hy Lasarus uit die dode gewek het? (Johannes 11:41–42.) Wat wou Jesus hê dat die mense moes verstaan? (Dat Hy deur Hemlse Vader gstuur is.)
- Wat het Jesus aan Lasarus gesê? (Johannes 11:43.) Wat het gebeur? Waarin was Lasarus gekleë? (Johannes 11:44.)
- Hoe dink julle het Maria, Marta en al die ander mense gevoel toe hulle die wonderwerk aanskou het? Hoe dink julle sou julle gevoel het as julle daar was? Wat het die mense gedoen nadat hulle hierdie wonderwerk gesien het? (Johannes 11:45–46.) Hoe sou julle geloof in Jesus geafekteer gewees het as julle Lasarus gesien het toe hy uit die grafkelder uitgeloop gekom het?
- Hoekom kon Jesus Lasarus uit die dode opwek? Hoe laat dit julle voel om te weet dat Jesus krag het om iemand uit die dode op te wek? Hoe help hierdie wonderwerk ons om te weet dat Jesus Christus die Seun van God is? (Johannes 11:4.)
- Wat het Jesus later gedoen wat bo alle twyvel bewys het dat Hy mag oor die dood het. (Hy het uit die dode opgestaan. Help die kinders om te verstaan dat toe Lasarus terug gekom het van die dode af, was hy nog steeds sterflik en sou hy later weer sterf. Wanneer mense deel het aan die opstanding, sal hulle nooit weer sterwe nie. Hulle sal verewig lewe.)
- Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat Hy "die opstanding en die lewe" was? (Johannes 11:25.) Wat beteken dit vir ons?

Verduidelik dat Jesus nie net die krag het om iemand uit die dode tot sterflikheid op te wek nie, soos die geval was met Lasarus, maar Hy het ook 'n belangriker krag waarmeë Hy almal uit die dood gaan opwek tot onsterflikheid. Elke persoon wat op hierdie aarde gebore was, sal uit die dode opgewek word. En, deur Sy versoening het Jesus die krag om aan almal wat Hom gehoorsaam het, en Hom gevolg het, die ewige lewe te gee. Hy is die bron van opstanding en ewige lewe vir elkeen van ons.

Uitdaging

Daag die kinders uit om die storie van Jesus wat Lasarus uit die dode opgewek het aan iemand anders gedurende die komende week te vertel.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Vra die kinders om hulself te verbeel dat hulle Maria, Marta en die Jode is wat teenwoordig was toe Jesus vir Lasarus uit die dode opgewek het. Vra nog ‘n kind om ‘n onderhoud te voer met die mense om uit te vind wat gebeur het, wat hulle gesien het, hoe hulle gevoel het toe hulle Lasarus gesien het waar hy uit die grot uitgeloop het, en wat hulle gevoelens was omtrent Jesus?

2. Berei strokies papier voor wat na gebeure verwys, soos die volgendes, waar iemand getuig het dat Jesus Christus die Seun van God is. Berei ‘n ander groep papiere voor met skrif-verwysings wat die gebeure beskryf:

   Gebeurtenis: Jesus se geboorte

   Skriflesing: ‘n Engel het gesê, “Dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.” (Lukas 2:11).

   Gebeurtenis: Jesus se Doop.

   Skriflesing: Daar was ‘n stem uit die hemel, “Jy is My Geliefde Seun”; die Gees van God het neergedaal in die teken van ‘n duif (Markus 1:9–11).

   Gebeurtenis: Jesus loop op die water.

   Skriflesing: Jesus se dissipels op die skip sê, “Waarlik, U is die Seun van God!” (Matthéüs 14:25–27, 32–33).

   Gebeurtenis: Jesus genees die man wat blind gebore was.

   Skriflesing: “Toe sê [die man], Ek glo[dat U die Seun van God is], Here! En hy het Hom aanbid” (Johannes 9:32, 35–38).

   Gebeurtenis: Petrus getuig van Christus.

   Skriflesing: Toe Jesus Sy dissipels gevra het wie hulle dink Hy was, het Petrus geantwoord, “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Matthéüs 16:13–16).

   Gebeurtenis: Joseph Smith se eerste visioen.

   Skriflesing: Hemelse Vader het gesê, “Dit is My Geliefde Seun. Luister na Hom!” (Joseph Smith—Geskiedenis 1:17).

   Plaas die papiere wildweg gesig na onder op die vloer of op ‘n tafel. Laat ‘n kind opkom en twee papiere omdraai en probeer om die gebeurtenis met die gepaste skriflesing te verbind. Draai die papiere weer om, as die twee papiere nie bymekaar pas nie, en laat nog ‘n kind ‘n beurt neem. As al die papiere met mekaar verbind is voordat al die kinders ‘n beurt gehad het, laat hulle weer die speletjie speel.

3. Help die kinders om Johannes 11:25 te memoriseer.

**Slot**

Getuienis

Getuig dat Jesus Christus die Seun van God is, en dat Hy krag het oor die dood. Verklaar jou liefde vir die Verlosser en jou dankbaarheid aan Hom vir Sy Versoening, wat dit moontlik gemaak het vir ons om opgewek te word uit die dood, en om die ewige lewe te beërwe.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Johannes 11:39–46 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
29

# Jesus Christus se Triomfantlikke Intog en die Laaste Avendmaal

**Doel**

Om elke kind te help verstaan hoe belangrik dit is om elke week die nagmaal te gebruik as herinnering om Jesus Christus altyd te onthou.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 21:1–11; Markus 14:12–26; Lukas 19:29–38; 22:15–20; en Leer en Verbonde 20:77, 79 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Aanvullende Leeswerk: die opskrif tot Leer en Verbonde 27, Leer en Verbonde 27:2, en *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 23
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of 'n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. 'n Aantal afskrifte van die Leer en Verbonde.
   c. Papier en potlood vir elke kind (opsioeneel).
   d. Prente 7-28, Intog van Jesus in Jerusalem (Evangeliekuns Skildery Ransel 223; 62173), en 7-29, Die Laaste Pasga (Evangeliekuns Skildery Ransel 225; 62174).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Verdeel die klas in groepe op, en vra die kinders om aan dinge te dink wat hulle dalk in hulle huise kan doen as hulle 'n spesiaale gas gaan hê wat vir hulle families gaan keier, soos om die huis skoon te maak, spesiaale kos voor te berei, en so voorts. Laat elke groep rolspel wat hulle sou doen, en laat die res van die klas raai wat dit is wat hulle doen.

- As die Verlosser na julle huis toe sou kom, wat sou julle doen om voor te berei? Vertel die kinders dat hierdie les handel oor 'n tyd toe die mense 'n spesiaale welkom voorberei het vir die Verlosser om te wys hoe veel hulle Hom eer en respekteer.

Skriftuurlike Berigte en Bespreking en Toepassings Vrae

Vertoon die prent Intog van Jesus in Jerusalem. Onderrig die kinders in die berig van Jesus se triomfantlike intog in Jerusalem (Matthéüs 21:1–11; Lukas 19:29–38). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.)

- Wat het die mense gedoen toe hulle gehoor het dat Jesus Christus na hulle stad toe kom? (Matthéüs 21:8–9.) Hoe dink julle het hulle oor Jesus gevoel? Hoe dink julle sou julle gevoel het as julle daar was?

- Hoekom het die mense “Hosanna” geskreeu terwyl hulle saam met Jesus in Jerusalem ingeloop het? (Help die kinders om te verstaan dat dit die mense se manier was om Jesus te prys en te aanbid en te wys dat hulle geglo het dat Hy die Seun van God is.) Hoe aanbid ons Hemelse Vader en Jesus Christus vandag? (Wanneer ons nagmaal dienste bywoon, die skrifture lees, gesange sing, bid, en die nagmaal gebruik.)

Onderig die kinders in die verslag van die Laaste Avendmaal soos gevind in Markus 14:12–26 en Lukas 22:15–20. Vertoon die prent van Die Laaste Avendmaal. Verduidelik dat die Pasga ‘n rituele maaltyd was wat die mense elke jaar geëet het om hulle te herinner aan die tyd toe die doodsengel hulle voorvaders in Egipte se huise verbygegaan het en nie hulle eersgebore seuns dood gemaak het nie (sien Exodus 12:21–30).

- Hoekom noem ons die Pasga die Laaste Avendmaal? (Lukas 22:15–18.) Wat het Jesus tydens hierdie ete gedoen? (Markus 14:22–24.) Hoekom het Hy dit gedoen? (Om hulle in die belangrikheid van die versoening te onderrig. Hy het die nagmaal ingestel om ons te help om Hom en Sy versoening altyd te onthou.)
- Wat het Jesus gesê stel die brood voor? (Markus 14:22.) Wat het Jesus gesê stel die wyn voor? (Markus 14:23–24. Verduidelik dat ons vandag water instede van wyn gebruik.) Help die kinders om te verstaan dat die brood en water simbole, of herineringe is, van Jesus se liggaam en bloed.
- Hoe was die Laaste Avendmaal soortgelyk aan ons nagmaal dienste vandag? Herinner die kinders dat net soos Jesus brood gebreuk en die brood en wyn geseën en bedien het, só vervul priesterskap houers vandag dieselfde take. Jy wil dalk van die geleentheid gebruik maak om die jong seuns te herinner dat wanneer hulle die priesterskap ontvang het hulle daarmeë saam die gesag ontvang om Jesus Christus by die nagmaal tafel te verteenwoordig.

Indien enige van die kinders wil weet hoekom ons water instede van wyn vir die nagmaal gebruik, verwys hulle na Leer en Verbonde 27:1–2.

- Laat die kinders Leer en Verbonde 20:77, 79 lees. Wat is hierdie twee verse? Verduidelik dat Jesus die woorde tot die twee nagmaal gebede openbaar het en dat die priesters gelas word om die woorde te herhaal presies soos wat dit in die Leer en Verbonde geskryf staan.
- Wat belowe ons om te doen, wanneer ons “amen” sê tot die nagmaal gebede en die nagmaal neem? Wat belowe die Here ons in ruil? Hoekom is dit vir ons belangrik om Jesus altyd te onthou? Wat kan julle doen om die Verlosser altyd te onthou? (Sien verreikings aktiwiteit 3.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Hersien die doops verbonde in les 6. Verduidelik dat die beloftes in die nagmaal gebede dieselfde is as die in die doops verbonde. Wanneer ons van die nagmaal neem, hernu ons ons doops verbonde. Jy kan die volgende woordstrokies vertoon:

Ek belowe
om die naam van Jesus Christus op myself te neem.
om Hom altyd te onthou.
om Sy gebooie te onderhou.

Die Here belowe my dat
Ek altyd Sy Gees met my sal hê.

2. Vra die kinders of hulle hul name vir ‘n spesifieke doel ontvang het. Vra die kinders wat na iemand vernoem is om te praat oor hoe dit voel om daardie persoon se naam te hê. Vra diegene wat spesiale familie name het om te praat oor wat dit vir hulle beteken om daardie name te hê. Praat dan met die kinders oor wat dit beteken om Christus se naam op ons te neem wanneer ons lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae word. Help die kinders om te verstaan dat ons optrede as lede van die Kerk geskik behoort te wees vir iemand wat ‘n volgeling van Jesus Christus is.

3. Laat die klas ‘n lys maak van maniere hoe ons Jesus beide tydens die nagmaal diens en ons daaglikse lewe kan onthou. Voorstelle mag die volgende insluit:

   Gedurende die nagmaal diens:
   Dink aan hoe Hy vir ons gelei en gesterf het.
   Dink aan die woorde tot ‘n nagmaal gesang.
   Dink aan stories uit Jesus se lewe (laat die kinders spesifieke stories voorstel).
   Dink aan een van Jesus se leerstellings wat jy wil begin lewe of beter lewe.
   Dink aan jou doops verbonde.

   In ons daaglikse lewe:
   Bid elke dag aan Hemelse Vader in die Naam van Jesus Christus.
   Wees ons ouers gehoorsaam.
   Wees goedhartig teenoor familie lede.
   Lees die skrifture
   Gehoorsaam die gebooie.
   Wees eerbiedig in heilige plekke.
   Help ander wat in nood verkeer.
   Woon Kerk aktiwiteite by.

   Jy kan die kinders vra om elk een van die voorstelle op ‘n stukkie papier neer te skryf en dit as ‘n herinnering te hou vir gedurende die week.

4. Bespreek die doel van nagmaal gesange met die kinders deur hulle die volgende vrae te vra:

   - Hoekom sing ons ‘n gesang net voordat die nagmaal geseën word?
   - Van wie vertel die nagmaal gesang ons?

   Moedig die kinders aan om elke week na die woorde van die nagmaal gesang te luister. Jy kan een van die nagmaal gesange saam met die kinders sing of die musieksnut tot ‘n gesang speel terwyl almal in die klas aan Jesus Christus dink. Jy kan “Jesus, dié Einste Gedagte Van U” gebruik (*Gesange,* no. 141). Jy kan ook die wyk koor-knaap vra om hierdie gesang in volgende week se nagmaal diens te gebruik.

5. Sing of lees die woorde tot “Ter Nagedagtenis van die Gekruisigde” (*Gesange,* no. 190).

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Betuig Jesus Christus en Sy liefde vir elkeen van ons. Beklemtoon dat deur Hom te onthou sal ons help om die regte keuses te maak sodat ons weer saam met Hom kan wees. Moedig die kinders aan om aan die Verlosser te dink soos wat hulle elke week die nagmaal gebruik en om te belowe om te lewe soos wat hulle moet. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Markus 14:12–26 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les. |
| | Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer. |

Les
30

# Jesus Christus In Getsémané

**Doel**

Om die kinders te help om liefde teenoor hulle Heiland, Jesus Christus, te voel vanweë Sy leiding en versoenings vir ons sondes.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 26:36–46, Lukas 22:40–46, Johannes 3:16, 15:12–13, Mosia 3:7, en Leer en Verbonde 19:15–18 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. 2 Nefi 9:21–22, Alma 34:9, Leer en Verbonde 76:41–42, en *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 12.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of ‘n Nuwe Testament vir elke Kind.
   b. Die volgende woordstrokies:
      Wat is die Versoening?
      Hoekom het ons die Versoening nodig?
      Ons gaan almal sterwe.
      Almal van ons sondig.
      Jesus Christus is ons Verlosser en Heiland.
      Hy is sondeloos.
      Hy het krag oor die dood.
   c. Prente 7-1, Jesus, die Christus (Evangeliekuns Skildery Ransel 240; 62572), en 7-30, Jesus Bid in Getsémané (Evangeliekuns Skildery Ransel 227; 62175).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vra die kinders of enige van hulle met die klas wou deel hoe verlede week se les hulle gehelp het om hulle aanbidding gedurende die nagmaal diens te verbeter.

Aandag Aktiwiteit

Vra die kinders om ‘n situasie soortgelyk aan die volgende een te verbeel (wees beskrywend, maak die situasie so geloofwaardig as moontlik):

Verbeel julle dat jul familie ‘n naasbestaande besoek. Jy is ongehoorsaam aan jou ouers en gaan in een van die kamers in waarin jy nie mag gaan nie. Jy breek per ongeluk ‘n baie waardevolle voorwerp.

- Hoe sou jy voel?
- Wat sal jy aan die eienaar sê?
- Wat kan jy doen om die gebreekte voorwerp te vervang?
- Wat sou jy doen as jy nie genoeg geld het om presies dieselfde voorwerp te koop nie? Hoe sou jy daarvoor betaal?

Verduidelik dat jou vader jou sou help want hy is lief vir jou. Hy sê as jy waarlik jammer is, gehoorsaam is, en betaal wat jy kan, sal hy jou help deur die verskil in te betaal.

- Hoe sal jy voel? Sou jy die prys by jouself kon betaal? Hoe sou jy voel omdat jou pa jou help?

Verduidelik dat omdat ons gekies het om op hierdie aarde gebore te word, het elkeen van ons hulp nodig om dit moontlik te maak om terug te keer na Hemelse Vader toe.

Help die kinders om te verstaan dat omdat Hemelse Vader en Jesus Christus ons lief het, het Hulle 'n plan om ons te help om iets te doen wat ons nie vir onsself kan doen nie. Hierdie les handel oor daardie plan; dit handel oor die groot offerande wat Jesus Christus gemaak het om te betaal vir ons sondes en die dood te oorwin. Hierdie offerande word die Versoening genoem. Vertoon die prent van Jesus, die Christus.

Kort Hersiening

Laat die kinders die derde geloofsartikel herhaal. Vra hulle om dan die doel van ons aardse lewe te hersien en hoekom die Versoening noodsaaklik is vir ons verlossing. Gebruik die woordstrokies wat gelys is in die "Voorbereiding" afdeling, om te help met die hersiening.

"Wat is die Versoening?" (Die Versoening is Jesus Christus se vrywillige daad van leiding vir ons sondes en die gee van Sy lewe aan die kruis om die dood te oorkom.)

"Hoekom het ons die Versoening nodig?" (Herinner die kinders aan Hemelse Vader se plan. Ons het gekies om aarde toe te kom en sterflik te word. Ons fisiese liggame sal eendag sterwe.)

"Ons sal almal sterf." (Ons het 'n Verlosser nodig om ons van fisiese dood te red en die opstanding moontlik te maak.)

"Almal van ons sondig." (Deur sonde is ons onwaardig om terug te keer na Hemelse Vader se teenwoordigheid. Ons het 'n Heiland nodig om vir ons sondes te betaal wanneer ons bekeer.)

"Jesus Christus is ons Verlosser en Heiland." (Beklemtoon dat Jesus Christus vrywillig ingestem het om ons Verlosser en Heiland te wees; Hy was gewillig om Sy lewe vir ons op te offer.)

"Hy is sondeloos." (Omdat Jesus Christus perfek was, is hy die enigste persson wat ons Verlosser en Heiland kon wees.)

"Hy het krag oor die dood." (Omdat Jesus Christus sondeloos was en die Eeniggebore Seun van God is, het Hy krag oor die dood gehad.)

Lees Johannes 3:16 saam met die klas. Nooi enige van die kinders uit om te sê hoe hulle voel aangaande die feit dat Hemelse Vader en Jesus Christus ons met hierdie wonderlike plan voorsien het. Deel jou gevoelens van liefde vir Hemelse Vader en Jesus Christus met die klas en vertel hoe graag jy wil terugkeer en weer saam met Hemelse Vader en Jesus Christus wil woon.

Skriftuurlike Berig

Vertoon die prent van Jesus Bid in Getsémané. Onderig die kinders in die berig van Jesus in Getsémané soos gevind in Matthéüs 26:36–46, Lukas 22:40–46, en Leer en Verbonde 19:16–18. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag aan ander te leer, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Verduidelik dat

Jesus Sy sending verstaan het en geweet het dat die tyd aangebreek het dat Hy groot pyn en leiding moes verduur as versoening vir die sondes van die wêreld.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Om die Skrifture saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig in die skrifture te vind.

- Wat het Jesus gesê toe hy in die Tuin van Getsémané tot Hemelse Vader gebid het? (Matthéüs 26:39, 42, 44.) Hoekom was Jesus gewillig om Hemelse vader se plan te volg ten spyte van die verskriklike leiding wat Hy sou moes deurgaan? (Hy het Hemelse Vader lief gehad en vertrou, en het ons ook lief gehad.)
- Wat het met Jesus gebeur terwyl Hy in die Tuin van Getsémané gebid het? (Lukas 22:44; Mosia 3:7.) Wie het aan Jesus verskyn om Hom te versterk? (Lukas 22:43.)
- Vir wie het Jesus in die Tuin van Getsémané gelei? (L&V 19:16.)

Help die kinders om te verstaan dat Jesus ook aan die kruis gelei het, maar dat Sy ergste leiding in die Tuin van Getsémané plaasgevind het, waar Hy bloed gesweet het.

Lees die volgende aanhaling van Oudeling Marion G. Romney: "Die Verlosser . . . het die prys vir my persoonlike sondes betaal. Hy het die prys vir jou persoonlike sondes betaal en vir die persoonlike sondes van elke lewende siel wat nog ooit op hierdie aarde gelewe het en nog ooit op hierdie aarde sal lewe" (*Improvement Era,* Des. 1953, bl. 942–43).

- Hoe erg was Jesus se leiding? (L&V 19:18.)
- Hoekom was Jesus gewillig om hierdie leiding deur te maak? (Johannes 15:12–13.) Hoe maak dit julle voel om te weet dat Jesus vir julle sondes gelei en versoen het? Hoe kan ons aan Jesus wys dat ons dankbaar is vir die Versoening?
- Wat moet ons doen sodat Jesus se leiding vir ons sondes kan betaal? (Bekeer, gedoop word, en die doops verbonde onderhou.) Hoe laat Jesus se versoening ons toe om na Hemelse Vader toe terug te keer? Wat sal gebeur as ons nie bekeer nie? (L&V 19:15–17.)

Help die kinders om te verstaan dat ons Christus se Versoening aanvaar deur van ons sondes te bekeer, gedoop te word en die Heilige Gees te ontvang, en om Jesus se gebooie te onderhou. Wanneer ons hierdie dinge doen, kan ons van ons sondes gereinig word en vir ewig saam met Hemelse Vader woon.

Geloofsartikel

Hersien, bespreek en help die kinders om die derde geloofsartikel te memoriseer.

---

**Vereikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Berei 'n lys soortgelyk aan die volgende verse voor (of jy kan hulle op die swart bord skryf) en 'n lys, in 'n aparte kolom, van elke vers se boodskap. Skommel die skrif verwysings op sodat hulle nie reg langs die ooreenstemmende boodskap staan nie. Laat 'n kind die vers opsoek, besluit watter

boodskap dit bevat, en ‘n lyn trek van die skrif verwysing tot by sy ooreenstemmende boodskap. Gee elke kind ‘n kans.

Matthéüs 16:21 (Jesus se leiding was noodsaaklik.)

Johannes 3:16 (Jesus het aarde toe gekom want Hy en Hemelse Vader het ons lief gehad.)


Johannes 10:17–18 (Jesus het die krag om Sy lewe neer te lê en dit weer op te neem.)

1 Petrus 1:19–20 (Jesus was in die Hemel gekies om ons Verlosser te wees.)

1 Johannes 1:7 (Die Versoening van Jesus Christus reinig ons van sonde indien ons bekeer.)

Leer en Verbonde 20:29 (Ons kan slegs gered word in die Koninkryk van God as ons van ons sondes bekeer, in Jesus Christus glo, en gedoop word.)

2. Vertel die kinders die volgende storie, en gebruik die diagram soos jy wil:



‘n Man wat langs die pad geloop het, het in ‘n put geval wat so diep was dat hy nie self daar kon uitklim nie. Hy het alles probeer, maar kon nie homself uit die gat uit kry nie. Die man het om hulp geroep en gejubel van blydskap toe ‘n vriendelike verbyganger hom gehoor het en ‘n leer in die put afgestuur het. Dit het hom gehelp om uit die put uit te klim en weereens sy vryheid te herwin.

Ons is soos die man in die put. Deur te sondig is dit soos om in die put te val, en ons kan nie self daaruit kom nie. Net soos wat ‘n vriendelike verbyganger die man se hulp krete gehoor het, het Hemelse vader Sy Eeniggebore Seun gestuur om ons te help ontsnap. Jesus Christus se Versoening kan vergelyk word met die afsak van die leer in die put; dit gee ons die middele om uit te klim. Net soos wat die man in die put teen die leer moes uitklim, net so moet ons van ons sondes bekeer en die evangeliese beginsels en ordinansies gehoorsaam om uit die put te klim en die Versoening maak werk in ons lewens. Dus, na alles wat ons kan doen, maak die Versoening dit vir ons moontlik om waardig te word om terug te keer na Helse Vader se teenwoordigheid.

3. Lees Mosia 14:3–5 en Alma 7:11–12. Bespreek hoe Jesus Christus, deur die Versoening, nie net vir ons sondes gelei het nie, maar ook vir ons pyn, siektes, en droefheid. Hy verstaan alles wat ons hier op aarde deurmaak en lei perfek. Deur Sy liefde en medelyde, sal Hy ons met al ons probleme en uitdagings help.
4. Help die kinders om Johannes 3:16 te memoriseer.
5. Sing of lees die woorde tot "Ek Staan So Verbaas" (*Gesange,* no. 193) of "Help Ons, O God, Om Te Verstaan" (*Kinder Sangbundel,* bl. 73).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig daarvan dat Jesus Christus ons Verlosser en Heiland is. Betuig jou liefde vir Jesus en Hemelse Vader en spreek jou dankbaarheid uit teenoor Hulle omdat Hulle 'n manier verskaf het vir ons om sonde en die dood te oorwin en weer saam met Hulle te lewe.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs 26:36–46 en Leer en Verbonde 19:16–18 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Jesus Christus se Verraad, Arrestasie en Verhoor

Les 31

**Doel**

Om elke kind se toevertoue te versterk om dapper te wees in sy of haar getuienis van Jesus Christus.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 26:14–16, 47–27:31 en Lukas 22:47–23:25 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Sryf die volgende woorde of uitdrukkings op aparte kaartjies: *Seun van God, Verlosser, Heiland, goddelik, volmaak, almagtig, liefdevol, Skepper, onderwyser, heler, op gespoeg, verraai, valslik beskukdig, geslaan, geklap, gegesel (geslaan), vasgebind, bespot, bekroon met dorings, veroordeel om te sterf.*
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Kleefband of ‘n manier om die kaartjies te vertoon.
   c. Prente 7-31, Die Verraad van Jesus Christus (Evangeliese Kuns Ransel 228; 62468), en 7-32, Petrus se Verloëning (Evangeliese Kuns Ransel 229; 62177).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Skommel die kaartjies wat jy voorberei het en plaas hulle onderstebo op die tafel of vloer neer. Verduidelik vir die kinders dat sommige van die kaartjies Jesus beskryf en ander beskryf wat na aan die einde van Sy lewe aan Hom gedoen was. Laat die kinders beurte maak om ‘n kaartjie te kies, te lees en te plaas op een van twee hope. Hulle moet op die eerste hoop die woorde sit wat Jesus beskryf en op die ander hoop moet hulle die woorde sit wat vertel wat aan Hom gedoen is naby die einde van Sy lewe.

Hersien kortliks die gebeurtenisse wat plaasgevind het in die Tuin van Getsémané en vertel vir die kinders dat hulle in hierdie les gaan leer oor die gebeurtenisse wat plaasgevind het kort nadat Jesus klaar gebid het in die Tuin van Getsémané.

Skriftuurlike Verslag

Leer vir die kinders die verslag van Jesus se verraad, arrestasie en verhoor (Matthéüs 26:14–16, Matthéüs 26:47–27:31 en Lukas 22:47–23:25). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Vra vir die kinders om te luister vir die woorde wat beskryf wat aan Jesus gedoen was. Help hulle om te verstaan dat Jesus Sy krag kon gebruik het om Homself van mishandeling te beskerm, maar Hy het geweet dat dit deel was van die lyding wat Hy moes verdra om Sy aardse sending te vervul en die Versoening te voltooi (sien Mosia 15:5).

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wie het Jesus verraai? (Matthéüs 26:14–16.) Hoe het Judas Hom verraai? (Matthéüs 26:48.) Wat het met Judas gebeur? (Matthéüs 27:3–5.)
- Hoekom het Jesus Sy Apostels gekeur om Hom te verdedig? (Matthéüs 26:51–54; Lukas 22:49–51.) Watter les dink julle het Sy dissipels geleer toe Jesus die gewonde man se oor genees het? Hoekom dink julle het die Apostels weggehardloop en Jesus verlaat? (Matthéüs 26:56.) Wat dink jy sou jy gedoen het as jy daar was?
- Hoekom het Jesus nie Sy aanklaers gedurende Sy verhoor geantwoord nie? (Matthéüs 26:62–63; 27:12–14; Lukas 23:9.) (Sien verreikings aktiwiteite 3.) Verduidelik dat toe Jesus gevra was of Hy Christus, die Seun van God, of Koning van die Jode was, het Hy geantwoord (sien Matthéüs 26:63–64; 27:11). Wys daarop dat Jesus nie Sy identiteit ontken het of Homself probeer red het nie. Jesus het geweet dat Hy gekruisig moet word om Sy sending op aarde te voltooi.
- Verwys weer na die lys van woorde in die aandag aktiwiteit wat beskryf wat die mense aan Jesus gedoen het? Waaraan dink jy wanneer jy hierdie woorde lees? Hoe voel jy oor die vreeslike goed wat die mense aan Jesus gedoen het? Was enige iemand al ooit onvriendelik gewees met jou omdat jy in Jesus Christus glo of omdat jy kerk toe gaan? Wat het jy gedoen?
- Hoeveel keer het Petrus ontken dat hy Jesus geken het? (Lukas 22:54–60.) Hoekom dink julle het Petrus dit gedoen? Hoe het Petrus gevoel toe hy besef het wat hy gedoen het? (Luke 22:61–62.) Help die kinders om te verstaan dat Petrus nog nie die gawe van die Heilge Gees ontvang het nie. Petrus was 'n fantastiese man wat later President van die Kerk geword het en sy lewe gegee het vir sy getuienis. Hoe kan ons dapper wees in ons getuienis van Jesus Christus, maak nie saak watter uitdagings ons trotseer nie? (Sien verreikings aktiwiteit 5.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Laat die kinders elk een van Jesus se kwaliteite of eienskappe noem wat hulle besonder waardeer.
2. Hersien die eerste en derde geloofsartikels. Help die kinders om te verstaan dat hierdie geloofsartikels ons herinner van Jesus Christus se Goddelikheid en die belangrikheid van Sy sending.
3. Sit die volgende woorde op tekens: *Kájafas, Pilatus,* en *Herodes.* Gee hierdie tekens aan drie verskillend kinders en verduidelik dat elkeen van hierdie heersers 'n verskillende verantwoordelikheid in die land gehad het. Laat die "heersers" in verskillende plekke in die vertrek staan en laat die res van die klas hulle besoek terwyl die drie kinders die volgende toesprake lees. Of laat die drie kinders voor in die klas staan om hulle rolle voor te lees:

*Kájafas:* My naam is Kájafas. Ek is die Joodse hoëpriester, wat beteken dat ek die godsdienstige leier van die Jode is. Ek wou Jesus tot dood veroordeel, maar ek moes goedkeuring van die Romeinse leier kry, toe stuur ek Hom na Pilatus toe.

*Pilatus:* My naan is Pontius Pilatus. Ek is 'n Romeinse goewerneur, wat beteken dat ek die politieke leier van Judéa is. Die Jode wou hê dat ek Jesus tot dood veroordeel, maar ek kon geen fout in Hom vind nie. Ek het Hom na Herodes gestuur.

*Herodes*: My naam is Herodes. Ek is 'n Jood en die Romeine het vir my koning gemaak oor Galiléa. Pilatus het Jesus na my toe gestuur omdat ek die koning is oor die gebied waar Jesus grootgeword het. Ek was gretig om hierdie man genaamd Jesus te sien. Ek het van Hom gehoor en wou sien hoe Hy 'n wonderwerk doen, maar Hy het geweier om met my te praat of om my vrae te beantwoord. Ek het Hom teruggestuur na Pilatus toe.

*Pilatus*: Ek kon steeds geen rede vind om hierdie man tot die dood te veroordeel nie, maar die mense het daarop aangedring. Ek het uiteindelik opgehou om vir die mense te probeer vertel dat ek geen fout gevind het met Jesus nie en die mense toegelaat om Hom weg te neem om Hom te kruisig.

Nadat die drie kinders teruggegaan het na hulle sitplekke toe, bespreek hoe dit vir Jesus sou gewees het om voor elk van hierdie mans te gaan en deur hulle ondervrae te word.

4. Skryf sommige situasies, soos die volgende, op strokies papier neer, wat moeilik mag wees vir die kinders om te trotseer (gebruik situasies wat geskik sal wees vir jou klas):

   Iemand lag vir jou omdat jy kerk toe gaan.

   Iemand probeer jou ompraat om sommige dwelms te probeer of om 'n sigaret te rook.

   Jy sien 'n skoolmaat wat gemeen is teenoor 'n ander kind.

   Jou nie-lid vriende vra jou om jou geloofsoortuigings te verduidelik.

   'n Skoolmaat vra jou om 'n leuen te vertel om hom of haar uit die moeilikheid te hou.

   Laat die kinders beurte neem om 'n strokie te trek en dit te lees. Laat die klas elke situasie bespreek en besluit wat die regte ding sal wees om te doen. Beklemtoon dat dit somtyds moeilik is om dapper te wees in ons getuienis van Jesus Christus, maar ons sal baie geseën word waanneer ons dapper is.

5. Gee vir elke kind een of twee van die kaartjies wat vir Jesus beskryf (jy kan ook ander woorde of uitdrukkings wat vir Jesus beskryf gebruik). Vra die kinders om vir jou te vertel wat hulle gedink het toe hulle die woorde op hulle kaartjies gelees het. Vra hulle om in hulle gedagtes te besluit of hulle werklik weet dat Jesus die Seun van God, die Verlosser, die Heiland is, en so aan. Nooi die kinders om te beskryf hoe dié kennis en getuienis van Jesus Christus hulle al geseën het.

6. Laat die klas sing of nooi iemand na die klas om "Hy Het Gesterf Sodat Ons Weer Kan Lewe" (*Kinder Sangbundel,* bl. 65) te sing.

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Lewer jou getuienis van die goddelikheid van Jesus Christus, en deel met die kinders mee hoe belangrik hierdie getuienis vir jou is. Deel jou dankbaarheid mee vir Jesus se bereidwilligheid om te ly en te sterf sodat ons uit die dode kan opstaan en die ewige lewe kan hê. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Matthéüs 26:47–54 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.<br><br>Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer. |

# Jesus Christus se Kruisiging en Begrafnis

Les
32

**Doel**

Om elke kind se getuienis te versterk dat ons weer sal lewe omdat Jesus vir ons gesterf het.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 27:32–66, Lukas 23:26–56, en Johannes 10:17–18, 19:13–42 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Addisionele leeswerk: Markus 15:20–47.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. 'n Kopie van die Boek van Mormon.
   c. Prente 7-33, Die Kruisiging (Evangeliese Kuns Ransel 230; 62505); 7-34, Begrafnis van Jesus (Evangeliese Kuns Ransel 231; 62180); en 7-35, Jesus se Grafkelder (Evangeliese Kuns Ransel 232; 62111).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Deel die volgende verhaal met die kinders mee:

Aandag Aktiwiteit

Op 'n koue, winteragtige dag het 'n vliegtuig teen 'n brug in Washington, D.C. gebots, en in die ysige Potomac Rivier gestort. Baie mense het doodgegaan, maar ses mense het aan die vliegtuig se stert vasgehou terwyl mans in 'n helikopter 'n reddingstoestel vir hulle gegooi het. Die water was baie koud en dit was moeilik om aan die vliegtuig vas te hou. Hierdie mense was bang dat hulle sou doodgaan voor hulle beurt sou kom om die reddingstoestel te gryp en hulle na veiligheid gedra word.

Elke keer wanneer die reddingspan die reddingstoestel na een man toe laat sak het, het hy dit aangegee vir iemand anders sodat die ander persoon eerste gered kon word. Hy het dit gedoen totdat almal anders gered was, maar toe kon hy nie langer vashou nie. Toe die helikopter terugkom om hom te kom haal, het hy onder die water verdwyn. Hy het doodgegaan voordat enige iemand hom kon red.

- Hoekom dink julle het die man aangehou om die reddingstoestel vir die ander aan te gee? Hoe sou jy gevoel het as jy een van die mense was wat gered was deur die man?

Deel jou gevoelens mee oor die moed en liefde wat dit sou neem om in staat te wees om jou lewe vir ander te gee soos hierdie man gedoen het.

Verduidelik vir die kinders dat hulle in hierdie les gaan leer oor Jesus se pyn en lyding op die kruis. Hy het Sy lewe goedwillig gegee sodat elke persoon wat nog ooit gelewe het, of ooit sal lewe, weer sal lewe weens Sy groot liefde vir ons.

**Kort Hersiening**

Herinner die kinders aan die posisie waarin Adam en Eva hulself en hulle nageslag geplaas het toe hulle van die verbode vrugte in die Tuin van Eden geëet het. Weens Adam en Eva se oortreding, het hulle liggame sterflik geword. Dit beteken dat hulle liggame eendag sou doodgaan. As Adam en Eva se nageslag, is ons ook onderworpe aan die dood, net soos hulle was.

Getuig dat fisiese dood deel is van Hemelse Vader se plan en dat Hemelse Vader, in Sy groot genade, Sy Eniggebore Seun, Jesus Christus, gestuur het om die dood te oorkom. Ons is almal gered van fisiese dood, deur Christus se dood en opstanding. Ons sal doodgaan, maar ons sal uit die dode opstaan (sien Johannes 3:16–17; Helaman 14:15).

Hersien kortliks uit vorige lesse die gebeurteniss van Jesus se lyding, verraad, arrestasie en verhoor.

**Skriftuurlike Verslag**

Onderrig die kinders in die verslag van Jesus se kruisiging en begrafnis soos in Matthéüs 27:32–66 gevind. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Verwys ook na Lukas 23:34, 39–43 en Johannes 19:19–22, 25–27, 34, 39. Gebruik die prente op geskikte tye.

Jy mag dalk na die volgende lys wil verwys om jou te help om die punte van die les te onderrig:

1. Simon van Ciréne het Jesus se kruis gedra (Matthéüs 27:32).
2. Jesus was tussen twee rowers op die kruis gehang (Matthéüs 27:33–38; Lukas 23:32–33).
3. Pilatus het ‘n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit (Johannes 19:19–22).
4. Jesus was bespot (Matthéüs 27:39–44).
5. Jesus het met die rower gepraat (Lukas 23:39–43).
6. Jesus het vir Johannes gevra om vir Sy moeder te sorg (Johannes 19:25–27).
7. Duisternis het die land oortrek (Matthéüs 27:45–46).
8. Jesus Christus het gesterf (Matthéüs 27:50–56). Die Romeinse soldate het Sy sy gesteek (Johannes 19:34).
9. Jesus se liggaam was in ‘n graf geplaas (Matthéüs 27:57–61; Johannes 19:38–42).
10. Wagte was gestuur om die graf te bewaak (Matthéüs 27:62–66).

**Bespreking en Aanwendings Vrae**

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wat het Pilatus na Jesus se verhoor gedoen? (Matthéüs 27:26.) Wat beteken *gegesel*? (Te slaan.) Wat beteken *kruisig*? (Om doodgemaak te word deur die hande of voete aan ‘n kruis vas te spyker of vas te bind.) Verduidelik dat kruisiging ‘n stadige en pynvolle dood was wat gewoonlik voorbehou was vir slawe en die laagste misdadigers.

- Onder watter twee name is die plek, waar Jesus gekruisig was, bekend? (Matthéüs 27:33; Lukas 23:33.)
- Saam met wie was Jesus gekruisig? (Matthéüs 27:38; Lukas 23:33.)
- Wat het die soldate vir Jesus gegee om te drink? (Matthéüs 27:34.) Verduidelik dat asyn en gal as medisyne gegee was om te help om die sintuie te verdoof of die pyn te verlig. Help die kinders om te verstaan dat Jesus geweier het om die mengsel te drink omdat Hy by Sy volle bewussyn wou wees en bewus wou wees terwyl Hy die werk van die Versoening voltooi het.
- Jesus het Hemelse Vader gevra om wie te vergewe? (Lukas 23:34, voetnota *c* in die Kerk uitgawe van die Bybel.) Hoekom dink julle was dit belangrik dat Jesus die soldate vergewe het? Hoekom is dit belangrik dat ons vergewensgesind is? Hoe word ons geseën wanneer ons ander vergewe?
- Wie was sommige van diegene gewees wat Jesus bespot en beskimp (beledig) het terwyl Hy aan die kruis gehang het? (Matthéüs 27:39–44.) Wat was van die dinge wat hulle vir Hom gesê het? Hoe het Jesus daarop gereageer? (1 Nefi 19:9.) Hoe moet ons reageer wanneer mense gemene dinge vir ons sê?
- Hoe het die twee rowers teenoor Jesus gereageer? (Lukas 23:39–43.) Wat het die tweede rower vir Jesus gesê wat gewys het dat hy besig was om te bekeer? (Lukas 23:40–42.) Wat was Jesus se antwoord gewees? (Lukas 23:43.)
- Hoe het Jesus groot liefde vir Sy moeder gewys terwyl Hy op die kruis gely het? (Johannes 19:25–27.) Wat leer dit vir ons aangaande Jesus?
- Hoe lank was die land oortrek met duisternis? (Matthéüs 27:45.) Wat het Jesus uitgeroep? (Matthéüs 27:46.) Het God werklik Sy Seun verlaat? Verduidelik dat Hemelse Vader Sy Gees vir ‘n tydperk onttrek het sodat Jesus die oorwinning oor sonde en die dood alleen kon voltooi.
- Wat beteken dit dat Jesus “die gees gegee” het? (Die enigste manier hoe Jesus kon sterwe was om Sy gees Sy liggaam te laat verlaat. Die skriflesing bevestig dat Hy Sy lewe goedwillig opgegee het; dit was nie van Hom geneem nie.) Laat die kinders Johannes 10:17–18 lees. Hoekom dink julle was Jesus gewillig gewees om Sy lewe op te gee?
- Watter wonderbaarlike gebeurtenisse het plaasgevind tydens Jesus se dood? (Matthéüs 27:51–53.) Wat beteken “in twee geskeur”? (In die helfte geskeur.) Watter getuienis het die hoofman (‘n offisier van die Romeinse leër) geoffer toe hy gesien het wat gebeur het? (Matthéüs 27:54.)
- Wie was Josef van Arimathéa? (Matthéüs 27:57.) Wat het hy gedoen? (Matthéüs 27:58–60.)
- Wat het die Fariseërs vir Pilatus gevra om te doen? (Matthéüs 27:62–66.) Hoekom wou hulle gehad het dat die graf bewaak word? Hoekom het hulle pogings geen verskil gemaak nie? Wat leer dit vir ons aangaande mense se krag en die Here se krag?

Opsommings Bespreking en Aanwendings Vrae

Jy mag dalk een van die volgende vrae gebruik om die kinders te help om die verhouding tussen Adam en Eva se oortreding en die behoefte aan ‘n Verlosser te verstaan.

- Hoe het Adam en Eva een van Hemelse Vader se gebooie oortree in die Tuin van Eden? (Hulle het die vrugte geëet van die boom van kennis van goed en kwaad.) Wat was die resultaat van hierdie oortredeing? (Hulle moes die tuin verlaat. Hulle het sterflik geword en kon kinders hê. Hulle en al hulle nageslag het onderworpe geword aan die dood, Dit was deel van Hemelse Vader se plan.)
- Wat gebeur met ons liggame en geeste wanneer ons doodgaan? (Die gees verlaat die liggaam en gaan na die geesteswêreld; die liggaam, leweloos sonder die gees, word gewoonlik begrawe in die aarde.) Wat kan ons doen om ons liggame en geeste te herenig? (Niks nie; omdat ons sterflik is, het ons nie die krag om ons liggame en geeste onsself te herenig nie.
- Wie het dit vir ons moontlik gemaak om hierdie hopelose situasie te oorkom? Hoekom was Jesus die enigste een wat ons kon red? (Hy was sondeloos; Hy was Hemelse Vader se Eniggebore Seun in die vlees en het krag oor die dood gehad.) Hoe laat dit jou voel om te weet dat daar iemand is wat jou en jou familie kan help om uit die dode op te staan?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Maak ‘n lys van die volgende skrifture op ‘n plakkaat of op die bord. Vertel vir die kinders dat elke skriflesing een van die opgetekende verklarings bevat wat Jesus gemaak het terwyl Hy aan die kruis gehang het. Laat die kinders die verklarings lees en vertel wattter krag of karaktereienskap Jesus gehelp het om hierdie dinge te sê en te doen.

   Lukas 23:34 (Hy was genadig en vergewensgesind.)
   Lukas 23:43 (Hy het krag gehad om te voorspel wat sou gebeur.)
   Johannes 19:26–27 (Hy het liefde en besorgdheid gehad vir Sy moeder.)
   Matthéüs 27:46 (Hy het sy afhanklikheid van Hemelse Vader meegedeel.)
   Lukas 23:46 (Hy was onderdanig aan Hemelse Vader se wil.)
   Matthéüs 27:50, voetnota *a* (Hy het Hemelse Vader se plan vervul.)

2. Maak ‘n lys op die bord van die name van mense of groepe mense wat in die skriftuurlike verslag van Jesus se dood en bragfnis genoem word. Vra die kinders wat hulle oor elke persoon of groep onthou? Help die kinders om die rol wat elkeen geneem het te identifiseer.

   Jesus Christus
   Pilatus
   Simon van Ciréne
   Soldate
   Spotters
   Twee rowers
   Maria, die moeder van Jesus
   Johannes die Geliefde Apostel
   Die hoofman
   Josef van Arimathéa

3. Bespreek en help die kinders om die tweede geloofsartikelte memoriseer.

4. Sing of lees die woorde van “Hy Het Gesterwe Sodat Ons Weer Kan Lewe” (*Kinder Sangbundel,* bl. 65) of “Het Jesus Regtig Weer Gelewe?” (*Kinder Sangbundel,* bl. 64).

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Deel jou dankbaarheid mee oor die groot opoffering wat Jesus vir ons op die kruis gemaak het. Lewer getuienis dat ons uit die dode sal opstaan en weer sal lewe weens Sy groot liefde vir ons. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Matthéüs 27:34–50 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.<br>Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer. |

Les
33

# Jesus Christus se Opstanding

**Doel**

Om elke kind te help om te verstaan dat Jesus Christus uit die dode opgestaan het en dat ons almal sal  uit die dood opstaan.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 27:52–53; 28:1–15; Lukas 24; Johannes 20; Handelinge 1:3, 9–11; en 1 Korinthiërs 15:5–6, 22 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Addisionele leeswerk: Markus 16.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Stukkies papier met een van die volgende woorde of uitdrukkings op elkeen: *linne, speserye, tuin, soldate, steen.*
   c. Prente 7-35, Jesus se Grafkelder (Evangeliese Kuns Ransel 232; 62111); 7-36, Jesus Verskyn aan Maria Magdaléna (Evangeliese Kuns Ransel 233; 62186); en 7-37, Die Verrese Jesus Christus (Evangeliese Kuns Ransel 239; 62187).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Plaas die stukkies papier soos genoem in die "Voorbereiding" afdeling in 'n houer en laat die kinders beurte maak om 'n stukkie papier te kies. Vra vir hulle om dit wat gelys is te beskryf en vra dan of hulle vir jou kan vertel hoe hierdie woord of uitdrukking op Jesus se begrafnis betrekking het. Gebruik genoeg woorde of uitdrukkings sodat elke kind 'n beurt kry.

Vra vir die kinders om hulself te verbeel dat dit vroeg die Sondagoggend na die kruisiging en begrafnis van Jesus is. Laat hulle hulself verbeel dat hulle saam met die dissipels is wat oor Jesus se dood treur. Hulle het gehoop dat Jesus hulle sou red van Romeinse beheer en Sy koninkryk in krag en glorie op die aarde sou vestig. Maar Hy is nou dood. Vertel vir die kinders dat jy dít wat daardie Sondag oggend in Jerusalem gebeur het gaan bespreek.

Skriftuurlike Verslag

Gebruik die prente op geskikte tye, onderrig die kinders in die verslag van Jesus se opstanding soos in Matthéüs 27:52–53, 28:1–15, Lukas 24, en Johannes 20 gevind. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Verduidelik dat selfs al het Jesus baie kere vir Sy dissipels vertel dat Hy weer sal lewe nadat Hy doodgegaan het, het Sy volgelinge nie regtig verstaan wat Hy bedoel het nie. Nog nooit van tevore het enige iemand uit die dode opgestaan nie en hulle het nie vertsaan hoe Jesus weer sou lewe nie. Selfs al het die dissipels by die engele gehoor dat Jesus uit die dode verrrys het en die verrese Here gesien het, was dit steeds vir hulle moeilik om te besef wat gebeur het.

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Hoekom het Maria Magdaléna en die ander vroue Sondagoggend na die graf toe gekom? (Markus 16:1.) Vir wie het die vroue gesien toe hulle graf toe gegaan het? (Lukas 24:4.) Wat het die engele vir die vroue gesê? (Lukas 24:5–6.) Wat beteken dit om uit die dode op te staan? ('n Geestelike liggaam herenig met sy liggaam van vlees en been, om nooit weer geskei te word nie.)
- Wat het die vroue gedoen nadat hulle die leë graf gesien het? (Lukas 24:8–12.) Hoekom het die dissipels nie die vroue se verslag geglo van wat die engele gesê het nie? (Lukas 24:11; Johannes 20:9.) Wat dink jy sou jy gedink het as jy een van die dissipels was en die nuus gehoor het?
- Wat het Petrus en die ander dissipel gevind toe hulle na die graf toe gegaan het? (Johannes 20:3–7. Verduidelik dat "die ander dissipel" waarskynlik Johannes was.) Hoekom het hulle geglo dat Jesus uit die dode opgestaan het? (Johannes 20:8.)
- Hoekom was Maria steeds bedroef gewees selfs nadat die engele vir haar vertel het dat Jesus opgestaan het? (Johannes 20:11–13.) Wat het gebeur wat Maria gehelp het om te weet dat Jesus uit die dode opgestaan het? (Johannes 20:14–16.) Hoekom het Jesus haar vertel om Hom nie aan te raak nie? (Johannes 20:17.)
- Wie anders het uit die dode opgestaan op die dag wat Jesus uit die dode opgestaan het? (Matthéüs 27:52–53.) Wie in jou familie sal uit die dode opstaan? Wie anders sal uit die dode opstaan? (1 Korinthiërs 15:22.)
- Watter storie het die hoof priesters bedink om die leë graf te verduidelik? (Matthéüs 28:11–15.) Hoekom het die soldate saamgestem om hierdie storie te vertel, selfs al het hulle die engele gesien? (Matthéüs 28:12, 15.)
- Wie het saam met die dissipels op pad na die stad van Émmaüs geloop die dag toe Jesus uit die dode opgestaan het? (Lukas 24:13–16.) Waarvan het die drie mans gepraat terwyl hulle gestap het? (Lukas 24:17–27.) Wat het hierdie dissipels in hulle harte gevoel toe hulle met Jesus gepraat het? (Lukas 24:32.) Wat het hulle harte laat brand? (Die Heilige Gees.) Hoe het jy of jou familielede al inspirasie van die Gees ontvang?
- Wat het Jesus op die aand van Sy opstanding gedoen? (Lukas 24:36–48.) Hoekom het die dissipels die deur toegesluit gehad toe Jesus aan hulle verskyn het? (Johannes 20:19.) Hoe het die dissipels gereageer toe hulle Jesus gesien het? (Lukas 24:37.) Wat het Jesus gedoen om aan Sy dissipels te bewys dat Hy uit die dode opgestaan het? Wat het die dissipels van 'n verrese liggaam geleer? (Lukas 24:39–43.)
- Hoekom het Thomas nie geglo dat Jesus uit die dode opgestaan het nie? (Johannes 20:24–25.) Hoe lank was dit voordat Thomas vir Jesus gesien het? (Johannes 20:26.) Wat het Jesus vir Thomas vertel toe Hy aan hom verskyn het? (Johannes 20:29.) Wat versterk jou getuienis dat Jesus Christus uit die dode opgestaan het?
- Aan wie anders het Jesus na Sy opstanding verskyn? (Matthéüs 28:9; 1 Korinthiërs 15:6.) (Jy kan verreikings aktiwiteit 1 gebruik om al Jesus se verskynings na Sy dood te hersien.)

- Hoe lank het Jesus na Sy opstanding saam met Sy dissipels gebly? (Handelinge 1:3.)
- Hoe het Jesus opgevaar hemel toe? (Handelinge 1:9–11.) Wie het gekom om aan die mense te verduidelik wat gebeur het? Wat leer hierdie verslag vir ons aangaande Jesus se tweede koms?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Gee vir elke kind een van die volgende leidrade en laat hy of sy dit vir die klas lees. Laat die klaslede die antwoord op elke leidraad raai. Indien hulle nie ‘n antwoord ken nie, laat die kind wat die vraag vra die verwysing gee sodat die kinders die antwoord in die skrifture kan vind.

   Ek is die eerste persoon aan wie Jesus verskyn het na Sy opstanding. Wie is ek? (Maria Magdaléna. Johannes 20:1, 16.)

   Jesus het aan ons verskyn en ons het Sy voete aangeraak. Wie is ons? (Ander vroue. Matthéüs 28:5, 9.)

   Ek was die eerste Apostel om die leë graf binne te gaan. Wie is ek? (Petrus. Johannes 20:6.)

   Ek is ‘n Apostel wat saam met Petrus na die leë graf gehardloop het. Toe ek gesien het, het ek geglo dat Jesus uit die dode opgestaan het. Wie is ek? (Johannes. Johannes 20:8.)

   My vriend en ek het die hele pad tot by Émmaüs saam met Jesus geloop, tog het ek hom nie erken nie. Wie is ek? (Kléopas. Lukas 24:18.)

   Jesus het aan ons verskyn terwyl ons in ‘n geslote vertrek vergader het. Wie is ons? (Dissipels. Johannes 20:19.)

   Ek was nie saam met die ander Apostels gewees toe Jesus eers aan hulle verskyn het nie. Ek het nie geglo dat Jesus uit die dode opgestaan het nie totdat ek Hom met my eie oë gesien het en die merke van die spykers in Sy hande en voete gevoel het nie. Wie is ek? (Thomas. Johannes 20:24.)

   Ons was teenwoordig gewees toe die engele die steen weggerol het voor die opening. Die hoof priesters het ons omgekoop om te jok oor wat ons gesien het. Wie is ons? (Romeinse soldate. Matthéüs 28:12.)

2. Skryf woorde wat vertel hoe die dissipels mag gevoel het die dag toe Jesus doodgegaan het—soos *bedroef, verdriet, treurigheid,* en *wanhoop*—in ‘n kolom op die bord. Laat die kinders teenoorgestelde woorde van daardie woorde voorstel—soos *geluk, vreugde, hoop,* en *geloof*—en skryf hulle in ‘n ander kolom. Verduidelik dat die dissipels waarskynlik hierdie gevoelens gevoel het toe hulle besef het dat Jesus uit die dode opgestaan het. Verduidelik wat die hoop om uit die dode op te staan vir elkeen van ons beteken.

3. Met die goedkeuring van die Primêre president, kies biddend en nooi ‘n Kerklid wat al ‘n geliefde aan die dood afgestaan het, om met die kinders mee te deel wat die Opstanding vir hom of haar beteken.

4. Sing of lees die woorde van “Het Jesus Regtig Weer Gelewe?” (*Kinder Sangbundel,* bl. 64), “Hy Het Sy Seun Gestuur” (*Kinder Sangbundel,* bl. 34), of “Ek Weet Dat My Verlosser Leef” (*Gesange,* no. 136).

**Slot**

Getuienis

Deel jou gevoelens mee oor die Verlosser se Opstanding en die belangrikheid daarvan vir jou. Getuig dat Jesus se lyding in die tuin, Sy dood en Sy Opstanding die belangrikste dinge is wat nog ooit op die aarde gebeur het.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Lukas 24 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
# 34
# Voed My Skape

**Doel**

Om die kinders te help om te leer om liefde te toon vir Jesus Christus deur ander te help om die evangelie te vertsaan en volgens die evangelie te lewe.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Johannes 21:1–17 en Markus 16:15 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verrykings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Maak vir elke kind wat in jou klas ingeskryf is ‘n klein uitknipsel van ‘n skaap (sien die voorbeeld aan die einde van die les), en skryf elke kind se naam op die uitknipsel. (Of skryf die kinders se name op aparte stukkies papier.) Sit die uitknipsels oral in die vertrek voordat die klas begin, sodat die kinders dit kan sien.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Prent 7-38, Jesus en die Vissermanne (Evangeliese Kuns Ransel 210; 62138).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vra die kinders om rond te kyk in die vertrek en vir jou te vertel wat hulle sien wat anders is. Vertel vir hulle dat die skape wat hulle sien verstrooid is en dat elke kind kan help om die skape bymekaar te maak deur die een te vind met sy of haar naam op en dit na jou toe te bring. As daar enige uitknipsels van die skape oor is, verduidelik dat jy later in die les oor hierdie ander skape sal praat.

Nooi een kind om saam met jou deel te neem aan ‘n rolspel. Deur die kind by sy of haar volle naam te noem, sê, “(Naam), het jy ons Verlosser, Jesus Christus lief?” Sê “Voed Sy skape”na die antwoord. Herhaal nog twee keer die kind se naam en die vraag, en sê “Voed Sy skape”, na elke antwoord. Vra die kind hoe hy of sy gevoel het toe jy aangehou het om dieselfde vraag te vra. Verduidelik dat Petrus ‘n soortgelyke ondervinding met Jesus gehad het nadat Jesus opgestaan het.

Skriftuurlike Verslag

Leer vir die kinders die verslag van Jesus se verskyning aan Sy dissipels by die See van Tibérias (of Galiléa) van uit Johannes 21:1–17. (Vir voorgestelde maniere om die skriftelike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Gebruik die prent op ‘n geskikte tyd.

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wat het Petrus en die ander dissipels by die See van Tibérias gedoen? (Johannes 21:3.) Wat het Jesus vir die Apostels vertel om te doen toe hulle geen vis gevang het nie? (Johannes 21:5–6.) Hoekom dink julle het Johannes besef dat dit Jesus was toe die net vol vis was? (Johannes 21:6–7.) Wat het Petrus gedoen? (Johannes 21:7.) Hoekom dink julle het Petrus dit gedoen? (Toe hy geweet het dat dit Jesus was, kon Hy nie wag om naby Hom te wees nie.)
- Watter vraag het Jesus vir Petrus gevra? (Johannes 21:15.) Hoekom dink julle het Jesus hierdie vraag drie keer vir Petrus gevra? Hoe het Petrus gevoel toe Jesus hom dieselfde vraag drie keer gevra het? (Johannes 21:17.) Wat was Petrus se verantwoordelikhede nou dat Jesus dood gegaan het en opgestaan het?
- Wat het Jesus bedoel toe Hy geseê het, “Voed my Skape”? Wie is Sy skape? (Al Hemelse Vader se Kinders.) Wat wil Jesus hê moet Sy skape gevoer word? (Die waarhede van die evangelie.) Wat het Jesus Sy Apostels geroep om te doen? (Markus 16:15.)

Help die kinders om uit hierdie bespreking te verstaan dat Jesus Sy Apostels beveel het om die evangelie te verkondig, en Hy wou hê het dat hulle met die werk moes voortgaan, en nie terugkeur na visvang nie. Pretrus was nou die President van die Kerk, en dit was sy verantwoordelikheid om die Kerk te lei en die pogings te bestuur om Jesus se evangelie te versprei.

- Het ons vandag herders wat Jesus se skape voer? Wie is hulle? (Sien verrykings Aktiwiteit 2.)

As daar nog steeds skaap uitknipsels in die vertrek is, vra een van die kinders om hulle bymekaar te maak en voerentoe te bring. Verduidelik dat sommige van die kinders wie se name op die skape is ‘n herder mag nodig hê om hulle die evangelie te voer.

- Hoe kan ons herders wees en Jesus se skape voer? (Deur goeie voorbeelde te stel, deur dié te besoek wat nie gewoonlik klas bywoon nie en vriende te wees met hulle by die skool, deur vir die evangelie en die Kerk op te staan, deur die te dien wat in nood is, en so aan.) Hoe kan ons familielede en vriende help om die evangeliese beginsels beter te verstaan? Hoekom wys ons ons liefde vir Jesus wanneer ons ander help?

---

**Verrykings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Skryf *Voed My Skape* bo-aan ‘n groot plakkaat (of gebruik die bord). Bespreek met die kinders maniere hoe hulle hul liefde vir Jesus kan wys deur Sy skape te voed. Skryf hulle voorstelle op die plakkaat of bord neer. Indien nodig, gebruik die volgende idees:

   Wees ‘n goeie voorbeeld deur kerk by te woon, skoon taal te gebruik, die gebooie te gehoorsaam, eerlik te wees, te bid, die skrifture te bestudeer, te leef volgens dit wat jy leer, en jou ouers en die wette van die land te gehoorsaam.

   Lewer getuienis aan lede en nie-lede.

   Help ander om die regte keuses te maak wanneer hulle in die versoeking gebring word.

   Praat oor die evangelie met mense wat nie daarvan weet nie.

Bid en bestudeer die skrifture om nader aan die Here te groei.

Gee vir die kinders elk ‘n potlood en ‘n stuk papier en vra vir hulle om, “Ek sal ‘n goeie herder wees deur” te skryf. Vra die kinders om die sin te voltooi deur te skryf hoe hulle beplan om ‘n goeie herder te wees.

2. Maak ‘n lys op die bord van sommige Kerk roepinge, soos ‘n biskop, onderwyser, ring president, huisbesoeker, kuierbesoeker, sendeling, profeet, apostel, Primêre president, en so aan. Vra vir elke kind om een van die roepinge te kies en te vertel hoe daardie persoon help om die Verlosser se skape te voed. Vra vir die kinders om ondervindings mee te deel toe onderwysers, vriende, of familielede hulle gehelp het om meer van die evangelie te leer. Jy kan ‘n ondervinding meedeel wat jy gehad het.

3. Skryf die volgende of soortgelyke situasies waarin die kinders ander kan help om sterker lede van die Kerk te wees, op strokies papier. Vra ‘n kind om een van die strokies papier te kies, dit in stilte te lees, en dan die situasie te rolspel. Laat die ander kinders raai wat die situasie is en bespreek hoe hulle Jesus se skape in so ‘n situasie kan voed. Gee vir elke kind ‘n beurt.

   Sommige van die kinders in jou klas steur die ander kinders gedurende die les.

   Sommige van jou vriende wil ‘n slegte fliek kyk.

   ‘n Vriend van jou hits jou aan om lekkers te vat by ‘n winkel sonder om daarvoor te betaal.

   Een van julle groep wil hê die res van julle moet bier drink of die Woord van Wysheid op ‘n ander manier nie gehoorsaam nie.

4. Verduidelik dat ‘n goeie geleentheid om iemand te help om vertroud te word met of te groei in die evangelie kom gewoonlik wanneer jy sy of haar vriend is. Praat oor wat die kinders van hou in ‘n vriend en hoe hulle hierdie eienskappe kan ontwikkel.

   Na sorgvuldige oorweging en voorbereiding, vertel vir elke kind in ‘n kort nota van sommige van die karaktereienskappe wat hulle het, wat jy waardeer. Wys die redes uit waarom jy graag hulle vriende sou wou wees.

5. Laat die kinders verduidelik hoe die volgende skriflesings vandag van toepassing is op ons:

   Matthéüs 24:14
   Matthéüs 28:19–20
   Leer en Verbonde 4:1–4
   Leer en Verbonde 15:6
   Leer en Verbonde 31:3–5

6. Sing of lees die woorde van “Waag Dit Om Goed Te Doen” (*Kinder Sangbundel,* bl. 158) of “Ek Probeer Om Soos Jesus Te Wees” (*Kinder Sangbundel,* bl. 78).

---

**Slot**


Getuienis

Lewer getuienis dat as lede van die Kerk, het elkeen van ons die verantwoordelikheid om ander te help om oor die evangelie te leer en nader aan Jesus Christus te groei. Deel met die kinders jou gevoelens mee oor dat jy in staat is om die evangelie met hulle mee te deel.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Johannes 21:1–17 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.



Voed My Skape

Les
35

# Jesus Christus se Sending

**Doel**

Om die kinders te help om Jesus Christus se sending te verstaan.

Nota aan die onderwyser: Die les is 'n hersiening van Jesus se vooraardse, aardse en na-aardse lewe. Dit is bedoel om die kinders te help om Jesus se sending meer ten volle te verstaan. Omdat die les 'n oorsig is, strek die vrae oor 'n breë spektrum. Soos jy dit bespreek, sal dit die beste wees om op hoogtepunte van elke deel van die Verlosser se bediening te fokus eerder as om te spesifiek of gedetailleerd te probeer raak.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Moses 1:33, 39; 4:2; Lukas 24:27; Johannes 3:16; 15:9–13; 1 Korinthiërs 10:4; Mosia 13:33; 3 Nefi 11:7–10; Ether 3:14; Leer en Verbonde 138:30; en Joseph Smith—Geskiedenis 1:17 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Addisionele leeswerk: *Evangeliese Beginsels,* hoofstukke 3, 11, en 43.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Woordstroke (sien die volgende plakkaat).
   c. Prent 7-1, Jesus Christus (Evangeliese Kuns Ransel 240; 62572).

Nota: Jy kan gedurende die les 'n plakkaat soortgelyk aan die volgende een voltooi (of jy kan die materiaal op die bord skryf). Vertoon “Die Sending van Jesus Christus” en en dan die drie hoofopskrifte horisontaal onder daardie titel. Laat 'n kind 'n woordstrook onder die geskikte opskrif plaas, soos jy dié aspek van Jesus se sending bespreek.

Die Sending van Jesus Christus

| Christus se Vooraardse Lewe | Christus se Aardse Lewe | Christus se Lewe na die Dood |
|---|---|---|
| Vrywillig ingestem om ons Verlosser te wees | Die evangelie geonderrig | Die geesteswêreld besoek |
| Die aarde geskape | Die siekes genees | Het opgestaan uit die dode |
| Was Jehova van die Ou Testament | Sy kerk georganiseer | Die Nefiete besoek |
| Openbaring vir die profete gegee | Versoening gedoen vir ons sondes | Het Sy kerk vir ons georganiseer deur die Profeet Joseph Smith |
| | Doodgegaan vir ons | Gee vandag openbaring aan die leiers van die Kerk |
| | | Is lief vir ons en help ons |
| | | Sal weer kom |

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Laat die kinders so veel moontlik woorde noem as wat hulle kan om te beskryf wie hulle is, soos *seun, dogterr, kleinkind, leerling, sokkerspeler,* en so aan. Maak 'n lys daarvan op die bord. Maak nog 'n lys in 'n tweede kolom op die bord (of gebruik woordstroke) van sommige van die name wat van toepassing is op Jesus (sien "Christus, Name van" in die Bybel Woordeboek van 'n Kerk uitgawe van die Bybel), begin met name waarmee die kinders nie vetroud mag wees nie, soos *Toonbeeld, Regter, Rots, Middelaar,* en beweeg dan oor na terme wat hulle heel moontlik ken, soos *Verlosser, Heiland, Skepper,* en so aan. Laat die kinders hulle hande opsteek wanneer hulle weet na wie hierdie name verwys.

Skriftuurlike Verslae

Vertoon die prent van Jesus Christus. Verduidelik dat Jesus baie wonderlike dinge vir ons gedoen het, nie net terwyl Hy op die aarde was nie, maar voor sy geboorte en na Sy dood en opstanding. Help die kinders om te vertsaan dat Jesus hierdie dinge gedoen het om Hemelse Vader se plan van saligheid vir ons te vervul. Ons noem dit die plan van saligheid want deur dit en met die hulp van Jesus sal ons in staat wees om terug te keer om weer verewig saam met Hemelse Vader en Jesus Christus te woon (sien Moses 1:39). Laat die kinders Johannes 3:16 hardop voorlees. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.)

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wat was van die dinge wat Jesus gedoen het vooordat Hy op die aarde gebore is?

- Wie het vrywillig ingestem om ons Verlosser te wees? Wanneer het Hy vrywillig ingestem? (Ether 3:14; Moses 4:2.) Wie het vir Jesus gekies om ons Verlosser te wees? (Johannes 3:16; Abraham 3:27.)
- Wie het die aarde geskape? Wanneer het Jesus die aarde geskape? (Genesis 1:1; Moses 1:33.)
- Wie is Jehova, of die Here van die Ou Testament? Wie het openbaringe aan die profete in die Ou Testament, soos Moses en Abraham, gegee? (Jesus Christus. Sien "Jehova" in die Bybel Woordeboek.) Van wie het Moses en al die profete getuig? (Lukas 24:27; Mosia 13:33.)
- Wat het Jesus gedoen terwyl Hy op die aarde was? Laat die kinders 'n lys maak van soveel dinge as moontlik wat hulle kan onthou van Jesus se aardse bediening. Hoekom het Jesus hierdie dinge vir ons gedoen? (Johannes 15:9, 11.)
- Wat het Jesus na Sy dood gedoen? (1 Petrus 3:18–20; L&V 138:30; Hy het die geeste in die tronk besoek.) Wat het Jesus na Sy opstanding gedoen? (3 Nefi 11:7–10, 3 Nefi 27:8: die Nefiete in Amerika besoek en vir hulle Sy liggaam gewys; Joseph Smith—Geskiedenis 1:17: Joseph Smith besoek om die waarheid te restoureer; L&V 115:4: Sy kerk vir ons georganiseer.)
- Hoe help Jesus vir elkeen van ons vandag? (Amos 3:7; Matthéüs 28:20.) (Sien verreikings aktiwiteit 2.)
- Vir watter groot gebeurtenis wag ons almal? Watter profesieë en beloftes het Jesus oor Sy tweede koms geopenbaar? (Matthéüs 24:30–31; L&V 29:11.)
- Hoe kan ons vir Jesus wys dat ons dankbaar is vir alles wat Hy vir ons gedoen het? (Johannes 15:10, 12.) Help die kinders om aan gebooie te dink wat hulle kan onderhou om Jesus te wys dat hulle dankbaar is.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Kyk "Jesus Christus" op in die Onderwerp Gids in 'n Kerk uitgawe van die Bybel om Jesus se vele titels en rolle te sien. Kies 'n paar van hierdie titels om te bespreek.
2. Help die kinders om te verstaan dat Jesus lief is vir ons en die Kerk vandag lei. Vertel die volgende verhaal van President Lorenzo Snow, die vyfde President van die Kerk, wat vir Jesus in die Salt Lake Tempel gesien het:

   Een van President Snow se kleindogters het een aand by hom gekuier in die Salt Lake Tempel. President Snow het saam met haar in die gang afgeloop, toe sy oppad was om huistoe te gaan. Skielik het hy gesê, "Wag 'n oomblik, Allie, Ek wil jou iets vertel. Dit was reg hier waar die Here Jesus Christus aan my verskyn het ten tye van President Woodruff se dood." Hy het nog 'n tree geneem, sy linkerhand uitgehou, en voortgegaan, "Hy het reg hier gestaan, omtrent drie voet bokant die vloer. Dit het gelyk of Hy op 'n soliede plaat goud gestaan het." President Snow het toe die Verlosser se voorkoms en Sy pragtige wit kleed beskryf. (Sien LeRoi C. Snow, "'n Ondervinding Van My Vader," *Improvement Era,* Sept. 1933, bl. 677.)

3. Laat die kinders die volgende of soortgelyke skrifture opkyk om hulle te help om die dinge wat Jesus gedurende Sy aardse bediening gedoen het te hersien.

   Matthéüs 5:2 (die evangelie geonderrig)
   Matthéüs 14:14 (die siekes genees)
   Markus 3:14 (Sy kerk georganiseer)
   2 Nefi 2:6–7 (het vir ons sondes versoening gemaak en vir ons gesterf )
   Matthéüs 28:6–7 (het opgestaan uit die dode)

4. Sing of lees “Ek Voel My Verlosser Se Liefde” (*Kinder Sangbundel,* bl. 74).

---

**Slot**

Getuienis

Lewer getuienis van jou dankbaarheid vir Jesus en vir die menigte dinge wat Hy vir ons gedoen het en aanhou om vir ons te doen. Vertel die kinders hoe dankbaar jy vir die geleentheid is om meer oor Jesus se tyd op aarde te bestudeer.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Johannes15:9–13 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les

36

# Die Pinksterfees

**Doel**

Om elke kind te help leer omtrent die gawe van die Heilige Gees en en te verstaan hoe om die inspirasies van die Heilige Gees te erken.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 2:1–24, 32–33, 36–47 en Johannes 14:25–27 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Addisionele leeswerk: *Evangeliese Beginsels,* hoofstukke 7 en 21.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Kryt en ‘n swart bord.
   c. Prent 7-39, Die Pinksterfees

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Leer die kinders dat Jesus baie dinge vir Sy Apostels geleer het toe Hy saam met hulle was. Hy het geweet dat Hy nie altyd by hulle sal wees nie, dus het Hy belowe om ‘n spesiale gawe te stuur om hulle te help.

Lees die volgende leidrade. Laat die kinders staan wanneer hulle dink dat hulle weet wat die gawe is en laat hulle die antwoord in jou oor fluister. As hulle die Heilige Gees korrek identifiseer, laat hulle staande bly.

Ek onderrig die waarheid.
Ek is ‘n gids.
Ek gee vertroosting.
Ek getuig van Jesus Christus.
Ek praat praat gewoonlik met jou verstand of hart.
Ek is ‘n lid van die Godheid.
Ek is ‘n persoon van gees maar het nie ‘n fisiese liggaam nie.

Skryf *Heilige Gees* op die bord. Lees Johannes 14:25–27 saam met die kinders. Hersien die lys van leidrade om die kinders te help verstaan wat die Heilige Gees vir ons doen.

Skryf *Pinkster* op die bord. Verduidelik dat *Pinkster* kom van die Griekse woord wat vyftigste beteken. Pinksterfees was ‘n Joodse viering wat elke jaar vyftig dae na Paasfees gehou was. Jesus het die nagmaal vir sy Apostels by die Laaste Avondmaal, wat tydens die Paasfees gebeur het, gegee. Sy dissipels het vyftig dae na die Laaste Avondmaal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Skryf *Gawe van die Heilige Gees* op die bord.

**Skriftuurlike Verslag**

Leer vir die kinders die verslag van die dag van Pinksterfees (Handelinge 2:1–24, 32–33, 36–47). (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Vertoon die prent Dag van Pinksterfees op ‘n geskikte tyd.

**Bespreking en Aanwendings Vrae**

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Hoe het die Heilige Gees na Jesus se Apostels toe gekom op die dag van Pinksterfees? (Handelinge 2:1–4.)
- Wat het vir die dissipels die bekwaamheid gegee om in tale te praat, en om vertsaan te word deur mense wat ander tale gepraat het? (Handelinge 2:4.) Hoe word die Kerk se sending poging vandag gehelp deur die geestelike gawe van die Heilge Gees? (Deur baie van die sendelinge te help om vreemde tale te leer. Die gawe van tale kan ook kontakte help om die evangelie boodskap te vertsaan selfs wanneer ‘n sendeling die taal nie goed kan praat nie.)
- Wat het veroorsaak dat die harte van mense diep getref was nadat Petrus van Christus se kruisiging en opstanding getuig het? (Handelinge 2:33, 36–37. Die Heilige Gees.) Wat beteken dit om diep in die hart getref te wees? (Om ‘n skerp gevoel van berou of verdriet te hê.) Hoe kan die Heilige Gees ons help om jammer te voel oor die dinge wat ons gedoen het?
- Hoe help die Heilige Gees ons om te weet wat om te doen? Help die kinders om te verstaan dat mense op verskillende maniere in hulle lewens voel hoe die Heilige Gees hulle help, soos deur ‘n gevoel van vrede of ‘n indruk dat iets reg is, deur ‘n meer helder begrip van die skrifture en ander onderwerpe, deur in die skrifture ‘n antwoord op ‘n probleem te vind, deur by die kerk ‘n praatjie of ‘n les te hoor wat jou help, en so aan. Jy mag dalk ‘n ondervinding wil meedeel toe jy die Heilige Gees in jou lewe gevoel het, as jy voel dat dit gepas is.
- Wat het Petrus vir die mense gesê moet hulle doen om die Heilige Gees te ontvang? (Handelinge 2:38.) Wat moet ons doen om die Heilige Gees te ontvang?
- Hoeveel van julle is al die gawe van die Heilige Gees gegee? Help die kinders om te verstaan dat dit moontlik is om inspirasies van die Heilige Gees te hê voor jy gedoop word; alhoewel ons die gawe van die Heilige Gees ontvang wanneer ons bevestig word as lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae na ons doop. Ons is geregtig om die Heilige Gees as ‘n konstante metgesel te hê deur die gawe van die Heilige Gees, as ons regverdig is (sien L&V 121:45–46).
- Nadat die 3,000 siele gedoop was, wat was van die dinge wat hulle gedoen het sodat die Heilge Gees sou aanhou om hulle te lei. (Handelinge 2:42–47.) (Jy kan die kinders die antwoorde in die skrifture laat vind en ‘n lys op die bord maak.)
- Wat moet ons doen om die Heilge Gees saam met ons te hê? (Bekeer, gedoop word, die gawe van die Heilige Gees ontvang, regverdig lewe, bid vir die Heilige Gees se leiding, stil wees en luister en die inspirasies volg wat kom.)

Deel die volgende aanhaling met die kinders mee:

"Bid tot Hemelse Vader om jou ten alle tye met Sy Gees te seën. . . . Die Heilige Gees is . . . 'n gawe van Hemelse Vader. . . . Hy fluister in 'n stil, klein stem vir jou om die regte ding te doen. Jy *voel* goed, wanneer jy goeie dinge doen, en dit is die Heilige Gees wat met jou praat. Die Heilige Gees is 'n wonderlike metgesel. Hy is *altyd* daar om jou te help" (Ezra Taft Benson, in Konferensie Verslag, Apr. 1989, bl. 103; of *Ensign,* Mei 1989, bl. 82).

Nooi die kinders om 'n ondervinding mee te deel toe hulle of 'n lid van hulle familie die inspirasies van die Heilige Gees gevoel het. Moedig die kinders aan om te luister vir die inspirasies van die Heilige Gees en te strewe om die inspirasies na te volg. (Sien verreikings aktiwiteit 6.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Deel die volgende verhaal mee oor President Harold B. Lee, die elfde President van die Kerk:

   "Ek was seker omtrent agt jaar oud, of jonger, toe ek deur my pa na 'n plaas, wat 'n hele afstand weg was, geneem is. Terwyl hy gewerk het, het ek myself besig gehou met dinge wat 'n jong seun sou doen. Die dae was warm en stowwerig en ek het rond gespeel tot ek moeg was. Daar was 'n gebroke skuur aan die anderkant van die heining wat vir my baie interessant gelyk het. In my gedagtes het ek aan hierdie afgebroke skuur as 'n kasteel gedink wat ek graag sou wou verken, daarom het ek na die heining gegaan en begin deurklim om na die skuur toe te gaan. Daar het 'n stem na my toe gekom wat hierdie baie betekenisvolle ding gesê het. 'Harold, moet nie daarnatoe gaan nie.' Ek het rond gekyk om te sien wie my naam gesê het. My pa was ver op aan die anderkant van die veld. Hy kon nie gesien het wat ek gedoen het nie. Daar was geen luidspreker in sig nie. Ek het toe besef dat iemand wat ek nie kan sien nie, my gewaarsku het om nie daarheen te gaan nie. Wat daar oorkant was, sal ek nooit weet nie, maar ek het vroeg geleer dat daar diegene is buite ons sig wat met ons kan praat" (in Konferensie Verslag, Mexiko Area Konferensie 1972, bl. 48–49).

2. Skryf elkeen van die volgende verwysings op aparte stukkies papier. (Vir addisionele verwysings oor die Heilige Gees, sien die Onderwerp Gids in die Kerk uitgawe van die Bybel.) Jy kan die kinders die stukkies papier uit 'n houer laat trek. Laat die kind die verwysing wat op die papier gelys is opkyk en vertel wat die vers aangaande die Heilige Gees sê.

   Johannes 14:26 (Die Heilige Gees word die Trooster genoem; hy sal alle dinge onderrig en ons help om dinge te onthou.)

   Johannes 15:26 (Die Heilige Gees is die Gees van waarheid; hy sal van Christus getuig.)

   Johannes 16:13 (Die Heilige Gees sal ons na alle waarheid lei en sal vir ons dinge in die toekoms wys.)

   Handelinge 4:31 (Die Heilige Gees help ons om die woord van God met vrymoedigheid te spreek.)

Handelinge 5:32 (God gee die Heilge Gees aan diegene wat Hom gehoorsaam.)

Galásiërs 5:22 (Liefde, blydskap, vrede, geduld, sagmoedigheid, goedheid, en geloof kom deur die Gees.)

3. Lees die volgende aanhaling. Jy mag dalk ‘n afskrif wil maak vir elke kind.

   “Na doop, word ‘n persoon as lid van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae bevestig en in daardie kort ordinansie ontvang die persoon die gawe van die Heilige gees. Daarna, het manne, vroue, selfs klein kinders regdeur die lewe die reg tot geïnspireerde aanwysing om hulle te lei in hulle lewens—persoonlike openbaring!” (Boyd K. Packer, “Persoonlike Openbaring—Aan Almal Beskikbaar,” *Friend,* Junie 1990, binnekant die voorblad).

4. Maak vir elke kind ‘n afskrif van die volgende verklaring:

   As ek regverdig lewe, kan die gawe van die Heilige Gees my help deur my te onderrig, my te lei, my te troos, my te beskerm, my te waarsku van gevaar, en aan my van die waarheid te getuig.

5. Vra die kinders om soveel name as moontlik vir die Heilige Gees te identifiseer as wat hulle aan kan dink. Noem die volgende name as die kinders nie aan hulle dink nie: *die Heilige Gees, die Gees van God, die Gees van die Here, Trooster,* en *die Gees.* (Sien “Heilig Gees” in die Bybel woordeboek in die Kerk uitgawe van die Bybel.)

6. Sing of sê die woorde van “Die Heilige Gees” (*Kinder Sangbundel,* bl. 105) of “Die Stil, Klein Stem” (*Kinder Sangbundel,* bl. 106).

   Jy mag dalk die idees in “Die Stil Klein Stem” op die bord wil lys. Beklemtoon dat ons almal hierdie hulp in ons lewens kan hê, as gedoopte lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. Help die kinders om te verstaan dat hulle leiding, waarskuwings en vertroosting kan ontvang, soos hulle regverdig lewe en luister vir die inspirasies van die Heilige Gees.

---

**Slot**

Getuienis

Lewer getuienis dat Jesus vir elk een van ons lief is, daarom het Hy dit vir ons moontlik gemaak om die gawe van die Heilge gees te ontvang om ‘n hulp, ‘n onderwyser, ‘n trooster, en ‘n gids te wees.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Handelinge 2:1–8, 36–41 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
37

# Die Apostel Petrus

**Doel**

Om die kinders te help verstaan dat hulle, soos Petrus, 'n sterk getuienis van Jesus Christus kan ontwikkel.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 4:18–19; 14:22–33; 16:13–17; 17:1–9; Lukas 22:31–34, 54–62; Handelinge 3:1–9; 4:6–20; 5:12–42; en Alma 32:21 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig: 'n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Vra die kinders om te luister soos jy hulle die volgende verhale vertel.

Verhaal 1: Toe Jesus verduidelik het dat Hy binnekort om die lewe gebring sal word, het 'n man gesê "ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis in en na die dood toe te gaan" (Lukas 22:33). Dieselfde man het in die menigte gevolg toe Jesus gearresteer was en na 'n verhoor toe geneem is. 'n Vrou het nader gekom en gesê dat hierdie man saam met Jesus was, maar die man het dit ontken, en gesê, "ek ken Hom nie." Kort daarna het 'n ander persoon gesê, "Jy is ook een van hulle." Die man het weer ontken dat hy Jesus ken. 'n Derde keer het iemand hom uitgewys as een van Jesus se volgelinge, maar die man het weereens gesê, "ek weet nie wat jy sê nie." (Sien Lukas 22:54–62.)

Verhaal 2: Eendag was 'n man en sy vriend gestop deur 'n man wat van sy geboorte af kreupel was. Die man sê vir die kreupel man, "In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!" Hy het die kreupel man se hand geneem en hom opgehelp. Die kreupel man was onmiddellik genees en het by die tempel ingegaan "terwyl hy loop en spring en God prys." Toe die hoof priesters daarvan gehoor het, het hulle gevra deur watter krag die kreupel man genees was. Die man wat die kreupel man genees het, het gesê dat dit deur die krag van Jesus Christus was, selfs al het hy geweet dat hy in die tronk gesit kon word of doodgemaak kon word deur dit sê. Die priesters het die man gebied om nie weer in die naam van Jesus Christus te onderrig nie. Hy het geantwoord dat dit meer belangrik was om God te gehoorsaam as die valse Joodse priesters en dat hy gaan aanhou om in die naam van Christus te onderrig. (Sien Handelinge 3:1–9; 4:6–20.)

Verduidelik dat Petrus die man in albei verhale was. Petrus was nog besig om te leer en te groei, toe hy net voor die kruisiging ontken het dat hy Jesus ken. Jesus was gearessteer en Petrus was bang. Teen die tyd wat Petrus die kreupel

man genees het, het hy die Heilige Gees ontvang en hy het ‘n sterker getuienis van Jesus Christus gehad. Dit het hom die krag gegee om te doen wat reg was, maak nie saak wat met hom sou gebeur nie.

- Wat is ‘n getuienis? (Persoonlike kennis van Jesus Christus en die waarheid van Sy Kerk.) Verduidelik dat die les kan help om die kinders se getuienisse van Jesus Christus te versterk.

**Skriftuurlike Verslag en Bespreking en Aanwendings Vrae**

Leer die kinders die volgende verslae oor Petrus en bespreek elkeen. Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

1. Petrus het Jesus gevolg (Matthéüs 4:18–19; neem kennis van voetnota *a* vir verse 19 in die Kerk uitgawe van die Bybel).

   - Hoekom dink julle het Petrus vir Jesus Christus gevolg nadat Jesus hom vertel het wie Hy was? Wat moes Petrus opoffer om Jesus te volg? Wat moet ons opoffer om Jesus te volg? Hoe is jy al geseën omdat jy die Verlosser volg?

2. Jesus en Petrus het op die water geloop (Matthéüs 14:22–33).

   - Hoekom dink julle was Jesus in staat om op die see te loop. (Matthéüs 14:25.) Hoekom was Petrus in staat om uit te loop om Jesus te ontmoet? (Matthéüs 14:28–29.)
   - Wat het met Petrus gebeur nadat hy ‘n paar tree geneem het? (Matthéüs 14:30–31.) Hoekom dink julle het Petrus se geloof gewankel? Hoe het Jesus vir Petrus gehelp toe sy geloof gewankel het? (Matthéüs 14:31.) Hoekom is ons geloof somtyds swak? Hoe help Jesus Christus om ons geloof te versterk? (Deur die Heilige Gees, ons ouers, Kerk leiers, goeie vriende, die skrifture en so aan.)

   Help die kinders om te verstaan dat ons elke keer geloof beoefen, wanneer ons iets doen wat Hemelse Vader en Jesus Christus ons gebied het om te doen. En ons geloof sal ‘n bietjie sterker word elke keer as ons geloof beoefen. Ons, net soos Petrus, moet geloof beoefen om Jesus se leerstellings te volg, en dan sal ons geloof help om ons getuienisse te vertserk.

3. Petrus het getuig dat Jesus Christus die Seun van God is (Matthéüs 16:13–17).

   - Wie het Petrus gesê was Jesus Christus? (Matthéüs 16:16.) Hoe het Petrus dit geweet? (Matthéüs 16:17. Deur die Gees.) Hoe kan ons, soos Petrus, ons getuienisse van Jesus Christus betuig?

4. Petrus was saam met Jesus Christus op die Berg van Verheerliking (Matthéüs 17:1–9; sien “Opsommings Bespreking en Aanwendings Vrae” in les 15, bl. 51).

   - Wat het met Jesus Christus op die Berg van Verheerliking gebeur? (Matthéüs 17:2.) Wie het aan Jesus en Petrus, Jakobus en Johannes verskyn? (Matthéüs 17:3.) Wie se stem het die dissipels gehoor? (Matthéüs 17:5.) Hoekom dink julle sou hierdie ondervinding Petrus se getuienis van Jesus Christus versterk het?

5. Petrus en Johannes het ‘n kreupel man genees en was in die gevangenis gegooi (Handelinge 3:1–9; 4:6–20; 5:12–42).

   Laat ‘n kind die verhaal van Petrus en Johannes, wat die kreupel man genees, hersien. Vertel die res van die verhaal van uit Handelinge 5:12–42.

   - Hoe het Petrus en Johannes uit die gevangenis ontsnap? (Handelinge 5:19.) Wat het die engel hulle vertel om te doen? (Handelinge 5:20.) Hoe sou julle voel om weer te gaan preek nadat julle opgesluit was omdat julle gepreek het? Hoe dink julle het Petrus en Johannes die krag gekry om te doen wat reg was?

   Help die kinders om te verstaan dat ons dalk nooit opgesluit mag word vir die onderrig oor Jesus Christus nie, maar ons sal in ander maniere beproef word. Hoe mag jy dalk in jou lewe beproef word weens jou getuienis van Jesus Christus? (Sien verreikings aktiwiteit 4.)

   - Hoe het Petrus se getuienis van Jesus Christus gegroei? Hoekom het ons ‘n strek getuienis van Jesus Christus nodig? Hoe kan ons hierdie getuienis verkry? Hoe kan ons, ons getuienisse help groei? (Lees die skrifture, leer meer van Hom, gehoorsaam die gebooie, bid, luister na die Heilige Gess, woon kerk by, en so aan.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Help die kinders om te verstaan dat ‘n getuienis sluit in dat jy die volgende weet:

   Hemelse Vader lewe en is die Vader van ons geeste.
   Jesus Christus is Hemelse Vader se Seun en ons Verlosser.
   Joseph Smith is die profeet deur wie die Here die evangelie in die laaste dae gerestoureer het.
   Die Boek van Mormon is die woord van God en bevat die volheid van die evangelie.
   Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is die enigste ware kerk.
   Ons word vandag deur profete en apostels gelei.

   Bespreek maniere hoe ons ‘n getuienis kan kry van hierdie waarhede.

2. Verduidelik en help die kinders om die negende geloofsartikel te memoriseer.

3. Laat die kinders aan ondervindings dink wat Petrus met die Verlosser gehad het wat sy getuienis van Jesus Christus vergroot het. (Voeding van die 5,000, genesing van die siekes, opwekking uit die dood van Jaïrus se dogter, en so aan.) Hoe kan ons vir onsself weet dat Jesus Christus die Seun van God is? (Deur die skrifture te bestudeer, om te bid, om die gebooie te gehoorsaam, en so aan.)

4. Laat die kinders sommige maniere opnoem hoe ander mense mag probeer om hulle te kry om die kerk te ontken of om iets verkeerd te doen. Bespreek dan hoe hulle sterk genoeg kan wees om sulke versoekings te weerstaan. Gebruik die volgende voorbeelde, indien nodig:

   Iemand probeer hulle kry om nie Kerk dienste by te woon nie.
   Iemand probeer hulle kry om die Woord van Wysheid te breek.
   Iemand probeer hulle kry om te jok.
   Iemand probeer hulle kry om hulle tiende geld te spandeer.

Beklemtoon dat ons ‘n persoonlike getuienis van Jesus Christus moet kry om sterk te wees soos Petrus.

5. Vertel die volgende verhaal van wat met President Joseph F. Smith, sesde President van die Kerk, gebeur het toe hy as ‘n jong man teruggekeer het van sy sending:

   “Eendag nadat Joseph F. Smith en sy metgeselle’n kort afstand gerys het en kamp opgeslaan het, het ‘n groep dronk manne te perd in die kamp ingery, hulle het gelaster en gevloek en gedreig om enige Mormone dood te maak wat op hulle pad sou teë kom. Sommige van Joseph se metgeselle het afgegaan na die spruit toe en was buite sig gewees toe hulle die manne gehoor aankom het. Hulle het daar gewag vir hierdie bende om verby te gaan. Joseph F. Smith was ‘n klein entjie van die kamp af, terwyl hy hout bymekaar gemaak het vir die vuur toe hierdie manne nader gery het. Hy het gesê dat sy eerste gedagte was om ‘n plek te vind om weg te kruip, toe hy hulle sien. Toe kom die gedagte, ‘Hoekom moet ek weg hardloop van hierdie kêrels af?’ Met daardie gedagte in sy kop het hy met sy arms vol hout moedig opgemarsjeer na die kampvuur toe. Een van die mans het sy geweer na die jong ouderling gewys en in ‘n harde, kwaai stem gevra, ‘Is jy ‘n Mormoon”?’

   “Joseph F. Smith het nie vir ‘n oomblik geaarsel nie. Hy het die man in die oë gekyk en geantwoord, ‘Ja Meneer, die kleursel in die wol; die ware Jakob, deur en deur.’

   “Hy het sonder enige teken van vrees geantwoord en die man heeltemal verras. Die man het Joseph F. Smith by die hand gegryp en gesê: ‘Wel, jy is die plesierigste man wat ek nog ooit ontmoet het! Skud, jong man, ek is bly om ‘n man te sien wat opstaan vir sy oortuigings.” (Joseph Fielding Smith, *The Life of Joseph F. Smith,* bl. 188–89).

6. Help die kinders om Handelinge 5:29 te memoriseer.

7. Sing of lees die woorde van “Getuienis” (*Gesange,* no. 137), verse 1 en 2.

---

**Slot**

Getuienis

Lewer jou getuienis van Jesus Christus, en getuig dat ons getuienisse van Jesus dwarsdeur ons lewens sal aanhou groei, soos ons meer leer aangaande Jesus en luister na die getuienis van die Heilge Gees. Verduidelik dat ons steeds mag twyfel en vrae sal hê, maar soos ons aanhou om die skrifture te bestudeer, te bid en die gebooie gehoorsaam, sal ons getuienisse sterker word.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Matthéüs16:13–17 en Handelinge 5:29–32 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
38

# Bárnabas, Ananías en Saffíra

**Doel**

Om elke kind aan te moedig om te kies om eerlik te wees in gedagte, woord en daad.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 4:32–5:10 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Addisionele leeswerk: *Evangeliese beginsels,* hoofstuk 31.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig: ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.

**Voorge-stelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vertel die volgende verhaal vir die kinders en vra hulle om te besluit wat hulle sou gedoen het as hulle Charlie was:

“ ‘n Jong seun het sagtebal saam met sy vriende gespeel toe sy moeder se stem hard en duidelik deurkom, en roep, ‘Charlie, Charlie! ‘Hy het dadelik sy kolf neergegooi, sy baadjie en pet opgetel, en huis toe gegaan.

“ ‘Moenie nou gaan nie, maak eers die wedstryd klaar!’ skreeu die ander spelers.

“ ‘Ek moet op heterdaad gaan. Ek het vir my ma gesê dat ek sal kom wanneer sy roep, het Charlie geantwoord.

“ ‘Maak asof jy nie gehoor het nie,’ sê die seuns.

“ ‘Maar ek het gehoor,’ sê Charlie.

“ ‘Sy sal nie weet dat jy gehoor het nie.’

“ ‘Maar ek weet ek het, en ek moet gaan.’

“Uiteindelik het een van die seuns gesê, ‘Ag, laat hom gaan. Jy kan hom nie van plan laat verander nie. Hy klou aan sy ma se rokspand vas. Hy’s ‘n regte baba, hy hardloop die oomblik wat sy roep’ ” (N. Eldon Tanner, in Konferensie Verslag, Okt. 1977, bl. 65; of *Ensign,* Nov. 1977, bl. 43–44).

- Wat sou jy goedoen het?

Verduidelik dat ons almal elke dag situasies in die gesig staar wat vereis dat ons moet kies tussen om eerlik of oneerlik te wees. Vra die kinders om oor die resultate van die keuses van Bárnabas, Ananías en Saffíra te dink.

Skriftuurlike Verslag

Leer die kinders die verslag van Bárnabas, Ananías en Saffíra van uit Handelinge 4:32–5:10. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Wys daarop dat een van die maniere om soos Jesus te word is om te leer om die waarheid te praat en eerlik te wees in alles wat ons doen.

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wat het Kerk leiers die lede van die Kerk gevra om te doen sodat almal dit wat benodig is sal hê. (Handelinge 4:34–35.) Hoe sal jy voel om alles wat jy het te deel?
- Hoe was Bárnabas eerlik in wat hy gedoen het? (Handelinge 4:36–37.) Wat dink jy beteken dit om eerlik te wees? (Om die waarheid te vertel, om nie te steel of te verkul nie, om nie op enige wyse te bedrieg nie, en so aan.) Hoe voel jy wanneer jy volkome eerlik is?
- Hoe was Ananías en Saffíra oneerlik gewees? (Handelinge 5:1–2.) Hoekom het Saffíra saamgespeel met haar man se leuen? (Handelinge 5:1–2, 7–8.) Wat mag dalk gebeur het as sy eerlik was?
- Wie kan seerkry wanneer ‘n persoon oneerlik is? Verduidelik dat selfs al sien ons nie onmiddellike gevolge van ons oneerlikheid nie, soos Ananías en Saffíra het nie, ons onsself steeds seermaak. Ons kan deur ons oneerlikheid ander seermaak.
- Wat is die gevolge as jy oneerlik is? Wat is die gevolge as jy eerlik is? Deel ‘n persoonlike voorbeeld mee oor die gevolge van eerlikheid en oneerlikheid. Help die kinders om te verstaan dat dit nie altyd maklik is om eerlik te wees nie, maar ons moet eerlik wees maak nie saak wat die omstandighede is nie. Nooi die kinders om ondervindings mee te deel van om eerlik te wees.
- Wie weet altyd wanneer jy die waarheid vertel? Hoe bring om eerlik te wees ons nader aan Hemelse Vader?
- Wat kan jy doen om ander te help om eerlik te wees?
- Hoekom is dit belangrik om eerlik te wees met jou ouers? (Sodat hulle jou sal vertrou.) Hoekom wil jy hê jou ouers moet jou vertrou? Hoe verdien jy jou ouers se vertroue? Hoekom neem dit somtyds moed om die waarheid te vertel? (Sien verreikings aktiwiteit 6.)
- Hoekom sou die wêreld anders gewees het as almal eerlik was?

Lees die volgende aanhaling van President Ezra Taft Benson, die dertiende President van die Kerk:

“Wees eerlik. Moet nie jok of steel nie. Moet nie verkul nie. . . .

“Dierbare kinders, ons Hemelse Vader het julle op hierdie tydstip aarde toe gestuur omdat julle van Sy dapperste kinders is. Hy het geweet dat daar vandag baie goddeloosheid in die wêreld sal wees, en Hy het geweet julle kan gelowig en gehoorsaam wees” (in Konferensie Verslag, Apr. 1989, bl. 103; of *Ensign,* Mei 1989, bl. 82–83).

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Hersien die dertiende geloofsartikel en help die kinders om dit te verstaan en te memoriseer.

2. Skryf die woorde *huis, skool* en *buurt* op die bord. Laat die kinders aan maniere dink hoe hulle eerlik kan wees met die handeling van situasies in elke plek. Bespreek die idees waaraan die kinders dink.

3. Skryd die woorde *Eerlik* en *Oneerlikt* op die bord. Deel die volgende verklaring deur Ouderling Marvin J. Ashton mee: "'n Leuen is *enige* kommunikasie aan 'n ander gegee met die voorneme om te bedrieg.' . . . 'n Leuen kan doeltreffend gekommunikeer word sonder dat enige woorde ooit geuiter word. Somtyds kan 'n knik van die kop of stilte bedrieg" (in Konferensie Verslag, Apr. 1982, bl. 10; of *Ensign,* Mei 1982, bl. 9). Bespreek elkeen van die volgende situasies en laat die kinders vasstel onder watter opskrif dit die beste pas en hoekom:

   Vertel die waarheid
   Doen jou eie werk
   Mislei ander deur nie die volle waarheid te vertel nie
   Erken wanneer jy iets verkeerd gedoen het.
   Verkul
   Jok
   Steel
   Vertel halwe waarhede
   Gee geleende of verlore items terug
   Kom beloftes na

4. Laat elke kind 'n tekening maak, dalk in die vorm van 'n skild, wat sê "Ek staan vir waarheid en eerlikheid." Nooi die kinders om 'n doel te stel om die waarheid te praat en om eerlik te wees in alles wat hulle doen. Laat die kinders hulle name teken aan die onderkant van hulle tekeninge.

5. Teken 'n leer op die bord of op 'n stuk papier en noem dit die *Eerlikheid Leer.* Maak 'n eenvoudige figuur van papier of teken 'n figuur aan die onderkant van die leer. Deur gebruik te maak van situasies soos die volgende, laat die kinders al die moontlike keuses noem wat hulle in elke situasie kan maak. Vra dan vir hulle om te besluit wat die beste keuse is. Laat 'n kind die figuur beweeg (of 'n lyn teken vanaf die figuur) een trap op van die leer as die beste keuse is om eerlik te wees. Wys daarop dat die eerlike keuse altyd die beste keuse is. Gebruik genoeg situasies om die lyn tot bo-aan die leer te kry.
   a. Jy vind 'n vriend se verlore speelding.
   b. Jy vind 'n beursie met geld daarin.
   c. 'n Sak met lekkergoed wat aan iemand anders behoort lê op die tafel, en niemand anders is in die vertrek nie.
   d. Jy gaan na 'n aktiwiteit wat geld kos om by te woon. Die teken by die deur sê "Kinders onder agt is gratis."
   e. 'n Winkelklerk gee vir jou te veel kleingeld.
   f. Jou vriend vra jou om hom of haar toe te laat om af te kyk op 'n toets.
   g. Iemand vertel vir jou 'n onvriendelike storie oor iemand anders.
   h. Jy het jou ouers belowe dat jy op 'n sekere tyd by die huis sal wees, maar jou vriend wil hê dat jy langer moet bly.

6. Maak verskeie situasies op, soortgelyk aan die volgende situasies, vir die kinders om te rolspel. Die situasies wat jy opmaak moet situasies wees waar die kinders kan kies om eerlik of oneerlik te wees met hulle ouers.
   a. Jou ma wil hê dat jy na jou klein broer moet kyk. Jy wil lees in plaas daarvan. Jy weet dat as jy haar vertel dat jy huiswerk het om te doen, sy nie van jou sal verwag om na hom om te sien nie.

b. Jy breuk per ongeluk jou ma se gunsteling bak terwyl sy weg is.
c. Jy het jou vader belowe dat jy hom Saterdag met ‘n projek sal help, maar jou vriende het‘n aktiwiteit beplan wat jy wil bywoon.

7. Hersien die vierde geloofsartikel.

8. Sing of lees die woorde van “Durf om Reg te Doen” (*Kinder Sangbundel,* bl. 158), “Onderhou die Gebooie” (*Kinder Sangbundel,* bl. 146), “Ek sal Dapper Wees” (*Kinder Sangbundel,* bl. 162), “Ek glo in Eerlikheid” (*Kinder Sangbundel,* bl. 149), of “Staan vir Geregtigheid” (*Kinder Sangbundel,* bl. 159).

---

**Slot**

Getuienis

Deel jou getuienis mee van die belangrikheid daarvan om eerlik te wees. Verduidelik dat die Heilige Gees vir ons ‘n gevoel van vrede sal gee, wanneer ons eerlik is in alles wat ons doen.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Handelinge 4:32–5:10 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
39

# Stéfanus, die Martelaar

**Doel**

Om elke kind te help om ‘n groter begrip te ontwikkel van die Godheid.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 6, 7:54–60, en Leer en Verbonde 130:22–23 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Addisionele leeswerk: Handelinge 7:1–53 en Joseph Smith—Geskiedenis 1:17.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. ‘n Kopie van die Leer en Verbonde
   c. Prent 7-40, Die Eerste visioen (Evangeliese Kuns Ransel 403; 62470).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Skryf *martelaar* op die bord. Vra ‘n kind om vorentoe te kom.

- (Naam van kind), sal jy gewillig wees om ‘n martelaar te wees?
- Weet enige een van julle wat ‘n martelaar is?

Verduidelik dat ‘n martelaar ‘n persoon is wat so sterk glo in iets dat hy of sy, sy of haar lewe gee as ‘n getuie.

Hierdie les handel oor ‘n man wat ‘n sterk getuienis gehad het van Hemelse Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees en gemartel was weens daardie getuienis.

Skriftuurlike Verslag

Onderrig die kinders in die die verslag van Stéfanus se lewe soos gevind in Handelinge 6 en Handelinge 7. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Hoekom het die Apostels sewe manne geroep om hulle te help? (Handelinge 6:1–4.) Hoe was hierdie sewe manne geroep? (Handelinge 6:3, 5–6.) Hoekom het die Apostels hulle “die hande opgelê”? (Die Apostels het vir hulle die priesterskaps gesag gegee, wat hulle van Jesus Christus ontvang het, om sekere pligte uit te voer; almal wat die priesterskap ontvang word deur die oplegging van hande verordineer.)

- Watter kwaliteite het Stéfanus gehad wat hom gehelp het om die Apostels by te staan en die mense te dien? (Handelinge 6:5, 8.) Hoe het hy die lewens van mense geseën?
- Hoekom het die Joodse leiers Stéfanus voor 'n raad gebring? (Handelinge 6:9–12.) Waarvan het die leiers van die sinagoge Stèfanus valslik beskuldig? (Handelinge 6:13–14. Verduidelik dat *lasterlik* beteken om in 'n spottende en oneerbiedige wyse oor God en heilige dinge te praat.) Hoekom het hulle gedink Stèfanus het lasterlik gepraat?
- Wat het met Stèfanus se gesig gebeur soos hy met die lede van die raad gepraat het? (Handelinge 6:15.)

Verhaal kortliks die dinge wat Stèfanus die raad vertel het (sien Handelinge 7:1–53). Help die kinders om te verstaan dat Stèfanus aan die mense van Israel van God se seëninge verduidelik en getuig het. Hy het ook gesê dat die mense ongehoorsaam was aan God, die profete vervolg en doodgemaak het en die Messias verwerp en doodgemaak het.

- Vir wie het Stèfanus gesien toe hy opgkyk het na die hemel toe? (Handelinge 7:55.) Wie was saam met Stèfanus soos hy van Hemelse Vader en Jesus Christus getuig het. (Die Heilige Gees.)
- Het die mens rondom Stèfanus die visioen gesien wat hy gesien het? Wat het hulle gedoen? (Handelinge 7:57–59.) Wat het Stèfanus gesê terwyl hulle hom gesteunig het? (Handelinge 7:59–60.) Hoekom dink julle was Stèfanus in staat om die mense wat hom doodgemaak het te vergewe?

Vertoon die prent Die Eerste Visioen.

- Wie anders het 'n soortgelyke visioen van Hemelse Vader en Jesus Christus gesien? (Joseph Smith—Geskiedenis 1:17.)
- Wat kan ons volgens die visioene van Stèfanus en Joseph Smith oor Hemelse Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees leer? (Jy kan verreikings aktiwiteite 4 en 5 gebruik om die kinders te help om te leer oor die lede van die Godheid.)
- Hoe kan ons weet dat hemelse Vader en Jesus Christus bestaan? Wat moet ons doen om waardig te wees van die Heilige Gees se kameraadskap? Help die kinders om te verstaan dat wanneer ons die gebooie gehoorsaam, ons deur die Heilige Gees 'n getuienis van Hemelse Vader en Jesus Christus kan ontvang.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Lees Johannes 17:20–21 en bespreek hoe Hemelse Vader, Jesus Christus en die Heilig Gees "een" is in doel. Jy mag verwys na die voorbeeld van 'n vader, moeder en kinders wat almal saamwerk vir een doel.

   Jy mag ook die rol wat elke lid van die Godheid in ons gebede het verduidelik: Ons bid tot Hemelse Vader in die naam van Jesus Christus, en die antwoorde kom deur die Heilige Gees.

2. Verduidelik dat behalwe Stèfanus ander moedige, gelowige mense ook al martelaars was weens hulle getuienis en geloof in Hemelse Vader en Jesus Christus. Gebruik voorbeelde soos die volgende uit die skrifture:

   Joseph Smith was vervolg toe hy ander van sy visioen vertel het en Joseph en sy broer Hyrum was later gemartel.

   Baie van die vroeëre dissipels en Apostels van die Kerk was vervolg en sommige was gemartel. Jakobus was gemartel (Handelinge 12:2), so ook Paulus, en dit word tradisioneel aanvaar dat Petrus, Markus, en Matthéüs ook gemartel was (sien "Markus," "Matthéüs," "Paulus," en "Petrus" in the Bybel Woordeboek in die Kerk uitgawe van die Bybel).

   Laat die kinders vir jou vertel wat hulle kon leer van die voorbeelde van hierdie getroue mense.

3. Hersien die vyfde geloofsartikel. Bespreek hoe Kerk leiers vandag mense tot Kerk posisies roep, net soos Stèfanus geroep was om die vroeëre Apostels te help. Verduidelik dat wanneer 'n persoon 'n roeping ontvang, hy of sy deur die oplegging van hande afgesonder word en gesag gegee word om sekere spesifieke verantwoordelikhede te verrig. Help die kinders om te verstaan dat wanneer jong seuns en meisies in die presidentskap van priesterskap kworum of Jong Meisie klasse dien, hulle op dieselfde manier geroep en afgesonder sal word.

4. Lees en bespreek Leer en Verbonde 130:22–23. Help die kinders om te verstaan dat Hemelse Vader en Jesus Christus verheerlikde liggame van vlees en been het. Ons fisiese liggame is in Hemelse Vader en Jesus se gelykenis. Die Heilige Gees is 'n persoon van Gees, en het nie 'n liggaam van vlees en been nie.

5. Vertoon die volgende woordstroke of skryf die woorde op die bord.

   Die Godheid
   Hemelse Vader:
   Jesus Christus:
   Die Heilige Gees:

   Skryf op aparte stukkies papier die volgende verklarings neer wat die lede van die Godheid beskryf. Let daarop dat jy twee stukkies papier benodig met "Het 'n verheerlikde liggaam van vlees en been."

   Hemelse Vader:
   - Die Vader van ons geeste
   - Die Vader van Jesus se aardse liggaam
   - Het 'n verheerlikde liggaam van vlees en been
   - Ons bid tot Hom

   Jesus Christus:
   - Ons Verlosser en Heiland
   - Het 'n verheerlikde liggaam van vlees en been
   - Die aarde geskape
   - 'n Aardse moeder gehad

   Die Heilige Gees:
   - 'n Persoon van Gees
   - Lewer getuienis van Hemelse Vader en Jesus Christus
   - Openbaar die waarheid van alle dinge (Moroni 10:5)
   - Kan ons konstante metgesel wees.

Hersien die rol van elke lid van die Godheid deur die kinders toe te laat om een van die stukkies papier te kies wat jy voorberei het. Laat elke kind die verklaring hardop voorlees, vasstel na watter lid van die Godheid dit verwys, en die verklaring onder die geskikte titel plaas.

6. Sing of lees die woorde van “Dit Is My Geliefde Seun” (*Kinder Sangbundel,* bl. 76) of “O, Hoe Lieflik Was Die Môre!” (*Gesange,* no. 26).

---

**Slot**

Getuienis

Lewer getuienis van jou kennis van die Godheid en vertel vir die kinders hoe belangrik dit is om hierdie kennis te hê. Deel met die kinders jou liefde mee vir Hemelse Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Handelinge 7:54–60 en Leer en Verbonde 130:22–23 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les

40

# Petrus en Cornelius

**Doel**

Om elke kind te help verstaan dat Hemelse Vader al sy kinders lief het en wil hê almal van hulle moet die geleentheid hê om die evangelie te leer.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 10:1–11:18 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Prent 7-41, Gaan Dan Heen (Evangeliese Kuns Ransel 235; 62494).

**Voorge-stelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Skryf die volgende name op die bord: *Cornelius, Engel, Petrus.*

Aandag Aktiwiteit

Laat drie kinders elk een van die volgende beskrywings van hierdie drie mense lees. Vra die res van die kinders om hulle hande op te steek as hulle dink hulle weet watter persoon beskryf word.

Ek is ‘n boodskapper. Buiten om God se boodskappe oor te dra, onderrig ek, seën ek, en doen wat ook al ek gebied word om te doen. Vandag gaan julle leer oor ‘n spesiale boodskap wat ek gebring het. Ek is (‘n engel).

Ek was ‘n visserman aan die See van Galiléa toe Jesus my groep het om Hom te volg. Julle sal vandag leer van ‘n visioen wat ek ontvang het, wat die weg oopgemaak het vir almal om die evangelie geleer te word. Ek is (Petrus).

Ek is ‘n hoofman in die Romeinse legioen en kommandeer van 50 tot 100 manskappe. Ek was die eerste Nie-Jood (iemand wat nie ‘n Jood was nie) wat by die Kerk aangesluit het. Julle sal in vandag se les van my doop leer. Ek is (Cornelius).

Skriftuurlike Verslag

Onderrig die verhaal van Petrus en Cornelius van uit Handelinge 10:1–11:18. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Vertoon die prent op ‘n geskikte tyd.

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings soos jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Hoekom was Cornelius waardig om ‘n visioen van die Here te ontvang en gedoop te word? (Handelinge 10:2.) Hoe kan jy ‘n toegewyde (getroue) lid van die Kerk wees?
- Wat was die engel se boodskap aan Cornelius? (Handelinge 10:3–6.)

- Wat het Petrus in 'n visioen gesien? (Handelinge 10:11–16.) Hoekom was die visioen vir hom verontrustend gewees? (Die Here het Israel gebied om sekere soorte vleis, wat as onrein beskou was, nie te eet nie [sien Levítikus 11].) Hoe het Petrus die visioen eers ontvang? (Handelinge 10:14.) Wat het sy mening verander? (Handelinge 10:15.)
- Hoekom was dit so ongewoon vir Petrus om vir Cornelius die evangelie te leer? (Handelinge 10:28.) Verduidelik dat die Apostels tot op hierdie tydstip die evangelie vir die Joodse mense geleer het, en meeste van die mense in die Kerk het gedink dat die evangelie slegs aan die Joodse mense geleer moes word. Maar Cornelius was nie 'n Jood nie. Wat het Petrus uiteindelik besef het sy visioen beteken? (Handelinge 10:34–35.) Wie moet vandag die evangelie geleer word? (Alle mense.)
- Hoekom dink julle het Cornelius al sy familie en vriende bymekaar geroep om na Petrus te luister? (Handelinge 10:24–27.) Wat is van die evangeliese beginsels wat jy met jou familie en vriende wil meedeel?
- Wat het Cornelius gedoen om 'n antwoord te vind vir sy probleem? (Handelinge 10:30.) Watter ondervindinge het jy of jou familie al met vas en gebed gehad? Hoe het die Here jou al gehelp om 'n antwoord te vind op 'n probleem?
- Hoe het mense geweet dat Petrus die waarheid gepraat het? (Handelinge 10:44–45.) Wat moet ons doen vir die Heilige Gees om die waarheid aan ons te bevestig? (Moroni 10:4–5.)
- Wat het die dissipels en die ander Apostels gedink toe hulle gehoor het dat Petrus Nie-Jode geonderrig het? (Handelinge 11:2–3.) Hoe het Petrus sy dade verduidelik? (Handelinge 11:4, 17.) Hoe het die dissipels en die Apostels Petrus se visioen ontvang? (Handelinge 11:18.) Wat leer dit vir ons van Hemelse Vader se liefde vir Sy kinders? (Sien verreikings aktiwiteit 5.)
- Hoe kan jy die evangelie vir sommige van Hemelse Vader se kinders leer? Help die kinders om aan maniere te dink hoe hulle nou sendelinge kan wees en hoe hulle kan voorberei om 'n voltydse sending te dien.

## Verreikings Aktiwiteite

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Laat die kinders Handelinge 10:36–43 in klein groepies lees en 'n lys maak van die dinge wat Petrus vir Cornelius en sy familie en vriende geleer het. Laat elke groep hulle lys lees terwyl jy die items op die bord of 'n groot stuk papier skryf. Voeg enige van die volgende items by wat die kinders kon gemis het.

   Jesus Christus is Here van almal (vers 36).

   Jesus Christus was gedoop (vers 37).

   Jesus Christus was gesalf met die Heilige Gees en met krag (vers 38).

   Jesus Christus het goed gedoen (vers 38).

   Jesus Christus het genees (vers 38).

   Jesus Christus was doodgemaak (vers 39).

   Jesus Christus het op die derde dag opgestaan uit die dode (vers 40).

Jesus Christus het vir Petrus gebied om te getuig dat Jesus verordineer was deur God (vers 42).

Al die profete het van Jesus Christus getuig (vers 43).

Die wat in Jesus Christus glo en gedoop word sal vergifnis ontvang vir hulle sondes (vers 43)

2. Met die goedkeuring van jou Primêre president, nooi ‘n onlangs teruggekeerde sendeling om jou klas by te woon en ondervindings mee te deel wat die belangrikheid om al Hemelse Vader se kinders te onderrig illustreer.

3. Bespreek die volgende verklaring wat aangepas van ‘n aanhaling deur Elder Howard W. Hunter:

   Klein kinders is kosbaar vir ons Hemelse Vader. Hy het hulle lief en kyk na hulle met dieselfde tere sorg maak nie saak waar hulle bly of hoe hulle aantrek of lyk nie. Hy het die donker, krulhaar Fijiaan en die vriendelike, helder geklede kinders in Samoa lief. Hy het die klein Engelse seuns en dogters, wat almal dieselfde klere aantrek skool toe, lief. Hy het die kinders in Japan lief. Hy het die die Lamaniete en die songebrande kinders in Suid-Amerika lief. Ons Vader het al sy kinders reg oor die wêreld lief. Wanneer dit slaaptyd is, kniel liefdevolle ouers in alle lande saam met hulle kinders om hulle gebede te sê. Dit mag langs ‘n hoë, donserige verebed in die Alpe wees of ‘n klein mat op die vloer van ‘n hut. Maar ons Hemelse Vader hoor en verstaan hulle almal. (Sien *Friend,* Okt. 1971, bl. 10.)

4. Help die kinders om te verstaan dat alhoewel mense in verskillende lande verskillende tradisies en gewoontes het, ons almal eenders is deurdat Hemelse Vader ons almal liefhet en wil hê dat ons almal na Hom toe moet terugkeer.

   Speel ‘n verbind speletjie met dieselfde of soortgelyke kategorieë sodat die kinders kennis kan opdoen oor sommige van die goed wat gesien of gedoen word in ander lande.

   Verbind in watter plek jy heel moontlik jou sending sal dien as jy:

| Sien mense dra | |
|---|---|
| Leis | Skotland |
| Klompe | Hawaii |
| Kilts | Japan |
| Kimonos | Nederland |

| Eet | |
|---|---|
| Enchiladas | Verenigde State |
| Sauerbraten | Noorweë |
| Appeltert | Frans |
| Crêpes | Duitsland |
| Gepekelde haring | Mexiko |

| Sien | |
|---|---|
| Mounties | Italië |
| Big Ben | Australië |
| Lenende Toring van Pisa | Kanada |
| Kangaroe | Engeland |

5. Verduidelik dat iets soortgelyk aan Petrus se visioen in 1978 gebeur het toe President Spencer W. Kimball ‘n openbaring van die Here ontvang het dat alle waardige mans en seuns die priesterskap kon ontvang en hule families kon die seëninge van die tempel ontvang (sien Amptelike Verklaring—2 in die Leer en Verbonde).
6. Sing of lees die woorde van “Children All over the World” (*Kinder Sangbundel,* bl. 16) of “We’ll Bring the World His Truth” (*Kinder Sangbundel,* bl. 172).

---

**Slot**

Getuienis

Lewer jou getuienis dat God al sy kinders lief het en wil hê almal van ons moet die evangelie geleer word, gedoop word en ons verbonde onderhou sodat ons weer by Hom kan woon. Betuig jou dankbaarheid oor jou doop en jou kennis van die evangelie.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Handelinge 10:36–43 en Handelinge 11:15–18 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
41


# Jakobus Onderrig Ons Om Ons Tonge te Beheer

**Doel**

Om die kinders te help om te leer om beheer te hê oor die dinge wat hulle sê en dink.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Matthéüs 5:33–37, Jakobus 1:26, 3:2–13, 5:12, 1 Petrus 3:10, Exodus 20:7, en Mosia 4:30 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii).
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Sny ‘n klomp driehoeke uit papier uit. Skryf elkeen van die volgende woorde of uitdrukkings op ‘n driehoek wat afwaarts wys: *skinder, vals getuie, leuens, rusie maak, vloek, die naam van die Here ydellik gebruik, bose woorde.* Skryf elkeen van die volgende woorde of uitdrukkings op ‘n driehoek wat opwaarts wys: *vriendelike woorde, komplimente, beleefde woorde, waarheid, gebed, vredemaak.*




4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Kleefband (of iets soortgelyk) om die driehoeke vas te sit op die bord.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Verdeel die kinders in jou klas in klein groepe in en laat elke groep deur toneelspel wys hoe om ‘n perd, ‘n fiets, ‘n hond op ‘n uitstappie, ‘n motor, ‘n boot, of ‘n ander soortgelyke dinge te beheer. Laat die ander kinders raai wat die groep doen.

- Wat sal gebeur as iemand nie hierdie goed kan beheer nie?

Verduidelike dat in hierdie les die kinders sal leer om iets wat hulle altyd saam met hulle het, te beheer. Dit is deel van hulle liggame, maar dit is nie hulle hande of voete nie.

- Wit dink julle kan dit wees?

Vra die kinders om te luister vir hierdie deel van die liggaam terwyl jy Jakobus 3:3–5 lees.

- Wat vertel hierdie skriflesing ons van ons tonge?

Skriftuurlike Verslag

Leer die kinders die verslae in Matthéüs 5:33–37, Jakobus 1:26, 3:2–13, en 1 Petrus 3:10. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Verduidelik dat *om bedrog te praat* beteken om ander te bedrieg of te kul. Help die kinders om te verstaan dat alhoewel die tong 'n klein deel van die liggaam is, moet hulle hard werk daaraan om dit te beheer.

Bespreking en Aanwendings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wat beteken dit om ons tonge in toom te hou? (Jakobus 1:26.) Hoekom kan ons, ons hele liggaam beheer as ons, ons tong kan beheer? (Jakobus 3:2.)
- Hoekom kan 'n natuurlike fontein nie gelyktydig soet en bitter water of sout en vars water uitborrel nie? (Jakobus 3:11–12.) Wat het Jakobus bedoel toe hy gesê het dat 'n vyeboom kan nie olywe produseer nie en 'n wingerdstok kan nie vye produseer nie? (Jakobus 3:12.) Wat het hy ons probeer leer met hierdie voorbeelde? (Jakobus 3:10.)
- Wat gebeur met ons wanneer ons begin onvriendelike dinge sê of harde woorde gebruik? Hoe dink julle affekteer dit die goeie dinge wat ons sê?
- Watter gebooie oor wat en hoe ons moet praat het Jesus vir ons gegee? (Matthéüs 5:33–37.) Hoekom dink julle is dit belangrik om die gebooie te gehoorsaam?

Trek 'n horisontale lyn op die bord. Plaas die driehoeke onderstebo op die tafel, en laat elke kind een kies, lees dit, en plak dit bo die lyn as die pyl opwaarts wys en onder die lyn as die pyl afwaarts wys. (Sien die illustrasie in die "Voorbereiding" afdeling.)

- Bespreek elke woord soos die kind die driehoek op die lyn plaas. Bespreek hoekom die dinge bo die lyn positiewe dinge is om te sê en hoekom die dinge onder die lyn negatiewe dinge is om te sê. Hoe voel jy wanneer jy iets vriendelik sê vir iemand of aangaande iemand? Hoe voel jy wanneer jy vir iemand 'n kompliment gee? Hoekom voel ons goed oor onsself wanneer ons goeie dinge oor ander mense sê?
- Wat vertel die tien gebooie ons van die manier waarop ons oor die Here moet praat? (Exodus 20:7.) Hoekom is dit belangrik om slegs eerbiedig van Hemelse Vader en Jesus Christus te praat? Hoe help gehoorsaamheid van die gebooie ons om meer soos Hemelse Vader en Jesus te word? (Jy mag President Spencer W. Kimball se storie van les 8 hervertel.)
- Hoe beheer ons ons tonge en ons dade? Help die kinders om te verstaan wat ons dink en voel bepaal wat ons sê en doen. Deur ons gedagtes te beheer, kan ons beheer wat ons sê. Hoe kan ons ons gedagtes beheer? Bespreek die volgende voorstelle:

Vra vir jouself, “Wat sal Jesus wil hê moet ek in die situasie doen?”
Dink aan ‘n gunsteling skriftuur.
Sing of neurie ‘n Primêre liedjie of ‘n gesang hardop of in jou kop.
Bid vir hulp.
Onthou dat jy ‘n kind van God is.
Dink aan wat jou ouers sou wou hê jy moet doen.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Vertel die volgende verhaal oor Joseph Smith (jy mag iemand wat goed lees vra om die verhaal op ‘n bandopnemer op te neem):

   Joseph Smith was baie kere in die tronk gesit deur mans wat nie van hom gehou het nie, selfs al kon hulle nooit bewys dat hy iets verkeerd gedoen het nie. Een aand was hy en sommige ander mans in ‘n baie koue en ellendige tronk gehou waar hulle kettings om hulle enkels moes dra en op die harde vloer moes slaap. Hulle het probeer om te slaap, maar die wagte het baie hard gepraat. Hulle het gevloek en mekaar vertel van al die verskriklike dinge wat hulle gedoen het aan lede van die Kerk.

   Na Joseph na die verskriklike gesprek geluister het ,spring hy skielik op en sê vir die mans, “Stilte. . . . In die naam van Jesus Christus bestraf ek julle, en gebied julle om stil te wees; Ek sal nie nog ‘n minuut lewe en sulke taal aanhoor nie.” Die wagte het hulle wapens laat val en hom gesmeek om hulle te vergewe. Hulle was die res van die aand stil gewees. (Sien Parley P. Pratt, *Autobiografie van Parley P. Pratt,* bl. 209–11.)

   - Wat kan jy doen as iemand naby jou vloek of ‘n vulgêre storie vertel?

2. Ryg ‘n ring of spoel deur ‘n lang tou en knoop die punte van die tou. Laat die klaslede in ‘n sirkel staan en aan die tou vashou. Kies een kind om in die middel van die sirkel te wees. Laat die ander kinders die ring of spoel van hand top hand aangee. Wanneer jy “Stop” sê, laat die persoon met die ring iets goed sê oor die kind in die middel. Laat dan die kind wat in die middel is plekke omruil met die een wat die mooi ding gesê het en gaan aan met die speletjie. Hou aan tot elkeen ‘n beurt gehad het om in die middel te wees. Jy mag dalk ‘n positiewe opmerking wil byvoeg oor elke kind. Praat oor hoe ons voel wanneer ons goeie dinge sê en hoe ons voel wanneer iets goed van ons gesê word. (As jou klas te klein is vir hierdie aktiwiteit, laat elke kind iets goed sê van die ander kinders.)

3. Vergelyk een slegte gedagte met die klein ysterwig in die volgende storie wat President Spencer W. Kimball vertel het van ‘n jong seun wat op ‘n plaas gebly het.

   Op pad terug uit die veld uit eendag, het ‘n jong seun ‘n yster wig gevind. (Verduidelik hoe ‘n wig lyk.) Hy het geweet dat hy laat was vir aandete, so, in plaas van om die wig in die houtskuur te bêre waar dit hoort, het hy dit tussen die takke van ‘n jong okkerneutboom neergelê wat sy pa geplant het naby die voorste hek. Hy was van plan om die wig later uit die boom uit te haal en dit terug in die skuur te sit, maar hy het dit nooit gedoen nie. Die wig het vir jare daar gebly, en die boom het rondom dit gegroei totdat dit ‘n baie groot boom geword het.

Baie jare later op ‘n winters aand, het vriesende reën een van die drie takke van die boom afgebreuk. Dit het die res van die boom ongebalanseerd gemaak sodat dit ook omgeval het. Toe die storm verby was, het nie ‘n takkie van die boom staande gebly nie.

Vroeg die volgende oggend het, die boer—die seun wat ouer geword het — uitgegaan en die beskadigde okkerneutboom gesien. Hy het gedink, “Ek sou nie vir ‘n duisend dollers dit laat gebeur het nie. Dit was die mooiste boom in die vallei.”

Die boer het van die wig vergeet, maar dit was steeds daar. Selfs al het die boom hoog gegroei,het die wig dit verswak. Normaalweg sou die boom deur die storm gestaan het, maar as gevolg van die wig wat baie jare terug daarin geplaas is, was die boom nie so strerk soos dit moes gewees het nie. Die wig het veroorsaak dat die boom val en breek. (Sien Samuel T. Whitman, “Vergete Vaswig,” aangehaal deur Spencer W. Kimball, in Konferensie Verslag, Apr. 1966, bl. 70–71.)

- Hoe is slegte gedagtes soos ‘n wig? Wanneer ons ‘n slegte gedagte het, kan dit al dieper en dieper inwerk op ons verstand, net soos die wig in die boom, en ‘n groot probleem word vir ons. Ons moet onmiddellik ontslae raak van slegte gedagtes

4. Bespreek Spreuke van Salomo 23:7. Sluit maniere by die bespreking in oor hoe kinders hulle humeure kan beheer, soos om tot tien te tel wanneer hulle seer kry of kwaad word.
5. Sing of lees die woorde van “Neurie Jou Gunsteling Gesang” (*Kinder Sang-bundel,* bl. 152).

---

**Slot**

Getuienis

Getuig dat om soos Hemelse Vader en Jesus Christus te word moet ons leer om ons tonge te beheer. Deel ‘n ondervinding mee waar dit jou of iemand wat jy ken gehelp het om nader aan die Here te voel deur goeie dinge eerder as slegte dinge te sê. Moedig die kinders aan om gedurende die volgende week dit wat hulle sê te probeer beheer.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Jakobus 3:3–10 by die huis bestudeer as ‘n hersiening van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Les
42

# Saulus Se Bekering

**Doel** Om elke kind aan te moedig om meer ten volle bekeer te word tot Jesus Christus.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 7:57–60, 8:1–3, 9:1–30, 26:9–23, en Mosia 5:2 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (See "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.)
2. Addisionele leeswerk: Handelinge 22:3–21.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. 'n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. 'n Glas gevul met water.
   c. Prent 7-42, Saulus op Pad na Damaskus.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Wys 'n glas water vir die kinders.

- Wat gebeur wanneer water kook? (Dit verander in stoom.)
- Wat gebeur wanneer water vries? (Dit verander in ys.)

Verduidelik dat wanneer water in ys of stoom verander, sê ons dat die water "hervorm" is. (Die proses van "hervorming", is dieselfde as die proses van "bekering".) Dit is verskillend van die oorspronklike water.

- Hoe word mense bekeer tot die evangelie van Jesus Christus? Hoe verander hulle lewens wanneer hulle bekeer?

Skryf die woord *bekeer* op die bord. Verduidelik dat dié les handel oor een man se wonderbaarlike bekering tot die evangelie van Jesus Christus?

Skriftuurlike Verslag

Onderrig die kinders in die verslag van Saulus se bekering tot die Kerk van Jesus Christus soos gevind in Handelinge 9:1–20. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii.) Help die kinders om te verstaan dat dié Saulus nie die man is wat die eerste koning van Israel was nie, maar die man is wat die groot sendeling Paulus geword het.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Hoe het Saulus die lede van die kerk vervolg? (Handelinge 7:57–60; 8:1–3; 9:1–2.) Hoe mag die lede van die Kerk oor hom gevoel het? Hoe sal jy voel as iemand jou vervolg het vir jou geloofs oortuigings? Hoe moet ons reageer

wanneer iemand dit doen? Moedig die kinders aan om enige ondervindinge mee te deel waar iemand die spot gedryf het met hulle of onvriendelik was teenoor hulle, as gevolg van hulle geloofs oortuigings.

- Wat het op pad na Damaskus gebeur wat Saulus laat besef het dat hy van sy sonde moet bekeer? (Handelinge 9:3–6.) Met wie het Saulus in dié visioen gepraat? (Handelinge 9:5.) Hoe help Hemelse Vader en Jesus Christus ons om te weet wanneer ons moet bekeer? (Gevoelens van die Heilige Gees en leiding van ons ouers, die profete en die skrifture.)
- Wat beteken dit om "teen die prikkels te skop"? (Handelinge 9:5.) ('n Prik was 'n skerp spies wat mense gebruik het om diere aan te spoor om te beweeg. Die diere het dikwels terug geskop wanneer hulle geprik was, wat gemaak het dat die spies hulle nog meer seermaak. Jesus Christus het vir Saulus vertel dat sy dade hom meer benadeel as vir enige iemand anders. Wanneer ons baklei teen iets wat reg is, maak ons onsself die die meeste seer.) Hoe kan iemand seerkry deur teen die waarheid te veg? Indien moontlik, gee 'n toepaslike voorbeeld uit jou eie ondervinding.
- Wat het Saulus gedoen om te bekeer en hom tot Jesus Christus te wend? Wat moet ons doen om van ons sondes te bekeer? Bespreek die volgende punte (jy mag 'n lys op die bord maak):

  Hy het sy sonde erken. (Handelinge 9:6.)
  Hy het gevas en gebid vir vergifnis. (Handelinge 9:9, 11.)
  Hy was gedoop. (Handelinge 9:18.)
  Hy het probeer om die dinge reg te maak wat hy verkeerd gedoen het. (Handelinge 9:20.)
  Hy het verander en het nooit weer mense vervolg nie.

  Verduidelik dat Saulus se hart nie goddeloos was nie; hy was bedrieg. Hy moes bekeer en gedoop word.
- Hoekom is dit belangrik om te bekeer wanneer ons iets verkeerd doen? Hoe laat bekering ons voel?
- Wat het het Here Ananías gevra om te doen? Hoekom? (Handelinge 9:10–12.) (Verduidelik dat dit 'n ander Ananías is, as die een wat doodgeslaan is vir oneerlikheid.) Hoekom was Ananías bang om te doen wat die Here hom gevra het om te doen? (Handelinge 9:13–14.)
- Hoekom het die Here Saulus 'n "uitverkore werktuig" genoem? (Handelinge 9:15–16.) Watter belangrike dinge wou Hemelse Vader hê moes Saulus doen? (Handelinge 26:16, 18.) Watter belangrike dinge mag Hemelse Vader wil hê julle moet doen? Hoe kan julle van hierdie dinge leer?
- Hoe het Saulus sy sig verloor? (Handelinge 9:8; 22:11.) Wat het gebeur toe Ananías vir Saulus geseën het? (Handelinge 9:17–18.)
- Hoekom wou nóg die mense nóg die dissipels Saulus glo toe hy gepreek het na se bekering,? (Handelinge 9:21, 26.) Hoekom moes Saulus die land verlaat? (Handelinge 9:23, 29–30.)
- Wat doen Hemelse Vader wanneer ons van ons sondes bekeer? (L&V 58:42.) Hoe kan ons ander help wat probeer om te bekeer en Jesus te volg?
- Wat was Saulus se getuienis van Jesus Christus? (Handelinge 9:20; 26:22–23.) Hoe weet ons wanneer ons waarlik bekeer is tot die evangelie van Jesus Christus? (Mosia 5:2.)

Bespreek die volgende aanhaling van President Esra Taft Benson, dertiende President van die Kerk: "Wanneer ons hierdie magtige verandering ondergaan het, wat teweeggebring is slegs deur geloof in Jesus Christus en deur die [werking] van die Gees op ons, is dit asof ons 'n nuwe persoon geword het. . . . Jy het afgesien van 'n sondige lewe . . . en het rein geword. Jy het geen [begeerte] meer om terug te keer na jou ou weë nie. Jy is in werklikheid 'n nuwe persoon" (*Die Leerstellings van Ezra Taft Benson,* bl. 470). (Jy mag verreikings aktiwiteit 1 gebruik om die kinders uit te daag om die ondervinding te ervaar wat President Benson beskryf het.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy mag een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende die les gebruik of as 'n hersiening, opsomming of uitdaging.

1. Vra die kinders om dinge te noem wat kinders van hulle ouderdom dalk van moet bekeer soos om leuens te vertel, verneukery, om kwaad te wees, gebruik van kru taal, en hulle ouers nie gehoorsaam nie. Skryf dit op die bord terwyl hulle dit noem. Vertel die kinders dat jy 'n vasvrawedstryd gaan gee. Soos jy na elke item op die lys wys, moet die kinders hulself afvra, "Moet ek van dit bekeer? Laat die kinders in stilte "ja" of "nee" antwoord op elke vraag. Hersien die stappe wat Saulus geneem het om te bekeer?
2. Skryf elke letter van die uitdrukking "Tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer" (Handelinge 26:20) op aparte stukkies papier of karton. Sit die papiere in volgorde onderstebo op die tafel. Vra die kinders om beurte te neem om 'n letter van die alfabet te raai. Draai dit om wanneer 'n letter geraai word wat aan die uitdrukking behoort. Verduidelik dat wanneer ons bekeer en tot God keer, ons bekeer is.
3. Bespreek en memoriseer die vierde geloofsartikel.
4. Met goedkeuring van die Prêmere presidentskap, nooi 'n onlangs teruggekeerde sendeling of 'n onlangse bekeerling om jou klas by te woon en van 'n ondervinding te vertel wat iemand se lewe verander het soos hy of sy in Christus begin glo het, bekeer het en gedoop was. Laat die persoon sy of haar gevoelens meedeel oor die vreugde en geluk wat volg deur die evangelie te lewe.
5. Vra 'n kind om 'n gevurkte pad, op die bord te teken. Laat 'n ander kind boaan een van die paaie 'n naam skryf van 'n stad wat hy of sy graag sou wou besoek.
   - Wat sou jy doen as jy 'n verkeerde afdraai geneem het en jy bevind jouself op die verkeerde pad?
   - Kan jy by die stad uitkom vanwaar jy jou bevind?
   - Wat sal jy nou moet doen om by die stad uit te kom waarna jy toe wou gaan?
   - Hoe is bekering soos om op die regte pad terug te keer?
6. Sing of lees die woorde van "Bekering" (*Kinder Sangbundel,* bl. 98) of "Wanneer Ek Gedoop Word" (*Kinder Sangbundel,* bl. 103).

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Lewer jou getuienis oor hoe belangrik bekering in ons lewens is en hoe belangrik dit is om werklik bekeer te wees tot die evangelie van Jesus Christus. Deel jou liefde vir die evangelie mee. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Handelinge 9:1–20 by die huis bestudeer as 'n oorsig van die les.<br><br>Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer. |

Les
43

# Paulus Getuig van Jesus Christus

**Doel**

Om elke kind te help om dapper te wil wees om van Jesus Christus te getuig.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 13:2–4; 14; ‘n Handelinge 16:16– 34. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)
2. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Berei ‘n afskrif voor van die legkaart soos die een aan die einde van die les. Skryd die woord *DAPPER* in groot letters oor die agterkant, voordat jy die stukke uitsny.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. ‘n Stuk papier en ‘n potlood vir elke kind.

**Voorge-stelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Aandag Aktiwiteit

Verdeel die legkaart stukke onder die kinders. Bespreek die betekenis van elke woord op die legkaart stukke en laat die kinders die legkaart bou. Laat die kinders die stukke omdraai en die legkaart weer bou om ‘n nuwe woord te vind. Skryf *DAPPER* op die bord.

- Wat beteken *dapper*? Verduidelik dat die woorde op die legkaart stukke help beskryf wat dit beteken om dapper te wees.
- Watter woorde op die legkaart onthou jy? Skryd die woorde of plaas die leg-kaart stukke onder die woord *DAPPER.*

Skriftuurlike Verslag

Hersien kortliks Saulus se bekering tot die evangelie, en vertel vir die kinders dat Saulus se naam verander is na Paulus toe. Paulus het opgehou om die volgelinge van Jesus Christus te vervolg en het ‘n dapper Apostel en sendeling geword vir Jesus Christus.

Vertel vir die kinders die verslag van Paulus en Bárnabas se ondervindinge as sendelinge soos gevind inHandelinge 13:2–4; 14 en die verslag van Paulus en Silas se ondervinding in die gevangenis soos gevind in Handelinge 16:16–34. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Vra vir die kinders om te luister vir maniere waar Paulus, Bárnabas en Silas dapper getuig het van Jesus Christus en Sy evangelie.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Wat het die Here Paulus en Bárnabas geroep om te doen? (Handelinge 13:2–4.)

- Nadat Paulus en Bárnabas die kreupel man genees het by Listre, wie het die mense gedink was hulle? (Handelinge 14:11–12.) (Verduidelik dat Júpiter en Mercurius valse gode was wat die mense aanbid het. Hulle het nie van Hemelse Vader en Jesus Christus geweet nie.) Wat het Paulus en Bárnabas die mense probeer leer aangaande Jesus Christus? (Handelinge 14:14–17.)
- Hoe was Paulus behandel deur die Jode van Antiochíë en Ikónium? (Handelinge 14:19.) Hoekom dink julle het hy aangehou om die evangelie te verkondig nadat hy so sleg behandel was?
- Hoekom was sekere mans in Macedónië ongelukkig toe Paulus en Silas 'n vrou genees het deur 'n bose gees uit haar te dryf? (Handelinge 16:19.) Wat het hierdie mans aan Paulus en Silas gedoen? (Handelinge 16:20–23.)
- Wat het Paulus en Silas gedoen terwyl hulle in die tronk was? (Handelinge 16:25.) Hoekom dink julle het hulle gebid en lofliedere gesing tot God? Watter uitwerking het hulle dade op die ander gevangenes gehad?
- Hoekom dink julle het Paulus en Silas in die gevangenis gebly toe die aardbewing die gevangenis se deure oopgemaak het? (Handelinge 16:27–31.) Hoe het hulle dade die bewaarder en sy familie geseën? (Handelinge 16:32–34.) Watter tipe geleenthede het ons om te getuig van en ander te leer oor Jesus Christus.
- Laat die kinders Handelinge 14:3 en Handelinge 16:18, 25, 31 lees. Hoe wys hierdie skrifture dat Paulus dapper was in sy getuienis van Jesus Christus waar hy ook al gegaan het? Hoe kan ons ander mense laat weet dat ons strerk getuienisse het van Jesus Christus?
- Wat is van die uitdagings wat ons in die gesig mag staar terwyl ons probeer om dapper te wees om te getuig van Jesus.

Daag die kinders uit om aan spesifieke dinge te dink wat hulle hierdie week kan doen om ander te wys dat hulle sterk getuienisse van Jesus Christus het. Laat hulle ten minste een idee neerskryf en die papier plaas waar hulle dit gereeld kan sien. Jy mag hulle ook die woorde van die legkaart op hulle papier laat skryf.

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy mag een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende die les gebruik of as 'n hersiening, opsomming of uitdaging.

1. Berei die volgende woordstroke voor of skryf dit op die bord.

   Vrypostig getuienis gelewer van Jesus Christus
   Geonderrig oor "die lewende God"
   "Gebid en lofliedere gesing tot God"
   In die gevangenis gebly en die bewaarder gered
   Die bewaarder geleer om "in die Here Jesus Christus te glo"

   Skryf die volgende skriftuur verwysings op aparte strokies papier: Handelinge 14:3, 15, 16:25, 28, 31.

   Vertoon die woordstroke en verdeel die skriftuur verwysings onder die kinders. Laat die kinders die skriftuur verwysings een vir een lees, en besluit by watter woordstrook elkeen pas. Verduidelik dat Paulus 'n dapper getuie van Jesus Christus was, waar hy ook al was en wat hy ook al gedoen het.

2. Lees die woorde op die legkaart stukke nog eenkeer en laat die kinders bespreek hoe hulle op die gebiede, met dapperheid van Jesus Christus kan getuig. Jy mag dalk situasies op stukkies papier geskryf wil hê, gelyksoortig aan die volgende. Laat dan elke kind een kies en vertel hoe hy of sy daardie uitdaging gaan nakom.

   ‘n Vriend terg jou omdat jy nie op die Sabbat sal gaan swem nie.

   Jy word uitgenooi na ‘n fliek wat nie aan die Kerk se standaarde voldoen nie.

   Van jou vriende begin om vulgêre grappe en stories te vertel.

   By ‘n winkel vat ‘n vriend ‘n ring en sit dit in sy of haar sak en moedig jou aan om dieselfde te doen.

   Een van jou klasmaats maak valse verklarings oor die Kerk se leerstellings.

   Jy word in die versoeking gebring om op iemand anders se vraestel af te kyk gedurende ‘n toets.

3. Laat die kinders die verhaal van Paulus en Silas in die gevangenis dramatiseer. Laat hulle dan voorgee om ‘n onderhoud te hê met Paulus, Silas, die mans in die gevangenis, die tronkbewaarder en sy familie. Vra vir Paulus en Silas hoekom hulle in die gevangenis gesit is en wat daar met hulle gebeur het? Vra die ander mans in die gevangenis hoe hulle gevoel het toe Paulus en Silas gebid en gesing het en die aardbewing die gevangenis se deure oopgemaak het. Vra die tronkbewaarder hoe hy gevoel het toe hy die gevangenis se deure oopgekry het en hoekom hy en sy familie gedoop was?

4. Sing of lees die woorde van “Ek sal Dapper Wees” (*Kinder Sangbundel,* bl. 162), “Waag om Reg te Doen” (*Kinder Sangbundel,* bl. 158), of “Staan vir Geregtigheid” (*Kinder Sangbundel,* bl. 159).

---

**Slot**

Getuienis


Lewer jou uie getuienis van Jesus Christus. Indien gepas, deel ‘n tyd mee waar Hemelse Vader jou geseën het toe jy dapper getuig het van Jesus Christus.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Handelinge 16:16–34 by die huis bestudeer as ‘n oorsig van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

Dapper Legkaart



# Paulus die Sendeling

Les
44

**Doel**

Om elke kind aan te moedig om nou voor te berei om ‘n sendeling te wees en die evangelie met ander mee te deel.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 22:17–30; 23:10–24, 31–33; en 26:1–2, 22–29 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)
2. Addisionele leeswerk: Handelinge 19–26 (vir die volle verslag).
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. Die plakkaat wat verduidelik word in die aandag aktiwiteit (of jy kan dit op die bord teken).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**


Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vra vir die kinders wat hulle oor Paulus van uit vorige lesse onthou. (Herinner hulle dat sy naam verander was vanaf Saulus.) Herinner die kinders dat Paulus geroep was deur die Here om ‘n sendeling en ‘n spesiale getuie te wees van Jesus Christus (see Handelinge 13:2; 20:24). Hy het die res van sy lewe as ‘n sendeling gespandeer.

As jy ‘n Kerk uitgawe van die Bybel het, laat die kinders na kaarte 18–22 blaai en Paulus se sendingreise met hulle vingers navolg. (Help die kinders om die name van die plekke uit te spreek.) Verduidelik dat toe Paulus bekeer het, het net sommige van die Jode in Jerusalem en die omliggende gebiede al van Jesus Christus gehoor. Paulus se vier sendingreise het hom in baie lande na Joodse mense en ook Nie-Jode (dié wat nie van Joodse nasionaliteit was nie) geneem. Die Nie-Jode het nie van Hememlse Vader en Jesus Christus geweet nie. Hulle het valse gode en afgode aanbid. Oral waar Paulus gegaan het, het hy die evangelie van Jesus Christus verkondig.

Teken ‘n diagram soortgelyk aan die volgende op die bord of ‘n plakkaat:




- Hoe was Paulus voorberei om ‘n sendeling te wees?

Skryf die kinders se antwoorde neer op die trappe en begin met *Paulusl* tot by *Sendeling.* Wees seker om idees in te sluit soos bekering, geloof in Jesus Christus, was gedoop, het die Heilige Gees ontvang, het die evangelie geleer, en het die evangelie geleef.

Skriftuurlike Verslag

Onderrig die kinders in die verslag van wat met Paulus gebeur het na sy derde sendingreis. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Verduidelik dat hierdie Paulus se laaste besoek aan Jerusalem was, en terwyl hy daar was wou die Jode wat nie in Jesus geglo het nie, hom doodmaak. Omdat hy ‘n Romeinse burger was, het hy hom tot Romeinse leiers in Jerusalem en Cesaréa gewend vir beskerming. Hulle het hom beskerm deur hom ‘n Romeinse gevangene te maak en hom uiteindelik na Rome gestuur vir verhoor. (Die verslag van Paulus se reis na Rome sal in les 45 geonderrig word.) Verduidelik dat deur al hierdie beproewinge, het Paulus elke geleentheid geneem om te getuig van Jesus Christus.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Hoekom was die Jode kwaad vir Paulus? (Handelinge 22:17–21.) Help die kinders om te vertsaan dat Paulus getuig het van ‘n visioen vanaf Jesus Christus aan mense wat nie in Jesus geglo het nie. Hoekom was Paulus nie beseer nie? (Handelinge 22:24, 29.)
- Die hoofkaptein het Paulus toegelaat om weer voor die Jode te gaan om homself te verduidelik, en weereens het die Jode probeer om hom dood te maak as gevolg van sy getuienis. (Handelinge 23:10.) Hoe het Paulus moed en geloof getoon gedurende hierdie tyd van vervolging? Hoe sou jy gevoel het, as jy in Paulus se situasie was?
- Hoe het die Here vir Paulus getroos? (Handelinge 23:11.) Hoe dink julle het Paulus gevoel toe hy geweet het dat hy nie doodgemaak gaan word nie. Hoe vertroos en seën die Here sendelinge vandag?

- Hoe het die Jode 'n komplot gesmee om Paulus dood te maak? (Handelinge 23:14–15.) Wie het vir Paulus van hierdie komplot gered? (Handelinge 23:16.) Hoe het die hoofkaptein vir Paulus gehelp om van die Jode te ontsnap? (Handelinge 23:22–24.) Hoekom dink julle het die Here vir Paulus beskerm?

Verduidelik dat Felix, die Romeinse goewerneur, Paulus vir twee jaar as 'n gevangene gehou het in Cesaréa totdat Festus die nuwe goewerneur geword het. Paulus het 'n verhoor in Rome versoek, maar voordat hy vertrek het vir Rome het hy vir Festus en Koning Agríppa die verhaal van sy bekering vertel en ook van Jesus Christus getuig.

- Hoe het Paulus gevoel om met Koning Agríppa te praat? Hoekom? (Handelinge 26:1–3.) Wat het hy vir die koning en Festus geleer? (Handelinge 26:22–23.)
- Hoe het Festus gereageer op Paulus se getuienis? (Handelinge 26:24.) Hoe het Koning Agríppa gereageer? (Handelinge 26:28.) Watter redes het Koning Agríppa gehad om nie ten volle Paulus se getuienis te aanvaar en 'n Christen te word nie? Wat is van die dinge wat mense weerhou om vandag die evangelie te aanvaar?
- Wat het vir Paulus die moed gegee om vir die koning en die goewerneur te preek? Herinner die kinders dat Paulus geroep was as 'n spesiale getuie vir Jesus Christus en elke geleentheid geneem het om te getuig van Hom. Wanneer kan jy jou getuienis van Jesus meedeel met ander? Hoe kan jy nou voorberei om 'n sendeling te wees?

Bespreek die volgende aanhalings van President Ezra Taft Benson:

"Primêre seuns, beplan en sien uit daarna om 'n voltydse sending te dien vir die Here. Jong meisies, wees voorbereid om 'n sending te dien as jy geroep word" (in Konferensie Verslag, Apr. 1989, bl. 104; of *Ensign,* Mei 1989, bl. 82).

"Ja . . . berei nou voor [wanneer jy nege, tien of elf is]. Berei julleself fisies, verstandelik, sosiaal en geestelik voor. Wees altyd gehoorsaam aan gesag. Begin 'n spaarrekening vir jou sending as jy dit nie alreeds gedoen het nie. Betaal jou tiende, en verlang 'n getuienis van die evangelie deur studie en gebed" (in Konferensie Verslag, Apr. 1985, bl. 49; of *Ensign,* Mei 1985, bl. 37).

- Watter stappe het jy reeds geneem om jou voor te berei om die evangelie mee te deel? Watter stappe kan jy in die toekoms neem?

Teken nog 'n diagram soortgelyk aan die een wat gebruik is in die aandag aktiwiteit op die bord of op 'n plakkaat en skryf die woord *Jy* waar *Paulus* geskryf staan. Skryf die kinders se antwoorde neer op die trappe en begin by *Jy* tot by *Sendeling.* Maak seker om idees soos geloof in Jesus Christus, om gedoop te word, ontvang die gawe van die heilige Gees, ontvang die priesterskap (seuns), leer die evangelie, bestudeer die skrifture, bid, gaan kerk toe en leef die evangelie by die huis, die skool, of enige plek waar jy ook al mag wees.

- Watter talente of bekwaamhede kan jy nou ontwikkel, wat jou sal help om 'n beter sendeling te wees vir die Here?
- Hoekom is dit besonders belangrik om die skrifture te bestudeer in voorbereiding daarvan om die evangelie te onderrig?

Deel voorbeelde mee van jou of iemand wat jy ken wat as gevolg van voorbereiding die evangelie kon meedeel. Moedig die kinders aan om ondervindings mee te deel waar hulle of hulle families geleenthede gehad het om ander van die evnagelie te leer. As daar mense in jou klas is wat bekeerlinge is, mag jy dat hulle meedeel hoe sendelinge of ander hulle gehelp het om die evangelie te leer en 'n getuienis te bekom.

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy mag een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende die les gebruik of as 'n hersiening, opsomming of uitdaging.

1. Gee vir elkeen van die kinders 'n stuk papier en 'n potlood en laat hulle 'n paar trappe teken. Laat hulle hul name onderaan en *Sendeling* bo-aan skryf. Laat hulle die stappe neerskryf wat hulle geneem het en nog sal neem om voor te berei om sendelinge te wees.
2. Maak vir elke kind 'n afskrif van die Here se belofte aan sendelinge soos gevind in Leer en Verbonde 84:88. Bespreek dié belofte met die kinders en moedig hulle aan om dit in hulle huise te vertoon.
3. Sing of lees die woorde van "Ek Hoop Hulle Roep My op 'n Sending" (*Kinder Sangbundel,* bl. 169), "Geroep om te Dien" (*Kinder Sangbundel,* bl. 174), of "Ons Sal die Wêreld Sy Waarhede Bring" (*Kinder Sangbundel,* bl. 172).

---

**Slot**

Getuienis

Lewer getuienis dat Hemelse Vader en Jesus wil hê dat die kinders nou moet voorberei om die evangelie aan ander te onderrig. Betuig jou gevoelens dat een van die beste maniere hoe hulle dit kan doen is om elke dag die evangelie van Jesus Christus te lewe.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Handelinge 23:10–24, 31–33 by die huis bestudeer as 'n oorsig van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer

# Paulus se Reis na Rome

Les 45

**Doel**

Om elke kind te help om meer te leer van die gawes van die Gees, wat kom deur die Heilige Gees.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Handelinge 27:1–28:9, 1 Korinthiërs 12:1–11, en Geloofsartikels 1:7 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, en “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)
2. Addisionele leeswerk: *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 22.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Bybel of Nuwe Testament vir elke kind.
   b. ‘n Baie Kosbare Pêrel of kopie van die Geloofsartikels vir elke kind.

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vertel vir die kinders van ‘n spesiale geskenk wat jy ontvang het vir ‘n vakansie of ‘n verjaarsdag. Vra dan vir die kinders om te praat oor sommige van die geskenke wat hulle ontvang het.

- Watter geskenk ontvang ons wanneer ons lede word van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae? (Die Gawe van die Heilige Gees.)

Laat die kinders vertel oor wat hulle weet van die gawe van die heilige Gees. Verduidelik dat behalwe vir die leiding en aanwysing van die Heilige Gees, is elke lid van die Kerk van Jesus Christus geregtig op ander geestelike gawes. Laat die kinders die Geloofsartikels in die Baie Kosbare Pêrel vind en soek na die geloofsartikel wat melding maak van geestelike gawes. Skryf die geestelike gawes op die bord soos die kinders dit noem terwyl hulle die sewende geloofsartikel lees of voordra. Moedig die kinders aan om te luister na die verslag van Paulus se reis na Rome om verskeie gawes te ontdek wat hy gegee was en gebruik het om ander te help.

Skriftuurlike Verslag

Hersien kortliks verlede week se les sodat die kinders kan onthou waarom Paulus ‘n gevangene was op sy weg na Rome. Leer dan vir die kinders die verslag van Paulus se reis na Rome van uit Handelinge 27:1–28:9. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) As jy ‘n Kerk uitgawe van die Bybel het, verwys na kaart 22 terwyl jy die skriftuurlike verslag onderrig.

Wanneer jy klaar die skriftuurlike verslag onderrig het, verduidelik dat Paulus sy reis voortgesit het na Rome, waar hy twee jaar lank die evangelie van Jesus Christus verkondig het al was hy steeds onder arres en opgesluit in ‘n huis.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Waarvan het Paulus die mense in die skip gewaarsku? (Handelinge 27:10.) Hoe het hy dit geweet? (Die Heilige Gees het dit aan hom geopenbaar.) Vir wie het die hoofman geglo? (Handelinge 27:11.) Wie was reg? (Handelinge 27:14, 20.) Wat moet ons doen wanneer die profeet ons aangaandeiets waarsku? Hoekom?
- Hoe dink julle het die mense in die skip gevoel toe hulle gedink het dat die skip gaan skipbreuk ly? Wat het Paulus hulle vertel? (Handelinge 27:21–22.) Hoe het Paulus geweet dat hulle sou oorleef en veilig arriveer in Rome? (Handelinge 27:23–25.)
- Wat het met die skip gebeur? (Handelinge 27:40–41.) Wat wou die soldate met die gevangenes doen toe die skip skipbreuk gely het? Hoekom? (Handelinge 27:42.) Hoekom het die hoofman hulle omgepraat om dit nie te doen nie? (Handelinge 27:43.) Hoekom het die hoofman se houding teenoor Paulus verander? (Handelinge 27:11, 14, 21, 25, 31, 43.)
- Wat het met Paulus gebeur terwyl hy ‘n vuur gemaak het? (Handelinge 28:3.) Hoekom het die ander toegekyk en gewag vir Paulus om dood te gaan? (Handelinge 28:4–6.) Hoekom was Paulus beskerm gewees van die slangbyt?
- Wat het Paulus gedoen vir diegene wat siek was? (Handelinge 28:8–9.) Hoekom was Paulus in staat om dit te doen? (Paulus het die gawe van genesing gehad. Hy het ook die priesterskap gehad en hy was ‘n Apostel aan wie groot geestelike gawes gegee was, om hom te help om die sending wat die Here hom gegeee het, te vervul. Beklemtoon die belangrikheid daarvan om geestelike gawes te gebruik om ander te help.)
- Hoekom was Paulus in staat om die toekoms vooruit te sien en die siekes te genees? (Paulus was gedoop en bevestig as lid van die Kerk Van Jesus Christus, daarom was hy geregtig op spesiale geestelike gawes.)

Help die kinders om te vertsaan dat elke lid van die Kerk die gawe van die Heilige Gees gegee word. Laat die kinders 1 Korinthiërs 12:7–11 lees. Bespreek hierdie gawes, en beklemtoon dat elke lid van die Kerk ‘n gawe gegee is om ander mee te seën.

- Watter gawes het Paulus op sy reis na Rome gebruik? Hoekom gee Hemelse Vader vir ons geestelike gawes? (1 Korinthiërs 12:7; L&V 46:9, 12, 26.)
- Hoe kan ons uitvind watter gawes van die Gees ons gegee is? (Ons kan bid en vas om te weet wat ons spesiale gawes is. Ons mag dalk ook in ons patriargale seëninge vertel word. Ons sal ons gawes herken, soos ons die gebooie gehoorsaam en ander dwarsdeur ons lewens bedien.)

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy mag een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende die les gebruik of as ‘n hersiening, opsomming of uitdaging.

1. Skryf elk van die gawes van die Gees soos vermeld in 1 Korinthiërs 12:7–10 op ‘n aparte strokie papier. Plaas dit in ‘n kartondoos toegedraai soos ‘n

geskenk en laat die kinders elkeen ‘n papier strokie vat en vertel watter gawe dit is. Bespreek kortliks elke gawe.

2. Verdeel die klas in klein groepe in. Gee elke groep een van die volgende of ander geskikte skriftuur verwysings. Laat hulle besluit watter gawe van die Gees word gedemonstreer en laat hulle hul idees met die klas meedeel.

   Handelinge 3:1–8 (Petrus en Johannes genees ‘n man wat verlam is). Die gawe van genesing.

   Handelinge 14:8–10 (Paulus genees ‘n kreupel man). Die gawe van genesing.

   Markus 5:25–34 (‘n Vrou raak aan die soom van Jesus se kleed). Geloof om genees te word.

   Lukas 2:25–26, 34–38 (Símeon en Anna profeteer van Jesus). Die gawe van profesie. Tydens die bespreking van die gawe van profesie, verduidelik dat meeste van die gebeurtenisse aangaande die geboorte, sending, dood en opstanding van Jesus Christus voorspel was deur diegene wat die gawe van profesie gehad het.

   Handelinge 9:1–20 (Paulus is bekeer tot die evangelie van Jesus Christus). Die gawe van kennis dat Jesus Christus die Seun van God is.

   Handelinge 2:4–18 (Die dissipels ontvang die Heilige Gees tydens die Pinksterfees ). Die gawe van tale en die gawe van profesie.

   - Hoe kan elkeen van hierdie gawes ons lewens seën?

3. Jy mag dalk wil verduidelik dat Satan probeer om die gawes van die Gees te dupliseer. Soos byvoorbeeld, die towenaar in Farao se hof was in staat om sommige van die wonderwerke van Moses en Aäron na te boots (Exodus 7:10–13). Verduidelik dat ons regverdig moet lewe en die Gees moet hê sodat ons nie bedrieg sal word nie. Herinner die kinders dat geestelike gawes gegee word deur die gawe van die Heilige Gees om ons lewens te seën (sien *Evangeliese Beginsels,* hoofstuk 22).

4. Help die kinders om die sewende geloofsartikel te memoriseer.

5. Vertel een van die volgende verhale:

   Jane se Gawe

   “Vroeg een oggend het Jane Grover, Oupa Tanner, en sy kleindogter die pioneerskamp verlaat naby Council Bluffs, Iowa, om wilde appelliefies te pluk. Oupa het vinnig moeg geword en het gou weer teruggegaan na die wa om te rus, maar die meisies het baie groen bessies gevind en gebly om hulle emmers te vul.

   “Skielik het wilde gille die oggendstilte verbreek. Die meisies het na die wa gehardloop, en was met afgryse vervul toe hulle ‘n groep Indiane sien wat Oupa se klere uittrek. Hulle het sy horlosie en mes gevat en het probeer om die perde weg te dryf.

   “Een Indiaan het die kleiner meisie gegryp, wat begin huil het van skok; ‘n ander een het na Jane gegryp en probeer om haar ru weg te trek saam met hom. Met ‘n gesukkel om haarself te bevry, snak sy ‘n kort en vurige gebed uit om hulp.

"Byna onmiddellik het Jane 'n krag ervaar ver bo enigeiets wat sy nog ooit geken het. Sy begin kalm te praat in 'n stemtoon wat gemaak het dat die Indiane hulle gevangenes losgelaat het en stilgestaan het om te luister. In totale verbasing, hoor hulle dié jong dogter praat in hulle eie taal, sy smeek hulle om die Groot Gees te onthou, wie nie sou wou hê dat hulle hul wit vriende seermaak nie. Oupa en die klein dogtertjie was sprakeloos verras. Niemand van hulle groep het enige woorde geken van hierdie vreemde taal nie, tog hier was Jane besig om met gemak en gesag te praat asof sy dit haar hele lewe geken het. Die Indiane het hule koppe geknik en die horlosie, mes en kleure wat hulle gevat het teruggegee. Toe skud hulle hande met almal en ry rustig weg" (oorvertel deur Lucile C. Reading, "Skitterende Oomblikke," *Kinders se Vriend,* Julie 1941, bl. 41).

- Watter geestelike gawe het Jane Grover ontvang? (Die gawe om in tale te spreek.) Hoekom was sy in staat om met die Indiane in hulle eie taal te praat? (Sy het gebid vir Hemelse Vader se hulp; sy het dié gawe verlang.)

John se Genesing

"Elfjarige John Roothoof [was 'n lid van die Kerk wat] in Rotterdam, Holland gewoon het. Eens op 'n tyd was hy gelukkig om skool en kerk toe te gaan, om met sy vriende te speel en die al die dinge te doen wat 'n seun geniet om te doen. Toe, sonder enige waarskuwing, het 'n pynvolle oogsiekte veroorsaak dat hy sy sig verloor. Hy kon nie langer skool toe gaan óf lees nie. Hy kon nie eers goed genoeg sien om met sy vriende te speel nie. Elke dag was gevul met duisternis en lyding.

"Die nuus het die Heiliges van die Laaste Dae in Holland bereik dat President Joseph F. Smith [sesde President van die Kerk] hulle kom besoek. John het vir 'n lang tyd oor dit gedink, en toe sê hy vir sy moeder, 'Die profeet het die meeste krag van enige man op aarde. As jy my saam met jou sal neem na die diens sodat hy in my oë kan kyk, glo ek dat ek genees sal word.'

"Met die afsluiting van die diens die volgende Sondag, het President Smith agter in die klein kapel gaan staan om die mense te groet en hande te skud met elkeen. Suster Roothoof het John gehelp, met sy oë verbind, om saam met die ander te gaan om met hulle geliefde leier te praat.

"President Smith het die blinde seun se hand geneem en toe met groot teerheid die verbande gelig en in John se pyngevulde oë gekyk. Die profeet het John geseën en belowe dat hy weer sal kan sien.

"Tuis aangekom, het John se moeder die verbande van sy oë afgehaal sodat sy hulle kon was soos die dokters haar vertel het om te doen. Soos sy dit gedoen het, het John uitgeroep van vreugde, 'O, Mamma, my oë is weer gesond. Ek kan nou mooi sien—en ver ook. En ek kan geen pyn voel nie!' " ("President Smith Het Hom By Die Hand Geneem," *Vriend,* Aug. 1973, bl. 36).

- Watter geestelike gawe het John Roothoof gehad? (Die geloof om genees te word.) Wat het dit moontlik gemaak vir John om genees te word? (Hy

het die gawe van genesing verlang en geloof gehad in die profeet se gawe om hom te genees.)

---

| | |
|---|---|
| **Slot**<br>Getuienis | Getuig dat ons almal gawes van die Gees het wat Hemelse Vader vir ons gegee het. Deel jou dankbaarheid mee vir die gawes wat jy gegee is. Indien gepas, deel ‘n persoonlike ondervinding mee (of nooi iemand anders om ‘n persoonlike ondervinding mee te deel) oor die gebruik van ‘n geestelike gawe wat aan jou geggee is. Help die kinders om die potensiaal te voel wat hulle het om goed te doen deur die ontdekking en gebruik van die gawes van die Gees wat aan hulle gegee is. |
| Voorgestelde Tuis Leeswerk | Stel voor dat die kinders Handelinge 28:1–11 by die huis bestudeer as ‘n oorsig van die les.<br><br>Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer |

Les

# 46


# Jesus Christus Sal Weer Kom

**Doel**

Om die kinders in te lig oor die tekens van die Verlosser se tweede koms, en om hulle aan te moedig om hulsef voor te berei om Hom te ontmoet.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer Joseph Smith—Matthéüs 1:1–4, 21–55; Handelinge 1:9–11; and Leer en Verbonde 29:11; 38:30; 101:24–25; 133:46–48 biddend. Bestudeer dan die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer. (Sien “Voorbereiding Van Jou Lesse,” bl. vii, and “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.)
2. Addisionele leeswerk: Joseph Smith— Matthéüs 1:5–20 en Leer en Verbonde 45:16–75, 88:87–101.
3. Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders sal betrek en hulle die beste sal help om die doel van die les te bereik.
4. Materiaal benodig:
   a. ‘n Baie Kosbare Pêrel vir elke kind.
   b. Verskeie kopieë van die Bybel en Leer en Verbonde.
   c. Vier vye blare (sien patron hieronder) sny uit gekleurde papier, of teken dit op die bord, met een van die volgende woorde of uitdrukkings op elke blaar geskryf: *valse Christusse, Versamelde Israel, verwoestinge, hemelse wonderwerke.*
   d. Die buitelyne van die takke van ‘n vye boom geteken op papier of op die bord.
   e. Kleefband of ander kleefmiddel.
   f. Prente 7-3, Die Geboorte van Jesus (Evangeliekuns Skildery Ransel 200; 62116); 7-25, die Tweede Koms (62562); 7-43, Die Hemelvaart van Jesus (Evangeliekuns Skildery Ransel 236; 62497); en ‘n prent van die huidige profeet.



**Voorge-stelde Les Ontwikkeling**

Vra ‘n kind om die openings gebed te lewer.

Vertoon die prente Die Geboorte van Jesus en Die Tweede Koms.

Aandag Aktiwiteit

- Watter twee belangrike gebeurtenisse van die aarde se geskiedenis verteenwoordig hierdie twee prente?
- Watter tekens kondig die geboorte van Jesus in Betlehem aan? (Engele het gesing, ‘n nuwe ster het verskyn, daar was ‘n nag sonder duisternis in Amerika, en so voorts.)
- Hoe sou jy gevoel het as jy in Betlehem was met die geboorte van Jesus?
- Hoe dink jy sal dit wees wanneer Jesus weer aarde toe kom?

Verduidelik dat wanneer die Verlosser weer kom, dit “die groot en verskriklike dag van die Here”sal wees (D&C 2:1). Baie wonderwerke sal gebeur wanneer Christus terugkeer en al die mense van die aarde sal weet dat Hy die Verlosser is. Vir die regverdiges sal dit ‘n vreugdevolle tyd wees, want hulle gaan op die aarde woon, Jesus Christus sal regeer, daar sal vrede wees, en Satan sal nie in staat wees om hulle te verlei om verkeerde dinge te doen nie. Die wat boos is sal bang en treurig wees met die koms van Jesus. Omdat hulle nie berou het nie, sal hulle vernietig word. (see L&V 29:9).

Skriftuurlike Verslag

Leer die kinders die skriftuurlike verslag van die Verlosser se tweede koms gevind in Joseph Smith—Matthéüs 1:1–4, 21–55. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii)

Herinner die kinders daaraan dat een van Joseph Smith se belangrikste werke was om ‘n nuwe vertaling te maak van die Bybel. Sy vertaling van Matthéüs 24 bevat belangrike waarhede oor die tweede koms van die Verlosser wat nie in die Nuwe Testament verslag aangeteken is nie. Hierdie hoofstuk is so belangrik vir die Heiliges van die Laaste Dae, dat dit ingesluit was in die Baie Kosbare Pêrel as Joseph Smith—Matthéüs.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels toe te pas in hul lewens. Deur die verwysings saam met die kinders in die klas te lees, sal hulle help om insig te kry oor die skrifture.

- Toe Jesus vir Sy dissipels vertel het dat Hy weer sal kom, hoe het Hy Sy terugkoms beskryf? (Joseph Smith— Matthéüs 1:1.) Hoe is hierdie anders as die eerste keer toe Hy aarde toe gekom het?
- Nadat die dissipels verstaan het dat Jesus se terugkeer na Sy dood en opstanding sou wees, wat wou hulle weet? (Joseph Smith— Matthéüs 1:4.) Hoekom wou die dissipels aangaande die Tweede Koms weet? Hoekom is dit belangrik dat ons oor die Tweede Koms leer? Verduidelik dat Jesus wil hê dat die lede van Sy kerk, of die uitverkorenes, die tekens sal herken voor Sy koms, sodat hulle nie bedrieg sal word nie en voorbereid sal wees om Hom te ontmoet.
- Hoekom het Jesus ons tekens gegee van Sy tweede koms? (Joseph Smith—Matthéüs 1:37, 39.) Hoekom het Hy Sy tweede koms vergelyk aan ‘n vye boom? (Joseph Smith— Matthéüs 1:38.) (Vertoon die kaal takke van die vye boom of teken die buitelyne op die bord. Vertoon die vye blare op die geskikte tye gedurende die res van die bespreking.)

- Wat is‘n vals Christus of vals profeet? (Joseph Smith—Matthéüs 1:21–22. Mense en gelowe wat eis dat hulle die waarheid het en probeer om mense weg te lei van Christus se ware kerk af.)
- Wat sal vals Christusse en valse profete in staat wees om te doen? (Joseph Smith—Matthéüs 1:22.) Hoe kan die uitverkorenes (regverdiges) verhoed om bedrieg te word? (Joseph Smith—Matthéüs 1:37, eerst frase.)

Beklemtoon dat ons altyd na die lewende profeet moet luister en doen wat hy ons vertel om te doen, om te verhoed dat ons bedrieg word. President Wilford Woodruff, vierde President van die Kerk, het gesê, “Die Here sal nooit toelaat dat ek, of enige ander man wat as President van die Kerk staan, julle op die verkeerde weg lei nie” (sien Offisiële Deklarasie—1 in die Leer en Verbonde).

- Hoe sal ons weet dat dit die ware Christus is wanneer Hy kom? Hoe sal Hy verskyn? (Joseph Smith—Matthéüs 1:25–26, 36; Handelinge 1:9–11; L&V 133:46–48.)
- Wat is die versameling van Israel? (L&V 45:69.) Hoe help die sendelinge om die regverdiges na die Kerk te versamel? (Joseph Smith—Matthéüs 1:31.) Verduidelik dat God se gekose volk, wat Israel genoem word, reg oor die wêreld lewe. Sendelinge sal vir die hele wêreld die evangelie gaan leer, voor Jesus weer kom. Diegene wat die waarheid aanvaar en gedoop word sal na die ringe van Sion versamel. In watter lande is lede van ons wyk (of tak) besig om sendings te dien?
- Wat beteken die woord *verwoesting*? (Ramp, onheil, verderf, vernietiging, ellende.) Watter tipes verwoesting sê Jesus sal voor Sy koms gebeur? (Joseph Smith—Matthéüs 1:28–30.) Watter tipes verwoesting het jy al gesien of al van gehoor?
- Wat is van die hemelse wonderwerke wat onmiddellik voor die Tweede Koms sal verskyn? (Joseph Smith—Matthéüs 1:33.)
- Hoe sal die aarde gereinig word wanneer Jesus weer kom? (L&V 101:24–25.) Hoe lank gaan Jesus as koning van die aarde regeer? (L&V 29:11.)

Bespreek die volgende aanhaling van President Brigham Young, tweede President van die Kerk:

“Hy [Jesus] sal sonde van die aarde verban en ook die verskriklike gevolge daarvan, trane sal afgevee word van ellke oog an daar sal niks wees om seer te maak of te vernietig nie in God se hele heilige berg” (in *Joernaal van Redevoeringe,* 11:124).

- Wanneer gaan die Tweede Koms wees? (Joseph Smith—Matthéüs 1:40, 46.) Hoekom moet ons vir Jesus se koms voorbereid wees? Hoe kan ons voorbereid wees? (Joseph Smith—Matthéüs 1:47–50.) Wat gaan met diegene gebeur wat nie voorbereid is wanneer Jesus kom nie? (Joseph Smith—Matthéüs 1:51–55.)

Som op deur te beklemtoon dat Jesus vir ons die tekens van Sy koms gegee het, sodat ons die aankoms daarvan sal herken en voorbereid sal wees. Verduidelik dat die Here gesê het dat as ons nie bang sal wees nie indien ons voorbereid is. (L&V 38:30.)

Lees die volgende aanhaling van President Ezra Taft Benson, dertiende President van die Kerk:

"Besef ons dat ons in die dae van die vervulling van hierdie tekens en wonders lewe? Ons is tussen hulle wat baie van hierdie profesieë vervul sal sien. . . . Ons ken nie die dag of die uur van Sy koms nie, maar van dit kan ons versekerd wees: Ons staan na aan die groot dag van die Here!" (*Die Leerstellinge van Ezra wTaft Benson,* bl. 20).

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Maak vir elke kind 'n afsrkrif van die volgende verklarings. Deel die verklarings uit en gee ook potlode aan die hele klas. Laat hulle die begin van die verklaring verbind met die einde van die verklaring deur 'n lyn te trek van die sinsdeel in die eerste kolom tot die korrekte einde in die tweede kolom. Jy mag dalk wil hê dat die kinders verwysings moet opkyk vir die verklarings wat hulle nie ken nie.

   Die Tweede Koms

   | | |
   |---|---|
   | Slegs Hemelse Vader weet | sal helderder lyk as die son (L&v 133:49). |
   | Jesus sal aangetrek wees | uit die hemel uit (Handelinge 1:11). |
   | Valse Christusse | 'n glorieryke dag wees vir die regverdiges (L&V 2:1). |
   | Jesus sal kom | in rooi klere (D&C 133:48). |
   | Die Tweede Koms sal | oral in die wêreld (JS—M 1:31). |
   | Die goddeloses sal | sal baie bedrieg (JS—M 1:22). |
   | Wanneer Jesus kom, sal Hy | verduister word (L&V 45:42). |
   | Sendelinge sal die evangelie verkondig | die presiese tyd waanneer Jesus sal kom (JS—M 1:40). |
   | Verwoestinge is | vernietig (L&V 29:9). |
   | Die son sal | oorloë, hongersnood, pestelensies en aardbewings (JS—M 1:28–29). |

2. Vra die kinders die volgende of soortgelyke vrae om hulle te help om te weet hoe goed hulle besig is om voor te berei vir die Tweede Koms. Wag na elke vraag om die kinders tyd te gee om te dink oor hoe goed hulle voorbereid is in daardie gebied. Moet nie die kinders vra om hardop te antwoord nie.

   As die Verlosser na my huis toe kom, sou ek:

   Van die woorde wou verander wat ek gebruik?
   Sekere tydskrifte, boeke, of videos wou wegsteek?
   Die kanaal verander op die televisie of die televisiestel afskakel?
   Die musiek waarna ek luister afskakel?
   My klere omruil vir meer fatsoenlike klere?
   Hom oral waar ek gaan saamneem?
   Hom saam met my laat kom wanneer ek by my vriende is?
   Die skrifture meer gereeld lees as wat ek nou doen?
   My familie anders behandel as wat ek gewoonlik doen?

3. Hersien en memoriseer die tiende geloofsartikel saam met die kinders. Verduidelik dat die gebeure wat in dié geloofsartikel genoem word, baie opwindende dinge is waarna ons kan uitsien wanneer Jesus weer kom.

4. Bring koerante of tydskrifte en laat die kinders artikels soek wat die verwoesting ten toon stel wat in die wêreld gebeur.

5. Hersien die gelykenis van die tien maagde vanuit les 25, en bespreek die dinge wat hierdie gelykenis ons leer oor wat ons moet doen om vir die Tweede Koms voor te berei.

6. Bespreek die volgende aanhaling van President Ezra Taft Benson, om die kinders te help om een manier te verstaan hoe hulle kan voorberei vir die Tweede Koms:

   "In die Boek van Mormon vind ons 'n patroon vir die voorbereiding van die Tweede Koms. 'n Groot gedeelte van die boek fokus op die paar dekades net voor Christus se koms na Amerika. Deur sorgvuldige bestudering van daardie periode in tyd kan ons vasstel hoekom sommige vernietig was tydens die verskriklike oordele wat Sy koms voorafgegaan het en wat ander gebring het om by die temple in die land van Oorvloeding te staan en hulle hande in die wonde van Sy hande en voete te steek" (*Die Leerstellings van Ezra Taft Benson,* bl. 58–59).

   Verduidelik dat die Boek van Mormon volgende jaar se studie kursus gaan wees. Dit gaan 'n wonderlike geleentheid wees om te leer wat ons moet doen om geestelik voorbereid te wees vir die tweede koms van die Verlosser.

7. Sing of lees die woorde van "Volg die Profeet" (*Kinder Sangbundel,* bl. 110) of "Ek Wonder Wanneer Hy Weer Gaan Kom" (*Kinder Sangbundel,* bl. 82).

---

**Slot**

Getuienis

Lewer getuienis dat diegene wat die gebooie gehoorsaam en regverdig leef met vreugde en blydskap kan uitsien na die tweede koms van Jesus Christus. Moedig die kinders aan om altyd waaksaam te wees vir die tekens van Jesus se tweede koms en om geestelik voorbereid te wees vir hierdie glorieryke gebeurtenis.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Joseph Smith—Matthéüs 1:46–55 by die huis bestudeer as 'n hersiening van die les.

Vra 'n kind om die sluitings gebed te lewer.

# Die Priesterskap Kan Ons Lewens Seën (Priesterskap Voorbereidings Les)

Les 47

**Doel**

Hierdie les is geskryf om elf jarige kinders te help om die seëninge en verantwoordelikhede van die priesterskap te verstaan. Dit moet geonderrig word voordat die eerste kind in jou klas twaalf word.

**Voorbereiding**

1. Bestudeer "Getuienis van die Profeet Joseph Smith" in die inleiding tot die Boek vanMormon of in Joseph Smith—Geskiedenis 1:29–54, 59, 66–72; Leer en Verbonde 13, insluitende die afdelings opskrif; Leer en verbonde 121:34–46 biddend.
2. Bestudeer die les en besluit hoe jy die skriftuurlike verslag vir die kinders wil leer (sien "Voorbereiding Van Jou Lesse," bl. vii, en "Onderrig uit die Skrifture," bl. viii). Kies die besprekings vrae en verreikings aktiwiteite wat die kinders die beste sal help om die doel van die les te bereik.
3. Materiaal benodig:
   a. 'n Boek van Mormon vir elke kind.
   b. 'n Leer en Verbonde.
   c. 'n Bron van lig soos 'n flitslig, 'n gloeilamp, of 'n lantern.
   d. Prente 7-1, Jesus Christus (Evangeliekuns Skildery Ransel 240; 62572); Johannes die Doper wat die die Aäroniese Priesterskap Verleen (Evangeliekuns Skildery Ransel 407; 62013); en Ordenasie tot die Priesterskap (62341).

**Voorgestelde Les Ontwikkeling**

Aandag Aktiwiteit

Vra 'n kind om die openings gebed te lewer.

Vertoon 'n voorwerp wat lig opwek.

- Wat is nodig vir die voorwerp om lig op te wek? As jy 'n flitslig het, wys dat dit batterye, 'n gloeilamp, en 'n skakelaar wat alles reg werk benodig, vir dit om lig op te wek. 'n Gloeilamp benodig goeie gloeidraad en moet ingedraai wees in 'n sok wat verbind is aan 'n bron van krag. Die skakelaar moet ook aangeskakel wees om elektrisiteit toe te laat om te vloei.

Vra die seuns in jou klas om te staan. Hierdie seuns het die potensiaal om die priesterskap te ontvang, wat 'n groter krag is as elektrisiteit omdat dit die krag en gesag is om in God se naam op te tree. Deur dié krag (gesag) kan Hemelse Vader se kinders gedoop word en ander Kerk ordinansies ontvang. Maar om dié priesterskap te ontvang en te gebruik soos God dit bedoel het, moet 'n seun waardig en behoorlik voorbereid wees.

Skriftuurlike Verslag

Onderrig die gebeurtenis waar Joseph Smith die goue plate ontvang en verordineer word tot die Aäroniese Priesterskap van "Getuienis van die Profeet Joseph Smith" of Joseph Smith—Geskiedenis 1:29–54, 59, 66–72 deur die prente op die geskikte tye te gebruik. (Vir voorgestelde maniere om die skriftuurlike verslag te

onderrig, sien “Onderrig uit die Skrifture,” bl. viii.) Jy mag dalk kortliks hersiening moet doen met die klas oor die gebeure wat gelei het na Joseph se ontvangs van die goue plate.

Bespreking en Toepassings Vrae

Bestudeer die volgende vrae en die skriftuurlike verwysings terwyl jy jou les voorberei. Gebruik die vrae wat jy dink die kinders die beste sal help om die skrifture te verstaan en die beginsels in hul lewens toe te pas. Deur die skrifture te lees en te bespreek met die kinders sal hulle gehelp word om persoonlike insigte te kry.

- Hoekom kon Joseph Smith nie die goue plate vertaal het, die priesterskap ontvang het, en die kerk georganiseer het direk na die Eerste Visioen nie? (Hy was nie voorbereid nie; hy het nodig gehad om te groei in wysheid en kennis.)
- Wat was die eerste groot taak wat die Here Joseph Smith gevra het om te doen? (Vertaal die goue plate sodat ons die Boek van Mormon kon hê.)
- Wat het Joseph gedoen die nag toe die engel Moroni vir die eerste keer aan hom verskyn het? (Joseph Smith—Geskiedenis 1:29–30.) Hoeveel kere het die engel Moroni aan Joseph Smith verskyn voor Joseph vir die eerste keer die goue plate gesien het? (Joseph Smith—Geskiedenis 1:30, 44–49; vier kere.) Hoekom dink julle het Moroni sy eerste boodskap nog drie keer herhaal?
- Watter ander instruksie het Joseph ontvang voor hy kon begin om die goue plate te vertaal? (Joseph Smith—Geskiedenis 1:53–54.) Hoe het dié instruksie Joseph Smith gehelp voorberei vir die ander groot dinge wat hy moes doen? Wat doen julle om voor te berei vir julle toekoms?
- Watter spesiale pligte neem meeste jong Kerk seuns op hulself op die ouderdom van twaalf? (Hulle ontvang die Aäroniese Priesterskap en word as diakens verordineer.)
- Hoe het Joseph Smith die Aäroniese Priesterskap ontvang? (Joseph Smith—Geskiedenis 1:68–70.) Hoe ontvang ‘n jong man vandag die Aäroniese Priesterskap? Hy kry ‘n onderhoud om sy waardigheid te bepaal en word verordineer deur die oplegging van hande deur ‘n man wat die gesag het om die ordinansie te verrig.)
- Hoe moet seuns hulself voorberei om die priesterskap te ontvang? Hoe moet dogters hulself voorberei om die seëninge van die priesterskap te ontvang? (Seuns en dogters berei voor op dieselfde wyse. Hulle bid, het geloof, leer die evangelie van hulle ouers en onderwysers, lewe waardig, gehoorsaam die gebooie, dien ander, respekteer mekaar, en is eerlik.) (Sien verreikings aktiwiteit 4.)
- Watter verantwoordelikhede het diakens in die Kerk? (L&V 20:59.) Hoe vervul hulle hierdie verantwoordelikhede? (Bediening van die nagmaal, kollekteer vasofferandes, tree op as ‘n boodskapper vir die biskop in nagmaaldienste, en stel ‘n goeie voorbeeld.)
- Wie het eerste die nagmaal bedien? (Jesus Christus.) Hoekom is die nagmaal so heilig? (Dit is onder andere ‘n ordinansie wat die opoffering verteenwoordig wat Jesus Cristus gemaak het vir elkeen van ons.)

  Lees of laat ‘n kind die volgende aanhaling lees van Elder Jeffrey R. Holland: “Ons vra julle jong manne van die Aäoniese Priesterskap om waardig en eerbiedig die embleme van die Verlosser se opoffering voor te berei en te seën en te bedien. Wat ‘n uitstekende voorreg en heilige vertroue wat op so ‘n

merkwaardige jong ouderdom gegee word! Ek kan aan geen hoër komlpiment dink wat die hemel julle kan toeken nie. Ons het julle lief. Leef na die beste van julle vermoë en lyk jul beste wanneer julle aan die nagmaal deelneem" (in Conference Report, Okt. 1995, bl. 89; of *Ensign,* Nov. 1995, bl. 68).

- Hoe kan ons almal die priesterskap eer en ondersteun? (Deur roepinge van die priesterskap leiers te aanvaar; ander te dien; eerbiedig van Kerk leiers te praat; en bid vir vaders, broers, familielede, en ander wat die priesterskap hou.) (Sien verreikings aktiwiteit 3.) Hoe kan jou vader en broer gehelp word om hulle priesterskap te eer deurdat jy hierdie dinge doen? Hoe kan hulle jou help voorberei om die priesterskap of die seëninge van die priesterskap te ontvang?

---

**Verreikings Aktiwiteite**

Jy kan een of meer van die volgende aktiwiteite enige tyd gedurende jou les gebruik, of as hersiening, opsomming, of uitdaging.

1. Skryf die volgende seëninge wat kom deur die priesterskap, op aparte kaartjies of stukkies papier:

   Ontvang 'n naam en 'n seëning
   Om gedoop te word
   Ontvang die Gawe van die Heilige Gees
   Ontvang 'n seëning wanneer jy siek is
   Gebruik nagmaal
   Dien 'n sending
   Om in die tempel te trou

   Verdeel die klas in groepe en gee vir elke groep een van die kaartjies. Vra die kinders in elke groep om gepaste persoonlike of familie ondervinding te deel met betrekking tot die seëning wat geskryf is op hulle kaartjie.

2. Maak die kamer so donker as moontlik. Vertel dan vir die kinders die storie van 'n groep toeriste wat in 'n diep, donker grot ingegaan het. Na hulle in die grot was het die gids die ligte afgeskakel, gewag vir 'n paar minute, en toe vir elke persoon gevra om in die rigting van die uitgang te wys. Toe die ligte aankom, het mense in alle rigtings gewys.

   Verlig weer die klaskamer, en deel die volgende aanhaling van Elder Robert D. Hales: "As die krag van die priesterskap nie op die aarde was nie, sou die opposisie vryheid hê om te swerf en sonder enige beperkinge te regeer. Daar sou geen gawe van die Heilige Gees wees om ons te lei en in te lig nie; geen profete om in die naam van die Here te praat nie; geen tempels waar ons heilige, ewigdurende verbonde kon sluit nie; geen gesag om te seën of te doop, te heel of te troos nie. . . . Daar sal geen lig, geen hoop—slegs duisternis wees" (in Conference Report, Okt. 1995, bl. 40; of *Ensign,* Nov. 1995, bl. 32).

3. Lees of vertel die volgende storie oor wat een familie gedoen het om hulle vader te ondersteun in sy roeping as priesterskap houer:

   "Ek het langs ses van Elder Ezra Taft Benson se kinders gesit [by Algemene Konferensie baie jare terug], waarvan een my universiteits kamermaat was. My belangstelling het toegeneem toe President McKay opgestaan het en die volgende spreker aangekondig het. Ek het eerbiedig toegekyk terwyl Elder Benson, wie ek toe nog nie ontmoet het nie, na die mikrofoon geloop het. Hy was 'n groot man, ver oor die ses voet lank. Hy was 'n man met 'n meesters graad, 'n man wat internasionaal bekend was as die Verenigde State se

Sekretaris van Lanbou en ‘n spesiale getuie van die Here, ‘n man wat kalm en seker lyk, een wat gehore reg oor die wêreld toegespreek het. Skielik het‘n hand my arm geraak. ‘n Klein dogtertjie het oorgeleun na my toe en dringend gefluister, ‘Bid vir Pa.’

“Ietwat ontnugterd, dink ek, ‘Die Boodskap word aangestuur in die ry, en ek moet dit aanstuur. Sal ek sê, “Bid vir Ouderling Benson”? Sal ek sê, “Jy’s veronderstel om vir jou pa te bid”?’ Deur die gevoel om dadelik op te tree, het ek oorgeleun en net gefluister, ‘Bid vir Pa.’

“Ek het gekyk hoe dié fluister in die ry afgaan tot waar Suster Benson gesit het, reeds met haar kop gebuig.

“Baie kere sedert daardie dag onthou het ek die boodskap—Bid vir Pa, die patriaag van die huis. Bid vir hom terwyl hy dien as distriks president of huisbesoeker. Bid vir hom wanneer hy uitvoerende sekretaris word van ‘n burgerlike groep, wanneer sy besigheid floreer, of wanneer sy salaris verminder word. Bid terwyl hy raad gee in familie tuis aand. Bid vir Pa wat lang ure werk sodat Jerold op sending kan gaan en Diane universiteit toe kan gaan. Bid vir hom wanneer hy gedurende nagmaaldiens praat of vir Moeder ‘n seëning gee om gesond te word. En in die aand, wanneer hy moeg en ontmoedig tuis kom, bid vir hom. Bid vir Pa in alles wat hy mag doen—die klein en groot dinge.

“Soos die jare verbygaan, kom en gaan algemene konferensies , en elke keer wat President Benson opgestaan het om te praat, het ek gedink, ‘Sy kinders, wat oor die kontinent versprei is, is nou in gebed verenig vir hul vader.’

“En ek glo nou dat die kort boodskap wat [baie] jare terug in die ry aangestuur is, die belangrikste boodskap is wat ‘n familie kan deel. Watter buitengewone krag en geloof kan enige man hê om die daaglikse uitdagings van sy lewe nat te kom, as sy dogter of seun êrens in die wêreld fluister, ‘Bid vir Pa’ ” (Elaine McKay, “Bid vir Pa” *Nuwe Era,* Junie 1975, bl. 33).

4. Wanneer ons volgens die evangelie lewe sal ons bereid wees om die verantwoordelikhede te aanvaar en die seëninge van die priesterskap te geniet. Lees “My Evangeliese Standaarde” (*My Prestasie Dae* boekie [35317], agterste omslag), wag na elke een om die kinders te laat dink oor hoe waardig hulle daardie standaard lewe. Wanneer jy klaar die lys gelees het mag jy dalk wil hersiening doen deur die gebruik van illustrasies, sleutelwoorde of gebarespel.

   My Evangeliese Standaarde

   1. Ek sal my doop verbonde onthou en na die Heilige Gees luister.
   2. Ek sal eerlik wees met Hemelse Vader, ander en myself.
   3. Ek sal goeie vriende kies en ander goedhartig behandel.
   4. Ek sal fatsoenlik aantrek om respek vir Hemelse Vader en myself te wys.
   5. Ek sal slegs dinge lees en kyk wat innnemend is tot Hemelse Vader.
   6. Ek sal slegs na musiek luister wat innemend is vir Hemelse Vader.
   7. Ek sal die naam van Hemelse Vader en Jesus Christus eerbiedig gebruik. Ek sal nie vloek of ru woorde gebruik nie.
   8. Ek sal my verstand en liggaam heilig en rein hou.

9. Ek sal nie nadelige goed inneem nie.
10. Ek sal daardie dinge op die Sabbat doen wat my sal help om ná aan Hemelse Vader te voel.
11. Ek sal die juiste kies. Ek weet ek kan bekeer wanneer ek ‘n fout maak.
12. Ek sal nou lewe om waardig te wees om tempel toe te gaan en ‘n sending te dien.
13. Ek sal Hemelse Vader se plan vir my volg.

5. Deel die volgende aanhaling van President Gordon B. Hinckley, vyftiende President van die Kerk: “Die kerk behoort nie aan sy President nie. Die hoof daarvan is die Here Jesus Christus, wie se naam elkeen van ons [by doop] op onsself geneem het. Ons is almal saam in hierdie groot strewe. Ons is hier om ons Vader by te staan in Sy werk en Sy glorie, ‘om die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring’ (Moses 1:39). Jou verpligting is net so belangrik in jou sfeer van verantwoordelikheid as my verpligting in my sfeer. Geen roeping in dié kerk is klein of van min belang nie. Almal van ons raak die lewens van ander in die uitoefening van ons plig” (in Conference Report, Apr. 1995, bl. 94; of *Ensign,* Mei 1995, bl. 71).
6. Sing of lees die woorde van “Liefde Word Hier Gespreek” (*Kinder Sangbundel,* bl. 190).

---

**Slot**

Getuienis

Jy mag dalk getuienis wil lewer dat die priesterskap gerestoureer is en dat dit die gesag is om namens God op te tree. Moedig die seuns aan om nou so te leef dat hulle waardig is om die Äaroniese Priesterskap te hou en die hele klas om waardig te leef om al die seëninge van die priesterskap te ontvang. Moedig die kinders aan om priesterskap leiers te eer en te ondersteun.

Voorgestelde Familie Deelname

Moedig die kinders aan om ‘n spesifieke deel van die les met hulle families te deel, soos ‘n storie, vraag, aktiwiteit, of om saam met hulle families die “Voorgestelde Tuis Leeswerk” te lees.

Voorgestelde Tuis Leeswerk

Stel voor dat die kinders Leer en Verbonde 121:34–46 by die huis bestudeer as ‘n oorsig van die les.

Vra ‘n kind om die sluitings gebed te lewer.

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE
LAASTE DAE

AFRIKAANS
4 02346 04501 9
34604 501